HERSIEN EN UITGEBREI MET GETUIENISSE

INTERNASIONALE TOPVERKOPER

DIE HEMEL IS 'N WERKLIKHEID

VOORWOORD DEUR DR DAVID YONGGI CHO

Choo Thomas

Glo jy dat die hemel werklik bestaan?

Choo Thomas vertel 'n wonderlike, persoonlike storie van verskeie ontmoetings tussen haar en Jesus Christus, en haar talle besoeke aan die hemel en die hel.

'Ek het op 19 Januarie 1996 drie-uur die oggend wakker geword. My liggaam het geruk ... ek het my kop gedraai in die rigting van waar die geluide kom, en daar, helder, gloeiend, was 'n figuur aangetrek in wit klere. DIT WAS DIE HERE ...'

Die Here Jesus het nie een keer nie, nie twee keer nie, maar tien keer daardie maand, aan Choo verskyn en met haar gepraat.

Die reis begin ...

- DEEL Choo se beskeie vertelling, soos wat elke hemelse besoek haar voorberei vir die volgende
- VOEL die groeiende wonder van Jesus se teenwoordigheid en die gewig van sy teer woorde
- REIS deur die hemel, gelei deur die Redder en leer Sy heilige denke
- HOOR die hartverskeurende, bo-natuurlike woorde gespreek vanaf die troon
- DRINK die Gees van God in
- BEWONDER die skoonheid van hierdie openbaring van die hemel

Ontdek dit vir jouself: *Die hemel is 'n werklikheid*

CHOO THOMAS, 'n Koreaans Amerikaner, is die enigste dogter van niegelowige ouers. Nadat sy Jesus in Februarie 1992 ontmoet het, het sy die Here omhels met 'n passievolle liefde en het elke oomblik in Sy teenwoordigheid spandeer. Twee jaar na haar bekering het sy Jesus se fisiese teenwoordigheid by 'n Christelike byeenkoms in Tacoma, Washington, gesien en in 1995 het sy fisiese manifestasies van die Heilige Gees in die kerk, beleef. In Januarie 1996, het 'n reeks hemelse reise met die Here haar lewe verander, wat dié besondere boek voortgebring het. Choo en haar man, Roger, woon in Tacoma, Washington. Hulle het twee kinders en vier kleinkinders.

ISBN 1-4153-0125-5

9 781415 301258

www.struikchristianbooks.co.za

STRUIK CHRISTELIKE BOEKE
Verander lewens

Choo is 'n vrou van God en sy versinnebeeld wat dit beteken om belangrike dinge eerste te stel. Die Here Jesus is werklik die hoeksteen van haar lewe. Die vlak van intimiteit wat Choo met die Here ondervind het, rus op die afgrond tussen hemel en aarde. Hierdie boek verplig die leser om 'n reis na die hemel te neem. Die troonkamer van God gaan nie meer 'n onduidelike en ongedefinieerde plek wees nie, maar liewer 'n baie aanloklike en lewensonderhoudende ontmoeting met ons Here Jesus Christus. Hierdie boek is 'n moet-lees vir mense wat voorheen die werklikheid betwyfel het van dít wat agter die sluier vir ons wag.

– Bill Wolfson, senior pastoor
Church For All Nations
Parklands, Washington

Choo Thomas, wat ek as 'n vrou van God ken, het vir my 'n verkorte manuskrip van *Die hemel is 'n werklikheid* gegee. Ek het dit verskeie kere gelees. Ek is oortuig daarvan dat sy werklik 'n bonatuurlike ervaring met ons Here Jesus Christus in die geestelike koninkryk gehad het. Sy het hemel toe gegaan en beide huidige en toekomstige gebeurtenisse aanskou wat gelowige Christene, sowel as ongelowiges, gaan ondervind wanneer hulle die aarde verlaat. As gevolg van hierdie dinge glo ek dat 'n nuwe salwing van die Heilige Gees oor Choo gekom het. In *Die hemel is 'n werklikheid* plaas sy klem op die belang van absolute onderdanigheid aan ons Here indien ons Hom tevrede wil stel en deur Hom gebruik wil word. Hierdie boek is 'n duidelike beskrywing van wat Choo in die hemel gesien het en 'n grafiese illustrasie van hoe ons moet leef terwyl ons nog op aarde is.

– Walker V Frederick
Church For All Nations
Vrywillige kapelaan by Pierce County Jail
Washington

'n Wyse man het eenkeer gesê: 'Daar is niks kragtiger as 'n idee waarvan die tyd aangebreek het nie.' Die bestemde tyd vir God se Seun om terug te keer aarde toe is egter kragtiger as die regte tyd vir 'n goeie idee. Hy waarsku dat mense voorbereid moet wees vir sy terugkoms. 'Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie,' sê Jesus in Matteus 24:44. Die Here het vir Choo Thomas die afgelope sewe jaar visioene gegee en haar op hemelse besoeke geneem sodat Hy haar kon gebruik om sy mense vir sy wederkoms voor te berei. Hierdie boek kan jou help om jou voor te berei sodat jy nie sy wederkoms hoef te vrees nie. Mag ons Hom met vreugdevolle afwagting groet!

– Rosemary Lambert
Pastoor van gebed en voorbidding
Puget Sound Christian Center
Tacoma, Washington

Ons is al jare lank goeie vriende met Choo Thomas. Choo is 'n opregte Christen en haar boek is 'n gevolg van haar werklike ervarings. Jesus gebruik Choo om baie mense te bereik. Jesus kom binnekort vir sy mense.

– George en Lorraine Ferra

Ek ken vir Choo Thomas nou al amper twee jaar lank. Ek het haar groot liefde vir die Here en haar onderdanigheid en toewyding aan Hom aanskou. Ons het gepraat oor die liefde wat God vir elkeen van ons het en die manier wat Hy wil hê ons in Hom moet groei. Choo is die tipe getuie vir God wat veroorsaak dat 'n mens Hom al hoe meer wil leer ken. Wanneer ek met haar praat, wil ek goed genoeg wees om by haar in hierdie glorieryke koninkryk aan te sluit. Dankie Choo.

– Betty Geier
Jou suster in Christus

Choo en haar man Roger is al 'n hele paar jaar lank deel van *Church For All Nations.* Ek ken Choo as 'n toegewyde Christen, 'n vrou van vroom karakter, ten volle toegewyd aan haar man en getrou in haar bywoning by die Sondagoggend eredienste. Sy het 'n behoefte om te sien dat ander mense die Here Jesus Christus as hulle Redder en Here ken.

– Pastoor Raymond Wuerch
Medepastoor, Church For All Nations
Seniors- en pastorale versorgingsbediening

DIE HEMEL IS 'N WERKLIKHEID

CHOO THOMAS

STRUIK CHRISTELIKE BOEKE

Oorspronklik in die VSA uitgegee as *Heaven is so real!* deur Siloam
'n Strang Maatskappy
600 Rinehart Road
Lake Mary, Florida 32746

Eerste Afrikaanse uitgawe in 2007 deur Struik Christelike Boeke
'n Afdeling van New Holland Publishing (South Africa) (Pty) Ltd
(New Holland Publishing is 'n lid van Johnnic Communications Ltd)
Cornelis Struik House
McKenziestraat 80
Kaapstad 8001

Reg.nr. 1971/009721/07

Teks © Choo Thomas 2006

Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans (1983-vertaling)
© Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Gebruik met toestemming.

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie
publikasie mag gereproduseer, in 'n ontsluitingstelsel
bewaar of weergegee word, in enige vorm of op enige manier,
hetsy elektronies of meganies, deur fotokopiëring, die maak
van opnames of andersins, sonder die skriftelike verlof
van die kopiereghouers nie.

Projekbestuur deur Nanette Evenhuis
Vertaal deur Luise Holz
Geredigeer deur Ruth Baitsewe
DTP deur Sarah Butler
Omslagontwerp deur Joleen Coetzee
Gedruk en gebind deur Paarl Print
Oosterlandstraat, Paarl 7646, Suid-Afrika

1-4153-0125-5

www.struikchristianbooks.co.za

Opdrag

Ek wil graag hierdie boek aan ons Here Jesus opdra. Hy het my gekies om sy Eindtyd-werk te doen. Hy het vir alles gesorg wat hierdie boek vereis het, van die begin tot die einde van die uitgewersproses. Hy het die afgelope sewe jaar duisende ure saam met my spandeer om my voor te berei vir die publikasie van hierdie boek en om my op te lei vir sy bediening.

Here God, ek prys U. Ek is so dankbaar, Heilige Gees, vir al die hulp met die skryf van *Die hemel is 'n werklikheid.* Sonder U hulp sou ek niks kon doen nie. Aan U gee ek al die lof.

Al die glorie van hierdie boek behoort aan die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Ek bid dat wie dit ook al lees, vir U, Here, sal verheerlik. Ek is lief vir U en loof U, Here.

Bedankings

Ek wil Lloyd Hildebrand bedank vir die groot diens wat hy gelewer het deur te glo in hierdie boek en my te help om dit te skryf. Nadat die Here vir my die openbarings gewys het wat ek in *Die hemel is 'n werklikheid* beskryf, was ek verplig om my ervarings met ander te deel. Maar ek het baie onseker gevoel oor my vermoë om dit te doen. Saam met my tekort aan selfvertroue om die boek te skryf, het ek gewonder waar ek iemand sou vind om my daarmee te help. Ek het ook getwyfel of mense my sou glo wanneer hulle my openbarings van die hemel hoor – selfs al het die Here vir my gesê dat Hy vir al die besonderhede wat met hierdie boek verband hou, sal sorg.

Dit is gedurende hierdietyd wat die Here Lloyd na my toe gestuur het. Lloyd het my gevra om die manuskrip vir hom te gee. Nadat hy die eerste weergawe gelees het, het hy besluit om my te help om die boek te skryf. Hy het gesê dat hy alles in die boek glo en dat hy dink dit 'n baie opwindende boek is om te skryf. Hy het veral gedink dat die segment oor die wegraping opwindend sou wees.

Lloyd is 'n uitstekende skrywer wat met die Heilige Gees vervul is. Dankie, Lloyd, en mag God jou seën.

Ek wil my man, Roger, spesiaal bedank. Engels is my tweede taal en omdat Roger gewoond is aan my skryfstyl, het hy my regdeur die boek gehelp met spelling en grammatika sodat Lloyd beter kon verstaan wat ek probeer sê het.

Ek waardeer al die werk wat hy gedoen het opreg. Ek waardeer ook veral sy ondersteuning met alles wat met die boek verband hou – wat

ook al gedoen moes word – sowel as sy ondersteuning vir elke area van my bediening. Hy was so geduldig met my en het tydens die sewe jaar wat ek my vir bediening voorberei het, nie gekla nie.

Dankie, my lief. God se guns is met jou.

Inhoud

Getuienis xi
Voorwoord deur Dr David Yonggi Cho xxvii
Voorwoord deur Choo Thomas xxix
Inleiding xxxv

DEEL EEN: BESOEKE EN VISIOENE

1. Op weg na die hemel 1
2. Al die krag in die hemel en op aarde 7
3. Alles is moontlik 19
4. Gouer as wat jy dink 29
5. My koninkryk is gereed 41
6. 'n Plek met die naam 'Hel' 53
7. Maranata! 67
8. Voorbereiding vir diens 81
9. Bekommernis is 'n sonde 95
10. Jerusalem is gereed 107
11. Hemelse kos, hemelse genot 119
12. Geniet die koninkryk 129
13. Engele in die hemel en op aarde 141
14. Wandel in die Woord 153
15. Seëninge in die hiernamaals 163
16. God se groot liefde 177

DEEL TWEE: VOORBEREIDING EN SALWING

17. Spesiale salwings 193
18. 'n Eindtyd-profeet 207
19. Groeiende geloof 215
20. Die hemele het oopgemaak 223
21. 'n Gek vir God 233

DEEL DRIE: DRIE JAAR SE OPLEIDING VIR DIE BEDIENING

22. Die tyd raak min 245
23. 'n Wonderwerk-bediening 251
24. Gehoorsaamheid wat God seën 259
25. Fokus eerste op die Here 267
26. Evangelisasie en gawes 275
27. Vrystelling van die bediening 285
28. Die boek, my getuienis 295

Getuienis

Ek moes eenvoudig skryf om te sê hoe baie ek *Die hemel is 'n werklikheid* geniet het. Op 'n stadium moes ek die boek eers neersit om te huil. Nie oor jou pragtige beskrywing van die hemel nie, maar oor die pragtige intimiteit tussen jou en die Here Jesus. In 1991, nadat al my kinders op skool was, het ek gevoel dat die Here my terugstuur universiteit toe om met 'n loopbaan as professor in Engels te begin. Alhoewel ek seker is dat die Here my terug skool toe gestuur het, het ek gekla oor die hoeveelheid tyd wat my studies en loopbaan vereis het. Ek het my verhouding met die Here as gevolg daarvan afgeskeep. Jou storie het my herinner aan die tye wat ek oorweldig was deur die gevoel van sy salwing en sy teenwoordigheid, selfs terwyl ek my huis gestofsuig het. Ek beskou my klaskamer as my sendelingstasie en ek praat gereeld met my studente oor die Here. Ek kan egter nie aanhou om net oor Hom te praat nie; ek moet ook mét Hom praat. Jou boek het my laat besef dat ek Hom eerste moet plaas. Ek is desperaat om my weg terug te vind na die warm intimiteit wat ek in die verlede met Jesus ervaar het.

In sy naam,
P

Ek was verlore in geloof en in duisternis omhul. Een dag het ek besluit om jou boek by die Christelike boekwinkel hier in San Diego te koop. Ek kon dit nie neersit nie en ek het die boek met baie van my vriende gedeel. Die boek is so inspirerend. Ek is so bly dat ek jou boek ontdek het. Ek verstaan

nou waaroor die hemel gaan. Ek is dankbaar vir jou boek en deur God se genade het elke deel van hierdie pragtige boek my hart oopgemaak en my geloof versterk. Ek is die enigste een in my gesin wat verlore was en nou het ek my pad na die Here teruggevind.

MAG DIT 'N PRAGTIGE EN GESEËNDE DAG WEES,
C

Ek het vir jare as 'n sinlike Christen geleef en was verstrik in verskriklike sondes. Ek het uiteindelik na die Here uitgeroep en oor die afgelope twee jaar het Hy my genadiglik verlos. God het my die leegheid gewys van 'n lewe wat Hom nie as die middelpunt het nie en Hy het my uiteindelik na jou boek gelei. Ek glo elke woord wat jy geskryf het. Wat ek gelees het, het definitief my geloof op 'n radikale manier aangepas. Dankie vir jou getrouheid. Ek verstaan nou wat God van ons verlang en verwag. God se waarskuwing deur middel van *Die hemel is 'n werklikheid* het my letterlik van die hel gered.

MET MY OPREGTE DANKBAARHEID EN DIEPSTE WAARDERING,
P

Ek is in graad 7 en het so pas jou boek klaar gelees. Ek het dit eers net gelees omdat my ma my 50 dollar belowe het indien ek die boek lees. Nou het ek nie meer die 50 dollar nodig nie, want ek het vir Jesus! Ek is 'n Christen en was nog my lewe lank 'n Christen en ek het nog nooit in my lewe 'n beter Christelike boek gelees nie. Jy is so gelukkig dat jy al hemel toe was en vir God ontmoet het. Jy moet 'n ongelooflike Christen wees. Jammer dat ek van jou tyd opgeneem het, maar ek was so geseënd deur hierdie boek dat ek eenvoudig net vir jou moes e-pos.

D

Ek is werklik dankbaar teenoor God dat Hy jou geïnspireer het om sy werk te doen. Hierdie boek het my gehelp om my geestelike paadjie met die Here te herondersoek. Ek was nog nie eers halfpad deur die boek nie, toe het ek al sommige dinge begin berou. Die eerste paar hoofstukke het my verander en nou stel ek God eerste en ek leer hoe om elke dag op Hom

te vertrou. Ek het besluit om my beste vir God te gee. Dankie dat jy aan God gehoorsaam was, want hierdie boek het my gehelp om meer gehoorsaam aan die Woord van God te wees. Jy is geseënd om saam met die Here in die hemel te wees en ek glo dat dit so mooi is soos wat jy sê.

Wees geseënd,
T

Ek wil eerstens sê dat ek werklik jou boek geniet het. Ek het soveel geluk ervaar as gevolg van al die wonderlike dinge wat die Here Jesus Christus vir ons in die hemel voorberei het. Terwyl ek jou boek gelees het, het ek goed gevoel en na die Here gehunker. Ek het soveel passie en vrede gehad dat ek jou ervaring met 'n meisie op my bus gedeel het. Ek het haar van die realiteit van die hemel en die hel vertel en wat vir ons op albei plekke wag. Sy het onmiddellik 'n behoefte ondervind om 'n Christen te word. Daardie aand het sy en haar jonger broer Christus as hul Redder aanvaar.

Liefde
E

Ek het nie toevallig hierdie boek in die hande gekry nie. Die Here het my gekies om dit te lees. Nadat ek na die CD begin luister het, het ek God se stem vir die eerste keer begin waarneem. Ek was altyd verwonderd oor mense wat beweer dat hulle die stem van die Here hoor, maar ek het self nooit daardie voorreg gehad nie.

Nadat ek met 'n vriend gedeel het dat God al my dogter se gebede verhoor het, het ek tuis gekom en geseënd gevoel. Ek het die Here begin dank omdat Hy so goed vir my dogter was. Voor ek my sin kon voltooi, het ek 'n stem gehoor wat presies soos myne klink, wat sê: 'Sy is my dogter ook.' Ek het geweet dat dit definitief nie my onderbewussyn was nie. Ek was ekstaties. Nou weet ek hoe God met my praat. Na daardie insident het Hy al verskeie kere met my gepraat.

Ek is nou 'n nuwe mens. Ek bid meer gereeld en Jesus is altyd in my gedagtes. Ek word elke dag nóg liewer vir Hom namate ek sy Woord bestudeer. Ek huil elke keer as ek daaraan herinner word wat Hy op Golgota vir ons gedoen het. Hy het genoeg vir my gely. Ek gaan Hom nie meer laat

ly as gevolg van my sondes nie. Ek wil meer soos Hy wees. Met jou beskrywing van die hemel wil ek reg wees wanneer Hy kom. Ek was nog nooit bang om dood te gaan nie, maar nadat ek God se boek gelees het, is ek so gretig om Hom te sien. Ek hoop ek val in die kategorie van 'die met rein harte.' Baie dankie!

ANONIEM

Ek het baie getwyfel of ek die boek moet lees of nie. Ek wou net kyk watter tipe boek dit is en het daardeur geblaai.

Maar die hele boek is spesiaal vir my aarde toe gestuur!

Terwyl ek die eerste paar bladsye gelees het, het ek onbeheersd gehuil omdat die Heilige Gees my aangeraak het. Ek het op my knieë geval en kon nie my trane terughou nie.

Jou getuienis en elke woord deur die Here was die visioen, die stem, die blik en die wese self wat my laat uithou het tot vandag. Die Gees van die Here raak ons almal op een manier. Met hierdie waarheid het ek bely deur die heeltyd te sê: 'Amen, amen. Vader, ek glo in elke deel van hierdie boek.'

Die tyd wat dit geneem het om die boek te lees, was so spesiaal en die woorde wat die Here vir my gesê het was so ongelooflik mooi dat ek nie vir een sekonde my konsentrasie verloor het nie. My aandag was op die Here gefokus.

Ek het 'n sterk, vasberade wilskrag ontvang om onverskrokke te wees.

Ek is 'n missie in die kerk gegee.

Ek het die hoop gekry om my man en ons drie seuns aan die Here op te dra.

En ek het vir die Here gesê dat ek nie ontevrede sal wees oor die dinge wat ek nie op hierdie aarde kan geniet nie.

Ek het weer besef dat ons lewe en gebede slegs op een ding gefokus moet wees, naamlik die koninkryk van die Here en die kinders vir wie Hy lief is, maar wat Hom nie ken nie.

IN LIEFDE,
S

Ek het jou boek, of altans, die Here se boek gelees en ek wil jou bedank dat jy gehoorsaam was en dit geskryf het. Ek kon die Heilige Gees op elke bladsy aanvoel. Hierdie boek het 'n paar belangrike dinge vir my duidelik gemaak, veral dat ek my hart moet beskerm en elke dag my sonde moet bely om dit rein te hou. Daar is baie ander dele van die boek wat noodsaaklike inligting verskaf vir my paadjie saam met ons Vader en sy wonderlike, heilige, Seun, Jesus my Redder. Dankie, Choo. Jy is in my gebede.

JOU SUSTER IN JESUS CHRISTUS,
J

My Engels is nie baie goed nie, so ek weet nie hoe om my gevoelens uit te druk nie.

Ek het gister begin om die boek te lees en ek het die helfte daarvan gelees.

Soos ek die een bladsy na die ander omgeblaai het, het ek meer van sy genade en liefde gevoel. Ek kon die teenwoordigheid van die Here voel (ek werk vir 'n klein maatskappy en wanneer ek tyd het, lees ek die boek) en soms maak dit my bewerig, soms laat dit my huil, glimlag of lag. En soms wil ek opstaan en dans soos jy by die dam in die hemel gedans het. Indien ek nie op kantoor was nie, sou ek. Dankie dat jy daardie kosbare ervaring met miljoene mense deel. Dankie dat jy my God se liefde en genade wys.

Ek het niks om die Here te bied nie, maar ek wil my hele hart vir hom gee. Ek is seker dat Hy my beter ken as wat ek myself ken. Ek wil iets vir Hom doen.

EK IS GERAAK DEUR GOD SE GENADE,
Y

Vandat ek die boek begin lees het, kon ek dit nie neersit nie. Toe ek dit vir myself bestel het, het ek ook twee ekstra kopieë vir twee goeie vriende bestel. Nadat ek slegs 'n paar hoofstukke gelees het, het ek nog 12 kopieë bestel om as kersgeskenke weg te gee! Ek het Sondag 'n kopie vir my pastoor se vrou gegee, met 'n nota wat sê: 'Berei voor vir lansering!' Ek het haar belowe dat sy nog nooit iets só kragtig gelees het nie.

Ek wil hê jy moet weet dat ek deur die Gees van God weet jy het 'n uitsonderlike verhouding met die Here en dat jy 'n uitsonderlike ervaring met Hom in die hemel gehad het. Jy het my geïnspireer. Ek het tot dusver 'n baie toegewyde lewe gelei en ek vereenselwig my met jou wanneer jy sê dat jy nie in gesprekke belangstel wat nie oor ons Here Jesus gaan nie. Maar selfs al het ek 'n baie toegewyde lewe gelei, wil ek hê dat jy moet weet dat jou boek my binneste geskud het om tot 'n nuwe vlak van toewyding te styg. Ek bid dat ek ook die genade gegee sal word om so 'n gedissiplineerde, gehoorsame lewe soos jy te lei, Choo.

MET LIEFDE
C

Ek maak gewoonlik nie e-posadvertensies vir boeke, CD's en konferensies oop nie, maar die advertensie vir jou boek was anders. Ek is soos 'n magneet daartoe aangetrek en nadat ek die resensie gelees het, moes ek dit hê. Ek het dit op 29 November per pos ontvang en het dit dieselfde dag begin lees. Op 7 Desember het ek dit klaar gelees. Ek is tot die binneste van my wese daardeur geraak. Hoe ongelooflik! Naas die Bybel is dit een van die mees lewensveranderende boeke wat ek nog gelees het. Terwyl ek meer van die Here soek en graag in koninklike ryke saam met Hom wil loop, het my ywer en vasberadenheid om gehoorsaam en rein te leef heelwat versterk. Baie dankie vir jou oorgawe aan God en sy doel vir jou lewe en die groot koste wat jy betaal het (en steeds betaal) sodat sy mense die hart van ons hemelse Bruidegom kan hoor huil.

Ek voel die verantwoordelikheid om hierdie boek vir mense te gee na wie die Here my lei. Ek het alreeds drie boeke vir ander mense gekoop (insluitende my pastore). My een vriendin, vir wie ek gister die boek gegee het, het gesê dat haar hart geraak is en dat sy die Here met nuwe vasberadenheid en toewyding wil volg. My man het Christus as sy verlosser aanvaar, maar het teen 'n stadige tempo gegroei en sukkel steeds met die dinge van die vlees en die wêreldse dinge en die duiwel. Nadat ek hom baie ernstig en tranerig aangemaan het, lees hy nou die boek en ek bid dat

die Here hom met dieselfde dringendheid sal wakker maak om naby Hom te loop, soos Hy dit in my wakker gemaak het.

JOU SUSTER IN CHRISTUS,
J

Ek weet nie hoe om my opregte dankbaarheid uit te druk en dankie te sê vir hierdie wonderlike boek nie. Jy het my regtig wakker gemaak en laat besef dat ek naby aan die put van die hel was! Jy laat my berou kry en om vergifnis vra elke keer wanneer ek Jesus se waarskuwing en herinnering aan al die ongelowige en ongehoorsame Christene lees. Dankie suster Choo! Ek is regtig jaloers op jou ongelooflike verhouding met ons dierbare Here Jesus Christus. Jy verdien regtig daardie spesiale liefde, aandag en belonings van ons liewe Here, want jy is die gehoorsaamste en liefdevolste persoon wat ek nog ooit geken het. God seën jou regtig oorvloedig, suster.

MET SOENTJIES EN DRUKKIES,
S

Hierdie boek plaas klem op hoe groot God se liefde en genade vir ons is. Jesus het vir jou en my so lief dat Hy gewillig is om sy bloed aan die kruis te vergiet ten spyte van die aaklige lyding en openbare vernedering, sodat ons met God verenig kan word. Nou reik Hy deur hierdie boek na ons toe uit. Hy herinner Christene aan sy liefde vir hulle. Weet jy dat al die wonderlike dinge in die ewige koninkryk reeds bestaan en vir ons wag? Soos ek die bladsye omgeblaai het, het ek sy dringendheid gevoel. Indien Hy nou aarde toe kom, sal baie van ons nie die ewige koninkryk kan binnegaan en saam met Hom wees nie!

Ek is regtig dankbaar vir die dapper stap wat Choo geneem het om hierdie boek te skryf en te publiseer. Dit is deur haar groot sprong in geloof dat baie mense vir Christus gaan leer ken en Christene reg oor die wêreld opnuut opgewek sal word. Ek kan Choo in twee woorde opsom: gehoorsaam en rein, hoewel dit nie eers heeltemal aan haar reg laat geskied nie.

TOTSIENS,
E

Choo Thomas bied 'n basiese boodskap in haar boek oor die ongelooflike dinge wat sy saam met Jesus gesien het: volg God met jou hele hart en gehoorsaam Hom en sy gebooie. God se plek is vir ons voorberei, maar ons moet daarvoor gereed wees. Ons tyd is kort. Ons moet onderdanige dienaars vir ons Here wees. Die groter belofte van 'n ongelooflike lewe wat nog kom, laat my uitsien na die hemel.

D

Ek dink nie dat ek al ooit 'n belangriker Christelike boek, behalwe vir die Bybel, gelees het nie. Die Here Jesus kom binnekort, soos bewys word deur die voorbereidings wat Hy in die Hemel gemaak het en wat Hy aan die skrywer geopenbaar het.

Die Here Jesus gee vir ons (Christene en ongelowiges) deur sy liefde en genade 'n waarskuwing om voorbereid te wees. Hy gee ook 'n wonderlike beskrywing van hoe die ewige lewe saam met Hom in die hemel sal wees.

Ek bid dat die mense wat die boek lees in die dringendheid deel om 'wedergeborenes' te word deur berou te hê oor hulle sonde en Jesus Christus as hulle Here en Redder te aanvaar; net soos die Bybel in Romeine 10:9–10 sê, sodat hulle gered kan word. Die geskenk van verlossing en 'n verhouding met Jesus is beskikbaar vir almal wat daarvoor vra.

S

Die hemel is 'n werklikheid het my hart se oë en my gedagtes oopgemaak om helderder te sien en te besef wat reeds vir ons in die hemel voorberei is en op ons wag.

My ervaring gedurende die lees en vertaling van die boek, was regtig ongelooflik. Gedurende die vertaling, wat drie maande geduur het, het ek elke oggend ongeveer 5 uur opgestaan en onmiddellik vir 2 ure voor my seun se rekenaar gaan sit, aangesien ek gereed vir werk moes wees. Indien daar saans geen ander gebedsvergaderings of kerkaktiwiteite was nie, het ek tot tienuur die aand verder vertaal.

Dit was vir my 'n seën om die boek te lees en meer van sy Woord te leer deur die reise met Hom. Net soos suster Choo het ek ook dikwels gehuil.

Ek het gejuig en die Here geprys asof Hy persoonlik met my gepraat het. Dikwels het sy woorde my getref en my laat huil of wonder, want Hy ken my ten volle.

Hierdie boek het my geïnspireer om die Here te dien deur die evangelie van verlossing aan die verlorenes, veral ons geliefdes, vriende en bure, te verkondig. Ek glo die boek sal dieselfde impak op ander besorgde Christene hê.

Laat ons altyd herinner word dat Jesus binnekort kom en dat die hemel 'n werklikheid vir sy gehoorsame kinders is.

In sy liefde,
O

Suster, ek wil jou bedank vir jou reaksie op die Here, hoewel jy die proses van jou vertwyfeling oor hoekom die Here jou op so 'n manier sou seën, gedeel het. Ek was mal oor die boek en sal dit weer lees, aangesien daar so baie belangrike dinge is om daaruit te leer. Die afgelope vier jaar het die Here ook in my lewe gewerk en my voorberei vir spesifieke bediening in hierdie laaste dae. Soos jy die hemel beskryf het, het ek my oë toegemaak en my verbeel dat ek saam met jou daar was.

Die Here het vir jou gesê dat die boek baie mense se lewens sal beïnvloed en ek kan dit waarneem wanneer ek sien hoe graag mense die boek in die hande wil kry. Die een rede daarvoor is dat die Here my verander het. Ek het die afgelope paar weke aanskou hoe die Here ons verbaas het terwyl Hy onder ons geloop het en sy mag op vele maniere gemanifesteer het. Ek het nog nooit vantevore so iets in my bediening gesien nie en ek is baie opgewonde daaroor. Baie profetiese woorde is al oor ons bediening uitgespreek en ek sien nou die verwesenliking daarvan. So ek wil net baie dankie sê dat jy die Here toegelaat het om jou te kies en voor te berei vir sy bediening. Ek verstaan hoekom Hy sê dat jy spesiaal is, want jy reageer op die manier wat Hy wil hê. Die Here het 'n paar dae terug vir my gesê: 'Onthou om in My teenwoordigheid te loop; ignoreer die dinge van die vlees en stap in die geheime plek.' En wat 'n veilige plek is dit nie om te

wees nie; weggesteek saam met Hom sodat absoluut niks veroorsaak dat ons afdwaal van die presisie van sy leierskap nie.

JOUNE IN DANKBAARHEID EN GEBED,

J

As 'n pastoor, tronkkapelaan en lid van die Pinkster-gemeente het ek hierdie boek met 'n mengsel van skeptisisme en afwagting aangepak. Ek was op soek na 'n teken van ware inspirasie en was terselfdertyd bedag vir manipulasie en opinies wat vermom word as openbaring. Ek het vyftig bladsye op hierdie manier gelees voordat ek by 'n gedeelte gekom het wat my met die salwing van die Heilige Gees aangespreek het sodat ek onmiddellik my twyfel eenkant geskuif het en begin bid het: 'Here, praat met my deur die openbaring van die laaste dag!'

Die gedeelte het 'n visioen van die hel se put bevat. Baie mense het al beweer dat hulle sulke visioene gehad het, maar ek het nog nooit so 'n vrymoedige, hartverskeurende beskrywing gelees nie. Thomas vertel dat sy haar eie geliefde ma in daardie put gesien het! Ek was verstom. Ek het die gebroke hart van God gesien en is opgewek deur die dringendheid van die tyd waarin ons lewe.

Die eerlikheid en pyn van hierdie vlugtige blik binne Hades het my so aangeraak dat ek dit die afgelope Sondag drie keer met ander gedeel het. Ek het dit eerstens met my volwasse Sondagskoolklas gedeel, toe met 'n groep manlike gevangenes en uiteindelik met 'n groep vroulike gevangenes. Daar was elke keer 'n gesnak na asem wanneer ek oor Thomas se ma in die hel voorgelees het. Gewoonlik wanneer dominees van die preekstoel lees, beperk ons onsself tot 'n kort paragraaf. Ek het byna twee bladsye van haar boek voorgelees en is met stilte en verbasing begroet. Elke keer wat ek voorgelees het, het ek gesalfd gevoel.

Ek durf nie hierdie boek oor sy styl of enige ander 'objektiewe' standaarde beoordeel nie. Hierdie boek beweer om 'n verslag van visioene van God te wees. Ek glo dit en moedig gelowiges aan om te sien wat God sê oor die hemel, die hel, die belang van ons getuienis en van 'n heilige lewens-

wyse in hierdie laaste dae. Dankie, Choo Thomas, vir jou opofferings en gehoorsaamheid aan 'n ongelooflik moeilike roeping!

T

Ek is 'n Amerikaanse soldaat wat op die oomblik in die oorlog in Irak veg. Twee jaar gelede het ek Jesus nie geken nie en ek was in Korea gestasioneer waar ek my vrou ontmoet het. Sy is 'n Christen.

Ek het saam met my vrou kerk toe gegaan omdat ek lief is vir haar, maar het steeds nie regtig verstaan nie. Dalk omdat ek nie die wil gehad het om te leer nie. Skielik het my vrou uiters gelowig geword en in tale begin praat. Sy het omtrent elke dag van die week kerk toe gegaan. Ek het toe self gelowiger geword, meer verstaan, geluister en ek wou meer leer.

Daarna is ek na Irak ontplooi en sonder my vrou was ek ietwat verlore. Een dag het sy vreeslik aangegaan oor jou boek en my gesmeek om dit te lees. Ek het dit toe uiteindelik gelees en nou het ek meer vertroue en geloof as wat ek kan hanteer! Ek wil die Bybel lees en met God praat en vir Hom vrae vra. Ek is mal daaroor en ek is lief vir U, Jesus! Ek en my vrou wil jou albei bedank vir jou opofferings om dit vir ons moontlik te maak om meer te leer oor die dae wat kom. Jesus het ons liewer as wat ons ooit sal besef.

WEES GESEEND!!!

JOU BROER B

Ek wil hê jy moet weet hoe wonderlik jou boek vir my en baie ander mense was.

Dit het begin met 'n oproep van my man wat in Irak gestasioneer is. Alhoewel ons beide 'Christene' is, dink ek nie een van ons het ooit geweet wat ons doel op aarde was nie. My man het my gebel en wou hê dat ek die boek moes lees. Ek het geen belangstelling gehad om dit te lees nie, maar aangesien hy my aangespoor het om die boek te lees, het ek dit gedoen om hom tevrede te stel. Ek het die boek by 'n plaaslike boekwinkel bestel en ek het dit eers na 'n week gaan haal. Ek het dit 'n week gelede begin lees. Vandag begin ek eers met hoofstuk 12, maar die boodskap is duidelik.

God wil hê dat ek sy mense moet liefhê en die evangelie van ons Here Jesus moet verkondig.

Ek weet nog nie wat jy alles in die hemel gesien het nie, maar ek weet dat God jou tot die bediening geroep het sodat jy mense soos ek kan bekeer. Dit is aansteeklik! Ek deel hierdie boek met almal wat ek ken!

MAG DIE HELE WÊRELD HOOR!
M

Baie mense sê ons leef in die laaste dae en ek het 'n sterk behoefte om meer oor ons Here Jesus en sy koms te leer. In *Die hemel is 'n werklikheid* skryf Choo Thomas oor haar ervaring en gesprek met die Here Jesus. Ek het dadelik die boek bestel toe ek daarvan gehoor het. Die boek is baie meer as wat ek verwag het. Jesus het deur die boek met my gepraat. En die Heilige Gees het na my gekom en my liggaam het geskud terwyl ek sy Woord gelees het. Die Here ons Redder het ons baie lief. Hy wil hê dat ons almal gehoorsaam en so rein soos water moet wees. Hy wil hê dat alle nasies vir sy wederkoms voorbereid moet wees sodat hulle gered kan word. Die boek is kragtig genoeg om ons voor te berei vir sy koms en om die pad vir die Here reguit te maak.

JOU BROER IN CHRISTUS,
J

Terwyl ek die boek gelees het, het ek besef hoekom die Here jou aan die begin baie stadig deur jou ervarings geneem het. Hy het jou vertroue opgebou deur jou elke keer te besoek en te wys dat jy niks het om voor bang te wees nie. Ek kon sien hoe jy oopmaak en al hoe meer vrae begin vra soos jy begin groei het en vertroue in die Here Jesus gekry het. Dit was wonderlik om saam met jou te stap soos Jesus sommige van die versteekte geheimenisse van die Koninkryk vir jou gewys het. Die beste deel is dat Hy binnekort kom om sy kerk te kom haal en dan sal ons vir ewig saam met die Here wees.

Die hemel is 'n werklikheid is 'n boek wat Jesus vereer en sonde en ongehoorsaamheid aan God veroordeel. Dit is 'n gebalanseerde verslag wat die ongelooflike goedheid van die Here teenoor gelowiges wys, maar ook die

gevolge van 'n sondige leefwyse en rebellie teen God wys. Die boek is vol subtiele leidrade wat net Jesus weet en kan openbaar. Dit is die werk van die Here. Alle eer aan God!

In sy diens,
Pastoor D

Ek wens dat jy kon sien hoeveel lewens jy verander het met *Die hemel is 'n werklikheid*. Baie mense het al verskeie kopieë gekoop om vir hulle vriende en familie te gee. Almal sê dat hulle lewe en verhouding met God verander het nadat hulle die boek gelees het. *Die hemel is 'n werklikheid* het baie dinge vir ons duidelik gemaak en ons behoefte om hemel toe te gaan is versterk. Is dit nie wonderlik hoe Jesus ons lewe verander nie!

Die boek is op Full Gospel Church se webwerf, in koerante, joernale en op plakkate geadverteer. Ek was bevoorreg om 'n kopie van die persoon wat dit in Engels vertaal het te kry voor dit die boekrakke getref het, maar ander mense moes in lang rye staan om 'n kopie te kry. Die eerste dag wat die boek uit is, is duisende kopieë onmiddellik uitverkoop. So baie kopieë is verkoop omdat baie mense gevoel het dat die boek te merkwaardig is om net vir hulle self te hou. Mense koop 'n groot hoeveelheid kopieë om vir hulle verlore vriende en familie te gee. Selfs my Sondagskoolkinders het dit gelees en 'n brandende behoefte om hemel toe te gaan, is in hulle harte gekweek. *Die hemel is 'n werklikheid* is nie net by boekwinkels van kerke uitverkoop nie, maar ook by die grootste boekwinkels in Korea. Van vandag af is dit die nommer een topverkoper in die Christelike afdeling! Alle eer aan God!

Liefde,
S

Ek prys en bedank God vir jou gehoorsaamheid en sy volgehoue liefde! *Die hemel is 'n werklikheid* het my lewe heeltemal verander. Ek het nou werklike hoop op die hemel en is selfs nader aan my geliefde Jesus.

Die Here het my bevry en my ongelooflik geseën deur jou boek – of liewer, sy boek.

Ek kan jou nie vertel hoe baie ek gehuil en gelag en na Jesus gesmag het

terwyl ek die boek gelees het nie. Dit het vir my gevoel asof ek saam met jou en Jesus langs die strand gestap het en die hemel en sy heerlikheid besoek het.

Ek dink elke oomblik van die dag aan Jesus. Ek kan Hom nie uit my gedagtes kry nie – en ek wil ook nie. Hy neem beslag van al my gedagtes. Hy is so goed.

Ek is so gretig om te kniel en sy aangesig, sy wil en sy woord te soek. Ek is mal daaroor om in sy teenwoordigheid te wees.

Sedert ek die boek gelees het, het die Bybel, veral die vier evangelies, lewendig geword.

Ek was deur elke woord wat die Here geuiter het gehipnotiseer terwyl ek die boek gelees het. Ek het elke woord gelees en dit daarna weer gelees. Hy het my sondes vergewe, my hart heel gemaak en my afvallige, sterwende siel gered.

MAG GOD JOU SEEN,

S

My vrou is ook Koreaans-Amerikaans en sy het by pastoor Cho in Korea van jou boek gehoor. Sy het dit gekoop en gelees en dit was wonderlik! Dit het haar Christelike lewe vir goed verander! Sy kon nie wag om my daarvan te vertel nie. Ek was baie geïnteresseerd en het dit ook gelees. Ongelooflik! Dit verander regtig lewens! Die Here praat direk met ons deur jou boek!

Dankie Choo, jy is werklik die Here se 'Spesiale Dogter.' Dankie vir jou toegewyde gebedslewe en dat jy na ons Here en Redder geluister het en Hom gehoorsaam het sodat ons hierdie kykie in ons toekoms kan kry.

Hierdie boek is 'n ernstige waarskuwing vir alle Christene. Dit het beslis my oë oopgemaak en my hoop is dat dit dieselfde sal doen vir almal wat dit lees. Ek het reeds tien kopieë vir van my vriende gekoop en beplan om nog te koop. Die Here kom werklik binnekort en ons moet gereed wees. Dankie dat jy die Here gehoorsaam het, maar nog belangriker,

DANKIE HERE!

J

Dankie vir die boek *Die hemel is 'n werklikheid.* Ek weet nie juis wat om te sê nie. Hierdie boek het my lewe onherroeplik verander. Ek het gehuil (ek het nie gedink ek sal nie), ek was bang, het getwyfel en was van mening dat ek nie die Here se bedagsaamheid verdien het nie. Ek het my hart en siel ernstig ondersoek. Hierdie boek het my hele lewensuitkyk verander. Ek is besig om my lewe, my daaglikse besluite en my toewyding aan die Here te herevalueer. Ek wil nie van die Here afgesny of van die hemel weerhou word nie. My hele lewe is op die oomblik onder 'n vergrootglas.

LIEFDE,
A

Ek doen gewoonlik die meerderheid van my ernstige leeswerk net voordat ek gaan slaap. Ek het net *Die hemel is werklikheid* begin lees en die eerste paar hoofstukke klaar gelees. Nadat ek gaan slaap het, het ek 'n vreemde ervaring op die oggend van 2 Februarie gehad. Ek het ongeveer om 01:00 in die nag badkamer toe gegaan en gedroom dat ek 'n helder lig kon sien. Dit was egter nie oogverblindend nie. Ek het geroer en vinnig weer aan die slaap geraak. Net voor 01:58 het ek 'n verskriklike helder lig gesien. Dit was amper soos om na die son te kyk sonder 'n sonbril. Ek het rukkend wakker geskrik. Was dit die krag van voorstelle in die boek of het dit wat met Choo Thomas gebeur het, ook met my gebeur? Dalk sal ek nog uitvind. Ek het nog nooit vantevore 'n helder lig in my drome gesien nie. Ek het aanvaar dit is 'n teken dat die boek baie belangrik is.

G EN A

Voorwoord deur dr David Yonggi Cho

Hemel! Net deur die woord te noem, roer iets diep in die harte en siele van mense. Ons sing liedjies daaroor, hoor preke daaroor en van ons geliefdes is daar. Ons verwag om eendag self daarheen te gaan. Maar hoe werklik is die hemel?

Die hemel is 'n werklikheid vir die skrywer as gevolg van haar ervarings met Jesus Christus. Hierdie boek vertel die persoonlike storie van suster Choo Thomas wat verskeie kere saam met die Here die hemel besoek het. Jy sal van haar sterk geloof in die hemel en in die koninkryk van God lees. Dit sal gelowiges die belang van 'n persoonlike ontmoeting met God en die beantwoording van vrae deur gebede, laat besef. Met sulke ervarings van geloof sal mense die belang van 'n gelowige lewe besef.

Ek het die boek drie keer in Engels gelees en het baie insig oor die hemel gekry en is geseën. Om die waarheid te sê, ek was so beïndruk en geïnspireer daardeur dat ek dit in Koreaans laat vertaal het sodat Koreane dit kan lees en geseën word. Dit het die nommer een topverkoper van religieuse boeke in Korea geword.

Moet asseblief nie hierdie boek as 'n teologiese tesis of 'n boek oor doktrine beskou nie. Lees dit en geniet dit as die skrywer se persoonlike ervaring en getuienis oor wat sy in die hemel gesien en gehoor het.

Die hemel is 'n werklikheid is 'n aangrypende en inspirerende storie, of jy 'n Christen is of nie, en jy moet dit met 'n oop hart lees. Dit sal jou die groot seëninge wat God vir sy kinders in die ewige hemel voorberei het, laat verstaan.

SENIOR PASTOOR
YOIDO FULL GOSPEL CHURCH
SEOEL, KOREA

Voorwoord deur Choo Thomas

In hierdie boek deel ek my ervarings wat ek met Jesus in die Hemel gehad het. Van die begin af wil ek hê dat jy die omstandighede wat met elk van hierdie besoeke in die hemel gepaard gaan, verstaan. 'n Gedeelte uit die eerste brief van die dissipel Paulus aan die Christene in antieke Korinte sal help om dit te verduidelik. Dit sê:

> Kyk, ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word. By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word. Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike. En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike beklee is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word: 'Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.'
>
> – 1 Korintiërs 15:51–54

Hierdie gedeelte van die Bybel verwys na die Eindtyd, wanneer dié wat die Here ken vir ewig saam met Hom sal wees. Wanneer dit gebeur, sal ons ons sterflike liggame vir onverganklike, hemelse liggame verruil.

Elke keer wat ek saam met Jesus hemel toe was, het hierdie verruiling plaasgevind. God sou vir my 'n nuwe liggaam gee – 'n liggaam waarin ek opvallend baie gelyk het soos toe ek 'n tiener was. Soms het

hierdie gedaanteverwisseling op 'n strand op die aarde, waarheen Hy my vergesel het, plaasgevind. Ander kere is ek in my slaapkamer by my huis in hierdie onverganklike liggaam geklee.

Mense vra dikwels vir my of hierdie ervarings in die hemel soos visioene of drome was, en of ek regtig daarheen gegaan het. My enigste reaksie op hierdie vrae is dat ek weet ek wel die hemel gesien het en dat die hemel werklik is. Of my ervaring in die kategorie van bonatuurlike drome, visioene of werklike ervarings geplaas moet word, sal ek liewer vir die teoloë laat. Al wat ek kan sê, is dat dit vir my werklik was.

Elke keer wat die Here my besoek het, het ek op my bed onder die totale beheer van die salwing van die Heilige Gees gelê. Net voor Hy my besoek, bewe en skud my aardse liggaam vir ongeveer twintig minute. Ek verstaan dit nie alles nie, maar ek weet dat Hy sy krag in my wese loslaat. Somtyds duur hierdie voorbereidende periodes vir 'n halfuur of langer.

Moet asseblief nie vir my vra hoekom dit nodig is nie, want net die Here weet waarom dit gebeur. Hy het eenvoudig herhaaldelik vir my gesê dat Hy my voorberei vir die bediening waarvoor Hy my geroep het.

My liggaam bewe en my maag knoop gewoonlik wanneer dit gebeur. Diep kreungeluide kom uit my gees en ek sweet baie. Ek glo dat die kreungeluide soos dié is wat die dissipel Paulus beskryf:

'Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.' (Rom 8:26)

Ek glo dat die sweet van die salwing van die Here kom. Die Bybel beskryf dikwels die teenwoordigheid van die Here in terme van vuur, hitte en glorie, en ek weet nou wat hierdie beelde beteken. Ek het persoonlik die intense hitte van sy teenwoordigheid ervaar.

Gewoonlik word hierdie manifestasies vinnig en skielik deur 'n ongelooflike deining aan die binnekant en 'n trekkende, rukkende sensasie aan die buitekant van my liggaam, gevolg. Dan sien ek my getransformeerde liggaam saam met die Here op die aardse strand. Nadat Hy my hemel toe geneem het, keer ons altyd na dieselfde strand

terug. Ongeag wat gebeur – en ek erken dat ek nie heeltemal alles verstaan nie – my aardse liggaam bly altyd in die bed tydens my besoeke aan die hemel. Gedurende hierdie ervarings is ek beide 'n deelnemer en 'n toeskouer.

Ek is in staat om alles te sien – alles wat met my gebeur – met die oë van my aardse liggaam. Ek kan sien hoe die Here my na die aardse strand neem, my liggaam transformeer en hoe Hy my na die hemel vergesel …

My aardse liggaam reageer dikwels op my ervarings wat ek in die hemel het soos dit plaasvind. My liggaam neem deel aan die dans, gejuig, lofprysing, gelag, gehuil en ander manifestasies wat met my getransformeerde liggaam gebeur.

Wanneer my getransformeerde liggaam gelukkig is, reageer my fisiese liggaam met geluk. Wanneer my hemelse liggaam hartseer is, reageer my fisiese liggaam met trane. Wanneer my getransformeerde liggaam sing, sing ek; wanneer dit dans, beweeg ek my hande; wanneer dit lag, lag ek. Wanneer ek, as jong vrou binne my getransformeerde liggaam, met die Here praat, reageer my aardse liggaam met woorde uit my hart en my mond en my kop beweeg daarmee saam.

Ek kyk na my getransformeerde liggaam soos ek saam met die Here in die hemel loop. Wanneer ek liedere van vreugde en lof sing, kan ek sien hoe die geluk op my gesig gereflekteer word. My stem, taamlik wonderbaarlik, kom uit my aardse liggaam.

Wanneer ek, in my getransformeerde liggaam, na en van die hemel kom, voel dit asof my werklike liggaam opgelig en sagkens laat sak word. Hierdie sensasies duur slegs vir 'n sekonde. Soms, wanneer dit voel asof my fisiese liggaam van die bed gelig word, gil ek van skrik. Selfs al kan ek die gelaatstrekke van my eie getransformeerde gesig taamlik duidelik sien, kan ek nie die Here se gesig sien nie. Ek kan wel sy hare, hande en klere sien en ek kan agterkom dat hy baie groot is. Sy golwende hare het 'n middelpaadjie, is ingekrul aan die punte, val tot by sy nek en is so wit soos sy. Sy hande is olyfkleurig en sy vingers is lank en dun.

Ek kan sien hoe die Here se mond beweeg as Hy met my praat. Sy

gestalte en liggaamsbou laat dit lyk asof Hy 'n jong man is, dalk tussen die ouderdom van dertig en veertig. Hy is ongeveer ses voet lank.

Hoewel ek nie sy gelaatstrekke kan uitmaak nie, kan ek sien wanneer Hy kwaad, gelukkig, hartseer of bekommerd is. Hy is baie vriendelik, liefdevol en geniet spelerige oomblikke. Onthou egter dat ek die Here se geestelike liggaam sien (net soos ek my geestelike liggaam kan sien). Sedert 27 Mei 1996 het die Here my vroeg elke Maandagoggend na die aardse strand geneem in vervulling van 'n belofte wat Hy aan my gemaak het. Ons het al dikwels saam op die sand geloop. Soms het Hy my in sy arms geneem en soos 'n kind rondgeswaai. Gedurende hierdie spelerige oomblikke het ek en die Here mekaar se geselskap baie geniet en albei gelag van vreugde.

Die Here het 'n baie aardse persoonlikheid, al is Hy die Seun van God. Ek het Hom liewer as my lewe. Hy is iemand van min woorde. Wanneer Hy praat, doen Hy dit altyd so doelgerig. Hy deel slegs dinge wat Hy meen belangrik vir ons is om te weet.

Wanneer Hy na die opwindende besoeke aan die hemel verdwyn, verdwyn my getransformeerde liggaam ook en is my aardse liggaam in staat om vryelik na gelang van my behoeftes en begeertes te beweeg. Teen hierdie stadium voel my liggaam ontspanne en rustig.

Na hierdie ongelooflike ervarings kan ek onmiddellik uit die bed klim, maar ek lê gewoonlik daar en dink oor die wonderlike ervaring wat ek so pas gesien en beleef het. Daarna skryf ek hierdie ervarings in my joernaal neer.

Ek is verwonderd dat die Here my gekies het om hierdie boek te skryf. Ek is Koreaans-Amerikaans en my gebruik van Engels is ietwat beperk. Nietemin het die Here my gekies om sy werk te doen. Hy het vir my gesê om alles te vertel wat ek ervaar en hoor en dat dit die doel van die boek is. Ek is so dankbaar dat ek bevoorreg genoeg is om 'n voorsmakie van die glorie wat op ons wag, te kry sodat ek dit met julle kan deel. God wil hê julle moet weet dat Hy alreeds 'n plek in die hemel vir julle voorberei het indien julle in sy Seun glo en Hom as julle persoonlike Here en Redder aanvaar.

Ek wil net die wil van die Here gehoorsaam. My gebed vir jou soos jy hierdie boek lees, is dieselfde as die dissipel Paulus se gebed vir sy geliefde broers en susters in Efese, soos dit in sy brief aan hulle opgeteken is:

> Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom.
>
> – EFESIERS 1:17–21

Ek vra dat jy hierdie boek op dieselfde manier ontvang as waarop dit geskryf is – met totale oopheid teenoor die Here en sy wil. Evalueer my ervarings in die lig van die Woord van God. Ek is seker daarvan dat jy sal agterkom dat die dinge wat ek oor die hemel deel en my ervarings met die Here, Bybels is.

TACOMA, WASHINGTON
FEBRUARIE 1997

Inleiding

In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie.

– Johannes 14:2

God het direk met my gepraat deur middel van profetiese woorde wat op 3 Desember 1995 deur pastoor Larry Randolph uitgespreek is. Hy het die volgende gesê:

> Ek het die seëning van die Here in die ryk van profetiese bediening en hoe die Here jou gees op 'n groot manier oopmaak vir profetiese bediening, drome en kennis, gesien ... Ek het gesien hoe die Here met jou in die nagtelike seisoene, tussen elfuur en drie-uur, praat ... Hy gaan jou wakker maak en jou besoek, vir jou drome, visies en insig gee ... God het vir my gesê dat jy een van die dogters is wat Hy met sy Gees vir profesie seën.

Pastoor Randolph het hierdie woorde oor my uitgespreek gedurende 'n spesiale Sondagpreek by die Puget Sound Christelike sentrum in Tacoma, Washington. Die bekende salwing van die Heilige Gees het diep in my gees opgestoot en my liggaam het begin bewe en ruk onder die krag van God. Ek het trane van vreugde en dankbaarheid gestort toe ek besef dat God my gekies het om een van sy dienaars in hierdie

laaste dae te wees. Die Here het my met sy liefdevolle warmte oorstroom en die hitte van sy teenwoordigheid het die ervaring laat voel asof ek op 'n somersdag op 'n verebed gerus het.

Dit het my aan die woorde van die profeet Joël herinner:

> Wanneer dit alles gebeur het, sal Ek my Gees laat kom op al die mense, julle seuns en julle dogters sal as profete optree, julle oumense sal drome droom, julle jong mans sal visioene sien. In daardie tyd sal Ek my Gees laat kom selfs op dié wat nie in aansien is nie. Ek sal tekens gee, in die hemel en op die aarde: bloed, vuur en rookwolke.
>
> – Joel 2:28–30

Kan dit wees dat hierdie profetiese woorde op hierdie oomblik, hier en nou, vervul kon word? Gaan ek een van die Here se spesiale dogters wees wat wonderwerke in die hemel en op aarde gaan sien?

Dit is 'n eer om as 'n spreekbuis van die Here se liefde, genade en krag in hierdie laaste dae gekies te word. Hierdie profetiese roeping van God was verseker nie iets wat ek vir myself sou kies nie, want ek is oor die algemeen 'n baie skaam persoon. Ek het vinnig agtergekom dat al die skaamheid en skugterheid verdwyn wanneer ek die salwing van die Heilige Gees ervaar.

Ek het aan nog 'n skrifgedeelte gedink:

> Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra.
>
> – Johannes 15:16

God het my dus gekies om in sy Naam vrugte te dra wat sal hou. Hy was besig om my die krag van gebed en die belang van sy nabyheid te wys.

> Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in

> My bly nie. Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.
>
> – Johannes 15:4–5

Die oorweldigende opwinding en brandende salwing van die Heilige Gees het aanhou erger word soos die pastoor voortgegaan het met sy profetiese uiting. Ek het gevoel asof ek letterlik aan die brand vir God was. Pastoor Randolph het voortgegaan:

> Daar was by tye 'n misverstand oor die manier waarop jy op God reageer of die manier waarop jy met Hom in verbinding getree het. Die Here sê dat Hy daardie misverstand sal verwyder … hulle sal nie sê: 'Sy is 'n raaisel' nie. Hulle sal sê: 'Sy is net anders.' Dit is 'n goddelike verskil … God het jou 'n uniekheid gegee. Hy sal met jou op 'n unieke manier werk. Hy sal met jou oor dinge praat wat net vriende vir vriende sal vertel. Hy sal vir jou geheime gee in die nagtelike seisoene.

Dit was my begeerte sedert ek 'n Christen geword het om God se persoonlike vriendin te wees, soos Abraham sy vriend was. Ek ken sy stem en wanneer my hart voor Hom stil is, praat Hy met my: 'My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My' (Joh 10:27).

Deur hierdie gebiedende boodskap van God het ek geweet dat die Vader die geroep van my hart - om Hom beter te leer ken deur 'n intieme persoonlike verhouding met Jesus te bou - beantwoord het. My hart het soos 'n arend gesweef terwyl ek geluister het hoe Hy deur pastoor Randolph met my praat:

> Dit is nie om te spog met dit wat die Here vir jou gee nie, maar eerder om sy geheime te bewaar. God gaan vir jou dinge oor mense vertel wat jy nooit vir mense sal vertel nie. Jy sal as 'n voorspraak bid [vir hulle] en hulle in gebed opbou, want jy sal 'n vriend van God wees – en dit is 'n ware profeet. 'n Vriend van God.
>
> Hy gaan vir jou geheime van ander mense se lewens en oor dinge wat Hy op aarde doen, vertel. In 1996 moet jy gereed wees vir 'n nuwe

salwing van die profetiese gawe wat oor jou lewe sal kom. En in die nuwe jaar, soos jy voor die Here wag, sal God jou met 'n nuwe Gees seën, 'n salwing van profesie sal oor jou kom.

Ek het geweet dat die woorde mooi en vol betekenis was, al het ek dit nie presies verstaan nie. Ek het gevoel asof ek klei in die Pottebakker se hande was. Hy was besig om my te vorm as voorbereiding vir 'n spesiale bediening wat in die nabye toekoms sou begin. Soos ek op die Pottebakker se wiel gedraai het, onder 'n magtige salwing van God se Gees, het ek gevoel dat groot veranderinge reeds diep in my gees begin het.

'n Tikkie vrees is vinnig geblus deur die olie van die Gees wat geblyk het om oor elke deel van my liggaam te drup. My gedagtes het probeer om die ou gewoontes van bevraagtekening te vind, want ek het so onwaardig gevoel om so 'n wonderlike persoonlike boodskap en roeping te kry.

Hoe kan God my gebruik? Ek is Koreaans-Amerikaans en my Engels is nie so goed soos dit moet wees nie. Hoekom sal God my kies om sy vriend te wees?

Dit was alles 'n groot verrassing, maar selfs al was ek nog nie lank 'n Christen nie, het ek reeds die waarheid van Jesus se woorde 'sonder My kan julle niks doen nie' (Joh 15:5) geleer. Ek het net daar en dan besluit om die Here se boodskap deur vertroue en geloof te aanvaar. Ek het gebid: 'Vader, dankie dat U hierdie woorde aan my gegee het. Ek sal altyd vir U ja sê'.

Dit was my plig, selfs al het ek nie alles wat die Here gesê het, volkome verstaan nie. Ek het wel besef dat Hy my moes voorberei vir die bediening waarheen Hy my lei.

Ek het die woorde van een van my gunsteling verse onthou:

'Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop' (Spr 3:5–6).

Ek het nie besef waarheen daardie paaie my sou lei nie, maar ek was vasberade om die Here volkome te vertrou eerder as om op my eie

insigte staat te maak. Is dit nie uiteindelik die essensie van die geestelike lewe nie? Ons is geestelike wesens op 'n menslike reis. Ons ware essensie is in ons gees. Die hemel is ons ware tuiste en soos ek ontdek het, is dit 'n werklikheid.

Sedert die oomblik wat die Here my vir 'n profetiese bediening geroep het, het ek geleer dat baie gelowiges nie werklik glo nie. Party is nie eers seker of die hemel wel bestaan nie. Ander gee nie om nie. Te veel mense leef asof daar niks meer as hierdie wêreld is nie.

God het vir my 'n heeltemal ander prentjie gewys. Hy het my sewentien verskillende kere hemel toe geneem en Hy wil hê dat jy weet dat die hemel 'n werklikheid is. Wanneer ons dit regtig verstaan, verander dit alles omtrent ons – ons motiewe, houdings, waardes, verhoudings, drome, planne en perspektief. Ek hoop dat jy meer as net 'n vinnige blik van die hemel kry terwyl jy hierdie boek lees en dat jy verander sal word – soos ek verander is – en die sekuriteit van die wete dat Jesus reeds vir jou en jou geliefdes 'n plek voorberei het, ervaar.

– Choo Thomas
Tacoma, Washington
Februarie 1997

Deel een:
Besoeke en visioene

HOOFSTUK 1

OP WEG NA DIE HEMEL

Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.

– FILIPPENSE 3:14

My naam is Choo Nam Thomas en ek is Koreaans-Amerikaans. Ek is die enigste dogter van my ouers, wat oorlede is, en het twee broers: een jonger en een ouer. Ek is getroud en het twee kinders, 'n seun en 'n dogter. Hulle is albei getroud. Ek het ook twee kleinseuns en twee kleindogters.

In Korea was my gesin glad nie gelowig nie. Ek het nog nooit van Jesus gehoor totdat ek vir die eerste keer kerk toe gegaan het nie. Ek het vantevore nog net gehoor van die kerk en God. Ek het in Februarie 1992 'n Christen geword. Ek het letterlik op Jesus verlief geraak nadat ek 'n paar keer kerk toe gegaan het. Ek het uitgevind wat Hy vir my gedoen het en het besluit ek wil my hele wese vir die res van my lewe aan Hom gee.

God het gereageer deur my gebede te beantwoord en dit het veroorsaak dat my geloof elke dag sterker geword het. Ek het vinnig begin om my ou behoeftes te verloor. Ek het elke oomblik van die dag aan Jesus gedink. Ek het God so gevrees dat ek nie doelbewus enigiets teen

sy wil wou doen nie. Ek wou Hom tevrede stel en alles omtrent Hom weet sodat ek vir ander mense kon vertel

'N VISIOEN EN DIE VUUR VAN GOD

Ek het die vuur van die Heilige Gees ontvang terwyl ek by my huis gebid het in Januarie 1994. Ongeveer 'n maand later het ek die Here se teenwoordigheid gesien terwyl ek by die *Neighborhood Assembly of God* in Tacoma, Washington, aanbid het. Hy het by die preekstoel gesit. Sy bene was gekruis en ek kon Hom so duidelik soos 'n regte persoon sien, maar ek kon nie sy gesig sien nie.

Hy het syagtige wit hare gehad en 'n suiwer wit kleed gedra. Ek kon Hom vir ongeveer vyf minute sien. Nadat ek Hom gesien het, was my liggaam aan die brand van vreugde en ek het myself heelhartig aan Jesus oorgegee. Kort na hierdie lewensveranderende ervaring het ek en my gesin die Puget Sound Christelike sentrum in Tacoma, Washington begin bywoon.

Ek het op Paassondag in 1995 nog 'n diepsinnige geestelike ervaring gehad. Ons het die diens by die Puget Sound Christelike sentrum bygewoon en my liggaam het met geweld begin ruk en ons moes vir die tweede diens bly. Ek het dieselfde fenomeen ervaar wat onder Kwakers, *Shakers* en vroeë Pinkstergesindes bekend was.

Sedertdien hou my liggaam nooit op ruk in die kerk of gedurende my bidtyd by die huis nie. Twee weke na hierdie Paassondag-ervaring het ek die gawe om in tale te praat, ontvang terwyl ek by die huis was. Ek het ook in die Gees begin sing. Terwyl ek na 'n Benny Hinn kruistog op televisie gekyk het, het ek opgestaan en my hande in gebed opgelig. Daarna het ek op die vloer geval en vir ongeveer drie ure daar bly lê. Die salwing van die Heilige Gees was so sterk dat ek nie kon opstaan nie. Al wat ek kon doen was om te sing, in tale te praat en te lag.

Tydens elke erediens daarna kon ek die Here Jesus se teenwoordigheid in die kerk sien. Die visioene wat ek nou van Hom kry is nie heeltemal so duidelik soos die eerste een nie, maar hulle is net so werklik.

'N GEWILLIGE SPREEKBUIS

Ek glo dat hierdie opwindende en ongewone ervarings my voorberei vir die werk waarvoor God my geroep het. Ek het 'n groot behoefte om helende gawes te ontvang, maar ek weet nie hoe om Hom te dien, behalwe om almal te vertel wie Jesus is nie.

Aan die begin het sommige familielede en vriende my boodskap verwerp en nie van my gehou nie omdat ek altyd oor Jesus gepraat het. Nou is dinge anders. Ek wil nou net oor die Here praat, maak nie saak saam met wie ek is nie. Hy het my die voorreg gegee om baie mense na Hom te lei, insluitende my vriende en familie. Al my geliefdes is nou gered.

Jesus is altyd in my gedagtes en ek praat die heeltyd oor Hom. Ek dink aan wat Jesus vir ons gedoen het wanneer dit met my sleg gaan. Wanneer ek dít onthou, besef ek dat niks vir my te moeilik is nie. Wanneer iemand my seermaak, dink ek aan wat Jesus by Golgota vir my gedoen het en onmiddelik is ek in vrede omhul.

Ek het spesiale drome oor wolke gehad voordat die Here my die eerste keer besoek het. Hierdie drome het my herinner aan iets wat my pa eenkeer vir my vertel het.

Hy het my vertel dat my ma 'n baie spesiale droom oor wolke gehad het. Hy het dikwels ook vertel dat my ma 'n spesiale droom oor my gehad het voordat sy my verwag het. Hy het gesê dat sy nooit die droom oor 'n sonnige dag wat skielik bewolk geword het, vergeet het nie. Die wolke het na die voorkant van die huis beweeg. Een van die wolke het in die vertrek gekom waar sy geslaap het en die vertrek met 'n wit gloed gevul. My ma was die grootste gedeelte van haar lewe siek en is oorlede toe sy net veertig was. Sy het nooit hierdie drome en visioene met my gedeel nie, maar my pa het my dikwels daarvan vertel, veral van die droom oor die wolke. Ek het nooit daaroor nagedink totdat ek my eie ervarings van drome en visioene gehad het.

My pa se interpretasie van die droom was dat indien ek 'n seun was, ek baie suksesvol sou wees. In daardie dae het baie Oosterse mans geglo dat net seuns suksesvol kon wees. Ek glo dat die droom 'n teken van die Here was. Soos jy hierdie boek lees sal jy agterkom dat wolke

'n belangrike deel in die voorbereidingswerk wat die Here in my lewe gedoen het en steeds doen, speel.

Ek het 'n groot behoefte om vir ander mense te bid sedert ek Jesus ontmoet het. Ek het 'n ware soldaat vir gebed geword. Bemiddelende gebed het vir my 'n manier van leef geword. Ek het vir 'n jaar gereeld 'n Bybelstudiegroep by 'n Koreaans-Amerikaanse kerk bygewoon voor my man, Roger, gered is.

Ek het nie voltydse kerkwerk gedoen of baie van God se Woord geweet nie, maar Hy het my in elk geval vir sy spesiale werk gekies. Volgens my Here Jesus wou Hy eers hê dat ek Hom leer ken en gehoorsaam en net op Hom fokus. Hy het my begin voorberei vir die bediening waarvoor Hy my geroep het deur my die hemel en al die ander visioene wat ek ervaar het, te wys. Nou leer ek meer van Hom deur gebed en die bestudering van sy Woord.

OPENBARING VAN DIE HEMEL

Die oorblywende hoofstukke van hierdie boek beskryf sommige van die merkwaardige reise waarop die Here my geneem het sedert ek my lewe aan Hom opgedra het. Hy het my gevra om hierdie ervarings in hierdie boek op te teken sodat ander mense dit sal lees en verstaan. Dit bly vir my 'n raaisel hoekom Hy my vir hierdie belangrike werk gekies het, maar ek verstaan dat Hy wil hê dat ek mense moet waarsku dat ons nie meer baie tyd het om sy werk te doen nie.

Die Vader in die hemel wil hê dat almal moet weet hoe lief Hy hulle het en dat Hy hulle wil seën, maar hulle moet Hom vertrou en sy Woord gehoorsaam. Hy het my gewys dat baie gelowiges eintlik funksionele ateïste is – hulle glo nie werklik dat daar 'n hemel is nie. Ek kan julle met alle sekerheid inlig dat daar regtig 'n hemel is. Verder weet ek dat ons God in staat is om, soos sy Woord sê, 'deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink' (Ef 3:20).

Die doel van hierdie boek is om aan God die eer te gee: '... aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus

Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen' (Ef 3:21).

Lees asseblief hierdie boek met 'n oop gemoed en hart en laat die Here met jou praat. Hy het 'n wonderlike plan en doel vir jou lewe. Hy het vir jou 'n tuiste in die hemel voorberei. Jy kan, net soos ek, die opwinding dat jy vir die Beloofde Land bestem is, ontdek.

HOOFSTUK 2

AL DIE KRAG IN DIE HEMEL EN OP AARDE

Jesus kom toe nader en sê vir hulle: 'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.'

– MATTEUS 28:18

Die jaar 1996, soos pastoor Larry Randolph voorspel het, het die mees wonderlike, opwindende en betekenisvolle jaar van my lewe geword. Alles het op Oujaarsaand in 1995 begin. Die salwing van die Here het die hele aand vir my aangehou. Sy teenwoordigheid was so warm dat ek skaars kon asemhaal.

Ek het vantevore die teenwoordigheid en krag van die Heilige Gees ervaar, maar hierdie aand was anders. Dit was 'n tyd van intense liefde en opwinding. Ek het gevoel dat iets wonderlik en misterieus met my gaan gebeur.

Dit wat ek ervaar het, het logika en rede uitgedaag, maar die teenwoordigheid van die Here was so werklik dat dit vir my gevoel het asof ek kon uitreik en sy hand aanraak. Dit was 'n geestelike realiteit, maar dit het enigiets wat ek in die natuurlike ryk ervaar het, oortref.

Daar was 'n afwagting in my hart. Op een of ander manier het ek besef dat ek net in die teenwoordigheid van die Here moes wag en dat Hy met my sou praat en vir my wonderlike dinge wys. Deur daardie lang, maar wonderlike nag het ek aan 'n vers van Jeremia gedink. Die

vers bevat 'n belofte van ons Vader: 'Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie' (Jer 33:3).

Terwyl ek gretig gewag het, kon ek die vuurwerke en ander harde geluide van pretmakers hoor. Soos 1995 in 1996 verander het, het ek aanhou wag tot dagbreek. Niks het gebeur nie, maar ek was vasberade om van God te hoor.

1 Januarie 1996 was 'n koue en nat dag, maar daar was 'n kosbare warmte in my hart wat nie deur die koue van die winter afgekoel kon word nie. Die Woord van God het tot my gespreek: 'Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!' (Ps 27:14)

Om vir iets te wag is een van die moeilikste dinge om te doen, maar tog is dit die sleutel tot baie bemagtiging in die geestelike lewe. Die Here wil hê dat ons in sy teenwoordigheid wag, want op hierdie manier ontwikkel ons die geduld wat ons benodig om te groei en te dien.

Ek het op Nuwejaarsdag uitgerus en gelukkig gevoel, al het ek glad nie die vorige aand geslaap nie. Van nege-uur tot elfuur daardie aand het die warmte van die Here se teenwoordigheid my gewaarsku om weer eens daardie nag vir Hom te wag. Ek het vir 'n rukkie geslaap, verfris wakker geword en gehunker om die Here met my te hoor praat.

Vir die eerste helfte van Januarie het ek snags amper nooit geslaap nie. Tog het ek steeds niks van die Here gehoor nie. Deur geloof het ek besef dat die Here my vir 'n persoonlike ontmoeting met Hom voorberei.

BEWEND IN DIE NAG

Op 19 Januarie het ek drie-uur die nag wakker geword. My liggaam het geruk. Dit het nog nooit vantevore in my slaap gebeur nie. Sedert Paassondag 1995 het my liggaam wel gedurende eredienste en in oomblikke van gebed geruk.

Die nag bied 'n spesiale geleentheid aan die Here om naby aan sy mense te kom omdat dit 'n stil tyd is en daar min afleidings is. Dit was beslis die geval met my.

Soms was die salwing van God so swaar op my dat ek gevoel het asof ek flou sou word. Ander tye het ek weer lighoofdig en swak gevoel. Ek het dikwels heeltemal verlam deur die teenwoordigheid van God op die bed gelê. Dit is te wonderlik om ten volle te beskryf, maar ek sal probeer om 'n prentjie te skets.

Die Bybel is vol voorbeelde van mense wat gebewe en geruk het in die teenwoordigheid van die Here. Soms was hierdie manifestasies vergesel van vrees, maar gewoonlik was dit om die persoon voor te berei; die Here is van plan om 'n groot werk deur 'n gekose spreekbuis te verrig. Laasgenoemde het gegeld vir die profeet Jeremia, wat die Here hoor pleit het: 'Het julle nie ontsag vir My nie, vra die Here, is julle nie bang vir My nie?' (Jer 5:22).

Die persoon wat as die 'huilende profeet' bekend staan, het God se pleidooi beantwoord: 'Teen die profete: My hart is stukkend geslaan, my hele liggaam bewe. Ek is soos 'n dronk mens, soos iemand wat deur drank oorweldig is. Ek het so geword deur die Here, deur sy heilige woorde' (Jer 23:9).

Die Woord van God wys vir ons dat bewe en ruk toepaslike fisiese reaksies op die teenwoordigheid van die Here is. Ander voorbeelde word in Daniël 10:7; Psalm 99:1, 114:7; Habakuk 3:16 en Matteus 28:4, sowel as in Handelinge 4:31, gevind: 'Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.'

'EK WIL MET JOU PRAAT'

Op die aand van 19 Januarie was die teenwoordigheid van die Here so intens in my slaapkamer dat ek geruk, gesweet en swak gevoel het. Hierdie gevoelens het vir meer as 'n uur aangehou. Toe het ek iets gehoor. Was dit die stem van my Here en Meester?

Ek het my kop in die rigting van die geluid gedraai en daar, gloeiend, was 'n figuur wat in 'n wit gewaad geklee was. Die gloed wat deur hierdie onbekende besoeker uitgestraal is, was so helder dat ek nie sy gesig kon sien nie. In die diepte van my hart het ek geweet dat ek met 'n spesiale besoek van die Here geseën is.

Ek het gewonder hoe dit met my kon gebeur. Ek het nog erger begin bewe en ek het trane van liefde en vreugde gestort. Dit was die Here – die Here van die hemel en aarde – en Hy het gekies om my op hierdie spesiale manier te besoek. Sy teenwoordigheid het my nederig laat voel. Ek kon nie ophou huil nie.

'My dogter, Choo Nam, Ek is jou Here en Ek wil met jou praat. Jy is al vir 'n geruime tyd my dogter.'

Die impak van sy stem, sy woorde en sy boodskap het my met bonatuurlike krag getref. My liggaam het nóg erger geskud en ek het gevoel hoe my gees in my binneste na bo styg. Die gawe om in tale te praat het begin vloei en dit is deur 'n duidelike interpretasie gevolg.

Ek het so na as moontlik aan die kant van die bed geskuif sodat ek nie my man kon wakker maak nie. Vir 'n oomblik het ek gewonder hoe dit moontlik is dat hy kon deurslaap in 'n kamer wat so helder verlig is en met die onophoudelike bewings wat kragtig genoeg was om die bed inmekaar te laat val. Maar dit was 'n spesiale oomblik wat ek van die Here ontvang het en Roger het rustig geslaap.

Die Here het weer eens in sy kalm en gerusstellende stem gepraat: 'Dogter, jy is so 'n gehoorsame kind en Ek wil vir jou spesiale gawes gee. Hierdie gawes gaan My grootliks dien. Ek wil hê dat jy bly moet wees oor hierdie gawes.'

Op daardie oomblik het ek besef dat God my gekies het om 'n belangrike werk te doen en dat dit my enigste doel moet word. Ek het geweet ek het niks behalwe my hart en my lewe om Hom te bied nie. Ek was gewillig om te doen wat Hy vra en te gaan waarheen Hy my stuur. Dit was 'n aand vol verbintenis, uitdagings en planne. My wonderlike Here was besig om sy wil aan my bekend te maak. Sedert daardie nag weet ek dat my liggaam begin ruk voordat die Here met

my praat. Ek het ook geweet dat sy woorde my lewe en oorwinning sal wees.

My liggaam het ophou bewe en ek het in 'n rustige, vreedsame slaap verval. Dit was die rustigste wat ek in jare geslaap het. Die volgende dag het ek gesalf en gelukkig gevoel omdat ek my Skepper van aangesig tot aangesig onmoet het. Ek het vir Roger gevra of hy gedurende die nag enigiets gevoel of gehoor het. Hy het sy kop geskud en gesê dat hy vas geslaap het.

God het my vir 'n spesifieke werk gekies. Dit was te wonderlik om daaroor te dink en tog was dit vreeslik opwindend. Ek het my Bybel by die Boek van Johannes oopgemaak en die roerende woorde gelees wat met pastoor Randolph se profesie ooreengestem het: 'Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra' (Joh 15:16).

Die Here het my gekies om vrugte te dra wat sal hou. Sy Woord, sy teenwoordigheid en sy salwing het sy roeping in my lewe bevestig. Ek het besluit om van daardie oomblik af die Here te gehoorsaam, maak nie saak wat die gevolge was nie. Toe val my oë op die voorafgaande verse: 'Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel. Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want 'n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het' (Joh 15:14–15).

God het sy *rhema*-woord aan my bevestig – deur pastoor Randolph – met behulp van sy logos, die Bybel. Die pastoor se woorde aan my het weer by my opgekom: 'God sal jou dinge van mense vertel wat jy nooit sal herhaal nie. Jy sal as voorspraak bid en jy sal 'n vriend van God wees. Dit is wat 'n ware profeet is: 'n vriend van God. Hy sal vir jou geheime van ander mense se lewens en oor dinge wat Hy op die aarde doen, vertel. Wees voorbereid vir 'n nuwe salwing van die profetiese gawe wat in 1996 oor jou sal kom.'

Nou het dit gebeur en ek kon skaars wag om te ontdek wat God volgende vir my sou sê.

'N VOORSPELLING WORD VERVUL

Op 20 Januarie het ek tussen drie-uur en vier-uur die oggend wakker geskrik. Die salwing van die Here se teenwoordigheid het my wakker gemaak en dit was weer eens vergesel van intense hitte. Ek was deur die slaap, maar die Here se stem het my wawyd wakker gemaak: 'Dogter, Ek gaan jou nog baie besoek voor die werk klaar is. Ek wil dus hê dat jy gedurende die dag rus. Ek het baie spesiale planne vir jou. Ek gaan jou op 'n groot manier gebruik, maar dit gaan 'n tydjie neem om jou daarvoor voor te berei. Jy moet neerskryf wat jy gedurende elkeen van My besoeke hoor.'

Die hele ervaring het my verstom en ek was verbaas om te dink dat Hy my herhaaldelik gaan besoek. Een besoek van die Here is sekerlik meer as wat die meeste mense ooit ervaar. Tog het Hy gesê dat Hy my persoonlik weer sal besoek sodat Hy my kan voorberei vir die werk wat ek vir Hom moet doen.

So skielik soos wat Hy in my slaapkamer verskyn het, het Hy verdwyn. Ek kon Hom nie meer sien of hoor nie. Die rukkings het bedaar. Sy gerusstellende woorde en sy wonderlike besoek het my vol vrede, gelukkig en nuuskierig laat voel.

Dit was asof ek 'n berg in my tuisland Korea geklim het, vanwaar ek kilometers ver kon sien en asof ek die ryk, skoon lug van die berg kon inasem. My gedagtes was gefokus, my hart was vol vreugde en ek het gesond en gelukkig gevoel. Ek was vasberade om die stem van die Here te gehoorsaam deur een tree op 'n slag te gee, want ek het geweet dat Hy my elke tree van die pad sal lei.

UUR VAN BEMAGTIGING

Dit het weer die volgende oggend gebeur. Tussen tweeuur en drieuur het ek skielik wakker geskrik. My liggaam het onbeheersd geruk en ek het erg gesweet. Die salwing van die Here se teenwoordigheid was oor my.

Die Here het gesê: 'Jy is my kosbare dogter. Ek sal altyd by jou wees, waar jy ook al is. Ek het jou lief net soos jy is.'

Ek het daar gelê en aan elke woord van Hom gehang. Ek was geweldig aangedaan deur ontsag en bewondering. Hy het verder gepraat: 'Ek sal jou die krag gee wat jy nodig het om My werk te doen. Ek gaan jou gees vrystel sodat jy volkome vry is om My te dien.'

'n Paar dae vantevore het ek 'n droom gehad waarin ek 'n berg geklim het. Ek kon aan die wolke raak toe ek by die kruin kom. Die Here het my aan die droom herinner en die geestelike belang daarvan verduidelik.

'Jy sal daardie hoogte bereik soos jy my Naam verkondig,' het Hy gesê.

Vir die eerste keer gedurende een van sy persoonlike besoeke het ek 'n vraag gevra.

'Here,' het ek gesê, 'wat wil U hê moet ek doen? Ek weet nie regtig enigiets oor die bediening nie.'

'Ek sal jou lei en vir jou wys wat jy moet doen.'

'Wat van my man?' het ek gevra.

'Moenie oor hom bekommerd wees nie. Ek sal hom seën en ook aan hom hulp verleen.'

Weer eens was sy woorde wonderlik gerusstellend, bevrydend en bemagtigend. Ek kon voel hoe sy woorde krag in my gees loslaat. Ek het opgehou skud toe die Here opgehou praat het.

AAN DIE BRAND VIR GOD

Hierdie wonderlike ervarings het my met vreugde vervul. My hart het oorgeloop van vreugde en my gedagtes was vol kinderlike nuuskierigheid. Waar ek eens onseker gevoel het, het ek nou heeltemal vry gevoel. Ek het besef dat my nuwe toekoms heeltemal anders sal wees, want al my hoop en drome was op die Here gevestig. Ek het regtig geleef en dit was 'n opwindendal my verwagtinge is oortref.

Op 25 Januarie het die Here van drieuur tot vieruur die oggend met my gepraat. Hierdie keer het ek wakker geword voordat hy gearriveer het. Terwyl ek op my bed gelê het, het ek nog 'n ontmoeting met my Here en Redder afgewag. Die bekende rukkings het presies drieuur

begin. Teen daardie tyd het ek al geleer dat dit beteken dat my Redder binnekort by my sal aansluit. Ek het geleer om sy teenwoordigheid aan te voel. Toe ek in die rigting draai waar Hy gewoonlik staan, het ek Hom gesien.

Sy gloed, sy sterk stem en sy liefdevolle teenwoordigheid neem my altyd na 'n ander wêreld. Ek is seker dit is die ryk van die ewigheid, waar tyd en ruimte van min belang is en fisiese en materiële dinge nie belangrik is nie. Dit is 'n ryk van die gees – so helder en vreedsaam – 'n plek waar die lewe 'n nuwe betekenis en doel aanneem. Dit is 'n bietjie van die hemel op aarde.

Die rukkings het vir twintig minute aangehou. Ek het begin om dit as 'n geestelike oortapping te beskou. Die krag van die Heilige Gees het deur elke senuwee, spier en orgaan in my liggaam beweeg. Dit het my met die krag van God aan die brand gesteek.

Dit moet soortgelyk wees aan wat die dissipels met Pinkster ervaar het toe die Here hulle met die Heilige Gees en vuur gedoop het. 'Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het' (Hand 2:2).

Daardie nag het Jesus op sy unieke manier met my gepraat: 'Ek is jou Here, my dogter. Ek wil hê dat jy na alles moet luister wat Ek sê en dit onthou. Wanneer jy dit neerskryf, moet jy my presiese woorde gebruik. Jy is deur die slaap, maar moenie enige van die woorde wat Ek gebruik, uitlaat nie. Ek gaan jou nog baie in die toekoms besoek, want daar is belangrike werk wat jy vir My moet doen. Jy is die kind wat Ek gaan gebruik om hierdie werk vir My te doen; so wees voorbereid.'

GEBEDE WORD VERHOOR

'n Paar dae later, op 28 Januarie, het ek weer eens rukkend wakker geskrik. Dit was tussen tweeuur en drieuur in die oggend. Ek het so oorweldig deur die Here se teenwoordigheid gevoel dat ek swak geword het. My liggaam was so warm dat ek gesweet het. Dit het gevoel asof ek droom, maar ek het vinnig besef dat dit nie 'n droom was nie.

'Ek is jou Here, my dogter,' het Jesus gesê. Ek het in die rigting van die venster gekyk waar sy stem vandaan gekom het, en ek het sy gloeiende figuur daar sien staan.

'Ek weet jy wil My graag dien, maar dat jy tot dusver nie geweet het hoe nie. Ek weet dat jy nie verleë wil wees wanneer jy voor My staan nie. Ek ken al jou gedagtes en Ek hou van jou gedagtes.'

Hierdie boodskap van my Redder het my hart bly gemaak. Ek het nou geweet waaroor ek voorheen net gewonder het – dat Jesus ons gebede hoor en beantwoord. Ek het gebid dat God my sou help om Hom te dien sodat ek nie verleë sal wees wanneer ek voor Hom staan nie. Ek het baie keer vir die Here vertel dat ek Hom graag wil dien, maar dat ek nie weet hoe nie.

Ek lees altyd die Bybel in Engels en Koreaans, sodat ek die Woord van God goed verstaan en dit met ander mense kan deel. Om die Here te dien was my grootste behoefte nadat ek geleer het wat Hy vir my gedoen het.

'Dogter, jou gebede is verhoor en jy gaan My dien. Daar is baie werk wat jy vir My moet doen. Dit wat jy vir My gaan doen, sal jou baie gelukkig maak. Jy is my getroue dogter en daarom gee Ek jou hierdie belangrike werk.'

Die rukking het opgehou en die Here het my kamer verlaat. My gedagtes was by sy Woord: 'En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra' (1 Joh 5:14–15).

Ek verstaan nou die waarheid van sy wonderlike belofte oor gebede. Dit is 'n onfeilbare veronderstelling van God se Woord dat Hy ons hoor wanneer ons volgens sy wil bid, en sy wil word in die Bybel bekend gemaak.

Dit is sy wil dat ons in sy Naam blywende vrugte dra. Dit is sy wil dat ons sy Woord aan ander verkondig. Dit is sy wil dat ons glo wanneer ons bid. Dit is sy wil dat ons tyd in sy teenwoordigheid moet spandeer en op Hom wag.

Daarom weet ek dat Hy my hoor wanneer ek volgens sy wil bid.

God se besoeke het my 'n toenemende selfvertroue gegee. Hierdie selfvertroue is die gevolg van die tyd wat met Hom spandeer is. Hy was daar; Hy is altyd daar. Ek weet dat Hy my nooit sal verlaat of versaak nie. Hy is my vriend, my ewige metgesel, my Here en Meester. Hy is my liefdevolle Redder. Ek weet nou, bo alle twyfel, dat God my liefhet en my gebede hoor en beantwoord. Hy ken my gedagtes en gevoelens en Hy gee om.

BAIE KERKE OM TE BESOEK

Die volgende dag, 29 Januarie, het my van 'n idee van God se planne en doel vir die bediening waarvoor Hy my voorberei, voorsien. Hy het vroeg in die oggend, net voor dagbreek, na my gekom en gesê: 'Dogter, ek wil hê jy moet na iets kyk.'

In die gees het Hy my na 'n onbekende kerk geneem. Die kerk was groot en vol donkerkleurige mans. Daar was geen vroue in die spesifieke byeenkoms teenwoordig nie. Jesus het verduidelik: 'Jy gaan baie kerke besoek wanneer jy my werk doen.'

Nog nooit tevore het ek iets soortgelyk ervaar nie. Dit was asof ek met die Here na 'n ander tyd en plek kon vlieg. Dit was 'n ongelooflike sensasie. Hy het my meer vertel.

'My dogter, Ek het baie verrassings vir jou, so verwag om hulle almal te ontvang. Ek sal oral saam met jou wees. Jy sal nooit oor enigiets bekommerd hoef te wees solank jy op hierdie aarde is nie. Ek wil hê jy moet elke dag van jou lewe gelukkig wees,' het Hy gesê.

Daarna het Hy verdwyn. Na hierdie besoek het ek geweet dat elke nuwe besoek my van nog leidrade oor my toekoms sal voorsien. Ek was verheug toe die Here vir my sê dat ek my nooit weer oor enigiets hoef te bekommer nie, want ek is sedert my kinderdae geneig om bekommerd en onseker te wees. Hy het my binneste genees terwyl Hy my vir sy bediening voorberei het.

Die soetheid van sy teenwoordigheid kan slegs as totale vrede be-

skryf word. Dit het dit vir my moontlik gemaak om in die waarheid van sy Woord te wandel: 'Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie' (Joh 14:27).

HOOFSTUK 3

ALLES IS MOONTLIK

Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: 'Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.'

– MATTEUS 19:26

Op die eerste dag van Februarie het die Here my besoek toe ek gaan slaap het, ongeveer elfuur die aand. As gevolg van die bewing van my liggaam wat altyd die Here se besoeke vergesel, het Roger nou in die gastekamer geslaap. Dit was goed dat hy nie in my kamer was nie, want op hierdie spesifieke aand was die rukking erger as ooit tevore en dit was vergesel van ander manifestasies van die Here se teenwoordigheid. Die Here het dadelik met my gepraat: 'My kosbare dogter, Ek moet jou my teenwoordigheid wys en met jou praat voor hierdie werk begin.' Sy teenwoordigheid was nog altyd ongelooflik helder, maar hierdie keer was Hy in wit geklee en Hy het soos die son geskyn. Ek het hierdie keer gereageer deur in tale te praat en in die gees te sing. Terwyl ek gesing het, het my hande opgelig en met die ritme van die sang beweeg. Dit was asof ek gedans het, maar ek het in die bed gelê. Ek het beheer oor die beweging van my hande verloor en gekyk hoe hulle vorentoe en agtertoe beweeg asof hulle deur 'n stil wind beweeg word. Dit was die wind van God se Gees wat my hande beweeg het. Ek was oorkom met vreugde toe ek dit besef, en het begin

lag. Hoewel ek nie die Here se gesig kon sien nie, kon ek Hom hoor lag. Hierdie verskynsel staan in sommige kringe as 'heilige lag' bekend. Ek kan sonder enige twyfel sê dat dit 'n manifestasie van die Here se teenwoordigheid is.

Die Bybel sê:

> Juig tot eer van die Here, almal op aarde! Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel! Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde. Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofgesange, dank Hom, prys sy Naam, want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag.
>
> –PSALM 100:1–5

Ons moet nie verbaas wees wanneer ons gelukkig is of lag gedurende tye van aanbidding en verering in die teenwoordigheid van die Here nie. Dit is heeltemal Bybels en ons gaan in die ewigheid in sy teenwoordigheid sing, aanbid, lag, feesvier en sy welgevalle ervaar. Om die waarheid te sê, dit is wat Hy vir ons wil hê omdat ons sy kinders is. Isak, die naam van Abraham se wonderwerkkind, beteken letterlik 'hy lag.' God wil hê dat ons sy teenwoordigheid deur die gawe van lag geniet.

Hoewel baie van die psalms hartseer liedere is, is daar sommige wat die geluk weerspieël wat die erfenis van God se volk is. Ons lees byvoorbeeld in Psalm 126:1–3: 'Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir ons soos 'n droom. Ons het gelag en gesing. Onder die nasies het hulle gesê: "Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen." Die Here hét groot dinge aan ons gedoen; ons was bly.'

Wanneer mense vrae vra oor die rukkings, danse in die Gees en heilige lag, verwys ek hulle na hierdie gedeeltes. Salomon, die skrywer van Prediker, sê vir ons daar is "n tyd om te huil, 'n tyd om te lag' (Pred 3:4).

Dit is 'n skande dat so baie mense glo dat Christenskap styf en

formeel moet wees, wanneer dit duidelik is dat die Here wil hê ons moet vreugde ervaar. In Spreuke 17:22 staan daar "'n Vrolike mens is 'n gesonde mens, 'n neerslagtige mens raak uitgeput.' Ek ken nou die ware betekenis van hierdie helende woorde.

Ek was regtig aangemoedig deur die gelag van die Here toe Hy my daardie nag besoek het. Hy het so tevrede met my gelyk. My stem het 'n ander kwaliteit aangeneem terwyl ek in die gees gesing het. Ek het geweet dit was my stem, maar dit het so anders, so mooi, helder en resonant geklink.

Omstreeks middernag het die Here gesê: 'Ek is lief vir jou, my dogter, en Ek sal jou weer besoek.' Na Hy weg is, het ek ligter en vryer gevoel as wat ek nog ooit gevoel het. Ek was opgewonde oor die vooruitsig dat Hy my binnekort weer vir sou besoek.

VERWAG BAIE VERRASSINGS

Die volgende dag, 2 Februarie, het met 'n baie spesiale besoek van die Here begin. Hy het begin om spesiale goed met my te deel, soos Hy belowe het. Hy het gesê: 'Ek laat al die krag los wat jy nodig sal hê om my werk te doen.' Ek het, soos die vorige aand, gebewe en in die Gees gesing.

Die Here het voortgegaan met sy persoonlike boodskap vir my: 'Dogter, die manier waarop ek jou gaan gebruik, sal baie anders wees. Baie van my kinders sal verras wees. Ek het gawes vir al my kinders, maar Ek gee aan almal verskillende gawes. Ek wil hê dat jy tevrede moet wees met die gawe wat Ek aan jou gaan gee.'

Dit was 'n opwindende belofte. Die Here het my verseker dat Hy my vir 'n spesiale bediening voorberei. Ek wil Hom tevrede stel.

Hy het die volgende dag van 02:20 tot 04:18 na my kamer teruggekeer om my meer oor die krag van gebed te vertel. Hy het voor my gestaan in 'n gloeiende wit gewaad.

'My dogter, moenie bang wees om vir ander mense te bid nie, want jy het die gawe van genesing en al die ander geestelike gawes gekry,'

het Hy gesê. 'Ek weet dat jy altyd vir ander mense wil bid en hulle gelukkig maak. Daarom het Ek jou hierdie spesiale gawes gegee.'

Ek kon sy woorde eers nie duidelik hoor nie. Ek het baie onwaardig gevoel om so baie van my Here en Meester te ontvang.

Hy het voortgegaan: 'Jy het 'n spesiale hart en daarom het Ek jou gebede beantwoord. Ek kan sien dat jou hart rein is en dat jy 'n gehoorsame dogter is. Ek vertrou jou. Daarom het Ek jou gekies om hierdie belangrike werk te doen. Jou geloof en wilskrag maak My baie gelukkig. Jou hart is sterk en onafhanklik en ek is baie tevrede.'

Dit is vir my as 'n Christen baie belangrik om die Here te gehoorsaam. My hoofdoel was nog altyd om Hom tevrede te stel. Dit was so wonderlik om Hom te hoor sê dat Hy gelukkig met my is en dat Hy my hart rein gemaak het en my gehoorsaamheid raaksien. Sy boodskap daardie aand het my selfs nog meer vasberade gemaak om Hom te volg.

'Daarom het jou geloof so sterk geword en het jy alle wêreldse dinge vir My opgegee,' het Jesus voortgegaan. 'Indien jy nie jy was nie, sou Ek jou nie vir My werk kon gebruik nie. Wat Ek met jou gaan doen, sal jou verras. Ek is jou Here. Onthou dat niks op aarde of in die hemel vir My onmoontlik is nie. Ek sal jou my krag gee sodat jy dit kan gebruik.'

Die Here het my herhaaldelik as 'my dogter' aangespreek en dit het veroorsaak dat ek trane van liefde gestort het. Hy was so anders as my aardse vader. Die Here was sag, vol respek, aanmoedigend en sensitief. Ek weet dat Hy my behoeftes geken het selfs voordat ek Hom daarvan vertel het. Ek het geweet dat Hy my veilige plek – my 'rots en my skuilplek' – was. In vergelyking met Hom was enige ander 'skuilplek' slegs dryfsand.

Daarna het Hy die rukking van my liggaam verduidelik. 'Jou liggaam skud vir 'n lang tyd omdat jy krag nodig het vir hierdie werk. Jy moet baie verrassings verwag.'

'Nog verrassings?' het ek met vreugde gedink. Ek het gevoel asof ek alreeds genoeg ervaar het om my lewenslank te hou. Sy besoeke, my tye van gebed en bestudering van sy Woord, en die kosbare oomblikke

van aanbidding by my kerk het 'n groot revolusionêre effek in my lewe gehad.

My vertroue in die Here het teen 'n vinnige tempo toegeneem. Ek weet, bo enige twyfel, dat Hy 'magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink' (Ef 3:20).

GEEN VREES NIE!

Gedurende die nag van 12 Februarie het my liggaam erger geskud as ooit tevore. Ek is amper van die bed afgegooi, so kragtig was dit. Ek het probeer om die lakens te gryp om myself tot bedaring te bring, maar ek kon dit nie regkry nie. Ek het geen beheer oor my liggaam gehad nie. Die rukkings was ongelooflik kragtig en ek het bang geword.

My gedagtes het met my op loop gegaan. Is dit alles 'n misleiding van Satan? Wat is besig om met my te gebeur? Is ek besig om mal te word? Ek het iets onthou wat iemand eenkeer met my gedeel het: 'Voordat jy 'n seëning ontvang, probeer Satan dit vernietig.' Ek het gewonder of hierdie hewige rukkings die werk van Satan of die Here was. Ek het gedink dat dit Satan is en dat hy my probeer seermaak. Ek het die vyand berispe en die Here het toe tussenbeide getree: 'Dogter, moenie bang wees nie; Ek is jou Here.'

Dit was vir my genoeg. Sy soet stem het my angs in lag verander. Ek het die eggo van sy gelag naby die venster gehoor. In 'n aangename en vreedsame stem het Hy gesê: 'Niemand sal jou ooit leed aandoen nie, want Ek is altyd by jou en sal jou teen die bose dinge van die wêreld beskerm. Jy is my kosbare dogter.'

'n Skrifgedeelte uit die Bybel het by my opgekom en dit het die Here se woorde aangevul. 'Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het' (1 Joh 4:18–19).

Die Here se liefde in my lewe was meer werklik as ooit tevore. Ek het geweet dat Hy my liefhet. In die lig van sulke ongelooflike liefde

hoef ek nie bang te wees nie. Daardie aand se ervaring het my geleer dat ek Satan, die bose of myself nooit weer hoef te vrees nie, want die Here het belowe dat Hy altyd met my sal wees. Sy Woord het die belofte bevestig: 'Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie' (Heb 13:5).

Die Here het my ekstra versekering van sy wil en sy liefde gegee toe Hy die volgende gesê het: 'Ek gee vir jou al die gawes wat jy nodig sal hê om die bediening wat Ek vir jou gee, te begin. Hou rekord van die dae en tye wat Ek jou besoek. Jou man, Roger, sal ook gawes vir die bediening ontvang. Jy hoef nooit oor iets bekommerd te wees nie, want Ek belowe dat Ek vir jou sal sorg terwyl jy op aarde is'.

Diep in my hart het ek geweet dat ek nooit weer bekommerd hoef te wees nie. Hy sou vir alles sorg, nie net in die lewe nie, maar ook in die hiernamaals. Sy belofte het my aan Psalm 23 laat dink en ek het spesifiek op die laaste vers van die inspirerende psalm gefokus: 'U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae' (Ps 23:6).

Hierdie vreedsame gedagtes het my slaperig gemaak en die Here het gesê: 'Ek weet jy is moeg. Gaan slaap.' Die Here seën sy geliefdes inderdaad met slaap.

'N NUWE LIGGAAM

Van elfuur tot agt minute oor een op 19 en 20 Februarie het die Here my saam met Hom laat stap. Weer eens het die bekende harde bewing van my liggaam en die intense hitte van sy salwing my op sy naderende aankoms bedag gemaak. Sy teenwoordigheid was sterker as ooit tevore en Hy het gesê: 'Ek is jou Here, my kosbare dogter, en Ek gaan nou al die werk wat Ek vir jou voorberei het om te doen, vrylaat.' Ek kon Hom sien waar Hy by die venster gestaan het. Sy glorieryke vorm was duideliker as ooit tevore.

'Dogter, Ek moet vir jou 'n paar dinge wys,' het Hy gesê en sy hand

in my rigting uitgesteek. Die volgende oomblik het ek 'n vreemde sensasie ervaar. Dit het gevoel asof my liggaam van die bed gelig word. Ek het nie geweet wat aan die gebeur was nie en ek het begin skree en my arms wild rondgeswaai. Dit het gevoel asof die binnekant van my liggaam van die res van my liggaam losgeskeur word. Dit was 'n ervaring wat werklik nie beskryf kan word nie. Ek het aan my liggaam geraak om agter te kom of dit nog dieselfde is. Ek het gewonder of ek besig is om dood te gaan.

My verstand was helder en in my gees het ek gekreun. Toe het ek besef dat ek met die Here was en 'n wit kleed soos syne aangehad het. My liggaam was nuut. Ek was weer soos 'n jong meisie. Selfs my hare was lank en reguit.

Ek het besef dat ek saam met die Here langs 'n verlate strand gestap het. Dalk kan jy jou voorstel hoe verras ek was. Hy het my weggeneem van my bed, huis en liggaam en vir my 'n nuwe liggaam gegee wat my in staat gestel het om saam met Hom te stap en te vlieg. Die Here van die hemel en aarde het die wette van gravitasie, die lewe, tyd en ruimte opgeskort om my dinge te wys wat ek nooit sal vergeet nie.

Die Bybel sê: '... vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie. Die verganklike kan nie aan die onverganklike deel kry nie' (1 Kor 15:50).

Soos ek regtig van my nuwe liggaam kennis geneem het, het ek gevoel dat dit soos ek lyk, maar tog was dit nie ek nie. Ek het al tevore van buite-liggaamlike ervarings gehoor, maar in hierdie geval is ek uit my liggaam geneem en in 'n ander liggaam geplaas wat nie myne was nie, maar wat tog ek was.

Dit het gelyk soos ek gelyk het toe ek 'n jong tiener was. Ek het dieselfde hare gehad wat ek as 'n jong tiener gehad het. Ek kon nie my gesig duidelik sien nie, maar ek was seker dit was die gesig van die verwarde meisie wat sonder God en sonder hoop was. Hierdie keer het die jong meisie wel vir God geken en was sy vol hoop. Dit was fassinerend. Ek het gewonder wat dit beteken.

'N BLINK TONNEL EN STEENMURE

Waarheen het die Here my geneem? Hoekom het Hy my saam geneem? Ek kon nie wag om sy antwoorde op hierdie vrae te hoor nie, want ek het geweet die antwoorde was bedoel vir my sowel as die mense na wie Hy my sou lei.

Eerstens het ons na die regterkant van 'n heuwel wat vol plante was, gegaan. Ek kon 'n smal, kronkelende paadjie sien wat na die kruin lei. Daarna het ons langs 'n smal rivier met die suiwerste water geloop. Ons het die rivier tot by die ingang van 'n blink tonnel, wat eindeloos gelyk het, gevolg. Dit was hoog en wyd en in vergelyking daarmee was ek en die Here klein. Ons het deur die misterieuse tonnel geloop en toe ons aan die ander kant uitkom, het ons weer na die strand afgestap.

'Ons gaan na 'n baie hoë plek,' het die Here gesê.

Die oomblik wat Hy die woorde gesê het, het Hy my hand geneem. My liggaam het van die oppervlak van die strand opgelig. My fisiese liggaam en die bed het erg gebewe toe dit gebeur. My hande en arms het in alle rigtings beweeg, asof ek desperaat geswem het in 'n poging om nie te verdrink nie. Die gekreun wat uit my gees gekom het, het harder en sterker geword.

Ons het letterlik deur die lug gevlieg. Ons het op 'n plek afgekom wat vol bome en gras was en ons voete het op 'n smal, kronkelende paadjie geland.

Ek en die Here het met die paadjie wat van die heuwel se kruin afkom, geloop. Uiteindelik het ons 'n groot wit hek wat voor 'n groot wit gebou gestaan het, bereik. Ons het deur die hek geloop en na die gebou gegaan.

Ons het ingegaan en met 'n lang gang, wat na 'n groot kamer gelei het, geloop. Ons het die vertrek binnegegaan. Ek het afgekyk en vir die eerste keer besef dat ek 'n ander kleed aangehad het as die een wat ek op die strand gedra het. Ek kon ook voel dat daar iets swaar op my kop was. Ek het daaraan geraak en ontdek dat daar 'n pragtige kroon op my kop was sonder dat ek dit agtergekom het.

Ek het direk na die Here gekyk. Hy het op 'n troon gesit en 'n gloeiende mantel gedra en Hy het 'n goue kroon opgehad. Daar was ander mense ook. Hulle het op die vloer voor die Here gekniel.

Die mure van die vertrek het uit groot blink stene bestaan en hulle het gegloei. Die veelkleurige stene het die kamer warm en gelukkig, sowel as misterieus, laat lyk.

WAARHEEN SLEGS DIE MENSE MET REIN HARTE KAN GAAN

Skielik, net so vinnig soos ek na die berg en die wit gebou vervoer is, het ek myself weer op die strand bevind. Ek het agtergekom dat ek die heeltyd deurmekaar gelag, geskree, gehuil, geruk, my arms rondgeswaai en gesweet het. Die vreugde was so intens dat dit gevoel het asof ek daaraan kon raak. Ek het geweet dat ek na 'n ander wêreld vervoer is, maar was dit werklik? Hoekom het dit gebeur? Wat het dit alles beteken? Die Here het my vrae duidelik en nadruklik beantwoord: 'My dogter, ons het die koninkryk besoek.'

Hy het dadelik die vraag wat in my hart opgekom het, herken: 'Hoe het ons daar gekom?'

'Die enigstes wat daarheen kan gaan is dié wat gehoorsaam en rein van hart is.'

Die Meester het vir 'n oomblik stil gebly en toe voortgegaan: 'Vertel my kinders om die evangelie te verkondig. Ek sal binnekort vir dié wat wag en vir My gereed is, kom.'

Nou het ek geweet wat my primêre missie was. Ek het die hemel se koninkryk gesien en dit was werklik. Ek sal nooit al die wonderlike dinge wat ek gesien het, vergeet nie.

Die Here het bygevoeg: 'Die wat nie hulle tiendes gee nie, is ongehoorsame kinders.'

'Moet ek dit aan iemand vertel, Here?'

'Ek wil hê jy moet dit aan almal vertel.'

Hy het toe beklemtoon wat Hy vele kere vir my beveel het om te

doen: 'Skryf alles neer wat Ek jou wys en vertel.'

'Vertel my meer, Here.'

''n Ander keer, my dogter. Ek weet jy is moeg. Gaan slaap.'

Toe Hy weg is, was my getransformeerde liggaam ook weg. Ek het na die bedkassie oorgeleun en my pen en papier gekry en alles wat ek op my opwindende reis na God se koninkryk ervaar het, neergeskryf. Ek het so nederig gevoel. Daar was geen woorde om die gevoel te beskryf nie. Dit het vir my gevoel asof ek nie meer op hierdie aarde hoort nie.

Van toe af kon ek net aan die Here en die hemel dink. Ek hunker daarna om na die koninkryk terug te keer. Die Here moes my hunkering gehoor het, want Hy het my daarna nog baie kere hemel toe geneem.

HOOFSTUK 4

GOUER AS WAT JY DINK

Hy wat dit alles getuig, sê: 'Ja, Ek kom gou!' Amen! Kom, Here Jesus!

– OPENBARING 22:20

'My dogter, Choo Nam, Ek is jou Here.' Dit was die bekende stem van my Meester wat so oortuigend en medelydend gepraat het gedurende die vroeë oggendure van 24 Februarie.

Die rukking in my liggaam het my reeds rondom middernag wakker gemaak. Hierdie keer het ek na die horlosie gekyk om te sien hoe lank die bewing sou aanhou. Na ongeveer twintig minute het die gekreun van diep binne my gees begin. Ek het aangehou ruk en die hitte van die Here se salwing het my laat sweet. Na hierdie tyd van voorbereiding het die Here met my gepraat.

Ek het ietwat aan die Here se teenwoordigheid gewoond geraak. Ek het gewoonlik sy besoeke vreeslik geniet. Op hierdie geleentheid was die beeld van die Here se teenwoordigheid baie duidelik. Sy figuur was in 'n sagte, warm gloed van suiwer witheid omhul. Hy het uitgereik na my hand en ek het nog erger begin skud en my arms het in alle rigtings beweeg.

My gees het my liggaam verlaat, net soos die vorige week, en ek kon myself as 'n jong meisie met lang, reguit hare sien. Weer eens het ek

saam met die Here op die strand gestap. Ons het gestap en gestap en gestap. Dit was stil. Dit het voorgekom asof Jesus besig was om te dink en vir 'n lang tyd het Hy nie 'n woord gepraat nie.

Uiteindelik het Hy herhaaldelik gesê: 'Ons het baie werk om te doen.'

'ONS GAAN HEMEL TOE'

'Ons gaan hemel toe,' het Hy gesê en my na die groot tonnel toe geneem. Weer eens, in teenstelling met ander tonnels, was dit helder en blink. Ek het besef dat dit dieselfde tonnel was waardeur Hy my die vorige keer geneem het. Ek dink dit is die tonnel wat mense wat ervarings met die dood het, dikwels as die deurloop van hierdie lewe na die volgende, beskryf.

In die meeste buite-liggaamlike ervarings beskryf mense dat hulle in 'n lang, donker tonnel teen 'n vinnige spoed geslinger word. Aan die einde van die tonnel kan hulle die glorieryke helderheid van die hemel sien. Ek het gedink dat hierdie tonnel die ingang na die onbeskryflik wonderlike koninkryk van die hemel moet wees. My Here en Redder het my weer daarheen geneem.

Ons het langs die pragtige, kristalhelder rivier geloop en toe teruggekeer strand toe. Jesus het toe gesê: 'Ons gaan hemel toe'. My hart het amper uit my keel gespring van opgewondenheid oor die wete dat ek weer hemel toe gaan. Jesus gaan vir my 'n persoonlike toer gee sodat ek daaroor kan skryf en vir ander daarvan kan vertel. Dit was so opwindend om vir so 'n eer gekies te word en ek kon skaars my opgewondenheid beteuel.

Nadat Jesus ons bestemming aangekondig het, het ek begin vlieg. Ek het al voorheen in vliegtuie gevlieg en dit was altyd opwindend, maar hierdie keer het my liggaam soos 'n voël vlug gevat. Ek het die volgende vers uit Jesaja onthou: 'Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie' (Jes 40:31). Ek het nog altyd die vers uit 'n geestelike oogpunt geïnterpreteer, maar nou het

dit werklikheid geword. Ek het soos 'n arend gevlieg en gesweef. Ek was nie bang nie, want ek het geweet Jesus is saam met my.

Die ervaring van vlieg het egter nie lank aangehou nie. Dit het soos 'n sekonde gevoel. Ons het op 'n smal, kronkelende pad, wat met hoë bome en welige groen gras begrens was, geland. Ek kon 'n groot hek in 'n wit heining sien. Ek kon sien dat die pad aan die ander kant van die heining, heeltemal wit was. Aan albei kante van die laning was daar pragtige blomme en bloeisels van verskillende kleure.

Ek het nog nooit iets só mooi gesien nie, en daar het weer 'n Bybelvers by my opgekom:

> En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges? Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.
>
> –MATTEUS 6:28–33

Ek het toe begin verstaan hoekom God my toegelaat het om sy koninkryk te besoek. Ek het op daardie oomblik besef dat mense op aarde nooit weer bekommerd sou wees as hulle kon sien wat ek gesien het nie. Ek het geweet dat ek vir almal oor my ervaring moes vertel, sodat hulle ook nooit weer bekommerd hoef te wees nie.

God sorg vir alles in ons lewens. Sy liefde vir sy kinders is sonder ophou. Sy Woord is waar. Die brandende begeerte in my hart is nou om mense te help om die waarheid te verstaan, te sien en te glo. My ervaring het my geleer dat 'God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is' (Rom 8:28).

DIE HEMEL IS BETER

Die verskeidenheid blomme was meer skouspelagtig as enige tuin wat ek al ooit gesien het. Ek was bly dat daar blomme in die hemel is. Hulle het die mooiste bloeisels gehad wat ek nog ooit gesien het en hulle het al hoe helderder en kleurvoller geword soos ons die ingang na die groot, wit paleis genader het.

Jesus het saam met my die trappe na die dubbeldeure opgestap. Ek het opgelet dat die ingang met goud omraam is en dat daar pragtige gebrandskilderde glaspanele aan albei kante was. Ons het deur die deure geloop. Die vloer was van wit marmer. Die blink steenmure van die gang het my daaraan herinner dat ons in die nabyheid van die troonkamer van God was. Met elke tree wat ek gegee het, het my hart vinniger geklop. Ons het die kamer binnegegaan en dit was selfs meer asemrowend as voorheen. Die Here se glinsterende, goue troon het op 'n verhewe, ovaalvormige platvorm gestaan. Strale glorie het van die middel van die vertrek, waar sy platvorm was, gestroom.

'n Engel het my na 'n kamertjie aan die kant gelei en ek was verbaas om 'n kleedkamer daar te sien. 'n Vollengte spieël het die hele linkerkantste muur bedek. Daar het fluweel stoele voor die spieël gestaan.

'n Pragtige wese het voor my gestaan en ek het onmiddellik besef dat ek saam met 'n engel was. Die wese het 'n groot inloopkas oopgemaak. Daar was baie kledingstukke, mantels en krone binne. Die engel het een van die mantels uitgekies en 'n kroon op my kop gesit. Elke kleed het ryk geborduurde kleure gehad. Ek het gedink die gewaad is die mooiste en duurste klere wat ek nog ooit gesien het.

Nadat ek aangetrek het, het die engel my terug na die hoofvertrek vergesel. Die Here het vir my gewag. Ek het opgelet dat Hy 'n mantel en kroon soos myne gedra het.

Hy het my na 'n gebou geneem wat soos die prentjies van Middeleeuse Europese kastele gelyk het. Daar was aan albei kante van die kasteel 'n klipmuur en pragtige blomme. Ek het gevoel asof ek in 'n wonderland van skoonheid, vrede en geluk is. Ek wou nie terugkom aarde toe nie.

Die Bybel sê dat ons almal die Here voor sy troon sal aanbid: 'U het al die nasies gemaak; hulle sal voor U kom buig, Here, en aan u Naam die eer gee, want U is groot en doen magtige dade, U alleen is God' (Ps 86:9–10). Op 'n ander plek sê die psalmdigter: 'Die Here het sy troon in die hemel gevestig, sy heerskappy strek oor alles en almal. Loof die Here, magtige engele, wat sy opdragte uitvoer, sy bevele gehoorsaam' (Ps 103:19–20). Die profeet Jesaja sê 'Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete' (Jes 66:1). Die hemel is 'n glorieryke plek en dit sal 'n vreugde wees om God tot in ewigheid daar te aanbid.

Ek het eens 'n liedjie oor die hemel gehoor, wat beweer het: *'Heaven is better than this / Praise God / What joy and bliss / Walking down the streets of solid gold / You'll enter a land where you'll never grow old'* (bron onbekend). Ek weet nou dat die liedjie waar is. Die hemel is baie beter as die aarde. Daar is werklik geen vergelyking tussen die hemel en die aarde nie.

Ons het die kasteel binnegegaan. Die ingangsportaal was met 'n kleurvolle mat bedek. Die elegante meubels het die kleur en styl van die mat gekomplementeer. Die mure het geskitter en was blink. Dit het my amper verblind. Aan die einde van die portaal was daar 'n skuifdeur. Ek het gewonder wat aan die ander kant van die deur geskuil het.

DIE SPESIALE DAMMETJIE

Die glas skuifdeur het nie na 'n ander vertrek gelei nie. Dit was 'n ingang na die kasteel se tuin. In die middel van die glorieryke plek was daar 'n dammetjie. Die hele 'agtertuin' was met 'n klipmuur omhein. Daar was blomme van elke tipe en kleur net waar ek gekyk het.

Daar was 'n verskeidenheid vrugtebome naby die klipmuur. Die bome het die grootste, sappigste vrugte gedra wat ek nog ooit gesien het. Hulle was omring met 'n oorvloed pragtige blomme. Daar was groot, grys klippe in die tuin. Dit het gelyk asof hulle strategies geplaas is vir mense om op te sit en te rus.

Die dammetjie het my nuuskierig gemaak. Die oomblik wat ek dit gesien het, het ek in die Gees begin sing en dans van vreugde. Ek kan nie regtig verduidelik hoekom ek met soveel entoesiasme op die toneel gereageer het nie. Iets bonatuurliks het my gedryf om my dankbaarheid, geluk en vrede op 'n demonstreerbare manier uit te druk. Die Here het op 'n rots gesit en gekyk hoe ek dans.

Ek het 'n vers uit die Ou Testament onthou: 'Met volle oorgawe het Dawid voor die Here gedans met net 'n linneskouerkleed aan' (2 Sam 6:14). Die dammetjie het my aan 'n vers uit die Boek van Openbaring laat dink: 'Die Gees en die bruid sê: "Kom!" En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!" En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet' (Op 22:17). Ja, daar was water in die hemel, en die water van hierdie dammetjie was helder en kalm. Dit het soos kristal geblink.

Die Here het vir my gesê: 'Dit is 'n spesiale dammetjie.'

Ek het geweet dit is spesiaal, maar ek kon nie verstaan hoekom nie. Die Here het nie dadelik sy stelling aan my verduidelik nie. Ek het aangeneem dat die dammetjie baie geestelike geheime inhou en dat ek hulle uiteindelik, een vir een, sou uitvind. Ek het gewonder of my sondes, en die sondes van alle gelowiges, hier begrawe word. Is die dammetjie 'n simbool van die water van God se Woord?

Water stel die reiniging van sonde voor. Sy Woord sê: 'Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid' (1 Joh 1:9). Ek het Jesus se woorde, soos deur die apostel Johannes opgeteken, onthou: 'Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie' (Joh 3:5).

JESUS IS GEREED ... EN HY WAG

Na 'n paar oomblikke van vreugde, waartydens ek naby die dammetjie gedans en gesing het, het die Here my na die wit paleis teruggeneem. Daar het ek weer die klere aangetrek waarmee ek na die hemel geneem

is. Ons het teruggeloop na waar ons op die berg met die bome en groen bosse geland het.

'Ons gaan terug aarde toe,' het die Here gesê.

Hy het weer my hand geneem en ons het terug aarde toe gevlieg. Ons het teruggegaan na die plek waar ons hierdie reis begin het – die pragtige, vreedsame strand waarlangs ons voorheen gestap het.

Jesus het gesê: 'My dogter, nou weet jy hoe spesiaal jy vir My is. Ek wil hê jy moet besef dat dit My lank geneem het om jou vir my koninkryk voor te berei, sodat Ek al hierdie dinge vir jou kon wys wat jy aan die wêreld moet vertel.'

Ek het my kop geknik om te wys dat ek saamstem.

Die Here het voortgegaan: 'Ek wil hê dat jy alles onthou wat Ek jou wys en sê. Maak seker dat jy alles neerskryf. Ek sal seker maak dat almal alles wat Ek vir jou wys en vertel, verstaan.'

Hierdie gedeelte het die swaar las van verantwoordelikheid weggeneem wat ek ervaar het sedert Hy my die eerste keer ingelig het dat ek die uitverkorene is om sy werk te doen. Ek het nou besef dat Hy slegs deur my na ander mense sou uitreik. Ek moet slegs bereid wees om deur Hom gebruik te word.

Jesus het verder gepraat: 'Baie mense dink dat Ek nooit vir hulle sal kom nie, maar my koms is gouer as wat julle dink'.

Sy stemtoon het verander toe Hy dit sê. Hy het amper kwaad geklink en ek het 'n groot dringendheid in sy woorde aangevoel. Dit was 'n waarskuwing. Dit was 'n boodskap wat ek nou met mense moes deel. Die Eindtyd is regtig naby. Jesus kom binnekort.

Ek glo dat die Here gereed is vir sy mense, maar sy mense is nie vir Hom gereed nie. Daarom moes ek hierdie boodskap oordra. Ek het geen ander keuse gehad nie, ek moes die Here gehoorsaam. Mense moet gewaarsku word dat die koms van die Here naby is. Hulle moet gereed maak vir sy tweede koms deur berou te hê oor hulle sondes en Hom in hulle lewens toe te laat.

Die Bybel is baie duidelik hieroor:

> Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore. Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.
>
> – JOHANNES 1:12–14

Jesus, die lewende Woord van God, het vir my gesê om mense te waarsku dat Hy binnekort aarde toe kom. Dit is wat Hy bedoel het toe Hy gesê het: 'Ons het baie werk om te doen'.

KRAG IN DIE BLOED

Die einde van Februarie was selfs nóg opwindender as die begin van die maand. Die Here was van vieruur tot halfses die oggend op 28 Februarie saam met my. Hy het na my gekom en gesê: 'Choo Nam, Ek is jou Here.'

Hy het na my uitgereik en my hand geneem en ons is wonderbaarlik vervoer na die pragtige strand. Hy het my hand vasgehou terwyl ons langs die strand gestap het. Hierdie keer het die Here gretig gelyk om met my te praat. Dit was asof Hy 'n brandende begeerte gehad het om met my te praat.

Ons het op die sand naby die see gaan sit. Soos die branders voor ons gebreek het, het 'n ongelooflike ding gebeur. Die rand van die water het in bloed verander. Donkerrooi, skuimende water het voor ons gespoel. Dit het gelyk asof die bloed vuil was en ek het gevra: 'Hoekom is die bloed so vuil?'

'Dit is My bloed, Choo Nam. Dit het al die sondes van my kinders weggespoel.'

Ek het begin huil toe Hy dit sê. Hy het sy bloed gestort om my van my sondes te reinig. Hy wat geen sondes geken het nie, het vol sonde geword sodat ek in God se regverdigheid geklee kon word. Die bloed van

die perfekte Lam van God het my skoongewas en bevry. Dit is sy bloed wat dit vir my moontlik maak om die vyand in my lewe te verslaan. Die trane wat ek gestort het toe ek met dankbaarheid besef het wat Jesus vir my gedoen het, het uit 'n diep reservoir in my siel gekom.

'Moenie huil nie, my dogter,' het Hy gesê.

Hy het my hand geneem en ons het weer eens gevlieg. Terwyl ons gedaal het, het ek geweet dat Hy nog waarhede aan my sou openbaar. Ek was vol gretige afwagting.

'Ons gaan hemel toe,' het Hy gesê.

My getransformeerde liggaam was sonder enige fisiese sensasie en gevoel toe ons van die strand af opgelig is. Die sensasie van vlieg in my getransformeerde liggaam laat my nie lighoofdig voel nie, want my getransformeerde liggaam reageer nie soos my aardse liggaam in soortgelyke omstandighede sou reageer nie.

DIE SKARLAKENROOI GARING

Ons het langs die bekende pad geloop toe ons in die koninkryk van die hemel aankom. Ons het deur die bekende hek geloop en die wit paleis binnegegaan. Ons het weer die pragtige mantels van die koninkryk aangetrek en na die dammetjie gegaan.

Die dammetjie is 'n spesiale en buitengewone plek. Weer eens het ek die liedjies van die Gees gesing en voor die Here gedans. Hy het op 'n klip gesit en gekyk hoe ek myself geniet. Dit het gelyk asof dit Hom vreugde verskaf om my te sien dans, sing en God prys.

'Hou jy van hierdie plek, my dogter?'

'Ja, my Here,' het ek glimlaggend geantwoord.

'Ek sal jou hierheen bring elke keer wat jy die hemel besoek.'

Hierdie aankondiging het my om twee redes bly gemaak: ek wou weer die hemel besoek en ek was mal oor hierdie spesifieke, buitengewone plek naby die dammetjie. Dit was 'n oase weg van die sorge van die lewe. 'n Plek van verfrissing, ontdekking en vreugde. Ek was mal daaroor.

Kort voor lank het ons die dammetjie verlaat en teruggestap na die wit paleis. Ons het ons gewone klere aangetrek en terug aarde toe gevlieg. Ek het gewonder hoekom Hy hierdie keer niks nuuts vir my gewys het nie. Ons het langs die rivier geloop en ek het gesien hoe die water in bloed verander. Jesus het daarna gewys en gesê: 'Dit is my bloed, die bloed wat Ek vir my kinders gestort het.'

Sy woorde het my laat huil. Ek het my kop gebuig en begin snik.

Die Here het aan my kop geraak en gesê: 'Moenie huil nie, my dogter.'

Die pleitende hartseer in sy stem het veroorsaak dat ek aangehou huil het. Hy wou hê sy kinders moet weet dat Hy gewilliglik sy bloed vir hulle gestort het. Weer eens het die waarheid van die Bybel in my gedagtes geëggo: 'Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie' (Joh 1:11).

Ek kon sien dat hierdie feit pyn en droefheid in my Here se hart veroorsaak het en ek het so geëerd en dankbaar gevoel dat Hy besluit het om hierdie gevoelens met my te deel.

'Ek het alles vir my kinders gedoen,' het Hy gesê. 'Maar sommige van hulle glo nie, en ander wat wel glo, leef nie volgens my Woord nie'.

Die pyn in my Here se stem was baie erg. Ek het onthou hoe Hy gehuil het oor die stad Jerusalem toe die mense Hom versaak het. Ek het onthou hoe hartseer Hy was oor die feit dat sy dissipels Hom nie verstaan nie. Dit het Hom regtig gepla dat sommige van hulle aan die slaap geraak het in plaas daarvan om vir Hom te bid op die aand wat Hy verraai is.

Dit moes Hom so seer gemaak het toe Petrus Hom ontken het. Hy moes so gely het toe Judas Iskariot Hom verraai het. En elke dag draai sy kinders van Hom weg, verraai hulle Hom en verloor hulle sig van sy bloed wat Hy vir hulle gestort het se krag. Ek het die diep pyn van my Meester aangevoel.

Nou het ek selfs duideliker as voorheen verstaan hoekom my roeping vervul moes word. Mense, beide die wat gered is én die wat

verlore is, moet kennis neem van die krag van Jesus se bloed. Hulle moet alles verstaan wat Hy by Golgota vir hulle gedoen het.

God se mense moet weet dat Hy vir hulle 'n manier geskep het om die wêreld, die duisternis, die bose en die werk van die vyand te oorwin. Jesus se bloed, 'n skarlakenrooi draad wat die hele Bybel saamvleg, het 'n weg vir hulle gebaan.

Hulle moet weet dat die waarheid wat Jesus in Openbaring bekend gemaak het, selfs nou by ons is:

> Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie. Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel uit afkom. En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe. Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.
>
> – Openbaring 3:10–13

HOOFSTUK 5

MY KONINKRYK IS GEREED

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir julle in die hemel bewaar word en waarvan julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan julle verkondig is.

– KOLOSSENSE 1:5

'Die enigstes wat hierheen kan kom, is dié met harte so rein soos water,' het Jesus my verseker toe ons in die vroeë oggendure van 29 Februarie in die hemel aangekom het. 'My dogter, Choo Nam, die werk wat jy vir My moet doen is vir My baie belangrik en dit moet binnekort afgehandel word.'

Hy het 04:15 die oggend in my kamer verskyn. Ons het na die tonnel, wat ek al voorheen gesien het, gegaan. Hierdie keer was dit helderder en blinker. Die mure van die tonnel het met 'n verskeidenheid kleure geskitter. Dit was soos 'n myn wat diamante, smaragde, saffiere en robyne bevat het. Dit was asemrowend.

Die volgende plek wat ons besoek het, was die strand. Die water was weer eens 'n vuil bloederige kleur. Die sand waarop die branders gebreek het, was ook vuil en bloederig.

'Dit is my bloed,' het die Here weer gesê.

Die Here is 'n geduldige leermeester. Hy herhaal dikwels die belangrikste dele van sy boodskap sodat ek seker is wat Hy vir my voorberei. Elke keer wat Hy my sy bloed wys, huil ek.

Jesus het my getroos toe Hy my trane sien, deur te sê: 'My koninkryk is vir my kinders gereed. Wie gereed is en daarheen wil kom, sal ingelaat word.'

'EK VERDIEN DIT NIE!'

Ons het verby 'n wit hek geloop wat met suiwer ivoor en gladde pêrels ingelê is. Daarna het ons die wit paleis binnegegaan. 'n Engel het my na die kleedkamer vergesel en ek het 'n pragtige mantel aangetrek wat vir my voorberei was.

Jesus het my toe na 'n rivier geneem. 'n Grys muur het al langs die stroom gestaan en statige immergroen bome het die agtergrond gevorm. Ek het opgelet hoe helder en stil die water was. Dit het soos die beste kristal geglinster.

Die Here het sy uitnodiging dat almal wat Hom wil volg en 'n ewige huis saam met Hom in die hemel wil hê, herhaal: 'Die enigste mense wat hiernatoe kan kom, is dié wie se harte so rein soos water gemaak is.'

Ek het ook ander wit geboue in die omgewing van die pragtige rivier gesien. Jesus het my na een van die wonings geneem. Dit was 'n deftige wit woning met kleurvolle blomme en blaarryke bome in die tuin. Die ingang was met die pragtigste blomme wat ek nog ooit gesien het, versier. Die deure is met ongelooflike gebrandskilderde glaspanele versier.

Binne die paleis was alles kleurvol en blink. Die groot kamer was vol mense wat pragtige mantels aangehad het. Elkeen het 'n kroon gedra wat met verskillende tipes juwele versier was. Ek het soos Aspoestertjie by die bal gevoel.

Daar was baie mans in die vertrek, maar baie min vroue. Die Here het nie verduidelik wie hierdie mense was of hoekom hulle daar was nie. Hy het vir my gesê: 'Jy sal soos hulle wees.'

Ek het met trane op hierdie profetiese woorde gereageer. Elke keer

wat die Here my met nuwe insigte geseën het, het ek gehuil omdat ek deur sy goedheid en genade so nederig gevoel het. Ek was so nederig dat ek vir Hom gesê het: 'Ek verdien dit nie!'

Die Here se stemtoon het toorn weerspieël toe Hy my berispe het: 'Moet dit nie weer sê nie, dogter.'

DIE BRON VAN GELUK

Ons het na die vreedsame dammetjie, wat ek al voorheen gesien het, gegaan. Dit was my derde besoek aan hierdie spesiale plek van samesyn met die Here.

Ek het die Here se arm vasgehou en gesê: 'Ek wil nie hier weggaan nie. Ek wil vir goed hier saam met U bly.'

'Nie nou al nie, my dogter. Daar is baie werk wat jy eers vir My moet doen. Ek moet nog baie van die hemel vir jou wys en Ek sal jou nog baie hierheen bring. Ek wil hê dat jy gelukkig moet wees, my kosbare dogter.'

Ons het na die paleis teruggekeer en weer ons gewone klere aangetrek. Daarna het ons na die strand gegaan en op die sand gesit. Die Here het my hand vasgehou en gesê: 'Ek gee vir jou helende krag en ander geestelike gawes. Ek sal altyd daar wees om jou te lei. Jy sal My regoor die wêreld dien.'

Hierdie boodskap was veronderstel om my met gretige afwagting te vul, maar dit het my eintlik oorweldig. 'Here, ek weet eintlik niks nie.'

'Jy hoef niks te weet nie. Ek sal alles vir jou doen. Jou man sal ook saam met jou wees. Hy sal saam met jou dien.'

Hierdie gedeelte van sy aankondiging het vir my 'n mate van verligting gebring. Dit was gerusstellend om te weet dat Roger deel van die bediening sou wees. Ek het al dikwels vir krag en ondersteuning op my man geleun, en dit was gerusstellend om te weet dat hy my vennoot in die bediening sou wees. Terselfdertyd het ek besef dat die Here wil hê ek moet heeltemal op Hom staat maak, nie op Roger, myself of enigiemand anders nie.

Ek het aan die volgende vers gedink: 'Vertrou volkome op die Here

en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop' (Spr 3:5–6). Ek het ook geweet dat die Here elke tree van die pad saam met my sou loop. Ek het die waarheid van sy Woord besef: 'U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad' (Ps 119:105). Ek het myself verbind om van daardie oomblik af in die lig van God se Woord te loop.

Ek het geglo dat Jesus altyd saam met my sou wees. Daarom hoef ek nooit weer vir enigiets of enigiemand bang te wees nie. Hy het met my gepraat. Hy het my hand vasgehou. Hy het my getroos. Hy het persoonlike beloftes aan my gemaak. Hoe kon ek ooit sy teenwoordigheid, sy werklikheid of sy waarheid betwyfel? Ek sal nooit weer dieselfde wees nie. Jesus, my Here en Redder, het my na die hemel geneem om my voor te berei vir 'n bediening waar ek die waarheid van die ewigheid met ander moet deel. Hy het my geroep en gekies vir sy belangrike werk.

Ek het besef dat ek vir die eerste keer in my lewe werklik gelukkig is. Ek het my doel en my voltooiing in Hom gevind en Hy was heeltemal wonderlik vir my.

Hoewel my selfvertroue en geloof besig was om te groei, het ek steeds gedweë op die Here se woorde gereageer.

'Here, ek is baie skaam en ek weet nie regtig hoe om vir ander mense in die openbaar te bid nie.'

'Ek sal vir alles sorg,' het Hy geantwoord. 'Ek sal altyd saam met jou wees. Ek wil hê jy moet vir almal vertel wat Ek vir jou wys en vertel. Die hele wêreld sal binnekort al hierdie dinge weet.'

'JY SAL 'N BOEK SKRYF'

Hoewel ek van tyd tot tyd getwyfel het, was die Here altyd getrou. Hy het my geduldig en liefdevol herinner aan die krag van sy teenwoordigheid.

'My dogter, Choo Nam, Ek wil hê dat jy geduldig moet wees,' het Hy voortgegaan, 'omdat dit lank sal neem om jou alles te wys en te

vertel wat Ek gaan onthul. Daar is baie werk om te doen, want jy gaan vir My 'n boek skryf.'

Hierdie aankondiging was werklik skokkende nuus. Ek het dit nie hardop gesê nie, maar gedink: 'Hoe kan ek 'n boek skryf? Ek weet dan niks nie.'

Teen hierdie tyd het ek van beter geweet as om van die Here te verskil. Ek het geleer dat indien die Here vir my sê om iets te doen, Hy my in staat sal stel om dit te bereik. Ek het nooit vir die gawes waarmee Hy my so mildelik en goedgunstiglik geseën het, gevra nie. Ek het wel vir die gawes van genesing en die bediening, wat my in staat sou stel om ander na Hom te lei, gebid. Nou het Hy daardie gebede op 'n manier verhoor wat my verwagtinge oortref het! Dít is die tipe God wat ons dien.

Jeremia het geskryf: 'Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie' (Jer 33:3). Hierdie belofte was waar. Die Here het my herhaaldelik geseën met oorvloedige geestelike seëninge wat ek nie verdien het nie.

'Ek wil hê dat jy niks vergeet wat Ek jou wys of vertel nie,' het die Here opdrag gegee. 'Niks meer nie, niks minder nie. Alles moet presies wees soos Ek dit aan jou onthul.'

'N GOUE BRUG

Die Lente het aangebreek, maar ek het besef dat niks op aarde met die glorieryke skoonheid van die hemel vergelyk kan word nie. Vroeg die oggend van 1 Maart het die Here my weer op die gewone manier besoek. Hy het gesê: 'My kosbare dogter, ons het werk om te doen.' Hy het my aan etlike dinge wat Hy my alreeds vertel het, herinner: 'Ek het jou gekies, my dogter, as gevolg van jou gehoorsaamheid aan My. Ek hou van jou wilskrag en jou geloof.' Sedert ek 'n Christen geword het, het ek nog nooit in my Here getwyfel nie. Om die waarheid te sê, my vrees vir Hom, saam met my groot liefde vir Hom, het my tot die gevolgtrekking gebring dat ek Hom nooit ontevrede moet maak nie.

Hierdie oortuigings hou my op die pad van gehoorsaamheid.

Die Here het gesê: 'Ek moet jou meer van my koninkryk wys.' Hy het my hand geneem en ons het na die strand gegaan. Daarna het my liggaam in die lug begin opstyg. Hierdie keer het die reis na bo meer soos sweef as vlieg gevoel. Ek is sagkens van die aarde af opgelig. Ek het dikwels gewonder hoekom ons van die strand vertrek en nêrens anders nie. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat dit moet wees omdat die terrein ongewoon verlate is so vroeg in die oggend. Ek het gelag vir die gedagte dat iemand moontlik sou dink hulle aanskou 'n ontvoering deur ruimtewesens. Tien teen een sou hulle daaroor stilbly, want ander mense sal dink dat hulle mal is.

Skielik het ek besef dat mense dalk dieselfde van my ervarings kan dink. Die gedagte is deur 'n wonderlike gevoel van vrede weggespoel. Hierdie sorge maak nie saak nie, want ek weet dat Jesus my heeltemal aanvaar het. Ek hoef dus nie bekommerd te wees oor wat ander mense dink nie.

'N GOUE TROON

Jesus het my hand vasgehou terwyl ons vanaf die aarde opgestyg het. Ons het op die gewone plek geland en Hy het my na 'n vrugteboord gelei. Dit was ontsettend groot en elke ry vrugtebome was in 'n perfekte lyn. Elke boom was vol ryp, sappige vrugte en elke boom het ander vrugte gedra. Die boord was so groot dat mens nie die einde daarvan kon sien nie.

Die Here het 'n ovaalvormige pers vrug gepluk en dit vir my gegee. Hy het dieselfde met 'n ronde, diep-rooi vrug gedoen. Ek het dit geëet, maar ek kon nie presies uitmaak watter tipe vrug dit was nie.

Ek het 'n klein, ronde, pienk vrug vir die Here gepluk om te eet. Ek kon nie sy gesig duidelik sien nie, maar kon aanvoel dat Hy glimlag. Ek het geweet dat Hy tevrede is met wat ek gedoen het.

Daarna het ons na die wit paleis gestap en ons hemelse uitrustings

aangetrek. Die Here het sy sitplek op sy goue troon ingeneem. Weer eens was die vertrek vol mense wat pragtige mantels en krone, net soos myne, gedra het.

Die atmosfeer in die vertrek was een van vrede en aanbidding. Die mense was besig om nederig voor die Here te kniel. Ek het probeer inval, maar my gevoel van verwondering het my nie toegelaat om so vinnig op die aanbidding te fokus soos ek graag sou wou nie.

Voordat ek kon besef wat alles gebeur, het die Here weer sy gewone kleed aangehad. Hy het na my uitgereik, my hand geneem en my na buite gelei. Die ervarings wat ek in die koninkryk van God het, gebeur gewoonlik baie vinnig.

Die Here het my oor 'n goue brug gelei wat bo-oor 'n vinnig vloeiende rivier gehang het. Die oewers van die rivier was vrugbaar en daar het pragtige bome en blomme aan beide kante van die rivier gegroei. Die bome en blomme in die hemel is op baie maniere verskillend van dié wat ons op aarde ken. Daar is baie soorte, hulle is groter, gesonder, kleurvoller en mooier as enige plante wat ek al ooit gesien het.

Dit het vir my gevoel asof ek in 'n sprokiesland, soos in die geïllustreerde boeke wat ek vir my kinders gelees het, was. Die enigste verskil was dat my ervaring nie 'n fantasie was nie.

'EK SAL HULLE BABAS HOU'

Nadat ons oor die pragtige goue brug geloop het, het die Here my na 'n plek gelei waar babas en klein kindertjies was. Baie het gelyk asof hulle pas gebore is. Dit was 'n groot vertrek, soos 'n pakhuis, en dit was nie weelderig of mooi nie. Dit was vol naakte babas en hulle het na-aan mekaar gelê.

'Hoekom is daar so baie babas hier?' het ek gevra.

'Hierdie is die babas wie se moeders hulle nie wou hê nie. Ek sal hul babas hou!' het die Here geantwoord.

'Wat gaan U met hulle doen, Here?'

'Indien hulle moeders gered word, kan hulle hul babas terugkry.'

'Wat gebeur as hulle moeders nie gered word nie? Wat gaan U dan doen?'

'Ek sal hulle aan ander moeders skenk om groot te maak wanneer al my kinders na die koninkryk kom.'

Ek het toe besef dat hierdie babas van hulle moeders se baarmoeders geaborteer is en ek het begin huil. Jesus het geskree, 'Ek hou nie van aborsies nie!'

Sy stem en sy houding het nors en stug geword. Ek het besef dat ek hierdie boodskap binnekort met ander mense moet deel.

Die Here hou nie van aborsies nie. Vir Hom is dit een van die grootste sondes. Jesus het gesê: 'Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle' (Mark 10:14). Jesus is lief vir kindertjies en ek kon sy meegevoel vir hierdie geaborteerde babas sien terwyl ek na Hom gekyk en geluister het.

Ongeveer een uit elke vier swangerskappe in Amerika eindig deesdae in aborsie. Dit grief die Here. Die Verenigde State het die mees permissiewe aborsie-wetgewing van alle lande en die aantal aborsies neem al hoe vinniger toe. Ek sal nooit vergeet wat ek daardie oggend in die hemel gesien het nie en ek sal nooit weer oor die afskuwelike sonde van aborsie stilbly nie.

Sedertdien bid ek vir vroue en vra ek dat God hulle oë sal oopmaak vir die waarheid van aborsie en hulle sal weerhou om die verkeerde besluit te neem. Ek weet nou dat die keuse van aborsie ewige gevolge het en ek bid dat die gevoelloosheid van mense se gewete met betrekking tot hierdie tipe moord, sal verdwyn.

Ek kan steeds die Here se kwaai stem hoor bewe van emosie toe Hy sê: 'Ek hou nie van aborsie nie!' Heaven is better than this / Praise God / What joy and bliss / Walking down the streets of solid gold / You'll enter a land where you'll never grow old.

'N PLEK VIR DIE GELOWIGES

Die Here het my na 'n dorre terrein buite die hek van die koninkryk geneem. Daar was baie mense wat sandkleurige klede gedra het. Hulle het naby mekaar gestaan en het verlore en alleen gelyk, al was hulle omring deur baie mense. Ek het geen idee gehad wie hierdie mense was nie, maar het geweet dat die Here my vrae oor hulle sou beantwoord wanneer Hy meen ek daarvoor gereed is. Hy het my na 'n heuwel geneem wat baie geboue aan albei kante gehad het. Water het die twee kante van die heuwel van mekaar geskei en daar was bome rondom die water.

Voor die geboue was daar volwassenes en kinders wat wit mantels gedra het en sommige het krone gedra. Hulle het net daar gestaan en hulle het gelukkig gelyk. Die Here het vir my 'n duidelike kontras gewys tussen mense wat gelukkig is en dié wat hartseer is. Ek het aangeneem dat die gelukkige mense hulle harte vir die Here Jesus Christus gegee het. Die volgende plek wat ons besoek het op ons hemelse reisplan was die deftige groot wit woning waarheen Jesus my al van tevore geneem het. Weer eens het ek opgelet dat daar baie mans binne die vertrek teenwoordig was, maar bitter min vroue. 'Wie is hierdie mense?' het ek gevra.

'Hierdie is mense wat vir my opgeoffer het.'

Ek het gewonder hoeveel van hulle patriarge en heiliges van die Bybel was en ek het groot gelowiges in Hebreërs 11 onthou. Hierdie hoofstuk in Hebreërs bevat 'n lys van mans en vroue van geloof, soos Abel, Henog, Noag, Abraham en Sara, en wat hulle deur geloof bereik het. Daarna het ek aan 'n baie belangrike vers gedink: 'As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon' (Heb 11:6).

Abel se opoffering was groter as Kain s'n, want dit is met geloof en gehoorsaamheid opgedra. Abraham se gewilligheid om sy eie seun, Isak, vir die Here op te offer, het sy geloof en behoefte om die Here tevrede te stel, bevestig. Nou weet ek dat die Here hierdie tipe

opofferings van waarde ag. Om die waarheid te sê, Hy vra ons om alles aan Hom te oorhandig.

Jesus het die belang van opoffering uitgebeeld deur vir my die vertrek vol mense met pragtige mantels en krone vol juwele te wys. Ek het Paulus se woorde onthou:

> En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.
>
> – Romeine 12:1–2

GEROEP OM DIE WÊRELD TE VERTEL

Ek het besluit om alles aan die Here op te dra. Ek het besef dat dit die opoffering was wat Hy van my vereis.

Nadat ons al hierdie tonele gesien het, het ons na die wit paleis gegaan en ons pragtige mantels en krone aangetrek. Daarna het die Here my na die rustige dammetjie geneem waar ons al wonderlike tye van samesyn gehad het. Hierdie keer het ons gesit en gesels.

Skielik het ek besef dat die Here net op twee plekke regtig oopgemaak en sy hart met my gedeel het: op die aardse strand en by hierdie dammetjie. Wanneer Hy my verskillende aspekte van die hemelse koninkryk gewys het, het Hy min gepraat. Ek was mal oor die ontspanne tye wanneer Hy my dinge vertel het wat vir my belangrik is.

Hy het voortgegaan om my te herinner, 'Ek vertel en Ek wys jou al hierdie dinge sodat jy dit vir die wêreld kan vertel.' Daarna het Hy die belang van al hierdie ervarings beklemtoon deur te sê: 'Ek weet dat baie van my kinders dink dat Ek hulle nie binnekort sal kom haal nie. Sommiges dink selfs dat Ek nooit sal kom nie, maar Ek wil hê dat jy

hulle inlig dat my koninkryk gereed is vir dié wat daarvoor gereed is en vir My wag. Ek kom binnekort.'

Weer eens was daar 'n aanduiding van dringendheid in sy stem. Wanneer ek in die hemel is, praat net die Here met my. Sy woorde is so lewensbelangrik. Selfs die engel wat my help om die kleed aan te trek, praat nie met my nie, maar glimlag net op 'n gerusstellende manier vir my. Die Here het nog 'n keer vir my die see van vuil bloed gewys en Hy het daardie besoek aan die hemel afgesluit met die volgende woorde: 'Ek sal jou nooit verlaat nie. Ek sal altyd met jou wees. Ek sal jou lei in alles wat jy doen. Jy hoef nooit oor iets bekommerd te wees nie, want Ek sal daar wees om dit vir jou te doen. Ek stel my krag vir jou en in jou vry. Jy sal in staat wees om siek mense gesond te maak en dieselfde dinge te doen wat Ek gedoen het terwyl Ek op aarde gewandel het. Die sleutel tot hierdie gawes is jou geloof, my dogter.'

Sy woorde was sag en opheffend en dit het fonteine van trane diep in my siel oopgemaak. 'Moenie huil nie, dogter,' het Hy voortgegaan. 'Ek wil hê dat jy altyd onthou hoe kosbaar jy vir My is. Ek sal weer met jou praat.'

Van daardie dag af voel dit vir my asof ek meer in die hemel as op aarde leef. My besoeke aan die hemel het permanente veranderinge in my lewe meegebring. Ek het nie eers meer soveel slaap soos voorheen nodig nie, want ek kry krag van Bo. Ek weet dat die hemel werklik bestaan, en dit maak die wêreld se verskil.

HOOFSTUK 6

'N PLEK MET DIE NAAM 'HEL'

Toe hy in die doderyk in pyn verkeer, kyk hy op en sien vir Abraham daar in die verte en vir Lasarus langs hom en hy roep: 'Vader Abraham, ontferm u oor my. Stuur tog vir Lasarus dat hy net die punt van sy vinger in water steek en my tong afkoel, want ek ly verskriklik in hierdie vuur.'

– LUKAS 16:23–24

Op 2 Maart het die Here my drieuur die oggend wakker gemaak. Sy besoek het vir drie ure geduur. Soos gewoonlik het ons eers na die strand gegaan. Hierdie keer het ons 'n lang ent gestap.

Die heuwel met die baie bome en bossies was aan ons regterkant. Aan die onderkant van die heuwel, naby die sand, was 'n klomp groot en klein klippe. Ons het op 'n groot klip gaan sit en die helder water het skielik weer in bloed verander. Dit het my altyd ontstel om hierdie herinnering aan die Here se opoffering te sien, daarom het ek opgekyk en my kop van die see weggedraai.

Die nabygeleë berge was aan die brand met helderrooi vlamme. Ek was baie verbaas toe ek dit sien. Die helderheid van die gloed is na 'n tydjie vervang met 'n donker, rokerige dynserigheid wat die hele toneel bedek het.

Mense het van een of ander onbekende plek gevlug en op die strand saamgetrek. Van die mense was naak, asof hulle so vinnig hulle beddens moes verlaat dat daar nie tyd was om aan te trek nie. Hulle het paniekbevange gelyk en het so vinnig as moontlik gehardloop. Sommige mense het in die gedrang gestruikel en ander het bo-oor hulle gehardloop. Dit het gelyk asof hulle van 'n skrikwekkende monster vlug.

Binnekort was die hele strand om ons vol van hierdie vreesbevange mense. Die vuur waarvoor hulle gevlug het, het nou die aanliggende area gevul. Verbasend genoeg het daar vlamme uit die bloederige see geflikker. Dit was asof die wêreld hier reg voor my tot 'n einde kom. Vlamme het uit die see gebars asof uit miniatuur vulkane, en die vlamme het na die kuslyn begin kruip. Dit was verskriklik angswekkend en ek het begin huil soos ek na die gillende mense om my geluister het.

Voor hierdie tyd het ons net vreedsaam op die strand gesit. Die toneel wat voor my afgespeel het, was aaklig en skrikwekkend. Ek het geweet daar is 'n rede hoekom die Here my hierdie dinge wys. Skielik het die toneel weer na normaal teruggekeer.

'Hoekom wys U dit vir my, Here?' het ek gevra.

'Al die dinge wat jy nou sien, sal binnekort gebeur. Baie mense glo nie in My Woord nie. Ek het jou gekies om hulle na die waarheid te lei. Ek wil hê dat jy die wêreld alles moet vertel wat Ek jou wys.'

Die Here was kwaad.

Ons het opgestaan van die klip waarop ons gesit het en verder langs die strand geloop. Jesus het weer gepraat.

'Ek moet jou meer van die koninkryk wys,' het Hy gesê.

Ons het deur die gewone proses gegaan om daar te kom. Ek het weer eens die voorreg gehad om saam met ander mense voor die Here se troon te staan. Ek het aan die aanbidding deelgeneem en dit was 'n wonderlike tyd van vrede, aanbidding, vreugde en seëning.

My besoeke aan die Here se troonkamer het my oë oopgemaak vir die groot belang van aanbidding in ons lewe. Ons is geskep om God te aanbid en Hom vir ewig te geniet. Dit is wat ons in die ewigheid sal doen.

Die toneel voor my was presies soos dit in die boek van Openbaring beskryf word. Johannes skryf: 'Onmiddellik is ek deur die Gees meegevoer. Ek het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand. Sy voorkoms was soos opaal en karneool. Om die troon was daar 'n reënboog met die glans van smarag' (Op 4:2–3). Dit was baie opwindend om dieselfde ervaring as die apostel Johannes te hê. Die Here het op dieselfde manier met hom, soos met my, gepraat: 'Kom op hierheen, en Ek sal vir jou wys wat hierna moet gebeur' (Op 4:1).

Die Here het my vertel dat mense nie aandag aan die woorde van Openbaring skenk nie en dat Hy wil hê ek die boodskap moet herhaal sodat so veel mense as moontlik dit glo.

BLOMME, DEFTIGE WONINGS EN KASTELE

Jesus het my hand geneem en my uit die troonkamer na 'n groot, pragtige blommetuin geneem. In kontras met die gruweltoneel op die strand het die vrede van die blommetuin my met liefde gevul. Ek het van vreugde begin sing en 'n glimlag het outomaties op my gesig gekom. Die Here het 'n blom, soortgelyk aan 'n roos, gepluk en dit vir my gegee. Ek het regdeur hierdie besoek aan die hemel daaraan vasgehou.

Die tuin was so groot dat ek nie kon sien waar dit ophou nie. Dit was 'n ware paradys van skoonheid, liefde, geluk en vrede. Die aroma was soeter as enigiets wat ek nog ooit geruik het. Dit was die hemel en dit was mooier as wat ek dit ooit kon voorstel.

Ons het met 'n smal, kronkelende paadjie uit die tuin gestap. Dit het na 'n berguitsig, wat op 'n pragtige, groen vallei uitgekyk het, gelei. Ek kon verskillende tipes diere sien galop en tussen die bome speel. Ek het 'n bokkie gesien wat so sterk en gesond gelyk het. Ek het opgelet dat hierdie diere, wat gewoonlik as wild beskou word, spelerig met mekaar was. Dit was soos 'n toneel uit die Disney-fliek *Bambi*.

In 'n ander rigting was daar 'n pragtige rivier. Langs die rivier was daar 'n klipmuur en aan die linkerkant was daar pragtige wonings. Hier-

die huise het soos kastele gelyk waar slegs welvarende mense woon.

Die Here het gesê: 'Hierdie huise is vir my spesiale kinders.'

Ek was baie nuuskierig oor hierdie plek, maar die Here het my nie nader geneem nie. Hy het dit net vir my van die bopunt van die heuwel gewys wat eintlik baie ver was.

Ek het die waarheid van sy Woord besef: 'In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal Ek julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan' (Joh 14:2–4).

Daar was 'n tyd wat ek gewonder het of dit slegs beeldspraak, simbolies of hemelse dinge was. Nou weet ek dat daardie deftige wonings en kastele werklik bestaan en dat die Here hulle reeds vir ons voorberei het. En Hy wil hê ons moet vir goed saam met Hom daar wees!

DIE PUT VAN HEL

Die Here het my na 'n area buite die hekke van die koninkryk gelei. Ons het die berg opgestap. Soos ons hoër en hoër geklim het, het die pad al hoe moeiliker begaanbaar geword. Ons het lank met hierdie smal paadjie gestap en uiteindelik het ons deur 'n donker tonnel gestap. Ons was nog hoër op met die berg toe ons by die tonnel uitkom. Dit was vir my vreemd dat die hemel so 'n donker tonnel en moeilik begaanbare pad het.

Ek kon walms en donker rook by 'n put sien uitborrel toe ons die kruin bereik en ek het oor die rand van die berg gekyk. Dit was soos die krater van 'n vulkaan. Binne-in kon ek sien hoe vlamme 'n klomp mense skroei. Hulle het geskree en gehuil van angs nes mense wat erg brand.

Die mense was naak en sonder hare. Hulle het naby mekaar gestaan, het soos wurms beweeg en die vlamme het hulle liggame geskroei. Daar was geen manier hoe hierdie mense uit die put kon ontsnap nie – die mure was te hoog om uit te klim en daar was warm kole oral om hulle.

Die Here het dit nie vir my gesê nie, maar ek het geweet dat ek op die rand van die hel gestaan het. Dit was selfs erger as die Bybel se beskrywing: 'Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dooies teruggegee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het. Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood, die vuurpoel. As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi' (Op 20:13–15). Jesus het ons in die evangelie en die Boek van Openbaring van die gruwelikheid van die hel vertel.

Die vlamme het onverwags uit alle oorde ontstaan. Mense het wegbeweeg en sodra hulle dink hulle is veilig, het nog 'n vuur uitgebars. Daar was geen rus vir hierdie ongelukkige slagoffers van sonde nie. Hulle was verdoem om vir ewig deur die vlamme van die hel geskroei en gebrand te word.

'Wie is hierdie mense?' het ek gevra.

'My dogter, hierdie mense het My nie geken nie.'

Sy stem was vol droefheid. Ek kon sien dat die Here nie gelukkig was oor die toneel voor ons nie. Dit het Hom baie gepla. Ek weet dat Hy geen beheer het oor die toekoms van mense wat Hom doelbewus verwerp het nie. Dit is die mense wat nou in die put van pyn gewriemel en gely het.

Ek het twee lewensbelangrike dinge geweet wat ek met ander mense moes deel: die hemel is 'n werklikheid, maar die hel is ook 'n werklikheid. Ek ken baie mense wat nie in hierdie twee plekke glo nie en ek het geweet dat dit my missie sou word om hulle die realiteit van die hiernamaals te wys.

My ouers het nooit hulle harte vir die Here gegee nie en ek het oor hulle gewonder.

'Here, wat van my ouers?' het ek gevra. 'Ek weet hulle was nie gered nie, maar hulle was goeie mense.'

'Ek is jammer, my dogter. Ek kan niks vir mense doen wat My nie ken nie.' My Here Jesus was hartseer toe Hy dit sê.

Die belang van sy woorde het my getref soos ek besef het dat my ma en pa ook onder die verdoemde mense was wat ek in die put van die hel gesien het. Ek het die heeltyd gehuil terwyl ek na die toneel gekyk het.

Die Here het my kop aangeraak en my hand geneem. Ons het weer deur 'n donker tonnel geloop en op nog 'n rowwe paadjie aan die ander kant uitgekom. Die paadjie was lank en het tot by die kant van die put gestrek. Hierdie bergpad het tussen hoë bome en groot klippe gelei. Ek het oor 'n bruin en lewelose vallei uitgekyk toe ons bo kom. Dit was oral bruin. Dit was asof die hele gebied met dooie gras gevul was.

Ek het baie mense gesien wat sandkleurige klere gedra het. Hulle het doelloos in die rigting van die put se gapende mond geloop. Hulle koppe het gehang en hulle het neerslagtig en sonder hoop gelyk.

'Wie is hierdie mense, Here?' het ek gevra.

'Hulle is ongehoorsame "Christene".'

'Hoe lank moet hulle in hierdie dorre, lewelose plek bly?'

'Vir altyd, my dogter. Die enigste mense wat my koninkryk sal binnegaan, is dié met rein harte – my gehoorsame kinders.'

Hy het verder verduidelik: 'Baie mense wat hulleself "Christene" noem, leef nie volgens my Woord nie. Sommige van hulle dink dit is genoeg om een keer 'n week kerk toe te gaan. Hulle lees nooit my Woord nie en hulle strewe na aardse dinge. Sommige ken my Woord, maar gee nooit hulle harte vir My nie.'

God se hele plan en doel het vir my duidelik begin word. Jesus het gewaarsku dat dit moeilik sal wees om sy koninkryk binne te gaan. Ek het nou 'n idee gehad van wat dit beteken.

'My dogter, my Woord sê dit is moeilik om die koninkryk van die hemel binne te gaan, maar min mense glo en verstaan dit. Ek onthul dit aan jou sodat jy hulle kan waarsku.'

Daarna het die Here my weer na die pragtige kastele geneem. Soos ons nader aan die wonings gekom het, kon ek sien dat die strate met goud uitgelê is en dat elke kasteel mildelik met die beste edelstene versier is. Dit is waar – die hemel se strate is met soliede goud uitgelê!

Ek wou so graag by een van die kastele ingaan, maar die Here het my gestop deur te sê: 'Ek sal jou later neem.' Ek was teleurgesteld, maar ek het so bevoorreg gevoel dat ek sy stad gesien het waar al die heiliges van deur die eeue heen saam sal bly.

WIE OOK AL WIL

Ek en die Here het na die kleedkamer teruggegaan en die pragtigste klere en krone denkbaar aangetrek. Daarna het ons na die dammetjie gestap en op 'n klip gaan sit. Ek kon nie regtig die kalmte van die toneel voor my waardeer nie, want my gedagtes was besig met die aaklige herinneringe van die hel. Ek kon nie die gedagte van my ouers uit my kop kry nie. Dit was vir my verskriklik om te dink dat my ma en pa albei in die hel was. Ek was deur hartseer oorval. Ek weet sonder twyfel dat my ouers nooit vir Jesus geken het nie, want niemand het ooit vir hulle gepreek nie.

Jesus het geweet wat ek dink en het gesê: 'Jy is nie gelukkig nie.'

'Ja, Here,' het ek geantwoord en besef dat Hy weet wat die rede vir my neerslagtigheid is.

'n Tyd van stilte het gevolg. Toe het ek gesê: 'Here, ek wil U nooit verlaat nie.' Sy teenwoordigheid was die enigste werklike sekuriteit wat ek ooit geken het. 'My dogter, jy het baie werk om te doen. Ek wil hê dat jy 'n boek moet skryf. Dit is 'n belangrike boek vir die laaste dae en dit sal in baie tale vertaal word.'

'Ek het jou vir hierdie werk gekies nog voor jy gebore is en daarom het my Heilige Gees altyd jou liggaam geskud – om jou my krag te gee. Indien jy nie die Heilige Gees se krag gehad het nie, sou Ek jou nie kon gebruik nie.'

'Jy moet onthou dat my krag binne jou begin werk het toe jy die eerste keer jou hart vir My oopmaak. Ek vertrou jou om hierdie werk vir My te doen.'

'Here, ek weet niks nie.'

'Jy hoef nie enigiets te weet nie. Ek sal jou alles leer en jou lei. Vertel

almal dat Ek gereed is vir dié wat gereed is en vir My wag. Ek is lief vir jou, my dogter.'

Ek het begin huil en die Here het my hand geneem en gesê: 'Ek sal jou terugneem.'

Nadat ons verklee het, het ons na die strand teruggegaan en vir 'n tydjie saam gesit. Die Here het met my gepraat: 'Daar is nog dinge wat Ek jou wil wys en jy moet vir My wag.'

'Maar ons beplan om volgende week na my dogter se huis te gaan.'

'Bly by die huis, my dogter. Ek wil hê dat jy vir 'n tydjie nêrens heen gaan nie. Wat Ek met jou doen is te belangrik vir My en al my kinders. Ek wil hê dat jy op alles wat Ek jou wys en vertel, konsentreer totdat alles klaar is. Wees geduldig.'

'Ek sal enigiets doen wat U van my verlang,' het ek gesê. 'Niks is belangriker as U werk nie.'

'Dankie, my dogter. Ek het nog baie werk wat jy moet doen. Ek weet jy is moeg, so gaan rus nou.'

Hy het my verlaat en my liggaam het ophou ruk. Daarna, soos gewoonlik, het ek alles wat ek gesien en gehoor het, neergeskryf.

Die kern van Christenskap is so eenvoudig dat dit baie mense ontwyk. Mense is geneig om alles te kompliseer, insluitende sake van geloof. Jesus wil hê dat mense in geloof na Hom gaan sodat Hy hulle kan lei en help.

Ek weet nou dat wie ook al wil, na Hom toe kan gaan en die ewige lewe ontvang. Sy Woord stel dit eenvoudig: 'God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê' (Joh 3:16).

'N ROKENDE PUT

Die volgende dag, 3 Maart, was gevul met nuwe, Godgegewe ervarings. Die Here was van 02:30 tot 04:50 die oggend saam met my. Hy het sy besoek begin deur te sê: 'My dogter, Ek is jou Here. Ek weet jy is moeg, maar daar is nog baie wat Ek jou moet wys.' My liggaam het

vir vyftien minute voor sy besoek onbeheersd geskud.

Hy het my hand geneem en ons het langs 'n aardse strand gestap. Dit was 'n nuwe terrein vir ons besoeke aan die kus. Daar was baie bome en bosse. Ons het oor 'n smal pad, wat bome en bosse aan albei kante gehad het, geloop. Ons het langs die laning gestap. Dit het rondom 'n berg, wat ons vinnig uitgeklim het, gekronkel. Ons het naby die kruin op 'n groot klip wat soos 'n groot beer gevorm was, gaan sit.

Ek het na die see gekyk en gesien dat die water weer eens in bloed verander het. Daar het ook weer mense op die strand rondgehardloop. Dit was nie drawwers nie; hulle het uit vrees en paniek gehardloop. Die panorama voor ons het my gehelp om te verstaan waarvoor hulle weghardloop. Die berge en geboue aan my linkerkant, wat op albei kante van die berg geleë was, was aan die brand. Dit was 'n vuurpoel wat erger was as die jaarlikse bosbrande wat die inwoners van Suid-California teister.

Skielik was die vuur oral. Mense was aan die brand. Sommiges het in die see gespring vir verligting, maar sodra hulle in die water getree het, het hulle as gevolg van die vuur geval. Elkeen het 'n menslike fakkel geword. Ek het uit afkeer en medelye vir die mense wat ek gesien het, begin skree.

Die bloederige see het in 'n kookpot van brandende swawel verander. Die sand was 'n bed warm, vlammende kole. Die mense het weggehardloop van die vuur wat hulle agtervolg, omring en honger na hulle liggame gelek het. Van die mense was kaal en het geen beskerming teen die vuur gehad nie.

Tog was dit tevergeefs, want daar was geen ontsnapping van die skroeiende vyand wat gedreig het om hulle te verslind nie. Hulle kon nie na die berge vlug nie, want dit was ook aan die brand. Daar was geen veilige plek waarheen hulle kon vlug nie.

Ek het die heeltyd geskree en begin huil: 'Here, wat is besig om te gebeur?'

'Jy moet onthou, my dogter, dat Ek jou hierdie dinge wys sodat jy almal kan inlig oor wat binnekort met hulle sal gebeur.'

'Wanneer sal dit gebeur, Here?'

'Nadat Ek my kinders huis toe gebring het. Baie mense glo nie my Woord nie. Daarom wil Ek hê dat jy 'n boek skryf waarin jy jou ervarings met My beskryf. Ek wil hê dat die hele wêreld die boek moet lees sodat hulle kan besef dat Ek vir hulle gereed is.'

'Ek is lief vir my kinders, maar Ek kan hulle nie na my koninkryk bring as hulle nie vir My gereed is nie. Ek sal nooit my kinders dwing om iets te doen indien hulle nie vir My 'n hart het nie. Ek beplan al lank aan hierdie werk wat jy namens My moet doen, want my koninkryk is nou heeltemal gereed.'

Die Here moes my deurentyd herinner en gerusstel oor sy plan vir my omdat ek steeds so verbaas was dat Hy my vir so 'n belangrike opdrag gekies het. Dit was nie binne my vermoeë om die grootsheid van alles te begryp nie.

Die implikasie van die Here se woorde aan my was verskriklik belangrik. Daar was 'n deel van my wat wou wegkrimp van sulke allesverterende werk, maar my belofte aan die Here het my aan die gang gehou. Ek het geweet dat Hy besig was om my voor te berei vir 'n taak wat sy terugkoms aarde toe sou voorafgaan. Hierdie taak was geweldig groot en ek was opgewonde, maar ook geïntimideerd. Hy het geweet dat ek nog baie werk in my lewe moet verrig.

'Ek sal jou weer hemel toe neem.'

Nadat ons in die hemel aangekom het, het ons nie deur die gewone prosedures gegaan nie. Die Here het my onmiddellik na die put, wat ons die vorige dag buite die hekke van die koninkryk gesien het, geneem. Ons het nie ander klere aangetrek nie. Ons het weer die bergpad opgestap, deur die donker tonnel gegaan en die kruin van die berg bereik. Ons het weer afgekyk na die gapende put wat so wyd en diep was dat dit gelyk het asof dit eindeloos is.

Dit was 'n vreesaanjaende, onstellende toneel. Die Here het gesê: 'Ek wil hê jy moet dit weer aanskou.'

Dit was so moeilik om in die put van die hel te kyk, maar my aandag was dadelik gevestig op 'n figuur wat vir my gewaai het. Deur die ro-

kerige dynserigheid kon ek sien dat dit 'n vrou was. Toe hoor ek haar stem. Sy het my moedertaal, Koreaans, gepraat en sy het 'Warm! Warm!' geskree.

Ek het die stem herken. Die rook het verdamp en ek het direk in die oë van die gepynigde vrou gekyk. Ek het dadelik my ma herken! Sy het haar regterhand uitgesteek en na my gewaai en gesê: 'So warm, so warm!' Ek sal nooit die oomblik vergeet wat ons oë ontmoet het en die manier waarop haar oë my gesmeek het om haar te help nie.

My eie ma het om hulp geskree uit die gapende put van Hades. My hart het ophou klop. 'n Mes van koue wanhoop het my hart gesteek. My ma is in die hel! Dit het gevoel asof die klip waarop ek gesit het, bo-op my val. Ek wou so graag na haar uitreik en my ma se hand vat sodat ek haar uit die lekkende vlamme wat oral om haar was, kon lig. Dit was die aakligste oomblik van my lewe.

Daar is geen woord in die woordeboek wat kan beskryf hoe ek op daardie oomblik gevoel het nie. Dit was 'n mengsel van vrees, pyn, angs, hartseer en wanhoop. Ek het besef dat my ma hierdie gevoelens regdeur die ewigheid sou ervaar. My ma is oorlede toe sy veertig was, maar haar gesig het gelyk soos ek haar onthou. Sy was 'n pragtige vrou, maar haar uitdrukking het die pyn wat sy in die put ervaar het, gereflekteer. Ek wou aan haar raak, haar vashou, vir haar sê dat alles reg sal wees, maar ek het geweet dat hierdie dinge onmoontlik was as gevolg van haar keuses in die lewe. Ek het geweet dat ek haar nie kon help nie, dat nie eens die Here haar kan help nie omdat sy Hom nie geken het nie.

Sy het niks van die Here geweet nie, want niemand het haar ooit van Hom vertel nie. Indien mens nie die Here ken nie, gaan jy hel toe. Daarom wil ek die hele wêreld van die put en die wonderlike koninkryk van die hemel wat ek gesien het, vertel.

Ek het daarna my pa, my stiefma en 'n goeie vriendin wat oorlede is toe sy net neëntien was, gesien. Hulle was almal in die hel! Hulle het dieselfde gelyk soos wat ek hulle onthou, maar hulle gesigte was deur die angs van hulle straf vertrek. Ek kon dit nie meer hanteer nie en het van die aaklige toneel voor my weggedraai.

Ek het nog 'n bekende stem uit die put hoor roep. Dit was 'n vriendin wat tien jaar tevore oorlede is. Langs haar was my nefie, wat gesterf het toe hy twintig was. Die laaste keer wat ek hom gesien het, was hy tien, maar hy het dieselfde gelyk soos ek hom as tienjarige seun onthou het, net langer. Ek het begin huil. Ek het die heeltyd gehuil en soos 'n kind gekerm. Baie van my geliefdes en vriende het keuses gemaak wat hulle vir ewig in die vuur van die hel sal laat brand! Dit was vir my te veel om te hanteer.

Ek is seker dat sommige van hulle van die Here gehoor het, maar ek is seker dat niemand ooit vir hulle verduidelik het wie Jesus was nie. Ek was taamlik seker dat hulle nie die verkeerde keuses sou maak indien hulle geweet het wie Hy werklik is nie. Ek het so gewens ek kon hulle van Jesus vertel wat gesê het: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie' (Joh 14:6).

Die put van die hel was ver weg van ons, maar dit was asof ek 'n teleskoop gehad het waarmee ek hierdie mense van baie naby kon sien. Ek kon nie my trane beheer nie en die Here het liefdevol my trane afgedroog en oor my hare gestreel. Ek het toe besef dat die Here net so hartseer soos ek was en ek kon aanvoel dat Hy saam met my gehuil het. Hy het die stilte onderbreek: 'Die rede hoekom ek dit vir jou wys, my dogter, is sodat jy kan verstaan dat ongeag hoe goed mense is, hulle in die hel sal eindig indien hulle My nie aanvaar nie.'

Ek het my kop geskud.

'Ek weet dat jou ouers en vriende op vele maniere goeie mense was, maar hulle was nie gered nie. Daarom is die hel die enigste plek vir hulle. Hulle sal vir ewig hier wees.'

'Dogter, Ek weet dit maak jou seer om hulle te sien, maar jy moet hierdie ervaring by die boek wat jy vir My gaan skryf, insluit. Daarom wys Ek jou jou ouers en die ander sodat jy hulle kan onthou. Jy moet die wêreld se mense van die hel se bestaan en werklikheid waarsku. Ek wil hê dat soveel mense moontlik gered word voordat Ek terugkom aarde toe om my kerk vir Myself bymekaar te maak.'

'My Vader is lief vir al sy kinders, maar Hy het hulle sekere wette

gegee waarvolgens hulle moet leef. Die pyn wat Ek ervaar is nog dieper as jou pyn vir jou geliefdes, maar Ek moet volgens my Vader se Woord leef. Sodra iemand in die hel is, is daar geen manier dat hulle ooit daaruit kan kom nie. Ek wil hê dat die mense wat nog nie gered is nie, dit weet – die werklikheid van die hel is ewigdurend.'

'Ek is lief vir al my kinders, maar Ek kan niemand forseer om My lief te hê of te gehoorsaam nie. Indien hulle hulle harte vir My oopmaak, kan Ek hulle help om in My te glo en om My lief te hê. Ek wil soveel mense as moontlik red. Ek wil hê dat alle gelowiges die evangelie verkondig. Dit is vir My baie belangrik.'

Dit was genoeg. Ek het genoeg gesien om my in 'n bediening van evangelistiese ywer te werp wat nooit uitgewoed kan raak nie. Hoe kon ek ooit stilbly na alles wat ek gesien en gehoor het?

Ek sal almal vertel wat ek by Jesus gehoor en gesien het, sodat hulle die ewige lewe in die hemel kan erf. Niks in die wêreld is belangriker nie. My eie ouers en baie ander familielede en vriende is in die hel. Ek sal nie staan en toekyk hoe enigiemand anders ook daarheen gaan nie. Ek was so bly dat my boek sy weg sal vind na die hande van mense wat moet weet dat die hel net so werklik soos die hemel is.

Selfs al het die dinge wat ek in die hel gesien het my baie ontstel, het dit 'n voorneme in my gees geplant wat deur niks verwyder kan word nie. Ek was vasberade dat niemand binne my bereik die bestaan van die hel en die hemel sal kan ontken nie. Die hemel is 'n werklikheid en ek wil hê dat almal saam met my daarheen gaan. Ek weet dit is ook die Here se begeerte. Hy sê dit in sy Woord:

> Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer. Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan.
>
> – 2 Petrus 3:9–10

Die laaste dae is regtig om die draai. Die Here se geduld was tot nou nog vol genade, maar Hy maak gereed om weer te kom en sy kinders te ontvang. Dan sal die mense wat op aarde agterbly werklik hel op aarde ervaar voordat hulle in die brandende vuurpoel van ewige verwoesting eindig. My taak is om die hele wêreld teen hierdie gebeurtenisse wat net 'om die draai' is, te waarsku.

HOOFSTUK 7

MARANATA!

'Ja, Ek kom gou!'

– OPENBARING 22:20

Na ons besoek aan die afgryslike visioen van die hel, het ek en die Here die berg afgestap, deur die donker tonnel gegaan en teruggekeer na die plek wat ek 'berg van diere' begin noem het. Hierdie berg is die wonderlike plek wat ek kortliks in die vorige hoofstuk beskryf het. Dit is 'n plek van vrede en geluk waar al die diere in wonderlike harmonie saamleef.

Die Bybel beskryf hierdie wonderlike plek vir diere in die boek van Jesaja, waar die profeet die volgende bekend maak:

> Voor hulle nog roep, sal Ek antwoord, terwyl hulle nog praat, sal Ek hulle gebed verhoor. Die wolf en die lam sal saam wei, die leeu sal strooi vreet soos 'n bees, en stof sal die kos van die slang wees. Op my heilige berg sal niks verkeerds gedoen word nie, niks vernietig word nie, sê die Here.
>
> – JESAJA 65:24–25

Hierdie vreedsame toneel was baie gerusstellend na ek die pynigende vure van die hel gesien het. Die hemel is 'n plek van vrede en geluk in kontras met die geweld en depressie van die hel. Die Here se 'berg van diere' is 'n plek van ewige vreugde en geluk. Dit is gerusstellend om te weet dat daar diere saam met ons in die paradys sal leef. Baie mense

wonder of hulle troeteldiere in die hemel sal wees. Ek is bly om hulle in te lig dat die hemel 'n plek van pragtige blomme, vreedsame diere en glorieryke glansrykheid is waar mense en diere nooit weer pyn, ontberings, dood of lyding sal ervaar nie.

GOUE KASTELE

Na ons kort besoek aan die diereparadys het ek en die Here teruggegaan na die waterkant. Daar het ons blink en deftige wonings en kastele besoek wat langs strate van suiwer goud gestaan het. Ons het na een van die kastele gestap en die Here het vir my die deur oopgemaak om binne te gaan. My woordeskat laat my nie toe om die binnekant van hierdie koninklike woning bevredigend te beskryf nie. Die mure het uit veelkleurige edelstene, wat op 'n betowerende manier geblink en gegloei het, bestaan. Ek het vir 'n tyd lank oopmond die vertrek aangegaap, want ek het nooit verwag om iets so mooi te sien nie. Vir 'n oomblik het ek gedog ek droom, maar dit was 'n werklike kasteel, daaroor is daar geen twyfel nie.

Die Here het op 'n stoel gerus terwyl ek by 'n draaiende trap opgeloop het. Dit was groter en mooier as die trap wat in 'Gone With The Wind' se Tara-plantasie gewys word. Ek was met verwondering gevul soos ek my die prag van die kamers op die tweede verdieping verbeel het.

Die mat aan die einde van die trappe was van wit fluweel. Ek het 'n groot kleedkamer, met groot spieëls oral, binnegegaan. Die spieëls het die helderheid van die kamer en die verskeidenheid kleure wat elke muur versier het, weerspieël. Die kasteel was meer wonderlik as wat enige fantasie-kasteel ooit kan wees.

Die asemrowende vreugde en fassinasie wat ek ervaar het, is skielik deur 'n pynlike gedagte in skerwe gebreek. Die toneel met my ma het voor my geflits en ek was weer eens terneergedruk. Ek het op die mat neergeval en begin huil.

Ek het gehoor hoe die Here my van die grondvloer af roep. Ek het

opgestaan, myself reggeruk en met die trap afgeloop. Die Here het opgestaan en ek het na Hom toe gestap. Hy het sy hande na my uitgereik en gevra: 'Hoe hou jy van hierdie huis?'

'Dit is pragtig, Here, maar ek is nie werklik gelukkig nie. Vantevore was ek vol vreugde en het ek geestelike liedjies gesing wanneer ek die hemel besoek, maar hierdie keer kan dit nie so wees nie.'

Die Here het sy kop geknik asof Hy verstaan het. Hy het my hand geneem en my by die huis uitgelei. Ons het oor 'n goue brug na die wit gebou waar ons gewoonlik ons gewade ruil, geloop. In die wit gebou het die Here my aan 'n baie indrukwekkende man voorgestel. 'Ek wil jou aan Abraham voorstel,' het Hy gesê.

'N STAD WAG

Abraham! Die groot patriarg van geloof en gehoorsaamheid – die man wat die hele wêreld uitgedaag het deur te verkondig dat daar net een God is. Hy was die groot leier wat Judaïsme begin het en die pad vir Christus neergelê het. Dit was 'n groot eer om hierdie goeie man te ontmoet. Die skrywer van die boek Hebreërs het die volgende oor Abraham geskryf:

> Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. In tente het hy daar gewoon, en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was, want hy het uitgesien na die stad wat vaste fondamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is.
>
> – Hebreërs 11:8–10

Ek weet nou dat vader Abraham die beloning ontvang het wat sy geloof regverdig het. Hy leef nou in die 'stad wat vaste fondamente het

waarvan God self die ontwerper en bouer is.' En ek was daar saam met Hom! Dit was te wonderlik om ten volle te begryp.

Abraham was 'n baie waardige persoon en hy het lang wit hare en 'n vloeiende wit baard gehad. Hoewel hy oud gelyk het, het sy oë van jeugdigheid en vreugde gesprankel. Hy het sy hand op my skouer gesit en gesê: 'Dogter.'

Die glimlag op sy gesig het my verseker dat hy my lewe geseën het en ek was dadelik lief vir hierdie man aan wie ek, en elke gelowige in die wêreld, so baie verskuldig is. Abraham het ons geleer dat '[as] mens nie glo nie, [...] dit onmoontlik [is] om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon' (Heb 11:6).

Abraham was een van die patriarge en profete van wie daar die volgende gesê is:

> Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak. Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die belofte ontvang het en aan wie gesê is: 'Uit Isak sal jou nageslag gebore word,' het gereed gestaan om sy enigste seun te offer. Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het.
>
> – Hebreërs 11:16–19

Vir die eerste keer in my lewe het ek die waarheid van hierdie vers met volkome helderheid begryp. God het 'n stad vir Abraham, asook vir ons almal wat glo en gehoorsaam is, voorberei. Abraham, soos God, het sy eniggebore seun gewillig geoffer en was heeltemal daarvan oortuig dat God hom uit die dood kan opwek indien dit nodig sou wees.

Op dieselfde manier het ons hemelse Vader sy eniggebore Seun, Jesus, vir ons sondes opgeoffer. Jesus is gekruisig en begrawe, maar op die derde dag het God Hom uit die dood opgewek. As gevolg van sy

opwekking hoef niemand ooit weer vir die dood bang te wees nie!

Abraham het 'n engel geroep om my metgesel te wees. Die engel het my na die kleedkamer geneem en ek het my pragtige hemelse kleed aangetrek en my kroon op my hoof geplaas. Daarna het die Here my weer na die dammetjie geneem.

Ek begin elke keer sing en dans wanneer ons die dammetjie besoek, maar hierdie keer wou ek net huil. Die Here het geweet hoe hartseer ek is. Hy het my langs Hom laat sit en het begin gesels.

DIE VALLEI VAN DIE DOOD SE SKADUWEE

Jesus het aangevoel dat ek hartseer was oor my ouers en geliefdes wat in die hel is.

'My dogter,' het Hy gesê, 'Ek weet hoe jy oor jou geliefdes voel wat jy in die put gesien het. Ek wens dit was nie nodig om jou hierdie dinge te wys nie, maar Ek wil verhoed dat iemand van my kinders na die plek waar jou geliefdes is, moet gaan. Ek wys jou hierdie dinge sodat die mense wat my waarskuwings nodig het, gered sal word!'

Die Here het toe my hand geneem en ons het teruggekeer na die plek waar ek Abraham ontmoet het. Weer eens het ons verklee en het Hy my na nog 'n hoë berg geneem. Van daar kon ek afkyk op nog 'n eindelose vallei waar 'n klomp mense in gryskleurige klede in 'n klaarblyklik neerslagtige bui rondgedwaal het. Die klede het my herinner aan dié wat hospitaalpasiënte dra.

Die mense het swak en verlore gelyk en hulle gesigte was so grys soos hulle klere. Hulle het na die grond voor hulle voete gestaar soos hulle doelloos en wanhopig in sirkels geloop het. Daar was baie mans, maar baie min vroue.

'Wie is hierdie mense, Here?'

'Hulle is sondige "Christene".'

'Wat gaan van hulle word?' het ek hardop gewonder.

'Die meerderheid van hulle sal na die oordeelsdag na die see van vuur gaan.'

Ek het gewonder waarom hierdie mense hier was en toe onthou ek dat hulle vallei na die brandende put lei. Hierdie sogenaamde 'Christene,' wat nie regtig die Here ken nie en wat voortdurend en wetend gesondig het, maar dit nie voor hulle dood berou het nie, sou vir altyd verlore wees.

Romeine 1:29–32; Galasiërs 5:19–21 en Openbaring 21:8 gee voorbeelde van sulke Christene se lewenswyse. Iemand het eenkeer vir my gevra hoe sondige Christene die hemel kan binnegaan. Ons moet almal op die oordeelsdag voor Christus verskyn om te ontvang wat ons toekom vir die dinge wat ons gedoen het terwyl ons op aarde was, hetsy goed of sleg (sien 2 Kor 5:10).

'My dogter, daarom hou Ek aan om jou van die belang van gehoorsaamheid en reinheid te vertel,' het Jesus gesê.

Skielik het ek besef dat ons elke keer oor die goue brug geloop het wanneer ons na die pragtige plekke van die hemelse koninkryk gaan kyk het, maar wanneer ons na die afgryslike plekke gaan kyk het, het ons op verskillende paaie geloop. Hierdie paaie was almal buite die hek van die hemelse koninkryk.

DROEFHEID EN VREUGDE

Nadat ek dit besef het, het beter verstaan waarom ek eers voorberei moes word voordat ek 'n ander deel van die koninkryk kon sien. Dit was dus nie nodig om ander klere aan te trek as die Here my na die aardse strand geneem het nie. By hierdie geleentheid het ons op die sand gaan sit en ek het oor alles gedink wat ek ervaar het. Ek het begin huil toe ek dink aan alles wat ek in die put en die vallei gesien het. Die Here het my hand in syne geneem en gesê: 'Moenie huil nie, My dogter.'

Dit was die moeilikste van alle opdragte om te gehoorsaam, maar ek het myself teen die verskriklike herinneringe verhard, my trane gesluk en die Here oor al die onbeantwoorde vrae in my gedagtes gevra.

'Here, ek weet niks en ek is nie belangrik nie. Hoe kan U my gebruik?'

'Mense mag dalk dink dat jy onbelangrik is, maar Ek wil hê jy moet

weet jy is my spesiale dogter. Ek behandel jou soos my vriend en Ek vertrou jou onvoorwaardelik. Moet oor niks bekommerd wees nie. Ek sal vir alles sorg.'

'Wanneer keer U terug aarde toe om ons huis toe te neem?'

'Jy het die koninkryk gesien. Alles is gereed en daarom is Ek haastig dat almal vir My gereed moet wees. Daarom wil Ek hê dat jy hierdie taak vir My kinders moet doen. Jy het 'n spesiale salwing ontvang om dit te doen, so moenie sê dat jy nie belangrik is nie. Ek sal jou meer seën as wat jy ooit gedink het moontlik is.'

'Here, U weet dat ek U liefhet, maar ek kan nie my ma se gesig vergeet nie. Ek kan nie vergeet hoe verwring van pyn haar gesig in die hel was nie. Ek wil dit nie meer onthou nie.'

Die Here het aan my oë geraak en van daardie oomblik kan ek nie meer my ma se gesig onthou nie. Selfs soos ek hierdie woorde skryf, kan ek nie haar gesig sien nie. Ek kan net onthou dat ek eenkeer haar gesig in die put gesien het en dat dit 'n angswekkende ervaring was.

Jesus het toe gesê: 'Ek weet jy is moeg. Ons praat weer later.'

Ons het opgestaan en Hy het my omhels voordat Hy vertrek het. My liggaam het so hard geskud toe die Here my vashou dat dit gevoel het asof ek in stukkies sou breek. Elke keer wat Hy aan my getransformeerde liggaam raak, ervaar my fisiese liggaam die krag van sy aanraking. Elke senuwee en spier in my liggaam bewe en ruk dan. Die oomblik wat Hy weggaan, hou my liggaam op ruk.

Daardie oggend het ek kerk toe gegaan en die teenwoordigheid van die Here ervaar. My liggaam het regdeur die diens geruk. Ek kon die Here sien waar Hy langs die pastoor gestaan het. Gedurende die aanbiddingstyd het die Here voor in die kerk rondgeloop. Dit was wonderlik om sy gloeiende teenwoordigheid in die kerk te sien. Regdeur die diens het ek trane van liefde en vreugde gestort. My hart het met hamerslae geslaan soos ek oor die grootsheid van die hemelse koninkryk gedink het. Die salwing was so swaar oor my dat ek nie kon staan nie. Ek kon nie eers die pastoor hoor preek nie, want my liggaam was vuurwarm en het as gevolg van die Here se teenwoordigheid geskud.

Die mense in my kerk verstaan wat met my aan die gebeur is en hulle is baie ondersteunend. Voorheen sou ek my skaam oor so 'n fisiese manifestasie in die openbaar, maar ek was gelukkig omdat ek geweet het dit is 'n gawe van God. Hy was besig om my voor te berei om Hom te dien op maniere wat ek nie gedink het moontlik is nie. Ek wil nie hê dat sy kragtige teenwoordigheid in my lewe ooit verdwyn nie.

DIE VERDRUKKING

Op 4 Maart het die Here my van 02:30 tot 05:05 besoek. My liggaam het vir twintig minute geskud. Die Here het my na die gewone strand geneem en ons het by die berg opgestap na die groot klip waar ons die vorige keer gesit het.

Vir die eerste paar minute het alles normaal gelyk, maar skielik het ek opgelet dat die berge waar die vure die vorige dag gebrand het, nou geskroeide, verkoolde hope as en rommel was. Die hele area was 'n groot, swart gat van verwoesting. Die strand, waar die mense die vorige dag gehardloop en geval het, was vol swart kolle. Ek het aangeneem dat hierdie merke die verkoolde oorblyfsels van die mense wat in die vure gesterf het, verteenwoordig het.

Die see, wat voorheen met brandende bloed gevul was, was nou 'n groot, leë sinkgat en verby herkenning verskroei. Na 'n paar oomblikke se waarneming van hierdie toneel van uiterste verlatenheid, donkerheid en verwoesting, het die see en die omliggende omgewing weer normaal geword.

Ek het God se Woord bestudeer om te sien wat dit oor hierdie tipe verskynsel sê. In Openbaring 8:8 het ek die volgende woorde gelees, 'Iets soos 'n groot vuurspuwende berg is in die see gegooi. 'n Derde van die see het bloed geword.' Openbaring 16:3 verwys na die see wat soos bloed word: 'Die tweede engel het sy bak in die see uitgegooi. Dit het bloed geword soos die bloed van 'n dooie, en alles wat in die see lewe, het doodgegaan.' God het my die dinge gewys wat reeds in sy Woord beskryf is.

'Wanneer gaan dit alles gebeur?' het ek die Here met groot nuuskierigheid gevra.

'Met die verdrukking.'

'Here, wanneer sal die verdrukking gebeur?'

'Nadat ek my kinders na my koninkryk gebring het. Wie ook al my boek gelees het en my profete glo, behoort kennis te dra oor die dinge van die einde van tyd. Al die dinge wat Ek jou op hierdie strand gewys het, sal binnekort gebeur.'

Ek kan aanvoel dat die Here ons binnekort kom haal en daarom gebeur daar tans soveel ongewone dinge in die wêreld. Een kyk na dagblaaie se opskrifte dui dat dit ooreenstem met hierdie waarneming. Aardbewings, ander natuurlike rampe (insluitende orkane, tornado's, tifone, vure, vloede en sneeustorms), geweld, wetteloosheid, plae, terrorisme en baie ander verskynsels vind met groter intensiteit en gereeldheid as ooit tevore plaas, net soos die Bybel voorspel.

Jesus het vir sy dissipels gesê:

> Julle sal die rumoer van oorloë en gerugte daarvan hoor. Pas op, moenie verskrik wees nie. Dit moet gebeur, maar dit is nog nie die einde nie. Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander; daar sal op baie plekke hongersnode en aardbewings wees. Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd. Die mense sal julle oorhandig om mishandel te word, en hulle sal julle doodmaak. Julle sal deur al die nasies gehaat word omdat julle my Naam bely. In daardie tyd sal baie mense van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat. Daar sal baie vals profete kom, en hulle sal baie mense mislei. Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel. Maar wie tot die einde volhard, sal gered word. En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom.
>
> – MATTEUS 24:6–14

Hierdie is die gebeurtenisse wat die Here reeds vir my gewys het. Ek wens ek kon die duidelikheid en werklikheid daarvan aan almal verkondig op dieselfde manier wat daardie tonele by my gedagtes ingeprent is. Jesus se woorde is waar en sy profesië sal binnekort waar word!

DIE PLEK VAN LEWENDE WATER

In die boek van Openbaring praat die Bybel van die 'water van die lewe': 'Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit. Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte' (Op 22:1–2).

Nadat die Here my na die hemel geneem het, het ons reguit na die wit gebou gegaan. Die engel het my na die kleedkamer geneem en ek het verklee. Ek het die Here gesien wat ook sy hemelse gewaad aangehad het toe ek uitkom. Hy het my na sy troon geneem en gesê ek moet op 'n stoel langs Hom sit. Dit was die eerste keer dat die Here my langs Hom laat sit het.

Die mans wat voor ons gesit het, het ook pragtige mantels en krone gedra. Ek het opgelet dat hulle baie waardig en belangrik gelyk het.

'Here, wie is hierdie mans?'

'Ek het hulle my heilige woorde gegee en hulle het dit getrou in my boek opgeteken.'

Hy het na 'n groot swart Bybel in die hoek van die vertrek gewys. Die bladsye van die Bybel het self omgeblaai, asof 'n ligte briesie daardeur geblaai het. Ek was verbaas, maar het toe besef dat die wind van God se Gees deur die bladsye van die heilige Woord ritsel.

Die mans het stadig uit die vertrek begin loop en 'n engel het my na die kleedkamer geneem sodat ek 'n gewone kleed kon aantrek. My liggaam het die vorm van 'n tiener aangeneem. Ek het onthou dat 'n mens nooit in die hemel oud word nie. Hierdie gedagte het my verheug en met verwondering gevul.

Ons het oor die goue brug geloop en langs 'n heuwel by 'n pragtige vallei gestap. 'n Goue heining het 'n grens rondom die hele area gevorm. Die heining het verskeie hekke, wat na-aan mekaar was, gehad. Daar was bome wat naby die heining gestaan het en pragtige geel blomme het langs die bome gegroei. Daar was ook 'n pragtige rotstuin wat na 'n kristalhelder rivier gelei het.

Die bome het pers vrugte gedra. Die Here het een gepluk en vir my gegee om te eet. Hy het ook een geëet. Die rivier was smal, maar dit het eindeloos gelyk soos dit deur die vrugbare vallei gekronkel het. Niks op aarde nie, nie eers die Rocky Mountains of die vrugbare vlaktes, kon met die paradys voor my vergelyk word nie.

'Wat is hierdie plek, Here?'

'Dit is die plek van die lewende water. Wil jy iets drink?'

'Ja, Here.'

Hy het afgebuk en sy hande bymekaar gehou en dit vol skoon, suiwer water gevul. Hy het uit sy hande gedrink en aangedui dat ek dieselfde moes doen. Ek het afgebuk en my hande volgemaak en die heerlike varsheid gedrink. Dit was die soetste water wat ek nog ooit geproe het.

'Hou jy van hierdie water, my dogter?'

'Dit is heerlik, Here.'

'Nou gaan Ek jou na 'n baie spesiale plek neem.'

DIE DEFTIGE WONING

Ek het gewonder waarheen ons oppad was toe Hy my hand in syne neem en begin stap. Hy het my na die kasteel wat ons die vorige dag besoek het, geneem. My hart het van verwondering gesing. Hoe kon enigiets so mooi wees?

Ek was verwonder oor die goue strate en ek was so gelukkig terwyl ons deur hierdie plek wat die Here vir sy kinders voorberei het, gestap het. Die straat het glyerig en glad gelyk omdat dit so geblink het, maar dit het normaal gevoel wanneer 'n mens daarop loop. As gevolg van sy

helderheid, het die straat soos 'n binnenshuise ysskaatsbaan gelyk. Dit het gelyk asof sonlig ooral weerkaats het.

Ek is so gelukkig wanneer ek saam met die Here in die hemel is. Daar is geen woorde om dit te beskryf nie, dit is 'n gevoel van onbesorgdheid en vreugde gemeng met standvastige sekuriteit.

Ons het verby deftige wonings en kastele geloop. Elkeen was nog meer voortreflik as die vorige een. Die Here het nadruklik voor hierdie wonings gestop. Ek het geweet dat Hy my binne sou neem en ek was verskriklik opgewonde. My hart het onbeheers gehamer toe ons by die trappe opstap.

My oë was vasgenael op die deurknop, wat van goud gemaak is. Toe sien ek 'n goue plaatjie op die deur. Daarop was 'n naam gegraveer en vinnig het ek besef dat dit my naam was. Ek het amper van verrassing flou geval. 'Choo Nam' was in deftige letters geskryf. Dit was die plek wat Jesus vir my voorberei het! Ek was verstom. Dit was te goed om waar te wees. Ek het voor die deur van 'n koninklike paleis in die hemel gestaan en my naam was met goud op die pragtige deur gegraveer! Dit was te veel om in te neem. My kop het van verwondering gedraai. Hoe kon dit waar wees?

Ek het trane van dankbaarheid en vreugde gestort soos my hart van liefde en bewondering vir die Here oorstroom het. Ek het nooit regtig sulke wonderlike goed van die Here verwag nie. Ek het altyd gevoel dit sou goed wees as Hy net van my bestaan bewus is, maar nou het Hy letterlik sy seëninge oor my uitgestort. Ek het die water van die lewe geproe en ek het geweet dat ek nooit weer dors sou wees nie. Ek het die pers vrugte van die paradys geproe, en ek sou nooit weer na aardse kos hunker nie.

Ek was saam met Jesus, my Here en Meester, en Hy het my na die deftige woning geneem wat Hy vir my voorberei het. Ek het openlik gehuil toe die Here my by die huis inneem. Hy het gesê: 'Moenie huil nie, my dogter. Ek wil hê jy moet gelukkig wees.'

Geestelike liedjies het uit my hart opgeborrel toe ons oor die drumpel van die huis stap. Ek het steeds trane van vreugde en dank-

baarheid gestort. Ek was verstom oor die skitterende mure waarmee die gang van my huis uitgevoer is. Ek was mal oor die rooi en roomkleurige mat met ronde patrone. Die rooi fluweelstoele, so klassiek en gesofistikeerd, was soos dié wat ek nog altyd in my huis wou hê. Die rooi gordyne was die mooiste wat ek nog ooit gesien het.

Die Here het op een van die fluweelstoele gaan sit toe ek by die trappe op stap. Ek het elke oomblik in my huis geniet. Die slaapkamer het wit matte gehad en die bed se kopstuk was silwer met blou edelstene al langs die rand.

Die spieël op die spieëlkas het ook blou stene gehad en dit het die spieël se helderheid beklemtoon. In die badkamer was daar 'n silwer bad wat met kosbare juwele in elke denkbare kleur versier was.

Ek het gesing terwyl ek binne my huis rondgestap het. Ek het soos 'n prinses in 'n sprokiesland gevoel. Maar ek het geweet dat dit nie denkbeeldig was nie. Dit was meer werklik as wat ek ooit kon voorstel. Ek het nog altyd in 'n hemelse paradys geglo, maar ek was nog nooit heeltemal seker dit bestaan wel nie. Nou het ek sonder enige twyfel geweet die hemel is 'n werklikheid en ek wou dit aan almal op aarde verkondig.

Na etlike oomblikke van wonderlike vreugde het ek met die trappe afgeloop na waar die Here gesit het. Hy het opgestaan en gevra: 'Is jy gelukkig, Choo Nam?'

Ek weet die Here was gelukkig omdat Hy my die huis gewys het.

'Ja, ek is baie gelukkig en baie dankbaar vir alles wat U vir my gedoen het,' het ek reageer, 'maar ek voel nog steeds dat ek nie hierdie wonderlike seëninge verdien nie. Ek het regtig nog niks vir U gedoen nie, Here, maar ek wil U altyd dien en U gelukkig maak.'

'Jy het My reeds gelukkig gemaak, my dogter. Jy is vir My 'n baie spesiale dogter en Ek wil jou seën.'

'MY KINDERS IS NIE VIR MY GEREED NIE'

Ons het die huis verlaat en oor die goue brug na die wit gebou geloop. Daar het ons pragtige mantels en krone aangetrek voordat ons die

dammetjie besoek het. Ek was so vreugdevol dat ek gesing het nog voordat ons by die dammetjie gekom het.

Ons het gesit en vir 'n tydjie gesels en ek het besef dat ek die mees bevoorregte mens is wat nog ooit geleef het. Die Here het my gepeins met 'n dringende boodskap onderbreek,

'Choo Nam, Ek het alles vir my kinders voorberei. Ek is haastig omdat my koninkryk reeds lankal gereed is, maar so baie van my kinders is nie vir My gereed nie, want hulle is te lief vir die wêreld.'

'Daarom moet jy vir My 'n boek skryf. Ek weet dit is vir jou uitputtend, maar hierdie taak moet binnekort gedoen word.'

'Here, ek is so verwonderd oor alles wat U reeds vir my gewys het. Indien ek van so 'n boek gehoor het, sou ek dit graag wou lees omdat ek U so lief het.'

'Ek weet, my dogter,' het Hy glimlaggend gereageer. 'Daarom is Ek so haastig. Die verkondiging van die evangelie is die belangrikste ding in die wêreld. Ek wil hê dat al my kinders moet weet dat my koms binnekort sal gebeur.'

Ek het aan sommige van die woorde waarmee die Bybel eindig, gedink en met my hele hart saamgehuil: 'Self al is dit so, kom, Here Jesus.'

Maranata! Die Here kom regtig binnekort.

Hoofstuk 8

Voorbereiding vir diens

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

– Romeine 12:1–2

My bonatuurlike ervarings was wonderlik verfrissend en ietwat uitputtend. Die Here het die tol wat dit van my liggaam en gesondheid geëis het, besef. Die rukking wat my liggaam moes deurgaan was deel van die voorbereiding vir my diens. Die fisiese manifestering van God se bonatuurlike werk in my lewe, sowel as die gekreun wat uit my gees gekom het, het 'n effek op my liggaam gehad.

Nadat my liggaam vir twee of drie ure intens gebewe het, word ek duiselig. Dit voel asof my gedagtes in die rondte draai en ek raak dan baie lighoofdig. Soms is hierdie sensasie so sterk dat ek nie kan loop nie.

Die krag van die Here se salwing in my lewe het my daarvan weerhou

om baie te eet, soms vir periodes van etlike dae op 'n slag. Die tekort aan slaap en voedsel het my swak en uitgemergel laat voel. Teen daardie tyd het ek reeds twee en 'n half kilogram verloor. Ek was dikwels naar en het gereeld maagpyn en pyn in my gewrigte ervaar. Voordat die Here my verlaat, het Hy my van my pyne genees.

Hy hou my vas en met 'n enkele aanraking van sy hand neem Hy die pyn weg en hou ek op ruk. Gewoonlik sou Hy teer woorde van besorgdheid sê wat my help om te weet dat Hy werklik verstaan het hoe moeg ek was. Dit is wonderlik om te weet dat Hy omgee oor alles wat op sy kinders betrekking het – ons pyne en skete, ons bekommernisse, ons moegheid, ons hoop en drome.

Die skrywer van Hebreërs verduidelik hoe dit moontlik is:

> Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.
>
> – HEBREËRS 4:14–16

Jesus het getreur. Hy het die pyn van alleenheid en verwerping geken. Hy het versoeking in die gesig gestaar. Hy het met die wil van God geworstel. Hy het angs en vrees ervaar. Maak nie saak wat ons ondervind nie, Hy het dit ook al beleef. Maar die belangrikste is dat ons Hoëpriester hier by ons is. Hy bid vir ons. Hy dra ons laste. Jesus verstaan werklik.

Hy het geweet dat baie dinge in my innerlike lewe genees moes word voordat ek effektief in die bediening wat Hy vir my beplan het, gebruik kon word. Hy het reeds verduidelik dat Hy sommige dinge herhaal sodat ek dit regtig kan verstaan. Hy het my herhaaldelik na sommige van die hemelse plekke geneem sodat ek hulle realiteit heeltemal kon begryp en hulle onthou. Ek beklemtoon dat my lig-

gaam so geweldig in sy teenwoordigheid geruk het omdat Hy besig was om sy krag in my te stort.

Hy was besig om my voor te berei vir 'n wêreldwye bediening van evangelisasie en genesing. Dit sou begin met die boek wat jy nou in jou hande vashou.

DIE GROOT, SWART BYBEL

Op 5 Maart het die Here my van 01:50 tot 04:20 die oggend wakker gehou. My liggaam het gedurende hierdie proses vir ongeveer 25 minute geskud. Daarna het die Here my na die strand geneem ter voorbereiding van my volgende besoek aan die hemel.

Ons het weer die wit gebou en die kleedkamer besoek. Ons het ons hemelse klere en krone gedra. Daarna het ons na die troonkamer gegaan en die Here het sy plek ingeneem en aangedui dat ek op 'n stoel langs Hom moet sit. Die mans voor ons het krone soortgelyk aan my eie gedra.

'Wie is hierdie mense?' het ek gevra.

'Hulle het my Woord geskryf,' het die Here geantwoord.

Ek het na elke gloeiende gesig gekyk en probeer raai wie elkeen was. Die apostels Johannes, Matteus, Lukas, Markus, Jakobus, Petrus en Paulus het reg voor my gesit. Die profete Jesaja, Jeremia, Joël, Miga, Maleagi, Daniël, Obadja, Hosea en vele ander, was ook daar.

Ek het gedink dat Moses en Josua ook in die skare moes wees; asook Nehemia, Job, Dawid, Salomo, Esegiël, Nahum, Jona en Sagaria. Ek het gewens ek het tyd om met almal te gesels. Ek sou vir Jona vra hoe dit gevoel het om in 'n vis se maag te wees. En vir Daniël sou ek vra hoe dit gevoel het om in die leeukuil te wees. Ek sou graag wou hoor hoe Dawid sy ervaring met Goliat beskryf.

Toe dring dit tot my deur: eendag, in die nabye toekoms, sal ek die hemelse woning wat Jesus vir my voorberei het, opneem en ek sal blywende kameraadskap met die heiliges van ouds hê! Dan kan ek hulle al hierdie vrae vra. Hulle sal dan al my vrae beantwoord.

Paulus het geskryf: 'Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken' (1 Kor 13:12). Ek het steeds nie begryp hoekom ek gekies is om so baie voor my tyd te ontvang oor die dag wanneer ons die Here sal ken soos Hy ons reeds ken nie. Tog het ek geweet dat ek 'n ongelooflik spesiale genade gegun is om so baie dinge te sien. Ek het ook geweet dat hierdie spesiale voorreg nie net myne was nie. Dit was ook vir almal sodat soveel mense as moontlik gered kon word.

Die groot swart Bybel wat ek op 'n vorige geleentheid gesien het, was direk voor my. Dit het gestraal met die krag van die Heilige Gees wat met my hart gepraat het: 'Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk' (2 Tim 3:16–17).

Ek het gesien dat die skrywers wat geïnspireerd was om die Bybel te skryf, notaboekies by hulle het. Ek het besef dat die Here my weer hierdie toneel wys sodat ek die belang van sy Woord in my lewe ten volle begryp. Hy wou hê dat ek sy Woord moes lees en bestudeer en notas neem terwyl ek daarop fokus.

My Here en Meester het die volgende van my verwag: 'Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges' (Ef 6:17–18). Die grootsheid van die Bybel voor my het my herinner dat die Bybel selfs van groter belang in my lewe moes wees. Dit is die grondslag waarop my bediening gebou sou word en waarvan dit van stapel gestuur sou word.

'N GETRANSFORMEERDE LIGGAAM

'n Engel het my na die kleedkamer geneem en ek kon my weerkaatsing duidelik in die groot, helder spieëls sien. Ek was getransformeer! My

nuwe liggaam was soos die een van my tienerjare. Ek was jonk, mooi en vol lewe. Ek was elke keer geskok wanneer ek die transformasie gesien het! Maar dit was 'n herinnering dat ek 'n nuwe liggaam sou hê wanneer ek uiteindelik hemel toe gaan.

Ons nuwe, hemelse liggame sal nooit oud word nie. Hulle sal nie pyn ervaar nie. Daar sal geen plooie op ons gesigte wees nie. Ons tande sal wit en reguit wees. Ons hare sal nie grys word nie. Die gloed van jeugdigheid sal in ons oë gloei. Ons postuur sal regop wees. Enige gestremdhede wat ons op aarde gehad het, sal verdwyn. Ons sal in elke aspek nuut wees en dit sal wonderlik wees!

DIE LEWENDE, VLOEIENDE WATERS

Ons het verklee, voordat ons oor die goue brug en deur 'n groen vallei gestap het. Ons het 'n pragtige pad, wat begrens was met 'n goue heining en baie hekke, gevolg. Ek het die nou reeds-bekende vrugtebome en geel blomme gesien. Daar was pragtige klippe oor die velde gestrooi en die vinnig vloeiende, kristalhelder rivier was naby.

'Daardie water is lewende water,' het die Here uitgewys. Dit was die tweede keer wat ek hierdie pragtige rivier sien. Die vorige keer het ek selfs die soet, suiwer water geproe.

Die rivier van die lewe was smal, maar dit het nie gelyk asof dit ooit kon eindig nie. Terwyl ons na die naaste hek geloop het, het die Here vir my gevra of ek weer van die water van die rivier van die lewe wil drink. Ek het my kop geskud, want ek wou nie van sy genadige goedheid misbruik maak nie. Ek was ook gretig om die volgende besienswaardigheid te sien, want ek het gehoop ons sou weer na die huis wat die Here vir my voorberei het, besoek.

Ons het in die rigting van my paleis geloop en toe ons daar aankom, het ons na binne gestap. Die Here het op dieselfde stoel waarop Hy op ons vorige besoek gesit het, gaan sit. Hy het gretig gelyk dat ek my toekomstige woning verder ontdek.

Ek het na dieselfde kamers wat ek voorheen besoek het, gegaan. Ek het my ingedink hoe dit moet wees om hier te woon. Die silwer

slaapkamerstel met pragtige edelstene en die pragtige kleedkamer, die pragtige gordyne en matte, die glinsterende mure – alles was herinneringe aan dit wat Jesus vir my gedoen het. Hy het my alles weer gewys sodat ek dit in my geheue kon vaspen en sodat ek dit regtig kan glo.

Ons het my huis verlaat en teruggestap na die wit gebou, waar ons weer eens verklee het. Daarna het ons na die rustige dammetjie gegaan. Die Here het sy gewone plek op die soliede klip ingeneem.

Hy het gesit, maar ek kon my nie beheer nie. Ek het begin dans en sing met die grootste vreugde wat ek nog ooit ervaar het. Van my hemelse uitkykplek kon ek my fisiese liggaam op die bed sien lê. My fisiese liggaam en my hande het beweeg. Die Here het tevrede met my gelyk en Hy het vir my geroep om langs Hom te kom sit.

HEELHEID EN GENESING

Ek het geweet dat die Here nog baie in my lewe moes doen voordat ek gereed sou wees om die roeping wat Hy my gegee het, te vervul. Daar was dinge uit my verlede wat my minderwaardig laat voel het. Hy was daarop gefokus om my te help om vertroue te kry, eers in Hom en dan in myself.

'My dogter, Ek het jou die belangrike dele van God se koninkryk gewys en Ek wil hê dat jy almal vertel wat jy gesien het. Ek weet Ek het jou vandag dinge gewys wat jy al vantevore gesien het. Wanneer jy jou taak vir My doen sal baie mense daardeur gered word. Die boek sal regoor die wêreld gelees word.'

'Maar Here, ek is niemand. Hoekom het U my gekies?

'Choo Nam, ek het jou vir hierdie Eindtydwerk geskep. Ek sal jou bekend maak. Ek weet jy neem alles in wat Ek jou leer. Ek weet jy sal getrou bly aan My.'

'Wie gaan die boek skryf,' het ek gevra. 'Ek probeer om alles neer te skryf wat U my sê om te doen en ek beskryf die dinge wat U my wys, maar ek weet nie regtig hoe om 'n boek te skryf nie.' (Eintlik het ek

heeltemal geïntimideerd gevoel deur die blote idee daarvan!) 'Here, ek het nie genoeg kennis of geleerdheid om 'n boek te skryf nie.'

'Jy hoef nie te weet hoe om 'n boek te skryf nie. Skryf net neer wat Ek vir jou sê en wys. 'n Skrywer sal die boek vir jou skryf. Dogter, moenie bekommerd wees nie. Ek sal iemand lei om dit wat jy neergeskryf het, te herskryf. 'n Geesgevulde skrywer sal hierdie werk vir jou doen.'

Hierdie nuwe inligting het my gerus gestel. Stadigaan het ek geleer om op die Here, in plaas van myself, te steun. 'n Skrifgedeelte het by my opgekom: 'Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop' (Spr 3:5–6).

My probleem was nie om die Here te vertrou nie. Hy het reeds sy getrouheid op baie uitsonderlike maniere aan my gewys. My probleem was om myself te vertrou. Ek was sedert my kinderdae nog altyd bang om die voortou te neem. En nou moes ek 'n boek skryf en 'n wêreldwye bediening van stapel stuur! Ek was bang.

Die Here het toe gesê: 'Jy sal ryk word en Ek wil hê jy moet dit gebruik om vir My 'n kerk te bou.'

'Maar ek kan nie preek nie, Here.'

'Jy hoef nie te preek nie.'

Die gekreun diep in my gees het na vore gekom. Ek het geweet 'n spesiale salwing gaan volg. Iets meer duidelik as 'n normale toneel het voor my verskyn.

Dit was 'n visioen van 'n kerk – 'n wit kerkgebou met 'n baie hoë kloktoring. Die dubbeldeure waar 'n mens die kerk binnegaan, was pragtig. Die kerk was versier met dieprooi stoele en matte. Ek kon sien dat baie aktiwiteite en funksies in die vleuels van die kerk, plaasvind. Die kerk was vol mense en ek het gesien hoe sommige mense die kerk met rolstoele binnekom en uitloop. Daar was ongelooflike vreugde op hulle gesigte omdat hulle volkome genees is. Die visioen het genesing vir my wonde en vrese gebring. God wou hê dat ek heel moes wees, net soos die mense in die visioen. Hy was besig om my toe te rus vir

die bediening waarvoor Hy my geroep het.

'Hou jy waarvan jy sien?' het die Here gevra.

Ek het vir Hom geglimlag en gesê: 'Ja.' Ek was meer opgewonde as wat ek nog ooit was.

Daarna het Hy iets herhaal wat vir Hom lewensbelangrik was: 'Voor Ek my kinders kom haal, sal die helfte van die ongelowiges gered word.'

'Wanneer gaan U ons kom haal?' het ek weer gevra en op 'n meer presiese, definitiewe antwoord gehoop.

'Ek het vir jou gesê dat dit binnekort sal wees. Het jy nie gesien dat alles reeds vir almal voorberei is nie?'

Dit, het ek geweet, is presies waarom die Here my verseie kere na die hemel geneem het, sodat ek kon sien dat Hy sy werk byna voltooi het. Sy koms is regtig naby. Dit is die boodskap wat verkondig moet word. Dit is die tema van hierdie boek en my lewe.

Jesus wil hê almal moet weet dat die einde in sig is. Hy het reeds 'n ewige tuiste vir dié wat in Hom glo, voorberei. Dit is nie akkuraat om te sê dat Hy besig is om vir ons 'n plek voor te berei nie, want die plek is reeds voorberei!

Is dit nie ongelooflik om te weet dat die helfte van die ongelowiges gered sal word voordat die Here in die nabye toekoms terugkeer aarde toe nie? Miljoene mense sal die kerk van Jesus Christus binnegelei word en die kerk moet op hulle voorbereid wees.

Ek kan nie wag om die kerk van my visioen te begin bou nie. Ek het die visioen waarmee die Here my geseën het, aangegryp en daarmee op loop gegaan. My vertroue word al groter en sterker en al my innerlike onsekerhede, bekommernisse en vrese word deur die liefde van die Here geabsorbeer. Ek weet sonder enige twyfel dat die Here se liefde blywend is. Die koninkryk bestaan regtig en Hy sal getrou aan sy Woord wees.

Deur my ervarings in die hemel het ek geleer dat die Here die mense wat Hy roep, bekwaam maak. Hy vul die leë plekke en verskaf krag in ons swakhede. Ons is almal op een of ander manier gebreklik, net

soos die mense in my visioen se kerk. Maar God is in staat om krag aan die bene van verlamde mense te gee en soos Hy ons agterstande genees, kan ons in die nuutheid van die lewe wandel – in die krag van sy Heilige Gees. Op daardie vroeë oggend in Maart het ek 'n allesomvattende waarheid geleer: 'Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee' (Fil 4:13).

'N WELVERDIENDE BLAASKANS

Vir een en 'n half maande het die Here my in die vroeë oggendure wakker gemaak om my hemel toe te neem sodat Hy my kon voorberei vir die voorgenome taak. Ek was moeg en my liggaam was swak. Die Here het besef dat ek 'n behoefte aan meer slaap gehad het en het gesê, 'Dit is nou die laaste keer dat ek jou vanuit jou slaap sal wek om saam met My die koninkryk te besoek.'

My hart het in my skoene gesak soos ek gedink het dat sy wonderlike besoeke nou tot 'n einde sou kom. Maar Hy het voortgegaan: 'My dogter, Ek het jou vir eers genoeg gewys.' Ek het begin huil. Ek was geweldig hartseer. Ek wou vir altyd saam met die Here wees. 'Here, ek wil U nie verlaat nie,' het ek geprotesteer.

'Ek sal oral saam met jou wees. Jy sal My sien en my stem hoor.'

Hy het my omhels en gesê: 'Choo Nam, Ek weet jy het rus nodig.'

Ek het my behoefte aan rus erken, maar my behoefte om met die Here te wees, het my fisiese behoeftes oortref. My geestelike behoeftes was baie belangriker as my fisiese behoeftes. Ons het die dammetjie verlaat en teruggestap na die wit gebou. Daar het ons ons gewone klere aangetrek. Daarna is ons na die strand terugvervoer waar ons vir 'n rukkie gesit en gesels het.

'Ek weet hoe moeg jy nou is, so Ek sal jou nie weer wakker maak nie. Jy moet vir 'n rukkie rus.'

'n Gevoel van neerslagtigheid het gedreig om my te oorval toe die Here hierdie woorde, wat ek nie wou hoor nie, sê. Maar Hy het verduidelik wat Hy daarmee bedoel het, 'Ek sal jou weer later na die

koninkryk neem, maar vir eers moet jy rus.'

Ek kon nie ophou huil nie, selfs met hierdie versekering. Ek was werklik verslae oor die gedagte dat Jesus sou weggaan en dat Hy vir 'n lang tyd kon wegbly. Ek was so lief vir Hom en die gedagte aan sy vertrek het my leeg en ietwat onseker laat voel.

Ek het my ingedink hoe dit vir die dissipels moes gevoel het om hulle Here en Meester te groet. Hoe moes sy moeder, Maria, gevoel het toe Hy gekruisig, oorlede en begrawe is? Hoe het sy gevoel toe Hy na die hemel opgevaar het? Dit was die eensaamste gevoel in die wêreld.

Teen hierdie tyd was my gedagtes elke oomblik van die dag gevul met Jesus en die hemel. Vir meer as een en 'n half maande was ek daagliks in die Here se geselskap. Ek was in die hemel en het die strate van goud, die huise op die heuwel en die rivier van die lewe gesien. En ek het selfs die soet water van die lewe geproe.

Ek is deur engele vergesel en het kameraadskap met die heiliges, martelaars, apostels en profete gehad en saam met hulle aanbid. Ek het die ewige woning wat die Here vir my voorberei het, aanskou en beleef. Ek sou nooit weer dieselfde kan wees nie. Niks in hierdie wêreld kon met die hemel, my werklike tuiste, vergelyk word nie.

Ek het die put van hel gesien – die woedende vuurpoel van geweld, korrupsie en vernedering. Ek het die tekens van die einde van die tyd voor my oë sien ontvou soos 'n lewendige fliek oor wat nog moes kom. Maar die belangrikste is dat ek saam met Jesus was. Die lewe het vir my 'n nuwe betekenis gekry. Ek het 'n doel, 'n missie en 'n roeping gehad. Ek het 'n visioen gehad van dinge wat God vir my beplan het. Om te dink dat ek tyd aan slaap sou spandeer terwyl daar soveel was om te doen, was vir my heeltemal onverstaanbaar. Ek was regtig teleurgesteld.

Die Here en my getransformeerde liggaam het die strand verlaat en die rukking van my liggaam het opgehou. Ek het ophou huil toe ek besef wat Hy gesê het: 'Ek sal jou weer na die koninkryk neem.' Dit was genoeg. Alles sou reg wees.

Dit het my bygeval dat die rus wat ek moes inkry, deel was van die

voorbereiding wat Hy in my lewe gedoen het. Ek was daarvan bewus dat ek definitief die rus nodig het, want ek het by tye gedisoriënteerd gevoel.

Ek het aan 'n vers uit die Bybel gedink en dit het my met kalmte gevul: 'Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag' (Ps 23:1–3).

Die Here, my Herder, het toegelaat dat ek op groen weivelde neerlê, sodat ek nuwe krag kon kry – verdere voorbereiding vir die bediening wat voorlê!

'ALMAL SAL JOU KEN'

Die volgende oggend, 6 Maart, was moeilik, want ek het halfdrie die oggend wakker geskrik en verwag dat die Here daar moes wees. Ek het geglo wat Hy vir my vertel het, maar 'n deel van my het gewonder of Hy nie dalk tog sou kom nie. Ek het van halfdrie tot halfsewe vir Hom gewag en toe weer aan die slaap geraak. Teen halftien die oggend het ek weer wakker geskrik. Ek het besef dat die Here nie daar was nie. Ek het na Hom verlang en begin huil.

My liggaam het begin ruk en is vergesel deur die salwing van die Here. My gees het vir meer as vyftien minute gekreun. Daarna, soos voorheen, het die Here verskyn. Hy het by die venster langs die bed gesit.

Hy het gesê: 'My kosbare dogter, Choo Nam, Ek het jou gesê Ek sal altyd by jou wees. Jy kan My enige tyd sien wat jy wil en jy sal my stem hoor. Ek besoek jou nou omdat Ek weet jy My vanoggend verwag het.'

'Here,' het ek gesê, 'ek wil alles doen wat U van my verlang. Ek voel nog steeds asof ek niks weet nie.'

'Dit is presies waarom Ek jou gekies het. Moet nooit vergeet dat Ek vir jou sal sorg nie. Ek het jou hierdie spesiale gawe gegee omdat niemand jou ken nie. Binnekort sal almal jou ken.'

Dit was vir my moeilik om hierdie woorde te aanvaar. Almal sal my ken? Dit het so onwaarskynlik geklink, maar die Here, in sy genade en geduld, het besluit om my weer te besoek en hierdie gerusstellende boodskap vir my te gee. Hy het afgesluit deur die volgende te sê: 'Dogter, Ek wil hê dat jy moet rus.' Daarna het Hy die vertrek verlaat en my liggaam het ophou ruk.

Vir die volgende tien dae het ek elke aand vas geslaap sonder enige onderbrekings. Weer eens het die Here by sy beloftes gehou:

> Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie. Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.
>
> – HEBREËRS 4:9–13

Die Here wou hê ek moes rus want Hy was besig om my voor te berei vir 'n bediening wat baie ongelowiges in die koninkryk van die Here sou inlei. Die wete dat Hy sou terugkom om my weer na die hemel te neem, het rus aan my siel verskaf en ek kon werklik sy rus geniet. Ek het uiteindelik begin verstaan dat die boek wat ek sou skryf, die kerk wat ek sou bou en die bediening wat ek moes begin, sy werk was, nie myne nie. Hierdie besef het my siel vernuwe, my bekommernisse uitgevee en volkome vertroue in my hart gebring.

Die woorde van die psalmdigter van so baie eeue gelede, het in my geëggo: 'As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs' (Ps 127:1).

Jesus het my aan sy uitnodiging in Matteus 11:28–30 aan dié wat uitgeput en oorlaai is, herinner: 'Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer My ken, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.'

HOOFSTUK 9

BEKOMMERNIS IS 'N SONDE

Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

– FILIPPENSE 4:6–7

Na tien dae van rus, met goeie, vaste slaap elke aand, het ek geweet dat ek weer reg was om die Here te ontmoet en saam met Hom die hemel te besoek. Die idus van Maart, 15 Maart 1996, het aangekom, maar dit was nie iets om voor versigtig te wees nie; om die waarheid te sê, dit het my voorsien van die oomblik waarvoor ek gretig gewag het sedert die Here se vertrek ongeveer twee weke tevore.

Van 06:40 tot 08:40 het ek die Here se teenwoordigheid en nog 'n besoek aan die hemel geniet. Soos gewoonlik het my liggaam voor die Here se besoek geruk en ek het vir dertig minute gekreun. Toe het die Here voor my verskyn en gesê: 'My dogter, Ek sien jy is nou uitgerus. Ons het nog baie werk om te doen.'

Die Here van die hemel en aarde was besorg oor my, sy dogter en dienares. Hy het seker gemaak dat ek slaap inhaal voordat Hy my weer besoek het. Hy verstaan die beperkings van my liggaam en siel en Hy

gee werklik vir my om. Hy weet wat is goed vir sy kinders en Hy sal niks goeds van dié wat Hom liefhet, weerhou nie.

Na my laaste besoeke aan die hemel, het dit gevoel asof my liggaam buite beheer is. Ek was moeg van al die geruk en ek het omtrent heeltyd duiselig gevoel. Ek het vir twee weke lank elke aand net drie ure geslaap. Gedurende die dag was dit vir my onmoontlik om te slaap, want die Here se salwing met die Heilige Gees was te sterk.

Stadig maar seker het ek geleer hoe om die situasie te hanteer. Ek het saans vroeër in die die bed geklim om te verseker dat ek genoeg slaap inkry voor die Here my weer besoek. Op hierdie spesifieke oggend het die Here my getransformeerde liggaam na die strand geneem. Ons het eers langs die strand geloop en toe na die hemel gegaan. My hart was met vreugde en afwagting gevul toe ons wegvlieg.

Ons het by die gewone plek aangekom en na die wit gebou gestap. Teen hierdie tyd was ek al gewoond aan hoe dit daar lyk en die prosedures wat ons gewoonlik volg. Ons het ons hemelse klere aangetrek en die Here het my hand geneem om my na 'n wye pad te lei wat teen 'n ongelooflik hoë berg opgekronkel het.

Dit het baie soos die Cascade Berge, wat in die noordwestelike deel van Amerika is, gelyk en dit het my opgeval hoe baie die hemel soos die aarde lyk. Die hemel is mooier as enigiets wat ek al ooit gesien het.

Daar was baie blaarryke bome en bosse op die berg. Van die kruin kon ek 'n strand sien. Dit was 'n rotserige kus, baie soos die foto's wat ek al van Bar Harbor, Maine, gesien het. Alles het met 'n witheid gegloei wat ongelooflik helder en suiwer was. Ons het die berg afgeloop deur op die sand tussen die rotse te loop. Dit was die witste, skoonste sand wat ek al ooit gesien het. Die strand was die mooiste een wat ek al ooit gesien het.

Sommige van die rotse was so groot dat ek nie hulle bokante kon sien nie. Ons het rondom een van die rotse geloop en ek het 'n klomp mense met wit klere gesien. Elke persoon het kenmerkend anders as die ander in voorkoms gelyk en daar was baie kinders wat in die sand

gespeel het. Sommige kinders het aan die hande van volwassenes vasgehou en almal het op 'n spelerige, gelukkige manier rondgestap. Dit was wonderlik om 'n plek met sulke helderheid en vreugde te sien.

Ek en die Here het op een van die groot rotse gaan sit en die skoonheid rondom ons geniet. Hy het na my gedraai en gesê: 'Ek het baie dinge in die hemel soortgelyk gemaak aan dié op aarde sodat my kinders dit kan geniet wanneer hulle na my koninkryk kom, maar hier is ook baie dinge wat van die aardse dinge verskil. Ek het soveel opwindende verrassings vir my kinders.'

Hy het so gelukkig geklink, soos 'n ouer wat baie Kersgeskenke vir sy kinders gekoop het. Die Here wil hê dat sy kinders gelukkig moet wees, soos dié wat so vreugdevol in die sand gespeel het. Daarom het Hy die hemel geskep om so 'n wonderlike plek te wees. Dit sal vir ewig die huis van sy kinders wees.

'Hou jy van wat ek jou wys, Choo Nam?'

'Ja Here, ek het al baie strande op die aarde gesien, maar dit kan nie met hierdie strand vergelyk word nie.'

Ek kon agterkom dat my reaksie die Here verbly het. Daarna het ons die strand verlaat en teruggestap na die wit gebou. Ons het verklee in koninklike mantels en krone en die Here het my na die dammetjie, waar ons gewoonlik elke besoek aan die hemel afsluit, geneem. Die Here het op sy gunsteling klip gaan sit en ek het vreugdevol gesing en gedans in my getransformeerde liggaam. Die hande van my aardse liggaam het op die maat van die hemelse musiek se ritme beweeg.

'Daar is nog heelwat wat Ek jou wil wys, my dogter,' het die Here gesê soos ek nader aan Hom beweeg het. 'Jy moet geduldig wees.'

Dit was vir my goeie nuus, want ek het geweet dit beteken dat ek die hemel nog baie saam met die Here sou besoek. My hart het oorgeloop van vreugde terwyl ek by die wonderlike plek van vreugde naby die vreedsame dammetjie gedans het. Ek was in die Here se teenwoordigheid en die plek wat Hy vir my voorberei het. Ek was die gelukkigste persoon in die wêreld.

'HOU OP BEKOMMERD WEES!'

Trane van vreugde het by my wange afgerol en ek het gesê: 'Dankie Here, dat U my weer na die hemel gebring het.'

'My dogter, Ek het gesien jy is bekommerd oor alles wat Ek jou vra om te doen. Ek het jou al baie gesê om nie bekommerd te wees nie, dogter, en in daardie opsig is jy ongehoorsaam teenoor My.'

'Here, vergewe my, maar ek kan nie ophou om my te bekommer nie. Ek wil graag die taak verrig waarvoor U my geroep het. Ek wil dit doen soos U van my verwag en dit maak my bekommerd.'

'Van nou af moet jy oor niks bekommerd wees nie,' het Hy gesê. 'Ek sal vir alles sorg. Wees versigtig vir sommige mense, want hulle sal jou verkeerde raad gee. Daarom moet jy nie die dorp verlaat terwyl jy die boek skryf nie. Ek wil ook nie hê dat enigiemand, behalwe jou familie, jou tuis besoek nie.'

Die Here was meer uitdruklik in sy instruksies as ooit tevore. Ek het aandagtig geluister soos Hy voortgegaan het.

'Het jy opgelet dat niemand jou besoek het sedert Ek jou hemel toe geneem het nie?'

'Ja, Here. Elke keer wanneer ek iemand uitgenooi het om te kom kuier of planne vir geselskap gemaak het, het daar altyd iets voorgeval wat hulle planne verhoed het.'

'Nou weet jy waarom dit gebeur, dogter. Ek wil hê dat jy sonder enige onderbreking op die boek fokus. Hierdie boek is vir My baie belangrik en dit sal 'n spesiale seën vir my kinders wees. Ek wil hê dat jy altyd eers met My praat voor jy iets doen. Alles omtrent hierdie boek moet volgens my wil geskied.'

Ons het die dammetjie verlaat en terug na die wit gebou gestap waar ons weer eens ons gewone klere aangetrek het. Daarna is ons terug na die aardse strand en die Here het gesê: 'Dogter, jy het agtergekom dat hierdie strand baie verskil van die strand in My koninkryk.'

'Here, alles in U koninkryk is so pragtig, behalwe vir die hartseer dinge wat U my gewys het.'

'Daarom het ek jou gekies om hierdie werk te doen. Ek wil verhoed

dat my kinders in die put opeindig. Die keuse is hulle s'n om te glo of nie. Ons praat weer later hieroor, my kind.' Hy het oorgeleun en my omhels. Nadat die Here weg is, het my liggaam ophou ruk.

Die krag wat die Here in my liggaam losgelaat het, was besig om die swak plekke in my karakter wat van my kinderdae oorgebly het, te genees. Ek het geleer hoe om meer geloof te hê, hoe om uit te reik en die Here ten volle te vertrou, maar ek het steeds met sekere bekommernisse en vrese geworstel.

Op 19 Maart het die Here my vir twee ure, van sewe-uur tot negeuur die oggend, besoek. Ek het vir 'n halfuur geruk en toe vir 'n verdere vyftien minute in die Gees gekreun. Daarna het ek die aangename, gebiedende klank van die Here se stem gehoor. Hy het my hand geneem en ons het op die strand beland.

My liggaam het die bonatuurlike transformasie ondergaan en ek het skielik 'n wit kleed, net soos Jesus s'n, aangehad. Ons het met 'n smal paadjie by die groot berg opgestap. Ek het 'n groot klip gesien en daar het ons gestop om te rus.

Die manifestasie van die Here se teenwoordigheid op my aardse liggaam wat sy besoek voorafgegaan het, was buitengewoon lank, so ek het geweet dat hierdie besoek baie spesiaal sou wees. Ek was vol afwagting en vreugde. Wat sou die Here my vandag wys? Waarheen sou Hy my neem?

Jesus het my gedagtes onderbreek deur te sê: 'Ek weet jy is steeds bekommerd oor die dinge wat Ek jou gewys en vertel het. Ek het jou gesê om nie meer bekommerd te wees nie.' Ek kon aan sy stemtoon hoor dat Hy kwaad was. 'Jy vertrou nie My woorde nie.'

Ek het dadelik geweet wat Hy bedoel. Ek was nog steeds oor die boek bekommerd, selfs nadat die Here my die vorige keer daaroor gerusgestel het. Hy het gesê dat Hy vir al die besonderhede sou sorg, maar ek het steeds geïntimideerd gevoel deur so 'n belangrike projek. Ek was regtig oorweldig deur die omvang van die opdrag.

Ek het trane van skaamte en berou begin stort nadat die Here my berispe het. Ek het my hande saamgeslaan, my kop gebuig en begin

pleit: 'Vergewe my asseblief, Here. Maak nie saak hoe hard ek probeer om nie hieroor bekommerd te wees nie, Here, ek is nog steeds daaroor bekommerd.'

'Van nou af, Choo Nam, wil Ek hê dat jy jou nie bekommer nie. Jy mag oor niks meer bekommerd wees nie. Sommige mense sal jou nie glo nie, maar jy hoef nie daaroor bekommerd te wees nie. My dogter, Ek gebruik jou net vir hierdie boek. Dit is my boek en Ek sal daarvoor sorg.'

'Soos Ek reeds vroeër genoem het, sal dit 'n tydjie duur om jou vir hierdie opdrag voor te berei, so moenie bekommerd wees nie. Laat alles aan My oor. Jy maak My ongelukkig wanneer jy jou bekommer.'

'Here, ek is jammer. Vergewe my asseblief.'

'Ek is daarvan bewus dat jy nie veel weet nie, maar jou hart is suiwer. Ek weet jy glo elke woord oor My. Ek het al jou getrouheid gesien en Ek weet jy vrees my woorde.'

'Ek wil hê dat jy net op my werk konsentreer en op niks anders nie. Ek is tevrede met alles betreffende jou, my dogter. Nadat jy die boek klaar geskryf het, sal Ek jou meer seën as waarvoor jy ooit gehoop het.'

'Here, die enigste seëning waarop ek hoop, is dat my hele familie U sal volg.'

'Ek het jou vir hierdie taak gekies omdat jy is wie jy is. Dit is my boek en my verantwoordelikheid. Ek sal vir alles sorg. Moet nooit weer bekommerd wees nie. Ek wil hê dat jy altyd gelukkig moet wees, want jy is my spesiale dogter.'

'Here, Roger moet my met u werk help.'

'Jou man sal My deur jou dien. Ek het baie planne vir julle albei, so berei julle harte voor om My te dien. Dit sal binnekort gebeur. Nou moet Ek jou terugneem.'

Ons het by die berg afgestap. Terwyl ons op die sand gestap het, het ek ongelooflik gelukkig gevoel. Dit was asof 'n groot las van my skouers afgelig is. Die Here het my baie nuwe en belangrike dinge gewys – dinge wat genesing en vryheid vir my siel gebring het. Nadat die Here my daardie oggend verlaat het, het ek soos 'n nuwe mens gevoel.

STEL GOD EERSTE

Ek het die Bybel gelees om te sien wat ek kon wys word oor die sonde van bekommernis. My oë het op Jesus se woorde geval soos dit deur Matteus opgeteken is: 'Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie' (Matt 6:33–34).

Die konteks van hierdie gedeelte is die bergrede, waar Jesus die geheime van geestelike oorwinning met sy dissipels gedeel het. Nes ek het die dissipels oor verskeie dinge getob. Hulle was bekommerd of hulle kos sou hê om te eet en klere om te dra.

Jesus het hulle herinner:

> En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?
>
> – MATTEUS 6:28–30

Dit is die sleutel – geloof! Die Heilige Gees het my daarna na nog 'n vers in die Bybel gelei wat my met meer helderheid gevul het: 'En enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde' (Rom 14:23). Daarom is bekommernis 'n sonde – dit kom nie van geloof nie. God wil hê dat ons gelowig moet wees. Uit sy groot genade het Hy my al so baie gewys. Ek het gesien dat die hemel regtig bestaan en ek het saam met die Here daar geloop. Hoekom hoef ek ooit weer bekommerd te wees?

Die lente het met nog 'n besoek aan die aardse strand begin. Die Here het my van half sewe tot kwart oor agt op 22 Maart besoek. Hy het my na die strand geneem, maar hierdie keer was Hy baie stiller as

drie dae tevore. Uiteindelik, toe Hy op die klip op die berg rus waar Hy gewoonlik sit, het Jesus gesê: 'Moet jou nie met getuienis in die kerk bemoei nie, Choo Nam; konsentreer eerder op My werk.'

Hy het geweet dat ek nie kon wag om my storie aan enigeen wat ek teëkom, te vertel nie. Hoewel ek skaam van geaardheid is, het ek gevoel dat ek almal moes vertel van wat ek in die hemel gesien, gehoor en ervaar het. My laaste besoek saam met die Here en my gevolglike bestudering van die Bybel het my met 'n sekerheid en moedigheid gevul wat ek nooit vantevore gehad het nie. Ek het gevoel asof ek my storie met 'n gehoor van miljoene mense kon deel!

Met elke geleentheid wat ek gekry het, het ek vir my Here en Meester getuig. Hy sou baie tevrede hiermee wees. Om die waarheid te sê, ek het so 'n sterk begeerte gehad om namens die Here te praat, dat ek my getuienis met behulp van 'n bandopnemer herhaaldelik geoefen het. Die salwing van die Heilige Gees het my in hierdie tipe openbare bediening gestuur.

Selfs wanneer ek gaan inkopies doen, het ek mense van die Here vertel. Sommige mense het verwonderd reageer. Ander het met vreugde gereageer en wou meer hoor. Ek het vir hulle gesê om die boek te lees sodra dit verskyn.

Sommige mense, soos ek van hulle gesigsuitdrukkings kon aflei, wou nie van my reise na die hemel hoor nie. Ek het geleer dat hulle twyfelagtige reaksies nie belangrik was nie. Ek het geweet ek het 'n storie gehad om te vertel en dat geen menslike reaksie my daarvan kon weerhou om die opwinding wat ek ervaar het, te deel nie. Ek het agtergekom dat die meeste Christene meer wou hoor. Baie het gevra wanneer die boek klaar sou wees. Die meeste mense wat ek ken, is gelowiges, insluitende die lede van my uitgebreide gesin. Hulle het my ondersteun deur te sê dat hulle my storie glo. My een neef is tot die Here aangetrokke nadat ek my storie met hom gedeel het. Hy gaan nou Bybelskool toe, woon gereeld kerk by en is gretig om meer van die Here te leer. Die Here was nie ontevrede met my nie, maar Hy het herhaal: 'Ek wil hê dat jy op die boek konsentreer. Dan sal jy in staat wees om baie kerke te voed en die

mense wat nog nie gered is nie, te bereik.'

Die klank van sy stem, sy woorde en sy boodskap was 'n brander van vreugde vir my gees. Ek het in die gees begin sing en het opgelet dat die Here na my gekyk en geglimlag het. Ek kon ook sien dat my getransformeerde liggaam die heeltyd vir die Here geglimlag het terwyl ek sing.

'My dogter, Ek geniet die tyd wat ons saam spandeer,' het die Here gesê. Vir 'n lang ruk het Hy niks gesê nie. Uiteindelik het Hy gesê: 'Ek wil hê jy moet skryf hoe jy as 'n Christen leef. Dit is belangrik dat ander moet weet hoe jy jou lewe saam met My lei, sodat hulle kan sien hoe oop jou hart teenoor My is. Jou eerlike en gehoorsame lewe is vir My baie belangrik en Ek weet dat jy My altyd eerste stel in jou lewe. Wanneer jy bid sê jy altyd dat jy My eerste sal stel, dat Ek belangriker as enigiets of enigiemand in die wêreld is.'

'Ek wil hê jy moet weet dat Ek al jou gebede verhoor het, al lyk dit dalk nie so nie. Ek ken die harte van al my kinders. Dit is nie vir My moontlik om iemand te seën wat nie 'n opregte hart het nie, maar Ek wil hê dat al my kinders geseën moet word.'

Nadat Hy weg is, het ek oor sy woorde gedink. Hy het regtig met my beïndruk gelyk en ek was verheug om te hoor dat Hy al my gebede verhoor het. Hy het my na 'n belangrike gedeelte in die Bybel gelei: 'En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra' (1 Joh 4:14–15). God hoor en beantwoord die opregte gebede van sy kinders.

Hy het my soveel ryk en kosbare gebedsbeloftes gewys en ek het geweet Hy wou hê dat ek op elkeen aanspraak maak:

> Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor; in sy nood sal Ek by hom wees, Ek sal hom red en hom in sy eer herstel. 'n Baie lang lewe sal Ek hom gee en oor my hulp sal hy hom verbly.
>
> – Psalm 91:15–16

Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep.

– PSALM 145:18

Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie.

– JEREMIA 33:3

…julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra.

– MATTEUS 6:8

Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.

– MATTEUS 7:7–8

As julle glo, sal julle alles ontvang wat julle in die gebed vra.

– MATTEUS 21:22

Hierdie was maar net 'n paar van die groot gebedsbeloftes van God se Woord wat die Heilige Gees aan my bekend gemaak het. Op 31 Maart het ek intens gebid onder 'n salwing van die Heilige Gees. My liggaam het baie hard geskud en daar het geweldige kreungeluide uit my gees gekom wat ek nog nooit tevore ervaar het nie.

Die Here het my kamer binnegekom en by die venster gaan sit. Ek het gesien dat my getransformeerde liggaam langs die Here sit en ek was baie verbaas. Dit was asof ek 'n algehele buite-liggaamlike ervaring gehad het – ek was suiwer gees. Jesus het met my gepraat: 'Jy lewe heeltemal net vir my. Jou hart was gewillig om die wêreldse dinge vir my op te gee. Ek weet dat niks vir jou meer vreugde verskaf as om in my teenwoordigheid te wees nie. Daarom moet jy nooit weer sê dat jy nie vir My goed genoeg is nie. Jou getrouheid is vir My baie belangrik.'

'n Ongewone, onaardse stem het uit my gees na vore gekom. Hierdie verskynsel gaan gewoonlik met die visioene wat die Here my gee, gepaard.

Die Here het my sy voete en hande gewys. Ek kon die letsels van die spykers in sy voete en hande sien. Eers het Hy met gekruisde bene gesit, maar daarna het Hy dit voor Hom uitgestrek. Ek het gesien dat die bokante van sy voete diep, ronde littekens op hulle gehad het. Ek het na sy hande gekyk en gesien dat daar ronde, wit littekens naby sy gewrigte was.

My hart het vir my Here en Meester gepyn. Ek het aan sy hande en voete geraak. Daarna het ek met my gesig op sy hande en voete gehuil. Ek het soos 'n baba gehuil toe ek besef waardeur die Here alles gegaan het. Ek het gewonder of die hele huishouding my kon hoor huil. Ek kon my getransformeerde liggaam, met my gesig op die Here se hande en voete, sien. En ek het geweet dat my getransformeerde liggaam huil. Die Here het begin praat:

'Toe Ek op die aarde was, het Ek vir My Vader se woorde geleef en Ek het geweet waardeur Ek moes gaan, maar Ek het nogtans vir my Vader se woorde geleef. Daarom is die hele hemel en aarde nou myne.'

'Baie van my kinders weet wat Ek van hulle verwag, maar hulle is steeds liewer vir aardse dinge as vir my woorde. Die kinders wat volgens en saam met my woorde leef, het suiwer harte. Hulle is die enigstes wat die huise wat ek vir hulle voorberei het, sal binnetree. Niemand kan beide die aardse koninkryk én my koninkryk hê nie. Indien iemand die wêreld meer geniet as vir My, kan hy of sy nie my koninkryk binnekom nie.'

Dit was die sterkste boodskap wat die Here my tot dusver gegee het. Ek het geweet ek moes dit sorgvuldig en getrou notuleer, sodat die wêreld kan weet dat Hy eerste in ons lewe wil wees. Hy het ons geskape en het vir ons gesterf sodat ons nie in die hel sal vergaan nie. Hy het verder met my gepraat:

'Toe Ek in hierdie wêreld is, het Ek tot die einde gely. Ek het my

lewe vir my kinders gegee. Ek wil hê dat hulle volgens my Woord sal leef sodat hulle die ewige lewe saam met My kan geniet. Die aardse lewe kan glad nie met My koninkryk vergelyk word nie.'

Hy het hartseer en seergemaak geklink toe Hy dit sê.

Ek sal nooit daardie woorde vergeet nie en ek weet dit is baie waar. Hierdie lewe kan nie met die koninkryk van God vergelyk word nie. Ek het dit al gesien en ek weet sy koninkryk is reeds vir ons voorberei.

Hoofstuk 10

Jerusalem is gereed

Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie. Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel kom. En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe.

– Openbaring 3:11–12

Dit was lente – die seisoen van pragtige blomme, warm briese en bloeiende bome. In die staat van Washington, waar ek bly, is dit 'n pragtige tyd van die jaar. Dit lyk asof dit altyd lente in die hemel is – warmte, skoonheid, vrede en vreugde kan ervaar word. In my hart het ek die lente regdeur die einde van die winter gevier, as gevolg van my en die Here se besoeke aan die Hemel.

Op 24 Maart het ek en Roger kerkdienste bygewoon. Ons pastoor het oor Jesus se lyding voor sy kruisiging gepreek. Dit was Vastyd, die tyd van die jaar wanneer Christene voorberei vir die kruisiging en opstanding van Jesus Christus. Ek het begin huil toe die pastoor die Here se lyding beskryf en gedeeltes oor sy Passie lees. Dit was nie vir my

ongewoon om tydens tye van aanbidding te ruk nie, maar hierdie keer het my liggaam so erg geskud dat dit my amper uit my sitplek gestamp het. Die salwing van die Heilige Gees was sterk op my.

HANDE EN VOETE MET LITTEKENS

Ek het Jesus voor my gesien en Hy het gesê: 'My dogter, Ek wil hê jy moet weer na my hande kyk.' Hy het na die littekens op sy hande en voete gedui. Die ongewone stem wat ek gebruik het wanneer ek geestelike visioene gehad het, het nie hierdie keer na vore gekom nie. Ek het in algehele stilte in die Here se teenwoordigheid gesit terwyl Hy verder met my gepraat het.

'Jy moet voortgaan om alles wat Ek vir jou wys, neer te skryf,' het Hy gesê.

Ek het my kop geknik.

Dit was onvergelykbaar wonderlik om privaat met die Here te kuier gedurende 'n publieke erediens. Ek wou opstaan en vir almal inlig dat ek nou net die Here gesien het en dat Hy sy littekens vir my gewys het, maar iets diep binne my siel het my gewaarsku om dit nie te doen nie. Ek het geduldig gesit totdat die diens verby is. Ek is seker dit was die 'stil, klein stem' van God se Heilige Gees wat my versoek het om stil te bly.

Sedertdien het ek geleer, soos Salomo in Prediker 3:7 skryf, dat daar 'n tyd is om te praat en 'n tyd is om stil te bly. Jesus was besig om my op te lei om sensitief vir die Gees se leiding in my lewe te wees. Ek het geweet dat ek veronderstel was om slegs te ontvang totdat Hy anders van my verwag het – dus kon ek slegs ontvang in plaas van om te gee. Ek het regdeur die diens onder die kosbare salwing van die Heilige Gees gehuil. Die rukking het opgehou toe die Here die vertrek verlaat, maar die trane het nie opgehou nie. Ek het die pastoor se woorde gehoor, maar my gedagtes en gees was op iets anders gefokus – die littekens wat die Here my reeds twee keer gewys het.

Ek het oor sommige van die Bybelverse wat ek van my studie en ander kerkdienste onthou het, nagedink: 'Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.' (Jes 53:5) en 'Hulle kom toe by 'n plek wat Golgota genoem word; dit beteken Kopbeenplek. Daar het hulle Hom 'n mengsel van wyn en gal gegee om te drink, maar toe Hy dit proe, wou Hy dit nie drink nie. Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel deur te loot' (Matt 27:33–35).

Ek kon my kosbare Here en Meester sien hoe Hy aan die kruis op Golgota se heuwel gehang het. Die skerp spykers het die vlees van sy palms en enkels deurboor terwyl Hy swak en slap gehang het. 'n Romeinse soldaat se spies het 'n gapende wond in sy sy gemaak en bloed het oor sy gesig gestroom uit die doringkroon wat hulle op sy kop gedruk het.

Daar was 'n plas bloed onder die kruis en die mense het in sy bloed getrap soos hulle probeer het om sy soomlose kleed in die hande te kry. Die lug was so grys soos lood en daar was donderweer in die verte.

Die mense het Hom gespot, op Hom gespoeg en Hom vervloek. In my verbeelding het ek sy moeder, Maria, by die kruis sien kniel. Haar liggaam het gebewe en die trane het by haar wange afgestroom.

Ek het verstaan hoe sy op daardie eerste Goeie Vrydag moes voel. Sy moes aanskou hoe haar naakte seun, vir wie sy so lief was, gemartel en voor haar oë doodgemaak word. En daar was niks wat sy daaraan kon doen nie. Jesus kon tien duisend engele geroep het om Hom te help, maar in plaas daarvan het Hy aanvaar om die wrede, skandelike dood van kruisiging te ervaar sodat ons die pad van die lewe kon vind.

Ek is dankbaar vir die visioen wat God my gegee het, want nou verstaan ek werklik waardeur Jesus moes gaan vir geliefde mense. Hy is aan die wrede kruis opgehang, tussen hemel en hel, sodat ons die ewige lewe kon erf. Hy het nooit gesondig nie, maar tog het Hy gewillig al ons sondes op Hom geneem. Hy is inderdaad 'n wonderlike Redder!

Die littekens op sy hande en voete is regtig daar. Ek het dit gesien. Dit is die merke van aaklige lyding; pyn wat Hy namens my en jou ervaar het.

VISSE IN DIE HEMEL?

Op 25 Maart het Jesus my vanaf 06:35 tot 08:50 besoek. Ons het gesels en die gewone pad gestap – na die strand, oor die goue brug en langs die kronkelende pad. Nadat ons vir 'n tyd lank op die gewone pad geloop het, het die Here my na 'n ander pad wat wyd en wit was, gelei. Dit het soos 'n Amerikaanse snelweg gelyk en dit het bome aan albei kante gehad.

Die bome was ongewoon hoog en hulle blare was die mooiste wat ek nog ooit gesien het. Ek het opgelet dat die bome se blare besig was om te verkleur. Ek het gevoel asof ek onder 'n reënboog loop – die verskeidenheid kleure was ongelooflik!

Die pad het na 'n heuwel gelei wat baie kleiner was as die berg wat ons gewoonlik uitklim. Vanaf die kruin het ek 'n silwer skynsel in die hemel se sonlig opgemerk. Bergreekse het die panorama met 'n skoonheid gevul wat net die hemel kon voortbring. Die berge het vol immergroen bome gelyk.

Ons het by die heuwel afgeloop en na die water gestap. Daar het verskillende soorte visse op die rivier se klipperige bodem geswem. Dit was vir my snaaks om visse in die hemel te sien en ek het begin lag. Ek het die oomblik so baie geniet dat ek die water ingestap het.

Ek het afgebuk en 'n rooi, gestreepte vis gegryp en dit uit die water gelig. Ek het onbeheersd gelag en die vis het uit my hande geglip en na veiligheid geswem. Ek het histeries begin giggel toe ek sien hoe my gewese gevangene in algehele vryheid saam met ander visse wegswem. Ek het nog 'n vis van 'n ander kleur gevang en weer eens het dit uit my hande gespring. Dit was 'n wonderlike tyd van vreugde en pret en die Here het saam met my gelag.

Hy het ook afgebuk en 'n groot vis gevang. Hy het bewonderend na

die vis gekyk voordat Hy dit weer in die rivier teruggegooi het. Dit was lekker om te weet dat die Here die oomblik saam met my geniet.

Ek het aangehou om uit my maag te lag en dit het goed gevoel. Hoe meer ek die Here se gelag gehoor het, hoe meer het ek gelag.

Die Here het gesê: 'Dogter, Ek kan sien jy geniet dit. Hou jy van visvang?'

'Ek geniet dit om hier te wees, Here.'

'Ek het nog visse om jou later te wys. Wil jy nog visse vang?'

'Ek lag te hard om enige visse te vang, Here,' het ek tussen lagbuie erken.

'Ons moet nou teruggaan, my dogter. Ek moet jou nou eers na 'n ander plek neem.'

Ons het die rivier verlaat en ek het gereinig gevoel deur die voorafgaande oomblikke van vreugde en lag. Die vis was pret en ek het onthou: ''n Vrolike mens is 'n gesonde mens, 'n neerslagtige mens raak uitgeput' (Spr 17:22). Ek het gevoel asof ek 'n dosis vreugde gehad het om my 'n leeftyd te hou!

Dit was wonderlik om te sien hoe die Here Hom in my vreugde en geluk verlekker. Die ervaring het my die volgende vers beter laat verstaan:

'U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit U hand kom net wat mooi is' (Ps 16:11).

Ek het langs die pad van die lewe in die hemel geloop en uit die rivier van sy vreugde gedrink, nes die psalmdigter beskryf het: 'Hoe kosbaar is u trou, o God! U beskerm die mense wat by U skuil. In u huis geniet hulle oorvloed, U laat hulle drink uit die strome van u goedheid. U is die bron van die lewe, deur u lig lewe ons' (Ps 36:8–10). My vreugde het soos 'n fontein oorgeloop en soos 'n waterval gevloei.

ONS VLIEG DEUR DIE HEMEL

Ons het na dieselfde pad waarmee ons die heuwel bereik het, teruggekeer. Daarna het die Here my na 'n hoë berg geneem met 'n baie smal

paadjie wat groot bome en bosse aan weerskante gehad het. Ons het vir 'n hele tydjie langs hierdie pad gestap. Ek het gewonder waarheen ons op pad was. Ek het ook gewonder hoekom die pad so smal is.

Ons het uiteindelik by die einde van die pad gekom. Ek het oor die heuwel gekyk en 'n wit heining wat 'n klomp wit geboue omhein, gesien. Hulle het van die suiwerste wit geglinster en die geboue was meer helder as die witste sneeu. Ek het gewens dat ek nader aan die toneel voor my kon kom, maar, soos wat dikwels die geval was, het Jesus hierdie toneel vir my van 'n afstand gewys. Ek het nie geweet hoekom nie.

Hy het met my gepraat: 'My dogter, Ek wil hê jy moet dit duidelik sien, soos ons nader beweeg.' Hy het my hand geneem en ons het begin vlieg. Dit was 'n asemrowende ervaring en 'n harde kreun het uit my regte liggaam ontsnap.

Jesus het my na die wit straat geneem toe ons in die vrugbare vallei aankom. Ek het opgelet dat daar pragtige wit geboue aan weerskante van die straat was. Die straat was wit en dit het soos glas geblink. Alles het so wit gelyk. Die heining was baie hoër as die huise.

Dit is vir my onmoontlik om te verduidelik hoekom die Here my sommige dinge wys. Dikwels wys Hy my dieselfde dinge op verskillende geleenthede. Ons spandeer gewoonlik nie baie tyd op een plek nie en Hy verduidelik gewoonlik nie die betekenis daarvan nie. Maar ek weet daar sal 'n tyd kom wanneer ek alles sal verstaan (sien 1 Kor 13:12).

Die Here het vir my gesê dat Hy my iets moes wys en ons het na een van die huise gestap. Dit het dubbeldeure met 'n goue afwerking gehad. Die deur was omlyn met gekleurde glas. Die deurknop was van suiwer goud gemaak!

Al die vensters was van gebrandskilderde glas. Die matte was kleurvol, 'n mengsel van gedempte kleure en dit het die binnekant van die huis 'n baie stylvolle voorkoms gegee. Die juwele teen die mure het geglinster en geskyn. Dit het soos 'n prentjie in plaas van 'n huis gelyk.

Ek het by die goue trap, waarop 'n ingewikkelde ontwerp in sy oppervlak geëts is, opgeloop. Aan die bopunt van die trappe het ek by 'n kamer ingeloop. Daarin was 'n bed wat groter was as my konings-

grootte bed op aarde. Ek het om die bed gestap en die kleedkamer binnegegaan. Dit was vol goud en edelstene, behalwe vir een muur. Daardie muur het 'n vollengte spieël gehad wat die ongelooflike prag van die onmiddellike omgewing weerspieël het. Al die kamers in die huis was baie groot, behalwe vir die kleedkamer. Om die waarheid te sê, al die huise wat die Here my gewys het, het groot kamers gehad wat ongelooflik mooi was.

Ek het van vreugde begin sing terwyl ek in die gang geloop het, elke kamer binnegegaan het en so 'n geseënde woning geniet. Daarna het ek afgegaan na waar die Here rondgeloop het in 'n vertrek wat baie soos 'n sitkamer was. Hy het my gehoor, omgedraai en vir my gevra: 'Hou jy van hierdie plek?'

'Ja, my Here. Dit is pragtig. Wie gaan in hierdie huise woon wat U my wys?'

'Al my kinders sal in hierdie huise wat Ek vir hulle voorberei het, woon. Hulle sal gouer hier bly as wat hulle dink.'

DIE HEILIGE STAD

Die Here het my hand geneem en ons het die lieflike vallei verlaat. Ons het toe op 'n verdeelde straat geloop wat dieselfde kleur as die geel steenstraat in "The Wizard of Oz' was. Daar was wit huise aan weerskante van die straat. Die eiland in die middel van die straat was versier met vrugtebome wat reëlmatig langs 'n helder, blou stroom wat ongelooflik lank was, gespasieer was. Daar was baie mooi klippe langs die stroom se kante. Die Here het my hand geneem en gesê: 'Ons moet nou vertrek, my dogter.' Ons het reguit van die grond af opgelig, soos 'n helikopter, en toe begin vlieg. Hy het my na dieselfde berg geneem waar ons hierdie spesifieke reis begin het.

Soos ons gevlieg het, het my aardse liggaam uit paniek begin skree. My getransformeerde liggaam was besig om aan die ongelooflike dinge wat met my in die hemel gebeur, gewoond te raak. Ons het teruggestap op die smal pad om terug te keer na die wit gebou waar ons gewoonlik

ander klere aantrek. Volgende het ons die stil dammetjie besoek.

Ek het begin sing en dans die oomblik wat ons by die dammetjie aangekom het. My hart het steeds van vreugde gesing. Die Here het gesê: 'Kom, Choo Nam, kom sit hier by my.' Ek het langs Hom op die klip gaan sit en sy arm vasgehou.

'My dogter, Ek het vir jou die rivier en die Nuwe Jerusalem gewys. Daardie huise is in Jerusalem – die Heilige Stad. Ons sal almal in Jerusalem bly wanneer Ek my kinders huis toe bring. Ek wil hê al my kinders moet weet dat Jerusalem vir hulle gereed is.'

'Jy het gesien dat daar geen pad na Jerusalem lei nie. Daarom moes ons daarheen vlieg. Ons sal binnekort almal daarheen vlieg – daarom is ons werk so belangrik.'

'Jy moet niks wat Ek jou wys of vertel, vergeet nie,' het die Here voortgegaan. 'Ek weet sommige mense sal nie glo wat Ek jou gewys het nie, twyfelagtige mense en dié wat nie my Woord ken nie, maar Ek weet hoe hard jy probeer om My tevrede te stel.'

'Nadat jy hierdie opdrag voltooi het, sal jou lewe vol vreugde wees, selfs meer vreugde as wat jy nou net ervaar het. Jy sal geseën word. Die mense wat jou glo en jou help, sal ook geseën word.'

'Jy sal 'n verrassing vir al die kerke wees, 'n vreugde vir dié wat gereed is en vir My wag, en slegte nuus vir dié wat die wêreld meer lief het as vir My. Die boek sal baie mense verlos wat in geestelike duisternis verkeer.'

'Dogter, jy moenie bekommerd wees oor wat mense dink of sê nie. Skryf net neer wat Ek jou wys en vertel. Ek vertrou jou gehoorsaamheid ten volle. Jy het nog altyd my Woord gevrees en geglo sedert jy My leer ken het. Ek weet dat jy nog nooit doelbewus ongehoorsaam was sedert jy jou hart vir My gegee het nie en Ek kom altyd eerste in jou lewe. Daarom het Ek jou as my spesiale dogter en vriendin gekies.'

Sy woorde was gerusstellend. Dit het my goed laat voel. Ek het geweet dat ek altyd gepoog het om die Here tevrede te stel sedert ek 'n Christen geword het en Hom eerste in elke situasie en besluit te plaas. Hy het my gehoorsaamheid geseën.

'Dit het lank geneem om jou vir hierdie taak voor te berei,' het Hy gesê. 'Nou weet jy hoe spesiaal jy vir My is. Jy het jou hart vir My gegee en Ek ken jou hart. Moet nooit van hierdie verpligting afwyk nie, Choo Nam.'

'Wat jy ook al in jou aardse lewe moet prysgee of verloor, dit sal in die hemel aan jou teruggegee word. Jy sal altyd saam met My in die hemel wees.'

Vir my was dit die belangrikste woorde. Dit was hierdie belofte wat my aan die gang gehou het, want ek weet hoe onbeskryflik wonderlik dit is om saam met Hom te wees. Die gedagte dat ek vir ewig in sy teenwoordigheid sal wees, was die mees geseënde gedagte.

'Here, ek verdien dit nie,' het ek gehuil. 'Dis net dat ek U liewer het as my eie lewe. Ek is nooit gelukkig tensy U ingesluit is. Ek voel U beheer in elke deel van my lewe en dit maak my baie gelukkig.'

'Wie ook al toelaat dat Ek hulle lewe beheer, sal geseën word. Hulle is my gehoorsame kinders. Jy is my spesiale kind.'

Nadat Jesus weg is, het ek nagedink oor wat Hy gesê het. Die Nuwe Jerusalem kom van die hemel. Dit is nou al gereed. Die Here wil hê dat sy kinders ewige glorie saam met Hom geniet. Hy het my gekies om dit met enigiemand wat bereid is om te luister, te deel.

Regdeur die dag het ek die Bybel bestudeer om te sien wat dit oor die Nuwe Jerusalem sê. Ek het besef dat die apostel Johannes dieselfde ervaring as ek gehad het, toe ek die een-en-twintigste hoofstuk van Openbaring lees.

> Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na 'n groot hoë berg toe geneem en die heilige stad Jerusalem vir my gewys, wat van God af uit die hemel uit afkom. Die stad het die heerlikheid van God: sy glans is soos dié van die kosbaarste edelsteen, soos 'n kristalhelder opaal.
>
> – OPENBARING 21:10–11

Ek was betower deur sy beskrywing van die hemelse stad, want ek het reeds so baie daarvan gesien.

> 'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam. Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.
>
> – OPENBARING 21:22–23

Ek het in die helderheid van daardie stad geloop. Ek het gevoel asof ek deur sneeu omring is, want alles was wit en helder. Soos Johannes het ek agtergekom dat daar geen kerke of tempels in die Nuwe Jerusalem is nie, net die pragtige huise wat die Here vir sy kinders voorberei het.

> Die poorte daarvan word gedurende die hele dag nooit toegesluit nie: daar sal nie meer nag wees nie. Die mense sal die luister en die rykdom van die nasies daarheen bring. Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit daarin kom nie, maar net dié wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam geskrywe staan.
>
> – OPENBARING 21:25–27

Dit is wat die Here my vertel het – die hemel is gereserveer vir dié wat Hom gehoorsaam. Net mense met suiwer harte sal daar kan ingaan. Ek het hoofstuk twee-en-twintig van die Boek van Openbaring gelees en was uit die veld geslaan deur die bevestiging van die werklikheid van die hemel wat ek ervaar het.

> Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam. Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies.
>
> – OPENBARING 22:1–2

Ek het die water van daardie rivier geproe en in die strate gestap. Ek het die bome gesien en selfs sommige se vrugte geproe. Jesus het dieselfde boodskap vir Johannes gegee wat Hy my gegee het. Dit is die boodskap wat ek met almal wat sal luister, moet deel; 'Jesus sê toe: "Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem"' (Op 22:7).

Die Here is regverdig en Hy wil hê dat almal die volgende weet, 'Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde"' (Op 22:12–13).

Hoofstuk 11

Hemelse kos, hemelse genot

Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.

– Openbaring 19:9

Dertig minute van intense bewing regdeur my liggaam het voorgekom voor die Here se aankoms op 27 Maart. Ek was van halfsewe tot 08:45 saam met Hom. Na die halfuur van rukking het die Here na my gekom en my hand geneem.

Ek het in my getransformeerde liggaam saam met die Here op die strand geloop en daarna het Hy my na die hemel geneem. Ons het deur die poorte van die hemel geloop en na die wit gebou gestap om te verklee. Daarna het ons oor die goue brug geloop.

Ek was besig om aan alles gewoond te raak. Ek is seker dat elke gelowige deur dieselfde prosedure sal gaan wanneer hy of sy hemel toe gaan. Ek het aan die individue in die Bybel gedink wat ook voor hulle dood die hemel besoek het. Die apostel Paulus het in hoofstuk twaalf van die tweede Boek van Korintiërs oor een van hierdie gelukkige mense geskryf:

> Ek ken 'n man wat aan Christus behoort. Veertien jaar gelede is hy weggeruk tot in die derde hemel. Of dit met die liggaam was of sonder die

> liggaam, weet ek nie, net God weet dit. Ek weet ook dat hierdie man weggeruk is na die paradys toe. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. Daar het hy woorde gehoor wat 'n mens nie kan of mag uitspreek nie.
>
> – 2 Korintiërs 12:2–4

Ek weet presies wat die man ervaar het, want daar is baie dinge wat ek in die hemel gesien en gehoor het, maar wat ek nie met ander mag deel nie.

BYBELSE BESOEKE AAN DIE HEMEL

Die apostel Johannes, soos dit opgeteken staan in Openbaring, het ook die hemel besoek. Sy besoeke is voorafgegaan deur 'n persoonlike besoek van die Here Jesus Christus, wat gesê het: 'Ek is die Alfa en die Omega… wat is en wat was en wat kom, die Almagtige' (Op 1:8). My besoeke aan die hemel, net soos Johannes s'n, is altyd deur 'n besoek van die Here voorafgegaan.

Die profeet Elia is ook hemel toe. 'n Gedeelte van sy hemelse ervaring wat opgeskryf is, lees soos volg: 'Terwyl hulle gesels-gesels verder gegaan het, was daar skielik 'n wa van vuur met perde van vuur wat hulle twee van mekaar geskei het, en Elia is in 'n stormwind op, die hemel in' (2 Kon 2:11). Elia het deur middel van 'n warrelwind hemel toe gegaan, en my vlugte hemel toe kan op dieselfde manier beskryf word.

God was baie mense voor my genadig – mense wat Hy voor hulle dood hemel toe geneem het. In elke geval was daar 'n algemene doel vir die besoeke aan die hemel. God was nog altyd daaroor begaan om sy kinders te laat weet dat Hy hulle saam met Hom in die hemel wil laat leef. Ek is baie bevoorreg om onder die weinige uitverkorenes te wees wat op hierdie manier geëer is. Hoe meer ek daaroor gedink het, hoe meer het ek besef dat ek nie juis spesiaal is nie. Tog is ek vereer omdat ek die Here gehoorsaam was en Hom regdeur die ewigheid wil dien. Dit is heerlik om ander van my hemelse besoeke te vertel.

KOS VIR DIE KONINKRYK

Ek en die Here het vir 'n lang ruk met die pad geloop voordat ons regs gedraai en die heuwel opgestap het. Ek het water gesien wat soos 'n baie lang, smal rivier gelyk het.

'Wat Ek nou vir jou gaan wys, my dogter, sal baie spesiaal vir al my kinders wees.'

Daar was vrugtebome aan weerskante van die rivier. Aan die een kant het die bome pers vrugte gedra en aan die ander kant het die bome pragtige rooi vrugte gedra. Hierdie vrugte was so aanloklik dat ek baie graag daaraan wou proe. Die rooi vrugte het soos groot traandruppels gelyk.

Die Here moes geweet het dat ek graag aan die vrugte wou proe, want Hy het een gepluk en vir my gegee om te eet. Dit het anders geproe as enige vrug wat ek al ooit geëet het. Dit was so heerlik dat die kwyl aan die een kant van my fisiese liggaam se gesig afgeloop het.

'Hoekom eet U nie, Here?'

'Ek is nie honger nie, maar Ek is bly dat jy dit geniet.'

Ons het vir 'n lang tyd geloop voordat ek 'n skilderagtige brug gesien het wat van rooi hout gebou is. Ons het daaroor geloop en ek het opgelet dat die stroompie onder die brug vol verskillende soorte visse was.

'Waarvoor is al die visse?' het ek gevra.

'Dit is kos vir die koninkryk,' het die Here geantwoord.

Dit het my gelukkig gemaak om te weet dat ons vrugte en visse in die hemel sal eet. Die feit dat dit die primêre voedsel in die koninkryk is, behoort vir ons 'n voorbeeld te wees om meer daarvan op aarde te eet. Ek het nog altyd gedink dat vrugte en vis baie gesonde voedsel is en my besoek aan die hemel het dit bevestig.

Ek lag altyd as ek sien hoe visse so vry in die water rondswem. Ek het hardop gelag en toe gevra, 'Here, waar sal ons dit kan gaarmaak?' Voordat die Here kon antwoord, het ek besef dat die stem wat my bonatuurlike visioene vergesel, na vore gekom het. Daaruit kon ek aflei dat die Here my iets wou wys.

Ek kon die regterkant van die rivier sien. Daar was 'n groot, hoë klipmuur wat so ver gestrek het dat ek nie die einde daarvan kon sien nie. Dit was so hoog dat ek nie die bokant van die klipmuur kon sien nie. Ek kon suiwer wit sand sien wat van die pad tot by die klipmuur gestrek het. Daar was geen bome in hierdie spesifieke omgewing nie, maar die sand het baie wit en skoon gelyk. Die toneel wat deur die visioen aan my gegee is, was ongelooflik mooi.

'n Paar oomblikke later het die Here my vraag beantwoord deur in die water in te loop en 'n groot, vet wit vis te vang. Dit was omtrent so groot soos albei my hande saam. Ek het dit geniet om te sien dat die Here dit vir my doen en die toneel was vir my baie vermaaklik. Ek het begin giggel soos ek na Hom gekyk het.

Ek het met Hom verby die klippe geloop. Daar was baie groot kookareas met silwerkleurige oonde in die klippe ingebou. Bo-op die oonde was daar roosters met ovaalvormige borde en silwer vurke. Die Here het 'n knoppie aan die kant van 'n oond gedruk en 'n vuur het begin.

Hy het toe reg voor my die rol van 'n kok aangeneem. Hy het die vis aan albei kante gerooster totdat dit bruin was en het gelukkig gelyk om dit vir my te doen.

Om die een of ander rede wou ek die stertkant van die vis eet. Ek het daarna gewys en die Here het vir my daardie helfte van die vis gegee. Hy het die ander helfte geëet terwyl ek die porsie wat Hy vir my gegee het, verslind het. Dit was heerlik. Ek het nog nooit sulke sagte, sappige vis geproe nie. Die Here het toegekyk terwyl ek my hemelse maaltyd geniet het.

Hy het my bord en vurk geneem nadat ons klaar geëet het en dit in 'n silwer houer geplaas. Daarna het Hy gesê: 'My dogter, soos jy kan sien het Ek alles vir my kinders voorberei.'

Ek het van vreugde geglimlag.

Daarna het ons teruggekeer na die pad en weer na die wit gebou gegaan waar ons altyd verklee. 'n Engel het my na die kleedkamer vergesel en ek het 'n pragtige kleed en kroon aangetrek.

Die Here het my hand geneem en ons het na die dammetjie gegaan. Ek het, soos gewoonlik, gesing en gedans toe ons daar aankom. Op daardie spesifieke dag het ek spesiaal en nederig gevoel oor wat die Here vir my gedoen het; meer as enige ander dag vandat die Here my begin hemel toe neem het.

Dit was nie omdat ek die vis geëet het nie; dit was omdat my Here en Redder die vis gaargemaak en ons dit saam geëet het. Hy het sy liefdevolle goedheid aan my bewys soos Hy dit vir sy dissipels gedoen het voor Hy hemel toe is. Al hierdie gedagtes het by my opgekom terwyl ek gedans het.

Die Here het my geroep om by Hom te kom sit. Ek het my hand onder sy arm en my kop teen sy skouer gelê en toe begin huil. 'Laat my asseblief saam met U hier bly. Ek wil U nooit verlaat nie. Dit is die gelukkigste oomblik van my lewe.'

'Dogter, jy moet hierdie taak vir My doen. Ek wil hê dat jy niks vergeet wat Ek jou gewys of vertel het nie. Ek weet dat jy nie tyd vir jouself het nie, maar na hierdie opdrag klaar is, sal jy geseën word.'

'Here, net Roger kan my met die skryfwerk help en hy doen reeds so baie vir my.'

'Sê vir hom dat Ek hom lief het. Ek sal hom meer seën as wat hy verwag. Sê ook vir hom dat hy meer tyd met My moet spandeer. Enigiemand wat vir My lief is, moet baie tyd saam met My spandeer.'

Dit was 'n wonderlike tyd van geselskap met die Here. Na ons gesprek het ons na die wit gebou teruggekeer om weer eens te verklee. Daarna is ons terug aarde toe en het langs die strand gestap. Ons het op die duine gesit en ek het my arm onder syne gesit en gesê: 'Ek is lief vir U, Here.'

'Ek is lief vir jou, my kosbare dogter. Sy stemtoon was met vreugde gevul. 'Vertel almal dat daar baie in my koninkryk te eet is. Alles hier proe soveel beter as aardse kos. Het jy van die vis gehou?'

Ek het geknik. Die Here het my 'n drukkie gegee en toe weggegaan.

Die Here is meer liefdevol en vriendelik elke keer wat ek Hom sien. Aanvanklik het Hy my nie drukkies gegee of sy dogter genoem of enige

ander oulike woorde gebruik nie. Nou noem Hy my op baie troetelname. Ek kan voel dat Hy baie gemaklik met my is.

'N PLEK VAN PLESIER

Die Bybel sê: 'U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is' (Ps 16:11). My besoeke aan die hemel het die waarheid van hierdie vers bevestig. Die hemel is 'n plek van ewige plesier. Die Here skep behae daarin om sy kinders te bevredig. Hy wil ons gelukkig maak.

Op 29 Maart was ek van 06:40 tot 08:45 saam met die Here. My liggaam het daardie oggend vir 25 minute geruk voordat ek die Here se stem gehoor en sy teenwoordigheid gesien het. Hy het my hand geneem en met my getransformeerde liggaam het ek saam met Hom langs die strand gestap. Ons het vir 'n paar minute strandlangs gestap voordat ons hemel toe is.

Ons het soos gewoonlik in die wit gebou verklee. Daarna het ons oor die goue brug gestap en toe op 'n wye pad waar ons nog nie tevore was nie, gestap. Dit het na 'n dorre plek gelei waar daar geen gras, bome of berge was nie. Die hele toneel was wit en dit het soos 'n Arktiese landskap gelyk. Ons het aanhou stap totdat ons die einde van die pad bereik het.

Skielik was daar 'n groot rivier voor ons en daar was berge aan weerskante van die water. Die berg aan die regterkant was ongelooflik hoog. Ons het baie naby aan die rivier geloop en die grond was soos gruis. Klein klippies het onder ons voete gekraak soos ons gestap het.

Die rivier was vol bootjies. Ek het al soortgelyke tonele op aarde gesien – plekke met water waarheen mense gaan om vis te vang, te swem, watersport te beoefen en met bote rond te vaar.

'Wil jy op een van die bote ry?' het die Here gevra.

'Ja,' het ek gretig geantwoord, 'baie graag.'

Ons het op een van die bootjies geklim en die Here het met sy hand geroei. Ons het taamlik diep in die rivier gevaar. Ek het oor die

kant van die boot gekyk en 'n verskeidenheid visse van verskillende kleure gesien.

Dit het my opgeval hoe ongewoon helder die water was. Ek kon duidelik in die diepte inkyk. Dit was soos die helderste kristal wat ek nog ooit gesien het. Die visse, soos gewoonlik, het my laat lag.

Dit was ongelooflike helder en mooi visse. Hulle het soos die groot dekoratiewe visse gelyk wat mense op aarde in hulle dammetjies in die tuin het.

'Hierdie, my dogter, is vir plesier. Nes jy is Ek mal daaroor om te sien hoe die visse in die water rondswem.'

Dit was so vreedsaam en kalm op die stil water. Dit het gevoel asof ek alles deur 'n reuse vergrootglas bekyk. Ons het die bootjie verlaat en op dieselfde pad geloop waarmee ons na die meer gegaan het, en toe het ons met 'n smal bergpaadjie afgedraai. Die ongelooflike uitsig aan die einde van die pad het 'n groen, lae vallei wat vol hoë gras was, ontbloot. 'n Smal riviertjie het deur die weiveld gekronkel.

Ek het 'n beweging in die koringlande gesien. Skielik het ek bewegings regoor die koringlande gesien. Die vallei was vol vee wat baie soos koeie op aarde gelyk het.

'Skryf dit neer, Choo Nam. My kinders moet weet wat in die hemel op hulle wag. Ek weet baie van my kinders het vrae oor die hemel. Sommige wonder of daar kos in die hemel sal wees.'

Ek het die antwoord op daardie vraag geweet en 'n gevoel van groot genot het oor my gespoel soos ek na die pragtige uitsig voor my gekyk het. Dit was te veel om alles in te neem.

Ons kon egter nie lank daar bly nie. Ons het na die wit gebou gegaan, verklee en is toe na die dammetjie. Ek het uit vreugde begin sing. Daarna het ek langs die Here gaan sit.

'Het jy die bootrit geniet, my dogter?' het Hy gevra.

'O ja, Here.'

'Wanneer Ek my kinders hierheen bring, wil Ek hê dat hulle dit geniet. Hier kan hulle baie van dieselfde dinge doen wat hulle op aarde ken. Ek wil hê dat hulle gelukkig moet wees. Jy moet al die dinge wat

Ek jou gewys en vertel het, onthou.'

'Jy moet oor niks verward wees nie. Daarom het Ek jou sekere dinge herhaaldelik vertel en gewys.'

Ons het na die wit gebou gegaan, verklee en teruggekeer na die aardse strand. Die Here het haastig gelyk, daarom het ons hierdie keer nie sit en gesels nie. Hy het my 'n drukkie gegee en gegaan. My liggaam het, soos gewoonlik, ophou ruk nadat die Here weg is.

WATER VIR DIE AARDE

Die lieflike maand van April het begin. Die Here het op 1 April om 06:20 in my slaapkamer verskyn. Ek was saam met Hom tot 08:35. My liggaam het vir dertig minute geruk voordat Hy met my kom praat het. Hy het sy hand na my uitgestrek en ek het my hemelse liggaam op die strand gesien en daarna is ons hemel toe.

Nadat ons verklee het, het ons oor die goue brug geloop. Ons reis het ons na 'n wye pad met yslike klippe aan albei kante geneem. Ons het langer as gewoonlik gestap totdat die pad by 'n hoë berg geëindig het. Dit was so hoog dat ek nie sy kruin kon sien nie en daar het groot swart rotse aan die onderkant van die berg uitgesteek. Tussen die rotse het groot branders op 'n stormagtige manier gebreek. Die water het baie diep gelyk.

Daar was geen pad wat na die water gelei het nie, dus het ons van die kant van die berg daarna gekyk. Dit het gelyk asof die water 'n groot gat gevul het. Die Here het verduidelik: 'Hierdie water is vir die aarde.'

Soos dit dikwels gebeur, het die Here nie die volle betekenis van sy woorde verduidelik nie. Dikwels noem Hy net sekere dinge en waarvoor dit gebruik word. Hy sal my gewoonlik beantwoord indien ek 'n direkte vraag stel.

Gewoonlik wil ek nie vrae vra oor wat Hy my wys nie, want ek weet dat alles eendag vir my duidelik sal wees. My opdrag op die oomblik is om alles wat die Here vir my wys en vertel, neer te skryf en ek weet dat Hy 'n verduideliking sal gee wanneer Hy meen dit nodig is.

Ons het van die toneel weggedraai en weer met die lang pad geloop. Ons het 'n kruising bereik en 'n sypad geneem wat baie naby die goue brug wat na die strand gelei het, gekronkel het. Daar was huise naby die water geleë. In die huise se agterplase was daar verskillende tipes vrugtebome. Die vrugteboorde was baie netjies. Die eerste rye het uit vaal groen bome bestaan wat pers vrugte gedra het. Die volgende ry het groter bome met rooi blare gehad. Daar was 'n verskeidenheid kleure wat op 'n baie mooi manier vermeng is. Die verskeidenheid kleure was so asemrowend dat dit my asem weggeslaan het.

Daar was geen berge in die spesifieke gedeelte van die hemel nie – net water, sand, huise en bome. Dit was so 'n groot area dat ek nie kon sien waar dit ophou nie.

Die Here het my na een van die huise geneem. Dit was anders as die huise en kastele wat ons al tevore besoek het. Die binnekant was heel eenvoudig en die kleure was ietwat gedemp.

'Hierdie is strandhuise vir my kinders,' het die Here verduidelik.

Dit was ongelooflik! Ons gaan vakansiehuise in die hemel hê! Die Here wil werklik hê dat sy kinders gelukkig moet wees en vir ewig sy vreugdes moet geniet.

Na hierdie vreugdevolle besoek het ek en die Here verklee en na die rustige dammetjie gegaan waar ek voor Hom gesing en gedans het. Ek het geweet dat die Here met groot genot glimlag, selfs al kon ek nie sy gesig duidelik sien nie.

Hy het my versoek om by Hom te gaan sit en ek het weer eens begin huil, want ek het geweet die einde van ons besoek sou binnekort aanbreek. Wanneer ek saam met die Here is, wil ek Hom nooit verlaat nie. Sy teenwoordigheid is vol vreugde.

Ek het langs Hom gesit en Hy het gesê: 'Ek het baie dinge in my koninkryk voorberei wat my kinders op aarde geniet. Daar is baie aktiwiteite. Ek het seker gemaak dat niemand verveeld sal wees nie. Elkeen sal verskillende opdragte hê.'

'Hoekom dink jy het Ek profete gekies om my werk op aarde te doen? Ek het hulle gestuur om my werk te doen, nes Ek jou stuur.

Sonder profete sou daar vir My geen manier wees om my wense met my kinders te deel nie.'

'Daarom, my dogter, moet jy niks uitlaat wat Ek jou wys of vertel nie. Vertel alles. Omdat jy so 'n gehoorsame dogter is, kan Ek jou gebruik.'

'Ons moet nou teruggaan.'

Hy het my hand geneem, ons het verklee en toe na die aardse strand gegaan. Weer eens het ons nie sit en gesels nie. Die Here het my net 'n drukkie gegee en weggegaan. My fisiese liggaam het ophou ruk nadat die Here weg is.

HOOFSTUK 12

GENIET DIE KONINKRYK

Julle geloof is kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus. Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap.

– 1 PETRUS 1:7–9

Vir baie eeue het die pragtige duif twee dinge gesimboliseer: vrede en die Heilige Gees. Toe Johannes die Doper vir Jesus in die Jordaanrivier gedompel het, het die Gees van God 'in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My"' (Luk 3:22). Dit was die duif wat aan Noag gesê het dat die waters van die sondvloed opgedroog het. Dit is dus nie vreemd dat ek op my volgende besoek aan die hemel, duiwe teëgekom het nie.

Dit was die oggend van 3 April en die Here was van sesuur tot halfnege met my. Na dertig minute se geruk en gekreun het ek die Here se stem gehoor en Hy het my hand geneem. Kort daarna het ek my getransformeerde liggaam saam met die Here op die strand sien stap.

Ons het saam na die hemel gegaan en ander klede aangetrek. Ons het oor die goue brug gestap en aan die regterkant van 'n pad geloop. Dit was 'n baie wye pad met 'n blaredak van die groot bome wat aan weerskante van die pad gestaan het. Dit was die eerste keer wat ons hierdie pad loop.

Ons het vir 'n lang ruk met hierdie pad geloop voordat ons uiteindelik regs gedraai het. Ons het ook vir 'n hele rukkie met hierdie pad geloop. Dit het die onderkant van 'n groot, rotsagtige berg omsirkel. Aan ons linkerkant was daar 'n vallei wat vol groen bome was. Die middel van die vallei was met wit gruis gevul. Daar was beweging in die area van die wit gruis. Dit was voëls.

'Here, watter tipe voëls is dit daardie?' het ek gevra.

'Dit is duiwe.'

'Hoekom is daar so baie duiwe hier?'

'Hulle is baie belangrik vir My.'

Dit was 'n pragtige plek en so groot en mooi. Ons het bo-op 'n soliede klipmuur geklim waarop ons kon staan om na die hemel se duiwe te kyk. Ons het vir 'n lang tyd daar gebly en ek was diep ontroer deur wat ek gesien het.

'N EINDELOSE OSEAAN

Ons het van die muur afgeklim en weer verder met die pad gestap. Na 'n kort rukkie het ons by 'n smal pad aan die linkerkant uitgekom. Daar het ons afgedraai en verder geloop. Ons het om 'n draai in die pad gestap en ek het 'n massiewe oseaan gesien. Dit was so groot dat dit gelyk het asof dit geen einde het nie. Ons het nader aan die waterkant geloop. Daar was 'n hoë klipmuur wat trappies gehad het wat afgaan na die kuslyn. Ons het op die muur geklim en met die trappies

afgeloop. Die kant van die see was vol klein en groot vissersbote. Dit was 'n marina in die hemel en elke boot was aan 'n dik paal vasgeketting. Al die rompe was wit. Elke boot het 'n pragtige, gemeubileerde kajuit gehad en die vensters was van gebrandskilderde glas. Hulle het soos kerke op die water gelyk.

'Wil jy op een van die bote gaan vaar, my dogter?' het die Here gevra.

'O, ja!' het ek uitgeroep.

Hy het my na een van die bote gelei en ons het ingeklim. Die binnekant van die kajuit was pragtig, maar die boot was net groot genoeg vir twee mense. Daar was twee sitplekke aan die voorkant en twee stuurwiele.

Ek het onthou hoe die Here Hom gedurende sy tyd op aarde met die see, natuur en visvang vereenselwig het. Petrus, Jakobus en Johannes, drie van sy dissipels, was vissermanne. Hy het dikwels op die strande van die See van Galilea gepreek en dikwels visse as onderwerp vir sy lesse gebruik. Die storie van Jesus wat die bruisende branders tot bedaring gebring het, het by my opgekom.

> Skielik het daar 'n hewige storm op die see losgebars, sodat die golwe oor die skuit geslaan het. Maar Jesus het geslaap. Hulle kom toe en maak Hom wakker en sê: 'Here, red ons! Ons vergaan!' Hy sê vir hulle: 'Waarom is julle bang, kleingelowiges?' Daarna het Hy opgestaan en die wind en die see hard aangespreek, en dit het doodstil geword. Die mense het hulle verwonder en gesê: 'Watter soort mens is hy dat selfs die wind en die see hom gehoorsaam?'
>
> – MATTEUS 8:24–27

Jesus is lief vir die see! Hy is mal oor die natuur wat Hy geskep het en Hy wil hê dat ons dit ook geniet. Om die waarheid te sê, toe die skepping plaasgevind het, was mense veronderstel om in 'n paradys wat wonderliker as enigiets wat ons ons kan voorstel, te lewe – die Tuin van Eden – 'n plek van suiwerheid, onskuld, ewige lente, vrugbaarheid, vrede en vreugde. Maar aangesien die mens gesondig het, is ons verban van daardie aardse paradys.

God, in sy groot liefde, het dit moontlik gemaak dat ons die paradys in die hemel kan ervaar. Hy het sy Seun gestuur om vir ons sondes te sterf: 'God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê' (Joh 3:16). Die verlore paradys is herwin deur die dood en opstanding van sy Seun.

Hoe meer ek die Boek van Genesis bestudeer, hoe duideliker word dit dat die Tuin van Eden 'n replika van die hemel op aarde is. Dit is die lewe wat God wil hê sy kinders moet geniet. Daar was geen dood, pyn, lyding, duisternis of siektes in Eden nie en dit sal verseker ook nie in ons hemelse huis gebeur nie!

Die Tuin van Eden moes 'n wonderland gewees het, maar die hemel se skoonheid oortref selfs hierdie beskrywing van Eden:

> Die Here God het toe 'n tuin in Eden in die ooste aangelê en die mens wat Hy gevorm het, daar laat woon. Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit die grond laat uitspruit, ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van alle kennis. Daar het 'n rivier in Eden ontspring om die tuin nat te maak, en van daar af het dit verdeel en vier riviere geword.
>
> – GENESIS 2:8–10

Ek het dit nie vreemd gevind dat ons hemelse huis soos die fantastiese plekke op aarde is nie – die oseane, woude, velde, bome, blomme, voëls, diere, vrugte en riviere is daar vir ons om te geniet soos wat God dit vir ons geskep het om in Eden te geniet. As gevolg van ons sonde het ons die reg verloor om die aardse paradys te geniet, maar deur geloof in Jesus Christus kan ons eendag weer die paradys ervaar! Sal dit nie wonderlik wees daar nie? Dit het my aan die gedeelte in die Bybel waar Jesus op die water geloop het, laat dink:

> Toe dit aand word, was die skuit al ver weg die see in en Jesus alleen op die strand. Hy het gesien hulle roei swaar, want die wind was teen hulle.

> Teen dagbreek die volgende môre het Hy op die see na hulle toe aangeloop gekom, en Hy wou langs hulle verbygaan. Toe hulle Hom op die see sien loop, het hulle gedink dit is 'n spook. Hulle het hard geskreeu, want hulle het Hom almal gesien en groot geskrik. Maar Hy het dadelik met hulle gepraat en vir hulle gesê: 'Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie.' Hy het toe by hulle in die skuit geklim, en die wind het gaan lê. Hulle was heeltemal uit die veld geslaan.
>
> – MARKUS 6:47–51

Jesus was lief vir die see en die natuur wat Hy geskep het. Daarom is ek seker die hemel is die prototipe van alles op die aarde wat mooi is. Ons Here en Meester wil hê dat ons die koninkryk geniet!

Dit was duidelik dat die Here wou hê dat ek die ervaring van 'n hemelse bootrit geniet. Hy het 'n knoppie gedruk en die boot het stadig begin beweeg voordat dit spoed opgetel het. Ek was mal oor die briesie teen my gesig en die koel mis wat so skoon en verfrissend was. Ek het begin lag soos ons oor die see se kalm oppervlak gevaar het en ek het begin sing. Ek was so vol vreugde. Dit was anders as enige bootrit wat ek op aarde gehad het. Bootritte op die aarde het my gewoonlik seesiek of baie naar gemaak, maar hierdie keer het ek elke oomblik van ons opwindende rit geniet.

Op pad terug het die Here my laat bestuur. Die opwinding daarvan het my laat lag en sing. Ek kon hoor dat Jesus saam met my lag. Ek weet Hy het na my gekyk soos wat 'n ouer na 'n kind kyk.

Ek was soms dubbel gevou van die lag, maar het dit reggekry om ons terug na die hawe te neem. Ons het uit die boot geklim en die Here het dit weer aan die paal vasgemaak. Hy het gesê: 'Choo Nam, jy sien die koninkryk het baie van die dinge wat ook op die aarde is. Wanneer al my kinders na my koninkryk kom, wil Ek hê hulle moet die dinge wat Ek vir hulle voorberei het, geniet.'

Ek het geglimlag, want ek het 'n bietjie verstaan wat Hy bedoel het.

'My kinders sal tevrede wees,' het die Here voortgegaan, 'en daarom vra Ek hulle om wêreldse dinge prys te gee om My te bevredig. Hulle

kan enigiets ontvang wat hulle op aarde benodig indien hulle My gehoorsaam. Ek wil hê hulle moet My eerste in hul lewens plaas en dat hulle rein lewens lei, omdat Ek hulle almal liefhet en Ek hulle hierheen wil bring.'

'N ANDER MANIER VAN DINK

God sê vir ons in Jesaja: 'My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes' (Jes 55:8–9). Dit is so waar en die Here het my 'n idee gegee op daardie April-oggend oor wat met die gedeelte bedoel word.

Na die besoek aan die hemelse see het ons verklee voordat ons na die afgesonderde dammetjie gegaan het waar ons dikwels sit en gesels. Die Here het op die klip gaan sit en ek het gesing en gedans. Later het Hy my geroep om by Hom te gaan sit.

Hy het belangrike dinge met my gedeel.

'Dogter, jy is vir My spesiaal. Toe Larry Randolph oor jou geprofeteer het en gesê het hoe spesiaal jy vir My is, het jy hom nie geglo nie.'

'Ek het hom nie geglo nie, Here, want ek het gewonder hoe iemand soos ek vir U spesiaal kon wees. Ek was verbaas oor die blote gedagte dat U van my notisie geneem het. Ek het geglo dat U baie van my gebede verhoor het, maar ek het nooit gedink dat U my sou onthou nie.'

Ek het begin huil terwyl ek verder gepraat het.

'Toe pastoor Larry geprofeteer het en vir my gesê het dat ek U vriendin is, was ek geskok. Dit was vir my moeilik om te glo, maar nou luister ek elke dag na sy bandopname. Elke keer wat ek hom oor my hoor praat, begin my liggaam ruk. Die salwing kom oor my en dan is ek in staat om te glo dat U my op spesiale maniere sal gebruik. Ek wag elke aand dat U met my praat.'

Die Here het aandagtig geluister voordat Hy reageer het: 'Ek kies

my kinders wat rein en gehoorsaam is – dié wat My eerste in hulle lewe plaas. Jy probeer baie hard om My gelukkig te maak, maar jy moet onthou dat Ek slegs na die harte van my kinders kyk. Jy dink soos 'n mens. My denkwyse is anders as joune.'

'Ek weet dit is vir jou uitputtend op hierdie oomblik, maar jy moet geduldig wees.'

'My dogter, Ek wil hê dat jy nooit oor enigiets bekommerd moet wees nie. Laat alles aan My oor. Hierdie boek is Myne, soos Ek vir jou gesê het, en dit sal volgens my wil geskiet.'

Ek was mal oor hierdie tye van samesyn met die Here. Ek het soos Maria gevoel wat gewillig by die Here se voete gesit het om by Hom te leer. Marta, aan die ander kant, het altyd probeer om Hom gelukkig te maak en sy was vol angs, jaloesie en onrus. Ek het besluit dat ek van daardie oomblik af soos Maria sou wees.

Marta was bekommerd en ergerlik en daarom het sy die volgende opmerking gemaak: 'Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê sy moet my kom help' (Luk 10:40). Die Here het geantwoord: 'Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie' (Luk 10:41–42).

Ek het besluit om soos Maria in plaas van soos Marta te wees. Ek het die 'beste deel' gekies wat nooit van my weggeneem sal word nie. Hierdie 'beste deel' is 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus. Niks in die wêreld is belangriker as dit nie!

Ek wou hê dat my gedagtes vernuwe word, sodat ek dinge vanuit 'n hemelse in plaas van 'n aardse perspektief kon sien. Die Here het my gehelp om hierdie doel te bereik. Ek het onthou wat die apostel Paulus in die Boek van Romeine gesê het:

> Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees. Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op

> die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie.
>
> –ROMEINE 8:5–8

Om geestelik ingestel te wees, bring regtig die lewe en vrede. Elke keer wat ek saam met die Here hemel toe gegaan het, het ek geweet wat dit beteken. Ek was vasberade om die hemelse perspektief saam met my terug te bring aarde toe asook om voort te gaan om aan my verhouding met die Here te bou en toe te laat dat Hy my gedagtes vernuwe.

Ons het vir 'n rukkie op die strand gesit en die Here het gesê: 'Jy het baie dinge in die hemel gesien.'

'Ja, Here, en ek geniet die besoeke so baie dat dit al is waaraan ek kan dink. My gedagtes bly in die hemel, nie op aarde nie.'

'Ek weet, my dogter.'

'Ek het nie meer regtig my eie lewe nie, Here. Sedert die eerste oomblik wat ek in U teenwoordigheid spandeer het, het ek verander. Ek is seker daarvan dat my man my al lankal sou gelos het indien hy nie 'n Christen was nie.'

'Ek het vir U geleef lank voordat ek U teenwoordigheid ervaar het en die hemel met U besoek het, maar nou, selfs wanneer ek slaap, voel ek U teenwoordigheid elke keer wanneer ek wakker word. Al waaraan ek nou kan dink, is die boek wat ek vir U moet skryf. Dit is vir my 'n eer om dit vir U te doen, Here. Dankie dat U my met so 'n belangrike verantwoordelikheid vertrou. Ek wil altyd net my beste doen om U gelukkig te maak.'

'Ek weet, my dogter. Wees geduldig en onthou dat Ek jou liefhet.'

Hy het opgestaan, vir my 'n drukkie gegee en verdwyn. Die bonatuurlike geruk van my liggaam het onmiddellik opgehou.

DIE HEMEL, 'N PLEK VAN AANBIDDING

Twee oggende later het ek nog 'n lewensveranderende besoek van die Here gehad. Dit het van 05:50 tot agtuur op 5 April plaasgevind. Na dertig minute se geruk, het ek die Here se stem gehoor. Hy het nader beweeg en my hand geneem. Ek het my getransformeerde liggaam saam met Hom op die strand sien loop. Ons het hemel toe gegaan, verklee en oor die goue brug geloop. Toe het ons na 'n wit, blink pad gestap wat aan weerskante met pragtige blomme versier is.

Ek kon die absolute prag van die blomme nie ten volle begryp nie. Hoe kon blomme só mooi wees?

'Wil jy 'n blom hê, my dogter?' het die Here gevra.

'Ja Here, ek was nog altyd mal oor blomme.'

Hy het 'n geel blom gepluk en dit vir my gegee. Ek het die blom regdeur ons hemelse besoek vasgehou.

Na 'n baie lang reis het ons by 'n groot en pragtige huis aangekom. Die paleisagtige struktuur was aan die einde van die pad geleë. Die grond was wit en blink en daar was orals blomme.

Ons het na die agterkant van die deftige huis gestap en ook daar was orals blomme. Dit was ongelooflik mooi. Daarna het die Here my teruggeneem na die voorkant van die gebou.

Ons het deur die ingang geloop na 'n breë gang. Skielik het die binnekant van die huis donker geword. Die Here het verdwyn. Ek het baie alleen en ietwat bang gevoel. Ek het begin huil.

Net so skielik soos wat dit donker geword het, was die kamer skielik met die helderste lig wat ek al ooit gesien het, gevul. Die vertrek was baie mooi gemeubileerd, gerangskik en versier en ek was verbaas deur die helderheid en prag daarvan.

Daar was trappies na die platvorm waarop die Here gesit het. Hy was geklee in suiwer goud. Sy goue kroon het in die lig geglinster en sy goue kleed het geskitter en geblink. Sy gesig was baie helder, maar ek kon nie sien hoe Hy lyk nie.

Die vertrek was vol mense wat wit mantels en silwer krone gedra

het. Hulle het in die teenwoordigheid van die Here gebuig en ek het dieselfde gedoen. Dit was asof die vertrek groter geword het om die groeiende aantal mense van alle kleure en tipes te akkommodeer. Dit was 'n oomblik van heilige aanbidding en verering voor die Here.

Skielik het almal verdwyn en die Here het na my gekom en weer eens het Hy sy gewone wit kleed aangehad.

Dogter, kyk om jou rond,' het Hy gesê.

Ek het so gemaak en alles wat ek kon sien, ingeneem. Dit was die grootste vertrek waarin ek al ooit was – soos 'n verskriklik groot danssaal wat duisende mense kon akkommodeer. Die mure het met juwele en edelstene geskitter en die vloer was van vleklose wit marmer.

'Hulle aanbid My. Hulle aanbid My aanhoudend,' het die Here verduidelik wat die mense hier doen.

Ek het onmiddellik aan 'n spesifieke gedeelte uit die Bybel, wat met aanbidding verband hou, gedink:

> U het al die nasies gemaak; hulle sal voor U kom buig, Here, en aan u Naam die eer gee, want U is groot en doen magtige dade, U alleen is God.
>
> – Psalm 86:9–10

'Mag ek U saam met hulle aanbid wanneer ek hemel toe kom om met U te wees?' het ek gevra.

Die Here het gelag en gesê: 'Natuurlik,my dogter.'

Dit was al wat Hy gesê het. Ek moet erken dat ek taamlik geïntimideerd gevoel het deur sy voorkoms toe Hy op die troon gesit het in al sy stralende glorie. En terwyl ons gestap het, het ek ongemaklik in sy teenwoordigheid gevoel aangesien die visioen waar Hy op die troon sit my met 'n bang gevoel gelaat het.

Wanneer Hy saam met my is, lyk Hy heeltemal anders. Wanneer ons saam is, lyk Hy soos 'n normale man, behalwe dat ek nie sy gesig kan sien nie. Hy is liefdevol en gaaf, sag en simpatiek.

Die ongemaklike gevoel is afgewissel met oomblikke van vreugde

toe ons verklee en na die dammetjie gegaan het. Ek het gesing en gedans en die Here het, soos gewoonlik, sy plek op die klip ingeneem. Terugflitse van die Here se streng teenwoordigheid op die troon, het van tyd tot tyd my vreugde weggeneem, maar ek het probeer om vreugdevol aan te hou dans.

'Kom hier, my dogter,' het Hy geroep.

Ek het begin huil omdat ek geweet het dat die besoek binnekort verby sou wees. 'Ek wil U nie verlaat nie, Here.'

'Die plek wat Ek jou vroeër gewys het, Choo Nam, is waar al my mense bymekaar sal kom om My te aanbid. Ek sal nie toelaat dat enigiemand op aarde jou seermaak nie. Indien jy nie so 'n spesiale dogter was nie, sou Ek jou nie hemel toe kon bring en al die dinge wat jy al gesien het, wys nie.'

Dit was presies die gerusstellende boodskap wat ek nodig gehad het om te hoor. Die Here se liefde vir my het al my vrese verban. Die ongemak wat ek vroeër ervaar het, het verdwyn. Ek het op my gewone manier op die Here se positiewe boodskap gereageer.

'Ek is niks nie, Here.'

Hy het my berispe.

'Moet dit nooit weer sê nie. Jy is vir My baie spesiaal. Jy moet dit glo. Ek moes die regte dogter vir hierdie belangrike werk kies en jy is die een wat Ek gekies het. Ek wil hê jy moet die beste moontlike lewe op aarde hê totdat die laaste dae aanbreek. Ek sal jou nooit verlaat nie en Ek sal altyd na jou omsien. My dogter, Ek is lief vir jou.'

Sy woorde van liefde en troos het my hart gebreek. Ek het hardop gehuil. Dit was 'n oomblik van reiniging, genesing en katarsis en ek het heeltemal vernuwe gevoel.

Die hemel is 'n plek van groot vreugde. Dit is ontwerp om deur ons geniet te word. Dit is sy doel. Soos die Westminster Kategismus dit stel, is die einddoel van die mens om 'God te verheerlik en Hom vir altyd te geniet.' Hoe nader ek op hierdie aarde aan Jesus kom, hoe meer kan ek my lewe geniet. Sy liefde verstoot alle vrees.

Ja, die hemel is inderdaad 'n werklikheid.

HOOFSTUK 13

ENGELE IN DIE HEMEL EN OP AARDE

'Ek sal sy Vader wees, en Hy sal my Seun wees ... Al die engele van God moet Hom aanbid.' Van die engele sê Hy: 'Hy maak sy engele stormwinde en sy dienaars vuurvlamme.'

– HEB 1:5–7

My bonatuurlike ervarings met Jesus en die hemel het my oë vir verskeie geestelike waarhede oopgemaak. Ek het besef dat God die aarde volgens die hemel geskep het, nes Hy ons in sy eie beeld geskape het. Dit was vir my opwindend om te ontdek dat die mooiste goed wat ons op die aarde geniet, ook 'n deel van ons ewige bestaan sal wees.

"Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip"' (Gen 1:26). God het ons 'n pragtige aarde vol visse, voëls en vee gegee en Hy wil hê ons moet heerskappy daaroor neem. In die hemel is daar ook visse, voëls en vee. Sy skepping is op elke manier wonderlik – 'n plek wat ons vir ewig kan geniet.

Maar Satan het gekom en uit trots en jaloesie die eerste mense verlei om ongehoorsaam aan God te wees. Hy het sy reg op ewige glorie in die hemel verloor as gevolg van sy sondes. Op dieselfde manier is

Adam en Eva vir ewig uit hulle aardse paradys verban en dié wat nie vir God in hierdie lewe gehoorsaam nie, sal nie die hemelse paradys kan geniet nie. Die Here het dit vir my herhaaldelik beklemtoon.

Ek het dikwels gewonder na wie die 'ons' in Genesis 1:26 verwys, maar nou weet ek dat dit na die Heilige Drie-eenheid verwys. Baie mense, soos ek, het in hierdie laaste dae interessante ervarings met engele. Engele besoek ons op dieselfde manier soos hulle dit in die antieke tye gedoen het. Hulle verseker mense van God se liefde en waarsku ons teen dinge wat binnekort sal gebeur. Soos Jesus dikwels vir my vertel het, is ons regtig in die laaste dae. Engele is sy boodskappers. Ek het een van hulle ontmoet en hulle is wonderlike wesens wat die liefde en glorie van God uitstraal. Hulle geniet dit om die Vader in die hemel te aanbid en hulle gehoorsaam Hom deur sy boodskap op aarde te verkondig.

Ek is mal oor God se heilige engele en ek glo hulle is by my soos ek hierdie boek skryf. Die Here het gesê dat ek met persoonlike engele omring word. Ons moet nooit God se belofte vergeet nie: 'Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan. Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie' (Ps 91:11–12).

OP DIE WOLKE

Die oggend van 8 April het nog 'n besoek van die Here meegebring. Hy het my van sesuur tot negeuur besoek. My liggaam het vir 40 minute geruk voordat ek sy stem na my hoor roep het. Hy het my hand geneem en in my getransformeerde liggaam is ons na die strand. Ons het langer as gewoonlik langs die strand gestap. Daarna het ons hemel toe gevlieg.

Nadat ons verklee het, het ons oor die goue brug gestap en na die pad waarop ons gewoonlik loop, gegaan. Uiteindelik het ons links afgedraai en op 'n wye, wit pad geloop. Die pad het groot, blaarryke bome aan weerskante gehad. Die bome se blare was helder oranje.

Ons het 'n hele tydjie op die pad geloop en toe op 'n klipperige pad, wat tussen hoë klippe gekronkel het, afgedraai. Dit het na 'n hoë brug gelei wat tussen twee berge gestrek het. Nadat ons oor die brug geloop het, het ons 'n berg uitgeklim en na die toneel voor ons gekyk.

Ons was op die wolke. Om die waarheid te sê: orals waar ek gekyk het was daar net wolke. Die Here het gesê 'Ons is op die wolke.'

Wolke het simboliese waarde vir die Here. Die Bybel sê vir ons dat wanneer die Here terugkom aarde toe '... sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees. Troos mekaar dan met hierdie woorde' (1 Tess 4:16–18). Die Boek van Openbaring praat ook oor wolke: 'Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het ...' (Op 1:7).

Hierdie was nog 'n opwindende oomblik in die hemel. Ek was bly dat daar wolke in die hemel is, want ek het dit nog altyd so vreedsaam en lieflik gevind. Ek onthou hoe ek as 'n klein dogtertjie gewonder het hoe dit sou wees om op die wolke te wees en nou het ek geweet. Ek en die Here het 'n ongelooflike uitsig geniet.

Ek het gewonder of ons bo-oor die sagte, borrelende wolke, wat gelyk het asof hulle ver is van waar ons gestaan het, sou vlieg. Ek weet regtig nie hoekom Hy my die wolke gewys het nie. Ek weet net dat dit vir Hom lekker is om my die hemelse koninkryk te wys. Ek vermoed Hy wil hê dat ons moet weet hoe ongelooflik dieselfde die hemel soos die aarde is, net nog baie beter.

Een ding is seker – God is almagtig en ek weet dat alles wat Hy my wys, vir Hom belangrik is. Die feit dat Hy die tyd neem om my op persoonlike toere van die hemel te neem, is oorweldigend, maar daardie ervarings en die boodskappe wat daarmee verband hou, is vir my belangriker as enigiets anders.

Ek brand letterlik met 'n geestelike passie om my ervarings met ander mense te deel. Deur 'n verteenwoordiger van die mensdom te wees, kan ek 'n spreekbuis word waardeur die Vader sy groot liefde vir

sy kinders bekend kan maak. Ons is 'n bevoorregte generasie. God is op die punt om op skouspelagtige maniere te beweeg. Die Here sal binnekort terugkeer aarde toe.

GLO IN DIE HEMEL

Iemand het hierdie wyse woorde geskryf: 'Die hemel is 'n voorbereide plek vir voorbereide mense.' God het my met hierdie ervarings geseën sodat ek voorbereid sal wees vir die plek wat Hy alreeds vir my voorberei het, en sodat ek ander mense kan help om voorbereid te wees.

Die kern van hierdie boodskap is die volgende: 'Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel' (Matt 5:12). Die hoop van die hemel is die aarde se vreugde.

Na ons besoek aan die berg se kruin, op die wolke van glorie, het die Here my teruggeneem na die wit gebou waar ons verklee het. Abraham was daar om ons te groet en hy het vir etlike minute met die Here gepraat. Toe die Here gaan verklee, het Abraham na my gekom. Hy het sy hand op my rug gesit en gesê: 'Die Here het jou baie van die koninkryk gewys.' Abraham is baie lang man met 'n lang baard.

Ek het my kop geknik en 'n pragtige engel het my na die kleedkamer vergesel. Daarna het ek en die Here na die hemelse dammetjie geloop. Ek het dadelik begin sing.

Die Here het sy plek op die klip ingeneem en ek het begin dans, maar ek kon nie voortgaan nie. Ek was skielik hartseer en het begin huil. Ek het aangevoel dat die Here my nie weer na ons besoek na hierdie dammetjie sou bring nie en dit het my baie terneergedruk gelaat.

Teen hierdie tyd het ek bitter erg gehuil. Die Here, wat al ons gedagtes en gevoelens ken, het my geroep om by Hom te kom sit. Ek wou Hom nie gehoorsaam nie, want ek het gedink dat ek reeds weet wat Hy vir my sou sê – dat ek nie weer na die dammetjie gaan terugkom nie.

Weer eens het Hy my geroep en ek het teensinnig gehoorsaam. Ek het langs Hom gaan sit, aan sy arm vasgehou en aangehou huil.

'Here,' het ek gesê, 'ek voel dat U my nie weer hierheen sal bring nie. Moet my asseblief nie laat gaan nie, want ek sal baie na U verlang.' Ek het sy arm gedruk en styf daaraan vasgehou.

'My kosbare dogter, jy is reg. Ek wil jou nie weer hierheen bring voor die laaste dag nie. Jy weet dat dit binnekort sal wees, so wees geduldig tot daardie tyd. Ek het jou genoeg van die hemel gewys om die wêreld in te lig, maar daar is steeds baie wat Ek jou op aarde wil wys.'

'Ek sal jou na die strand neem en daar met jou praat, so moenie verder huil nie. Ek sal orals saam met jou wees. Ek sal enige tyd daar wees wanneer jy My wil sien en jy sal My kan sien. Ek sal jou teen al die bose dinge van die wêreld beskerm.'

'Dogter, Ek weet dat jy nog altyd behoeftiges wou help. Ek sal jou oorvloedig seën sodat jy in staat sal wees om enigiemand wie jy wil, te help.'

'Dankie, Here. Ek wil regtig behoeftige mense help.'

'Dit is een van die redes hoekom Ek jou so liefhet, my dogter. Wanneer jy na die koninkryk kom om vir altyd hier te woon, sal Ek jou weer na hierdie dammetjie bring. Jy sal altyd my spesiale dogter wees. Ek wil nie hê jy moet verder oor My huil nie. Ek wil hê jy moet jy elke dag op aarde gelukkig wees.'

'Dankie dat jy geduldig is en al hierdie werk vir My doen. Ek wil hê jy en jou man moet My tot die einde van tyd dien. Skryf net eers my boek klaar. Ek sal jou die nodige leiding gee. Moet oor niks bekommerd wees nie.'

'My kinders moet die boek lees, want so baie van hulle twyfel oor die hemel. Ek wil hê hulle moet weet dat daar 'n hemel is en hulle moet rein en gehoorsame lewens lei, sodat hulle na my koninkryk kan kom.'

'Hierdie boek gaan oor my woorde en die koninkryk wat ek vir dié wat daarheen wil kom, voorberei het. Alles is gereed.'

'Hierdie boek moet deur 'n Geesvervulde persoon geskryf word. My dogter, indien jy nie onder die spesiale krag van my Heilige Gees was nie, sou Ek jou nooit vir hierdie taak kon gebruik nie. Soos Ek reeds gesê het, berei Ek jou al vir 'n lang tyd vir hierdie opdrag voor,

want Ek weet dat Ek binnekort terugkeer aarde toe. My kinders moet weet dat Ek binnekort kom. My kosbare dogter, jy moet altyd hierdie dammetjie onthou.'

Sy woorde het my diep aangeraak. My hart het van liefde vir my Here gepyn en ek het geweet dit is tyd vir ons om terug te gaan. Ek het steeds gehuil, maar my hart was gerusgestel met die wete dat ek vir ewig met die Here sal wees en dat Hy op aarde ook altyd by my sal wees.

Die Here se engel het my in die kleedkamer omhels. Dit was opwindend om op 'n plek te wees waar daar altyd so baie liefde, simpatie en begrip teenwoordig is. Ek het besef dat beide Abraham en die engel geweet het dat dit my laaste besoek aan die hemel sou wees. Die engel het weer vir my 'n drukkie gegee toe ek die kamer verlaat.

Die engel het blonde hare, 'n vloeiende wit kleed en 'n warm en delikate gesig gehad. Die engel het vir my geglimlag terwyl ek na die Here geloop het. Ons het na die aardse strand gegaan en op die sand gesit. Die Here het my aan die dinge wat Hy by die hemelse dammetjie gesê het, herinner. Hy het genoem dat Hy my nooit sal verlaat of versaak nie en dat Hy my op die strand sal ontmoet. Hy het my herinner om alles wat Hy vir my gewys en vertel het, sorgvuldig neer te skryf.

Nadat Hy weg is, het my hartseer verdwyn. Ek het Hom geglo.

'n Gedeelte uit die Bybel het by my opgekom: 'Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld' (Matt 28:19–20).

Ek het verstaan hoe die dissipels moes voel toe hulle besef het dat Jesus hulle sal verlaat en hemel toe gaan. Hy het hulle met dieselfde woorde getroos waarmee Hy my getroos het. Ek het geweet dat Hy altyd met my sal wees en dat sy engele oor my sal waak wanneer ek poog om sy groot opdrag te vervul.

Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig. U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl

> my teëstanders moet toekyk. U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid. U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.
>
> – Psalm 23:4–6

Ek glo regtig die woorde van Psalm 23.

KOSBARE HERINNERINGE

Hoewel ek hartseer was dat ek nie nou weer die hemel sou besoek nie, het ek geweet dat ek nie een oomblik van my hemelse ervarings vir enigiets op aarde sou verruil nie.

Ek het die grootste gedeelte van die oggend van 8 April hemelse liedjies gesing, gemediteer en probeer om meer as gewoonlik te bid, want ek het nie geweet wanneer ek weer die Here sou sien nie. Ek doen dit elke oggend, maar daardie oggend het ek etlike ure in aanhoudende gebed, aanbidding en meditasie oor die Woord van God gespandeer. Sedert ek 'n Christen geword het, is gebed my lewe. Op hierdie manier is die Here elke minuut in my lewe teenwoordig. Daardie spesifieke oggend was vir my 'n hartseer geleentheid, want ek het geweet dat ek nie weer voor die laaste dag aanbreek met my Here die hemel sou besoek nie.

Ongeveer eenuur die middag het ek weer hartseer gevoel. Ek het onthou dat ek nie weer met die Here hemel toe sou gaan nie. Om saam met die Here te wees, was die gelukkigste ervaring in my hele lewe. Geen woorde kan regtig die vreugde weergee wat ek op daardie hemelse besoeke ervaar het nie. Hoewel ek uitgeput gevoel het gedurende daardie maande, was ek geestelik verfris.

Ek het begin huil. Die ferm, sterk stem van die Here het my aandag getrek. Hy het gesê: 'My dogter, Ek het jou versoek om nie meer oor My te huil nie.'

Ek het probeer om nie verder te huil nie, maar ek kon nie ophou nie.

'Here, ek is jammer, maar ek wens dat U my weer saam met U hemel toe sal neem.'

Ek wou vra dat Hy my onmiddellik hemel toe neem, want ek het vir niks in die wêreld meer omgegee nie. Die gedagte om met Jesus in die hemel te wees, het my gedagtes besig gehou. Ek het dit openlik aan die Here gesê.

'Ek wil nie meer wag nie,' het ek gesê.

Hy het my berispe en dit het my seergemaak. 'My kosbare dogter, Ek het jou reeds gesê dat jy eers my werk op aarde moet doen. Wees geduldig.'

Ek kon aan sy stemtoon hoor dat Hy kwaad was. Hy het voortgegaan: 'My koms is nader as wat enigiemand dink. Maar onthou dat Ek jou nooit sal verlaat nie. Jy het rus nodig.'

Hy het weggegaan. My las is verlig, maar ek wou steeds met die Here in die hemel wees. Ek was glad nie meer bang vir die dood nie, want ek het geweet die dood sou die begin van my ewige lewe in die hemel beteken. Soms het ek selfs gewens om dood te gaan, maar het ek van voor af besluit om die missie wat die Here aan my toevertrou het, te vervul.

Ek het baie kosbare herinneringe gehad om te herroep en te herleef. Ek onthou alles wat ek in die hemel gesien het – elke pad waarop ons geloop het, die geboue wat ons binnegegaan het, die berge wat ons uitgeklim het, die engele, Abraham, die wolke, die riviere, die diere, die blomme, die bome, die voëls, die klippe, die see, die meer, die dammetjies, die mense en die wonderlike vrede en vreugde van alles.

Ek sal nooit weer wees soos voorheen toe ek gedink het dat ek so lank as moontlik hierdie aarde wil geniet, oud word en reis nie. Meer as enigiets wil ek by die Here wees. Ek weet die hemel is 'n werklikheid en ek weet Jesus is altyd daar. Ek het Hom liewer as my eie lewe en ek wil hê almal moet in Hom glo en weet daar is 'n hemel wat reeds vir ons voorberei is.

Ek stem saam met die psalmdigter wat geskryf het:

> Ek wil by U in die heiligdom wees om daar u mag en grootheid te ondervind. U troue liefde is meer werd as die lewe; daarom sal ek U prys. Ek sal U my lewe lank loof, my hande ophef om u Naam te prys. Soos elke keer wanneer ek u goeie gawes geniet, sal ek U altyd roem met 'n jubelende mond. As ek aan U dink op my bed, oor U peins in die nag, dan weet ek: U is vir my 'n hulp, en dan juig ek oor die beskerming onder u vleuels.
>
> PSALM 63:3–8

Ek het in die verlede oor hierdie dinge gewonder en soms gesukkel om dit te glo, maar nou weet ek dat ek weet wat ek weet. Daar is 'n hemel en dit is ons werklike huis. Die Here het herhaaldelik vir my die water van die hemel gewys en Hy het gesê: 'Enigiemand wie se hart nie so suiwer soos die water is nie en wat nie volgens my Woord leef nie, sal nie my koninkryk binnekom nie.'

Hy het dit herhaaldelik genoem sodat ek besef hoe belangrik dit is. Hy het ook gesê: 'Baie mense sal nie na die koninkryk kom nie, want hulle leef nie volgens my Woord nie. Daarom het Ek jou die mense met die sand- en gryskleurige klere gewys.'

Ek het geweet dat ek nie veel weet van boeke skryf nie en ek het bitter min van God se Woord geweet, maar Hy het gesê dat ek nie bekommerd hoef te wees nie. Ek het uiteindelik geleer hoe om al my bekommernisse aan Hom op te dra, want ek weet Hy gee vir my om. Ek wil my bes doen om altyd die Here tevrede te stel.

DIE HEMEL IS 'N WERKLIKHEID

Agt dae na my laaste besoek aan die hemel het die Here my vir byna twee ure besoek. Dit was die oggend van 16 April en my liggaam het vir twintig minute geruk. Ek het gekreun en gesweet. Hy het gesê: 'My dogter, Ek moet met jou praat.'

Hy het my hand geneem en ek het in my getransformeerde liggaam

met Hom op die strand gestap. Ons het na die rotse waar ons altyd sit, gegaan.

Soos ons gestap het, het ek gesê: 'Ek verlang daarna om saam met U te wees, Here. Dit is nou al agt dae sedert my laaste besoek aan die hemel.'

Hy het geluister en ek het geweet Hy verstaan, maar Hy het vir 'n lang tyd stil gebly. Ons het verder gestap en toe op die rotse gaan sit. Die Here het gesê: 'Ek verlang ook na ons tye saam.'

Ek het in die gees begin sing. Die liedjies het na vore gekom en ek het geen beheer daaroor wanneer ek met die Here is nie. Dit het my laat besef dat die Here van liedjies en dans hou. Hy kyk na my gesig wanneer ek sing en Hy lyk gelukkig. Maar hierdie keer het Hy my in die rede geval: 'Dogter, Ek moet met jou praat.'

Ek het steeds gesing en Hy het herhaal: 'Ek moet met jou praat.'

'Ek is jammer, Here.'

'Ek sien dit gaan goed met my boek. Het jy die naam van die boek wat Ek vir jou gegee het, neergeskryf?'

'Ja, Here.'

'Ek het vir jou gesê dat Ek vir alles sal sorg.'

Dit was vir my moeilik om met 'n gepaste titel vir die boek vorendag te kom. Dit was asof die regte titel my gedurig ontwyk het. Gedurende my gebede die vorige week, het ek die Here vir 'n titel gevra. Die woorde 'die hemel is 'n werklikheid' het die heeltyd by my opgekom. Om eerlik te wees, ek kon nie ophou om dit te herhaal nie.

Ek het besef dit is die titel wat die Here vir die boek gekies het. Daar kon nie 'n beter titel gewees het nie. Dit het die boodskap, die tema en die raamwerk van hierdie boek presies omskryf. Dit is wat Jesus wil hê mense moet weet.

'Wie ook al na my koninkryk wil kom, moet glo en voorbereid wees vir my koms,' het die Here voortgegaan. 'Dit is baie nader as wat hulle vermoed.'

'Selfs getroue Christene twyfel of daar werklik 'n koninkryk in die hemel is. Al my twyfelende kinders moet glo dat my koninkryk werklik

bestaan. Dit sal hulle help om meer getrou, gehoorsaam en rein van hart te wees, sodat hulle my koninkryk kan binnegaan.'

DAAR IS GEEN MAKLIKE PAD NA DIE HEMEL NIE

Die Here wil hê mense moet gelowig wees. Die skrywer van Hebreërs het die belang van geloof beklemtoon toe hy sê dat ons die Here daarsonder nie kan bevredig of gelukkig maak nie.

> As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon.
>
> –Hebreërs 11:6

Geloof gebeur wanneer ons na God se Woord luister: 'Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus' (Rom 10:17). God wil hê ons moet in sy Woord glo, en sy Woord dui ons na die hemel.

Jesus het gesê: 'As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry' (Joh 15:7). Die Woord van die Here gee vir ons geloof in ons harte sodat ons in geloof kan uitreik wanneer ons bid, en sodoende antwoorde op ons gebede kry.

Dit is wat gebeur het toe ek vir die Here vir 'n titel vir die boek vra. Hy het my gebed verhoor en dit beantwoord. Hy is so 'n groot en glorieryke Here en sy hemel is 'n werklikheid.

Die Here het voortgegaan: 'Ek sal almal wat volgens my Woord leef na die koninkryk bring, maar die pad na die koninkryk is nie maklik nie.'

'Dogter, jy wil gedurig weet hoekom Ek jou vir my werk gekies het. Ek sal weer eens jou vraag beantwoord. Jy is die regte persoon vir hierdie boek. Ek weet jy sal alles doen wat Ek vir jou sê, maak nie saak hoe moeilik dit vir jou is nie.'

'Jy sal baie mense verras omdat Ek 'n dogter in plaas van 'n seun vir hierdie Eindtydwerk gekies het. Ek besef baie dogters se harte is reiner as dié van seuns en dit is vir My baie aangenaam. Deur jou sal baie dogters gelukkig gemaak word. Ek beplan om baie dogters met 'n spesiale salwing te seën vir my finale werk en hulle moet voorbereid wees om dit te ontvang.

'Ek wil hê jy moet alles wat Ek jou wys en vertel presies so neerskryf. Niks meer nie en niks minder nie. Nadat dit gedoen is, sal jy spesiale gawes ontvang om My te dien en jy sal 'n seëning vir my mense wees. Ek sal jou meer seën as waarvoor jy ooit kan hoop.'

'Here, die enigste seëning waarvoor ek hoop, is dat ek U gelukkig sal maak. Ek kort niks nie, omdat U my met alles seën wat ek nodig het of wil hê. As ek U kan dien, sal dit my baie gelukkig maak. Ek wil hê dat my hele gesin U sal dien en gewillig sal wees om hulle lewens vir U te gee.'

'Daarom is Ek so lief vir jou, dogter,' het Hy gesê. 'Maak seker dat jy Pastoor Randolph se profetiese woorde in hierdie boek gebruik. En onthou, Ek sal jou weer hierheen bring.'

Ons het opgestaan, na die strand geloop en na die Stille Oseaan gekyk. Hy het gesê: 'Skryf neer wat Ek jou vertel.'

Ek het Hom styf vasgehou toe Hy vir my 'n drukkie gee. Ek wou nie hê dat Hy weggaan nie, maar het geweet dat Hy moes. Ek weet die hemel is 'n werklikheid en dat ek niks het om oor bekommerd te wees nie. Ek sal regdeur die hele ewigheid met Hom wees.

WANDEL IN DIE WOORD

As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is. Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly.

– JOHANNES 15:7–9

Terwyl ek die oggend van 18 April gebid en gemediteer het, het die Here my met 'n spesiale salwing geseën. Dit was 'n teken dat Hy binnekort weer aan my sou verskyn en vyftien minute later het Hy by die venster in my slaapkamer gesit. Ek het opgelet dat my getransformeerde liggaam langs Hom sit. Geestelike liedjies het diep vanuit my siel op sy teenwoordigheid gereageer.

Terwyl ek gesing het, het ek die Meester se hand vasgehou. Ek het na die littekens op sy palm gesoek deur sy hand te probeer omdraai, maar Hy het my nie toegelaat om dit te doen nie. Hy het baie gelukkig gelyk op hierdie spesifieke besoek en Hy het gesê: 'Ek wil jou nie weer sien huil nie.'

Die Here het daardie dag baie belangrike dinge met my gedeel.

'My dogter, Ek wil nie hê dat jy bekommerd moet wees oor enigiets wat met jou werk vir My verband hou nie. Ek sal vir alles sorg. Wees

vir My gelukkig, my dogter. Ek wil hê jy moet 'n foto van jou op die voorblad van die boek plaas.'

'Here, U verras my altyd. U laat my altyd so gelukkig voel.'

'Ek ken al jou behoeftes voor jy My vra, maar Ek wil nie hê dat my kinders ophou vra vir wat hulle nodig het nie.'

Sy woorde het my aan iets herinner wat ek in die Bybel gelees het: 'Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hul gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik. Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra' (Matt 6:7–8).

In hierdie gedeelte van die Bybel leer Jesus ons hoe ons moet bid, naamlik die Onse Vader. Dit is 'n effektiewe riglyn vir alle voorbiddings- en persoonlike gebede. Ek gebruik hierdie beginsels wanneer ek voor die troon gaan vir aanbidding, voorbidding en smeekgebede. Ek bevestig altyd die Here se beloftes, soos in Filippense 4:19: 'En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.' Op hierdie spesifieke lente-oggend het die Here my aan hierdie kosbare waarhede herinner.

Nadat Hy sy boodskap oor gebed oorgedra het, het die Here opgestaan en my getransformeerde liggaam het saam met Hom opgestaan. Ek het gesien hoe die Here aan my getransformeerde liggaam se kop raak. Hy het weggegaan, my getransformeerde liggaam het verdwyn en my fisiese liggaam het ophou ruk.

'N VISIOEN VAN BAIE BOEKE

Vier dae later, op 22 April, was die Here van 06:35 tot 08:18 met my. My liggaam het vir 25 minute geruk voordat ek die Here se stem gehoor het. Hy het my hand geneem en ek het my getransformeerde liggaam saam met Hom op die strand sien stap. Die Here het gesê: 'Ek is lief vir jou, my dogter.'

'Ek is ook lief vir U, Here.'

Ons het na die rotse gegaan waar ons gewoonlik sit en na die magtige Stille Oseaan kyk. Nadat ons gaan sit het, het ek begin sing en uit vreugde gehuil. Ek het die Here se arm vasgehou en Hy het my hand met sy regterhand gestreel.

'My dogter, Ek moet jou iets wys.'

Die ongewone stem wat my bonatuurlike visioene vergesel, het na vore gekom. Toe het ek 'n visioen van 'n boekwinkel vol boeke en ek het gewonder hoekom daar soveel boeke is. My oë was op een spesifieke boek gerig. Die voorblad het 'n goue agtergrond gehad en daar was 'n kasteel aan die bokant – 'n manjifieke kasteel soos dié wat ek in die hemel gesien het. Die titel was op die middel van die bladsy – *Die hemel is 'n werklikheid* – in vetdruk. Aan die onderkant van die voorblad was daar 'n wolk, 'n sagte borrelende wolk soos dié wat ek van die hemel se berg af gesien het.

Ek was verwonderd oor die boek in die visioen. Ek het gesien hoe 'n klomp van die boeke deur die lug vlieg en hoe mense op die grond strek en spring in 'n poging om die boeke in die hande te kry.

Toe verdwyn die visioen en ek het oor die belang daarvan gewonder. Die Here het toe verduidelik: 'Ek het jou gesê dat Ek vir alles sal sorg, dogter. Moenie meer oor enigiets bekommerd wees nie.'

Hy het my die voltooide produk van die boek, wat so baie van my aandag en tyd geverg het, gewys. Dit was pragtig en die voorblad was so aanloklik. Die belangrikste was dat Hy vir my gewys het hoe desperaat mense is om die waarheid van die hemel te weet. Ek het besef dat my boek die manier sou wees hoe hulle die waarheid bekom.

'Here, ek vertrou alles wat U my vertel,' het ek gesê, 'maar ek kan nie help om hieroor te wonder nie.'

'My dogter, die boek moet op my tyd en deur my wil gedoen word. Jy moet heeltemal daaroor ontspan. Ek weet jy het nie regtig op die oomblik jou eie lewe nie, want jy is gedurig met die boek besig, maar sommige dinge kan nie aangejaag word nie. Dit moet op die regte tyd bereik word. Jy moet leer om geduldig te wees. Ek wil hê dat al my kinders op hierdie aarde gelukkig moet wees.'

'Here, dit maak nie saak hoe moeilik dit is nie, ek geniet elke oomblik van die tyd wat ek aan die boek spandeer. Dit is nie moeilik om U wonderlike woorde neer te skryf nie. Die Heilige Gees lei my met elke woord wat ek skryf, ek sou dit nooit op my eie kon doen nie.'

Ek moet erken dat die moeilike deel was om te wag. Tog was die Here getrou aan elke woord wat Hy geuiter het. Sy Woord is vir altyd waar. Soos Jesaja getuig het: 'So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het' (Jes 55:11). Ek het geweet dat dieselfde vir die boek wat ek vir Hom skryf, sal geld. Dit sal nie onverrigter sake na Hom terugkeer nie. Dit sal floreer en die doel bereik waarvoor Hy dit bestem het.

Sy teenwoordigheid, sy stem, sy aanraking en sy woorde was alles vir my baie gerusstellend en het my met groot vrede gevul. Ek het geweet dit is sy boek en nie myne nie, en dat Hy vir elke aspek daarvan sal sorg – van die skryf tot die voorbladontwerp tot die druk, bemarking en verspreiding daarvan. Dit sal 'n wonderlike boek wees wat mense sal aanraak met die beskrywing van die glorie van die hemel.

Die Here het opgestaan, na die rand van die see geloop en gesê: 'Ek is lief vir jou, my kosbare dogter.' Hy het hierdie keer nie vir my 'n drukkie gegee nie. Hy het omgedraai en weggeloop.

'ALLES IS GEREED!'

Op die oggend van 25 April het die Here my van 07:40 tot 09:13 besoek. My liggaam het geweldig geruk en ek was seker dat my gekreun regdeur die huis gehoor kon word. Die Here het toe gepraat: 'Ek is jou Here, my kosbare dogter. Ek moet met jou praat.'

Hy het my hand geneem en my fisiese liggaam het gebewe en geruk asof 'n elektriese stroom deur my liggaam gaan. Ek het gesien hoe my getransformeerde liggaam saam met die Here op die strand loop. Ons het ons gewone plekke op die rotse ingeneem, maar hierdie keer het ek nie gesing nie.

Die Here het gesê: 'My dogter, Ek geniet dit regtig om saam met jou te wees.'

'Here, ek is lief vir U en ek wil die heeltyd by U wees.'

'Binnekort sal jy, My dogter. Het jy na jou voete gekyk?'

Ek het dit nog nooit tevore opgelet nie, maar ek het dieselfde tipe sandale as die Here gedra – roomkleurig met 'n goue afwerking. Ek het my regtervoet langs syne geplaas en gesien hoeveel kleiner my voete as syne was. Ons albei het begin lag.

Volgende het ek aan die materiaal van my kleed gevoel. Dit was ongelooflik sag en blink.

Die Here het oorgeleun en aan my hare gevat.

'Jy het pragtige hare,' het Hy gesê.

Die hare van my getransformeerde liggaam was soos dié van 'n jong meisie. Dit was lank, reguit, sag en blink. Dit was soos die hare wat ek as 'n tiener gehad het. Die Here het na my gesig gekyk en gesê: 'Jy is pragtig, my dogter.'

Dit was regtig vir my nodig om daardie woorde te hoor, want ek het nog nooit 'n goeie selfbeeld oor my voorkoms of waartoe ek in staat was, gehad nie. Om te hoor dat my Meester van die hemel vir my sê hoe mooi ek is, het die wêreld se verskil gemaak. Ek het van vreugde begin huil.

'Moenie skaam wees nie, my dogter,' het die Here my adviseer.

Hy het my gesig opgelig. Ek kon die gelaatstrekke van my getransformeerde gesig en die glans van my donker hare sien. Vir die eerste keer in my lewe het ek werklik gevoel asof ek mooi was en toe onthou ek die woorde van die psalmdigter:

> Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker: geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot. U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.
>
> –Psalm 139:14–16

Ek kon sien die Here het my geskape. Hy het my gemaak om 'n baie spesiale persoon te wees en dit is wat Hy op hierdie dag vir my probeer wys het. Hy was besig om sy skepping te bewonder en Hy wou hê dat ek dieselfde doen.

Gewoonlik praat die Here nie baie met my wanneer Hy my besoek nie, behalwe wanneer Hy vir my belangrike dinge oor my lewe en bediening wil sê. Hy herhaal dikwels hierdie belangrike boodskappe.

Hy het byvoorbeeld al herhaaldelik vir my gesê dat Hy binnekort sal kom. Hy het ook al dikwels vir my gesê dat sy koninkryk klaar voorberei is vir sy kinders en dat ek nie meer bekommerd moet wees nie; ek moet geduldig wees en Hom vertrou.

Hy het ook voortdurend vir my gesê dat die boek baie belangrik sal wees omdat dit baie ongelowiges sal oortuig dat die hemel regtig bestaan. Hoe meer ek daaroor dink, hoe meer besef ek dat dit een van die belangrikste dinge is wat enigiemand behoort te weet – die wete dat die hemel bestaan maak die lewe mooier en meer wonderlik. Die werklikheid van die hemel gee meer betekenis aan ons reis deur die lewe.

Dit is presies hoe ek voel. Noudat ek al die hemel besoek het, kan ek nie meer wag om permanent daarheen te gaan nie. Iemand het eenkeer gesê: 'Die enigste permanente ding wat 'n mens op aarde kan verkry, is die hemel.'

Dit is vir my 'n groot voorreg om deel van hierdie boek te wees. Ek weet die Here sal dit gebruik om baie siele by die hemel in te lei. Dit is wat Hy wil hê en ek wil dieselfde hê.

Op hierdie spesifieke oggend, die 25ste April, was die Here meer lighartig en spraaksaam as gewoonlik. Sy woorde en optrede het my laat lag en Hy het ook gelag. Dit was 'n vreugdevolle tyd. Hy was op baie maniere meer soos 'n gewone persoon as die almagtige God. Hy het beslis die huidige oomblik saam met my geniet.

Na 'n tydjie het die trant van ons byeenkoms egter ernstiger geword.

'Dogter, dankie dat jy jou vir hierdie taak beskikbaar gestel het,' het Hy gesê. 'Dit is vir My baie belangrik dat jy die boek skryf presies soos wat Ek jou voorsê om te doen. Moet niks verander nie. Ek het jou stap

vir stap gelei, soos Ek vir jou gesê het Ek sou doen. Ek het geweet jy sal gehoorsaam wees met die taak en daarom het Ek jou gekies.'

'Ek sê weer eens vir jou dat alles in my koninkryk vir my kinders gereed is. Alle twyfelende en ongehoorsame Christene moet besef dat daar werklik 'n hemel is. Ek wil al my kinders na die koninkryk bring, maar die mense wat nie volgens my Woord leef nie, mag nie binnekom nie. Hierdie boek sal die ongelowiges help.'

'Ek weet jy bid vir baie mense, maar Ek kan nie al jou gebede verhoor nie, want sommige mense wat my Woord ken is steeds selfsugtig en hulle leef vir die wêreld. Ek sal nie mense wat oneerlik leef en nie my woorde respekteer nie, seën nie, selfs al is hulle jou geliefdes.'

'Dogter, Ek wil hê jy moet aan die mense vir wie jy bid, dink. Jy moet dink aan watter gebede Ek verhoor het. Sommige mense sal nooit hulle harte verander om rein te word nie en hulle sal nooit geseën word nie.'

'Baie Christene is arm en het baie probleme in hulle lewens, want hul harte is nie reg met My nie en hulle gee ook nie hul tiende nie. Enige Christen wat nie hulle tiende gee nie, sal nie geseën word nie, want hulle is liewer vir geld as vir my Woord. Dié wat liewer is vir geld as vir my Woord, sal nooit die koninkryk sien nie. Jy weet reeds waar hulle aan die einde sal wees.'

'Indien enigiemand met 'n oop hart na My kom en indien hulle volgens my Woord probeer lewe, sal hulle dadelik geseën word en hulle sal vrede en vreugde ervaar. Mense wat My liefhet moet My eerste plaas in alles wat hulle doen en 'n genadige hart teenoor ander hê.'

'Jy moet elke dag van jou lewe gelukkig wees. Jy sal vir altyd my spesiale dogter wees. Terwyl jy op aarde is, sal daar geen einde aan my seëninge wees nie.'

'Ek sal jou teen alles waarvan Ek nie op aarde hou nie, beskerm en Ek sal jou nooit verlaat nie. Jy sal altyd onverwagse verrassings van My ontvang.'

'Here, U het my al met so baie dinge verras. Ek weet nooit wat U volgende sal doen nie.'

Ek kon aanvoel dat Hy vir my reaksie glimlag. Hy het gesê: 'Dit is tyd om terug te gaan.' Ons het opgestaan en na die water geloop.

Ons het mekaar omhels en Hy het gesê: 'Ek is lief vir jou, my dogter.'

'Ek is lief vir U, Here.'

ALOMTEENWOORDIG EN ALMAGTIG

Die volgende besoek van die Here het op 29 April plaasgevind. Ek was van 6:05 tot ongeveer agtuur die oggend saam met Hom. My liggaam het vir 'n halfuur geruk voordat die Here gesê het: 'My dogter, Choo Nam, Ek moet met jou praat en daar is dinge wat Ek jou moet wys.'

Hy het my hand geneem en ek het gesien hoe my getransformeerde liggaam saam met die Here langs die strand loop. Ek het die Here bedank dat Hy my na hierdie spesiale plek gebring het om met Hom te wees.

Hy het my weer eens herinner, 'Ek is lief vir jou, dogter.'

'Ek is lief vir U, Here.' Nadat ons gepraat het, het ek vir Hom gesing.

Die bonatuurlike stem wat gewoonlik my visioene vergesel, het na vore gekom en ek het weer die voorblad van *Die hemel is 'n werklikheid* gesien. Die boek het deur die lug gevlieg en mense in 'n dorre deel van die wêreld het gespring en gestrek om dit in die hande te kry.

'n Boek het na ons gevlieg en die Here het dit gevang. Hy het dit vir my gegee. Eers het ek die boek met albei hande styf vasgehou en dit teen my bors vasgedruk uit groot waardering. Ek het trane van vreugde gestort.

Die bonatuurlike visioen het daarna vir my 'n kerk gewys waar die Here agter die kansel staan. Hy het die boek met albei sy hande opgelig en mense het na Hom gehardloop. Dit was wonderlik om te sien hoe so baie mense na die Here gaan. Ek het besef dat Hy die boek gebruik om mense na Hom aan te trek.

Die visioen het skielik na klomp verskillende vistas oopgemaak. Ek kon die Here in klomp verskillende kerke regoor die wêreld sien. Mense van alle nasionaliteite was teenwoordig in die kerk. In elke huis van aanbidding het die mense na Hom gehardloop. My alomteen-

woordige en almagtige Here was in staat om orals teenwoordig te wees – in verskeie kerke op dieselfde tyd.

Ek het aan 'n vers uit die Boek van Openbaring gedink: 'Ek het toe iets gehoor soos die geluid van 'n groot menigte, soos die gedruis van 'n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer. Hulle het uitgeroep: "Prys die Here! Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as koning"' (Op 19:6). Die vers het oor die visioen van die hemel wat die apostel Johannes op die eiland Patmos ontvang het, gehandel. Dit is presies wat die mense in my visioen gedoen het: Hulle het na die Here gehardloop om Hom te aanbid, want hulle het geweet Hy is die almagtige God!

Dit was in reaksie op die waarheid wat Johannes in Openbaring onthul: 'Toe het daar 'n stem van die troon af gekom wat gesê het: "Loof ons God, al sy dienaars, dié wat Hom vrees, klein en groot!"' (Op 19:5). Toe die heiliges dit doen, was hulle met vreugde gevul en hulle het geskree: '"Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek." Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges. Toe sê die engel vir my: "Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is"' (Op 19:7–9).

Nes Johannes is ek geroep om te skryf en my missie was dieselfde soos syne. Ons moes mense laat weet dat die bruilofsmaal van die Lam reeds voorberei is en dat die mense wat uitgenooi is om op die laaste dag daar te wees, geseënd is. Die uitnodiging is aan almal gegee, maar net dié wat gewillig in die Woord van God gewandel het, sal dit kan bywoon. Dit is vir ons baie belangrik om volgens die wil van die Here te leef, om volgens sy beginsels te bid en om in al sy beloftes te glo. Ons is die bruid van Christus en Hy wil hê dat ons heilig en rein voor Hom moet wees. Wat 'n wonderlike troudag sal dit nie wees nie!

Die visioen het geëindig en die Here het gevra: 'My dogter, het jy alles gesien?'

'Ja, Here. Hoe kan U gelyktydig orals wees?'

'Ek kan in 'n oogwink op enige plek wees.'

'Here, ek ken Christene wat baie getrou is, maar hulle kan nie van hulle ou gewoontes ontslae raak nie. Hoekom kan U hulle nie verander nie?'

'Wie ook al wil verander, sal my hulp ontvang. Ek sal hulle gee wat hulle ook al verlang indien hulle opreg is en indien hulle volhard. Ek sal hulle gebede verhoor.'

'Baie van my kinders bid egter nie opreg of lank genoeg nie. Indien hulle nie geduldig is nie, kan hulle nie geseën word nie. My dogter, jy is so volhardend. Moet nooit moed opgee nie. Jy moet voortgaan om My in jou gebede te vra wat jy wil hê, want ek hoor elke gebed.'

'Ja, Here. Ek gee nie moed op nie, want ek weet U het al my antwoorde. Een van my Bybelonderwysers het gesê 'n mens moet nooit ophou bid vir iets wat jy wil hê nie. Daarom volhard ek in my gebede, Here.'

'Ek weet U het die antwoorde waarna ek soek, veral in my persoonlike gebede. U het al meer van my gebede verhoor as waarvoor ek gehoop het. Dankie, Here.'

'Ek hou daarvan wanneer my kinders volhard. Mense se volharding bewys hulle getrouheid en hierdeur weet Ek hulle glo dat Ek die antwoorde op hulle vrae het. My kinders moet ook weet dat hoewel Ek hulle gebede verhoor, Ek ook die antwoorde kan verwyder indien hulle nie getrou is nie.'

'Wat kan iemand doen dat U 'n seëning uit hulle lewe verwyder?'

'Dogter, wanneer sommige van my kinders iets nodig het, bid hulle dag en nag en spandeer hulle tyd saam met My. Hulle streef daarna om gehoorsaam te wees en om volgens my Woord te leef. Sodra Ek hulle dan seën, verander hulle, beweeg hulle ver van My af weg en keer hulle terug na hulle ou gewoontes. So hou hulle aan om dinge te doen waarvan Ek nie hou nie en daarom verwyder Ek soms my seëning.'

Sy besoek, sy teenwoordigheid en sy visioen het verdwyn en ek het die Here se optrede beter verstaan. 'Wat God doen, is volmaak; wat die Here sê, is suiwer. Elkeen wat by Hom skuiling soek, beskerm Hy' (Ps 18:31).

SEËNINGE IN DIE HIERNAMAALS

Elke kloof moet opgevul en elke berg en bult platgemaak word; die krom paaie moet reguit en die ruwe paaie gelyk word. En al die mense sal die verlossing sien wat van God kom.

– LUKAS 3:5–6

Die oggend van 2 Mei was 'n buitengewoon betekenisvolle tyd van gebed. Die salwing van die Here was swaarder op my as gewoonlik. Die geruk van my liggaam was ook erger as ooit tevore toe ek my tyd van gebed afsluit. Dit het gevoel asof die geruk nooit sou ophou nie. Die gekreun van my gees was soos sametrekkings vanuit my liggaam se binneste. My liggaamstemperatuur het gestyg en ek het baie gesweet.

Dit was so oorweldigend dat ek nie na die horlosie gekyk het nie. Na 'n tydjie het die Here die vertrek binnegekom en op sy gewone plek gaan sit.

Sy stem het die fisiese manifestasies in my liggaam stilgemaak.

'My kosbare dogter, Ek het gekom om jou dinge te vertel en te wys. Daar is baie dinge wat jy vir My moet doen voor Ek vir my mense kom. Jy moet geduldig met My wees. Baie van my mense is nog nie gereed vir My nie. My koninkryk is heeltemal gereed vir dié wat wil binnegaan.'

'Elke gelowige sal aan die einde voor My te staan kom en baie mense wat nie volgens My woorde geleef het nie, sal baie teleurgesteld wees.'

'Ek wil hê dat al my kinders na my koninkryk toe moet kom. Die mense wat die boek lees moet glo en besef hoe hulle op aarde moet lewe om te verseker dat hulle wel die hemel kan binnegaan.'

'Dogter, Ek sal jou seën totdat dit te veel is vir jou. Ek sal jou meer seën as wat jy ooit verwag of voor gevra het.'

'Here, ek wil U net dien en gelukkig maak.'

'Dogter, jy het My alreeds baie gelukkig gemaak. Daarom het Ek jou hiervoor gekies. Jy en jou man sal My tot die laaste dag dien. Sê vir jou man Ek is tevrede met die werk wat hy vir die boek doen.'

'Nadat alles klaar is, moet jy my kerk bou.'

Hierdie stelling het weer eens die bonatuurlike stem wat die Here se visioene vergesel, na vore laat kom. Ek het dieselfde kerk gesien wat Hy die vorige keer vir my gewys het. Nadat ek die binne- en buitekant van die kerkgebou gesien het, het ek heeltemal ontspanne gevoel. Ek kon die Here nie sien of sy teenwoordigheid aanvoel nie.

Op hierdie spesifieke oggend, en die oggende daarna, was die Here se besoek heeltemal onverwags en dit het nie die gewone vorm aangeneem nie. Gedurende hierdie periode het ek nie geweet wat om van sy besoeke te verwag nie, want elkeen was verskillend.

Een ding het vir my duidelik geword – Hy het nooit verskyn indien ek vroeg in die dag planne gemaak het nie. Op die dae wat ek nie planne gehad het nie, het Hy gewoonlik gekom en my na die aardse strand geneem. Sommige dae het Hy net by die venster gesit en met my gepraat terwyl ek gebid het. Hy is so 'n bedagsame en liefdevolle God. Ek kan my liefde vir Hom nie uitdruk nie.

Dit verbaas my steeds hoe baie Hy van my weet. Hy ken my gedagtes, gevoelens, planne en motiewe. My aanhoudende gebed is dié van Psalm 139:23–24: 'Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad.'

SOOS 'N KLEIN KINDJIE

My geloof het aangehou groei soos my verhouding met die Here gegroei het. Ek glo werklik dat ek nooit weer oor iets sal twyfel nie. Ek was saam met die Here en Hy het my na die hemel geneem. Ek glo sy Woord en ek weet dat die hemel werklik bestaan.

'Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie' (Mark 10:14–15).

Die Here wil hê dat ons soos kindertjies word sodat ons vir altyd die seëninge van die koninkryk van die hemel kan geniet. Die kwaliteite van die kinderjare is moontlik vir volwassenes wat hulle lewens heeltemal aan Jesus Christus opdra. Onskuld, vertroue, 'n rein hart, fassinasie, 'n gevoel van verwondering, liefde, vreugde, geluk, om vir die oomblik te lewe – dit is sommige van die betowerende kwaliteite van kinders wat God wil hê ons ten toon moet stel sodat ons hemel toe kan gaan.

Let daarop dat die Here sê: 'Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie' (Mark 10:15). Natuurlik wil Hy hê ons moet in die hemel glo – om dit soos 'n kindjie te ontvang. Dit is die sleutel om die hemel se deur oop te sluit vir almal wat wil binnegaan. Aangesien soveel dinge teen ons werk wanneer ons grootword, verloor ons vinnig ons onskuld, geloof, vertroue en reinheid. Hierdie eienskappe word aan ons teruggegee wanneer ons ons ten volle aan die Here oorgee. Dit is 'n pragtige transformasie: 'Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom' (2 Kor 5:17).

God is ons Vader; ons is sy kinders. Ons moet kinders wees wat ons Vader vertrou, liefhet en gehoorsaam. Jesus het gesê: 'My kinders, Ek is nog net 'n klein rukkie by julle. Dan sal julle My soek … As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is' (Joh 13:33, 35).

Die Here wil hê al sy kinders moet vir ewig saam met Hom in die hemel wees. Om daar uit te kom – om bo-op die hemel se hoogste

berg te lewe – moet ons soos kindertjies wees. Die ware transformasie van Christenskap is dat volwassenes soos kindertjies word.

Jesus het dit baie duidelik aan my gestel dat Hy wil hê ons moet almal soos kindertjies glo. Ons moet volgens sy Woord lewe, Hom ten volle glo en uitsien na die werklikheid van die hemel. Die wat nie só leef nie, sal op die buitewyke van die hemel kom, maar nooit werklik die vreugde van die hemel kan binnegaan nie.

'N PRAGTIGE HUIS EN MOTOR

Op 6 Mei was ek van 06:17 tot 08:14 saam met die Here. My liggaam het vir twintig minute geruk en ek het onder 'n swaar salwing gesweet. Daar het kreungeluide uit my gees gekom. Ek het die Here se teenwoordigheid in die kamer aangevoel.

'Kom, my dogter, Choo Nam, Ek moet jou na die strand neem,' het die Here gesê.

Hy het sy hand na my uitgesteek. Ek het gesien hoe my getransformeerde liggaam langs die Here op die strand stap. Dit was 'n gelukkige tyd. Ek het vir die Here geglimlag soos 'n kindjie wat 'n spesiale oomblik met 'n ouer deel. Ek was so gelukkig en ek kon aanvoel dat die Here ook gelukkig is.

'Here, ek het U gemis. Ek het U so lief.'

'Ek is lief vir jou, dogter, en daarom het Ek jou hierheen gebring.'

Ons het na die rots gestap wat gewoonlik as ons rusplek op die strand dien. Ek sit altyd aan die Here se linkerkant en hou sy hand vas of ek sit my hand onder sy arm. Ek het met vreugde gesing voordat die Here gesê het: 'My dogter, Ek gaan vir jou iets wys. Ek wil hê dat jy gelukkig moet wees.'

Die visioen-stem het uit my gees na vore gekom. Dit het vir 'n lang ruk oor my beheer gehad.

Die visioen het begin en ek het 'n groot, wye rivier gesien. Daar was baie huise naby die rivier, maar hulle was hoog bo die water op rotse gebou.

My aandag was op 'n spesifieke huis gevestig. Dit was 'n wit-raam, ddubbelverdiepinghuis met 'n ouderwetse wit heining.

Daar was geen gras voor die huis nie, maar wel 'n pragtige rotstuin. Blomme en bome het rondom die huis gegroei.

Daar was 'n groot hek as ingang tot die erf. 'n Helder, blink rooi motor was aan die linkerkant van die motorhuis geparkeer. Dit was 'n luukse motor. Daar was 'n paar trappies voor die huis wat na 'n pragtige dubbeldeur gelei het.

Die visioen het voortgegaan. Binne die huis was daar 'n roomkleurige mat en die meubels was in 'n verskeidenheid kleure versier. Die leefkamer was baie groot en die hoofslaapkamer was ook op die grondvloer geleë. Die slaapkamer was groot met 'n koningsgrootte bed en kersiekleurige spieëlkas, tafels en hangkaste. Die bedoortreksel was goudkleurig met bypassende gordyne.

Ek kon in die kombuis sien. Die kaste was van kersiehout gemaak. In die middel van die kombuis was daar 'n braai-area en daar was oral moderne toebehore.

Net buite die kombuis was daar 'n terrastuin met bome langs 'n mooi heining. Dit was 'n deftige huis en ek het gedink: 'Dit is so mooi, maar hoekom wys die Here dit vir my? Ons het alreeds 'n motor en 'n huis wat die Here aan ons voorsien het. Ek stel nie regtig meer in materiële dinge belang nie.'

Die visioen het verdwyn en die Here het met my gepraat: 'Het jy gehou van wat jy gesien het?'

'Dit was pragtig, Here.'

'Dit sal joune wees.'

Ek het gehuil. Dit was so wonderlik. Dit was genade wat my verwagtinge oortref het – 'n genade wat ek nie verdien het nie. Ek het aanhou vra: 'Hoekom ek?' Mense vra dikwels hierdie vraag wanneer iets sleg met hulle gebeur, maar ek het dit as gevolg van my seëninge gevra.

Die Here se seëninge was meer as wat ek kon hanteer. Dit was asof die profesie van Maleagi in my lewe waar geword het:

> Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.
>
> – MALEAGI 3:10

Vir 'n lang tyd het ek en Roger tiendes en offerandes aan verskeie bedienings gegee. Ek het nooit sulke resultate van ons gehoorsaamheid verwag nie. God is so wonderlik. Ek was werklik nie in staat om die seëninge waarmee Hy ons geseën het, ten volle te begryp nie. Hy het die vensters van die hemel oopgemaak en was besig om selfs nóg meer vir ons te doen!

'Maar Here,' het ek gesê, 'ek het niks nodig nie. Ek het reeds alles wat ek nodig het.'

'Moenie huil nie, my dogter,' het die Here raad gegee.

Dit pla die Here altyd wanneer ek huil. Ek dink dit is omdat Hy wil hê ek moet gelukkig wees. Ek het nog harder begin huil omdat die visioen my eintlik deurmekaar gemaak het. Ek het gewonder of dit beteken dat Hy nie so vinnig vir sy kinders kom soos wat ek verwag het nie. Indien Hy binnekort vir ons kom, sou Hy my tog nie met so 'n groot huis en duur motor geseën het nie.

Soos gewoonlik het Hy my gedagtes geken.

'Dogter, is jy bekommerd dat ek nie binnekort sal kom nie, omdat Ek jou die huis en motor gee?'

Sy vraag het my diepste emosies aangeraak en ek het nog harder begin huil. Die Here het my trane afgedroog en op 'n gerusstellende wyse gesê: 'My kosbare dogter, Ek kom soos Ek gesê het, maar tot dan wil Ek hê jy moet die beste hê.'

'Here, U het my reeds 'n pragtige huis en motor gegee. Ek het niks meer nodig nie. Ek wil volgens U wil leef en U dien totdat U terugkom. U het gesê dat ons goed vir ander mense moet wees indien ons U lief het. Daarom wil ek soveel mense moontlik na U lei, want ek weet dit is wat U verlang.'

'Jy moet oor niks meer bekommerd wees nie. Jy wil My dien en jy verwag niks meer nie. Daarom wil Ek jou meer gee as wat jy nou het. Moet niks meer sê nie; wees net gelukkig.'

Sy woorde het my getroos en my met vreugde en hoop gevul. Die Here sou binnekort terugkom en ek hoef my oor niks te bekommer nie. Ek het aan 'n vers gedink wat ek in die kerk gehoor het. Die prediker het gesê dat ware gelowiges die kop en nie die stert sal wees nie (sien Deut 28:44). Dit is die seëninge wat almal sal ervaar wat die Here 'met vreugde en blydskap dien' (sien Deut 28:14).

Die Here het opgestaan en gesê: 'Ons moet nou teruggaan.' Ons het na die plek geloop waar ons altyd ons besoeke aan die strand begin en eindig. Terwyl ons gestap het, het die Here iets gedoen wat Hy nog nooit tevore gedoen het nie. Hy het my opgetel en in die rondte geswaai op die manier wat 'n pa soms met sy klein kindjie doen. Ek het histeries begin lag en opgelet dat my fisiese liggaam amper van die bed opgelig het. Die Here se krag was sterk oor my.

Dit was 'n kosbare oomblik van onbeskryfbare vreugde. Ek het die volle betekenis van die volgende vers ontdek:

> Julle geloof is kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus. Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap.
>
> – 1 PETRUS 1:7–9

Onbeskryfbare vreugde en vol glorie! My geloof is versterk deur die persoonlike openbaring van Jesus Christus. Ek het Hom so lief en ek het Hom al gesien! Dit was fantasties en ek ervaar steeds 'n onbeskryfbare vreugde wat vol glorie is.

VLIEG SOOS VOËLS

'n Wonderbaarlike gebeurtenis sal binnekort plaasvind. Hoewel die Bybel nooit die woord 'wegraping' gebruik nie, beskryf die apostel Paulus 'n rampspoedige gebeurtenis waar die Here Jesus en sy heiliges uit die hemel sal neerdaal om sy kerk 'weg te raap.' Dit sal die beslissende ervaring wees vir dié wat die Here ken.

> Dit sê ons vir julle op grond van wat die Here gesê het: Ons wat bly lewe tot met die wederkoms van die Here, sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie. Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees. Troos mekaar dan met hierdie woorde.
>
> – 1 TESSALONISENSE 4:15–18

Dié wat nie die Here ken nie, sal voor Christus verskyn waar hulle die straf sal hoor wat hulle tekort aan geloof verdien: 'Die loon wat die sonde gee, is die dood' (Rom 6:23). Dié wat vir Jesus ken, sal die vrye gawe van God se genade ontvang: 'Die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here' (Rom 6:23).

Die tweede koms van die Here was die onderwerp van sy volgende besoek aan my. Die besoek het op 13 Mei plaasgevind en die Here was met my van 06:20 tot negeuur. Ek het omstreeks 06:20 wakker geword. My liggaam het vir meer as 'n halfuur geruk en daarna het die warm salwing en die gekreun begin. Die Here het na my gekom en gesê: 'My dogter, Ek is jou Here. Ek moet met jou praat en jou iets wys.'

Hierdie keer, terwyl ek saam met die Here in my getransformeerde liggaam gestap het, het ek vir Hom geglimlag en gesê: 'Ek is lief vir U, Here.' Ek kon aanvoel dat Hy vir my glimlag, al kon ek nie sy gesig sien nie. 'Ek is lief vir jou, my kosbare dogter,' het Hy geantwoord. Ons het op die rotse gesit en die Here het gesê, 'Ek sien dat jou man

tyd by die werk afneem om jou met die boek te help. Julle doen albei baie goeie werk.'

'My dogter, Ek moet jou dit vertel. Ek weet Ek het jou gesê om alles presies neer te skryf soos Ek jou gewys of gesê het. Ek kom agter dat jy nie genoeg verduidelik van dít wat jy gesien het nie.'

'Here, ek is jammer. Ek sal weer daardeur gaan.'

Die Here het herhaaldelik vir my gesê om alles na elkeen van sy besoeke deeglik neer te skryf, maak nie saak hoe moeg ek was nie. By tye was ek te moeg, maar die oomblik wat ek 'n pen en papier opgetel het, het die woorde vinnig gekom. Dit was die Heilige Gees wat my gelei het. Ek het geweet die Here sou 'n skrywer kry om my met die boek te help.

Ek weet sommige mense sal dit moeilik vind om te begryp dat iemand die ervarings het wat ek gehad het. Hulle sal sê: 'Dit is nie in die Bybel nie!'

Die waarheid is egter dat die meeste van die dinge wat ek ervaar het, wel in die Bybel opgeteken is. Ek is seker daarvan dat die Here deur my boek die Bybelse waarhede oor die hemel vir Christene oral wil herbeklemtoon. Hy het my as 'n instrument gekies en die boek is 'n spreekbuis om die waarhede van sy Bybel aan sy kerk te beklemtoon. Ek glo ook dat die Here sy kinders wil laat weet dat daar wonderlike dinge in die hemel is wat nie in die Bybel opgeteken is nie.

Hy het voortgegaan: 'Jy moet onthou hoe kosbaar jy vir My is, my dogter. Ek kan jou net op hierdie manier gebruik. Ek kom binnekort vir my kinders.'

'Sal alle Christene in huise woon soos die een waaarop my naam op die voordeur gestaan het, wanneer hulle in die hemel kom?'

'Ek sal baie van my kinders na die koninkryk bring, maar nie almal sal in deftige huise soos joune woon nie. Hierdie deftige huise is vir spesiale kinders.'

'Sal alle Christene saam met U gaan wanneer U ons kom haal?'

'Ek gaan jou iets wys,' het die Here onmiddellik geantwoord. 'Jy moet alles onthou wat jy sien. Die hele wêreld moet weet wat binnekort sal

gebeur. Ek weet dat baie van my kinders nie my profete glo nie. Daarom gaan Ek jou die volgende wys.'

My visioen-stem het, as voorbereiding vir 'n bonatuurlike visioen van die Here, na vore gekom. Dit is die manier waarop die Here my voorberei vir die dinge wat Hy my wil wys. Hierdie keer het die stem lank aangehou. Nadat ek vir langer as 'n halfuur in die Gees met my visioen-stem gesing het, het ek gesien wat die Here my wou wys.

Die eerste gedeelte van die visioen was meer soos 'n indruk as 'n visuele ervaring. Dit was asof die hele wêreld opgewonde was. Die aarde was raserig en besig. Toe sien ek waaroor al die bohaai gaan.

Die lug was vol wit, bewegende voorwerpe. Soos die visioen duideliker geword het, kon ek sien dat dit mense in wit klede was wat deur die lug gevlieg het. Mense het oral skielik uit die aarde vorendag gekom en die lug in gevlieg. Die lug was letterlik vol vlieënde mense, soos voëls wat migreer.

Dit was so ongewoon dat dit my geskok het. Teen hierdie tyd het ek hardop gesing en my hande het beweeg soos iemand wat 'n slaansak boks. Ek het nog nooit so opgewonde gevoel nie. My liggaam het op en af gespring as gevolg van die salwing en die geruk. Dit het vir my gevoel asof ek saam met die mense in wit klede gevlieg het. Die opgewonde bewegings van my liggaam en my visioen-stem was so hard, dat die hele huis my moes hoor.

Ek het al tevore beskrywings van die wegraping gehoor, maar ek kon my nooit voorstel wat 'n ongelooflike ervaring dit sou wees nie. Ek het gewonder wat ongelowiges van hierdie toneel sou dink. Ek was geskok en opgewonde, maar ek is seker dat hulle baie bang sal wees.

Dit was die grootste verrassing wat die Here my nog gewys het. Dit was die mees aanskoulike ding wat ek al ooit gesien het – mense wat soos voëls deur die lug vlieg. Hulle het boontoe geskiet soos vuurpyle. Ander het soos vlieërs in die wind op 'n helder, mooi dag gesweef. Ek het my een jaar oue kleindogter gesien. Sy het 'n wit kleed gedra en haar hare het tot op haar skouers gehang. Sy het volwasse gelyk. Ek het haar eers by haar huis in gewone klere gesien. Skielik het sy 'n wit

kleed aangehad en deur die lug gevlieg. Die visioen het my verstom. Dit het beslis bevestig dat die Here in die nabye toekoms sou terugkeer aarde toe.

Daarna het ek my dogter se tien maande oue dogtertjie gesien. Op die oomblik het sy nie baie hare nie, maar in die visioen was haar hare skouerlengte en, nes my ander kleindogter, het sy deur die lug gevlieg.

Ek het begin huil en skree. Die geraas in die slaapkamer moes baie hard gewees het en daarom was dit goed dat Roger by die werk was, want hy sou definitief verontrus en bekommerd oor die geraas gewees het.

Eers was ek nie seker of ek van vreugde of hartseer huil nie. My jongste kleindogter het ook volwasse gelyk. Ek was seker dat die Here 'n goeie rede gehad het om die kinders vir my te wys. Eerstens wou Hy hê ek moes weet dat hulle saam met my in die hemel sal wees. Tweedens wou Hy my gewys het hoe oud hulle sal wees wanneer Hy terugkom. Dit is nader as wat die meeste mense dink. Die vreugdevolle visioen het verander. Ek het die mense gesien wat nie saam met die ander opgestyg het nie. Geboue op die aarde het verbrokkel en sommiges is onderstebo gekeer. Dit was orals raserig en mense was paniekbevange. Verskrikking en angs was op elke gesig te sien.

Mense het verward rondgehardloop. Algehele pandemonium het geheers. Dit het gelyk asof elke mens na iemand of iets soek wat hulle nie kon vind nie. Ek het soos 'n klein kindjie begin huil terwyl ek gekyk het hoe mense in die strate rondhardloop. Hulle het geskree en gegil. Sommiges het probeer om hulle besittings in motors en bote te gooi. Daar was duisende bote op die see. Mense het probeer ontsnap.

Mans in uniforms het huise binnegestorm, dit gestroop en besittings wat hulle gevind het, geneem. Ek het 'n gesin van vier of vyf op die vloer van 'n huis sien lê. Die meeste van hulle was op hulle mae en 'n poel bloed het die vloer bedek.

Honderde mense het te voet na die berge gevlug. Die mans in uniforms het op hulle geskiet en baie van die mense het geval. Die mense naaste aan die wagte is met knuppels en stokke geslaan.

Verder het ek gesien hoe mense die kerke vernietig. 'n Man het 'n klip na 'n pragtige gebrandskilderde glasvenster van Jesus en sy lammers gegooi. Die venster het gebreek en die glas het in alle rigtings gespat. Ek het harder gehuil.

Een vrou, wat gelyk het asof sy na 'n verlore kind soek, het deur haar huis gehardloop en uit paniek en vrees geskree. Sy het haar kind se naam herhaaldelik geroep terwyl sy uit pure frustrasie en radeloosheid op en af gespring het. Ek wou haar help, maar daar was niks wat ek kon doen nie. Ek het vir haar en al die ander mense gehuil.

Toe sien ek 'n gesin wat ek persoonlik ken. Die pa het in die huis gehardloop en van kamer tot kamer gehardloop. Hy het die name van sy vrou en kinders uitgeroep. Hy het een lid van sy gesin gevind en hulle het in 'n bondeltjie in 'n hoekie van die vertrek gesit. Hulle het mekaar styf vasgehou en gehuil. Ek weet wie hulle is, maar ek kan nie hulle name in hierdie boek bekend maak nie.

Die visioen het uiteindelik verdwyn en ek het aanhou huil. Die Here het my trane afgevee.

'Dogter,' het Hy gesê, 'Ek moet jou hierdie dinge wys sodat jy die hele wêreld kan inlig oor wat sal plaasvind. Ek is lief vir al my kinders en hulle moet besef dat Ek hulle binnekort kom haal, maar dié wat nie volgens my Woord leef nie, sal nie die hemel kan binnegaan nie.'

'Baie Christene sal verras wees wanneer die einde van die wêreld aanbreek. Wat jy nou gesien het, is net 'n deeltjie van wat binnekort sal gebeur. Dit sal erger wees as wat jy jou kan indink – vir dié wat My nie ken nie. Daarom wil Ek al my kinders saam met My na die koninkryk neem.'

'Dogter, Ek het jou 'n gedeelte van die koninkryk en die dinge wat op aarde sal gebeur, gewys, want die tyd is min. Ek sal binnekort terugkeer. Daarom is hierdie boek vir My so belangrik. Dit is vir my kinders. Jy het gesien wat binnekort op die aarde sal gebeur.'

'Ek is gereed vir my kinders, maar so baie van hulle is nie regtig gelowig nie en hulle leef vir aardse dinge. Ek is lief vir hulle almal en Ek wil almal hemel toe neem, maar Ek kan niemand saamneem wat

nie gereed is nie. Dié wat na my koninkryk kom, moet rein harte hê en gehoorsaam wees.'

My hart het gebloei vir al die mense wat nie die Here ken nie en ek het begin bid dat hulle gered sal word. Ek het elkeen wat ek ken se naam genoem en het vir die Here gevra om in hulle lewens in te gryp om sodoende hulle aandag te kry. Daarna het ek vir Christene wat nie vir Jesus leef nie, gebid. Ek het gevra dat Hy hulle terug na Hom sal trek. Ek was vasberade om die boek so vinnig moontlik klaar te maak en het vir die Here beloof om te gaan waarheen Hy my stuur. Ek het werklik geëerd gevoel om 'n Eindtyd-dienares te wees wat vir die Here werk. Ek het 'n vers uit die Bybel onthou wat beskryf hoe Jesus nou voel:

> Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy sê toe vir sy dissipels: 'Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.'
>
> – Matteus 9:36–38

Paulus beskryf dit soos volg: 'Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet' (1 Kor 2:9). Ons moet ons liefde vir God deur gehoorsaamheid toon, soos Jesus gesê het: 'As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer' (Joh 14:15).

GOD SE GROOT LIEFDE

Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.

– 1 JOHANNES 4:18–19

My ervarings in die hemel en met die Here het my gehelp om hierdie vers beter te verstaan. God is liefde en die hemel is 'n plek waar liefde die omgewing is – dit is die lig en lewe van die hemel.

Die gebeurtenisse wat die wegraping van die kerk voorafgaan, gaan egter skrikwekkend en vreesaanjaend wees. Hoewel die Here die herinnering van my ma in die hel uitgevee het, het ek steeds 'n vae herinnering dat sy daar is. My ouers se ewige noodlot het my hartseer gemaak. Nadat ek 'n Christen geword het, het ek herhaaldelik vir my ouers gebid. Ek het by die Here gepleit en Hom gevra om hulle nie hel toe te stuur nie. Ek het Hom herinner dat hulle goeie mense is. Ek het so baie gehuil en vir hulle gebid dat ek seker was die Here sou hulle nie in die put gooi nie. Ek het selfs by God gesmeek dat ek Hom vir die res van my lewe gelukkig sal maak om te vergoed vir al my ouers se verkeerde dade.

My ma was regtig 'n goeie mens. Sy was in talle opsigte rein en onskuldig. Ek het altyd gedink dat my ma nie weet wat dit is om sleg te wees nie. Sy was omtrent haar hele lewe lank sieklik en sy is oorlede toe sy veertig is. Haar laaste bekommernis op haar sterfbed was wat van my sou word.

Ek het gevoel asof ek ook wou sterf toe my ma oorlede is. Sy was die enigste liefde wat ek op daardie stadium geken het. Ek het my pa gehaat, want ek het geweet hy was met ander vroue terwyl my ma sieklik was. Hoewel dit 'n gewoonte vir sommige mans in die Ooste was om verhoudings met ander vroue te hê terwyl hulle vrou siek is, het my pa se optrede my baie ontstel. Ek het geweet hy was besig om sy vrou te verkul.

Ek het my pa vir 'n lang tyd gehaat en kon hom eers vergewe toe ek 'n Christen word omdat ek besef het dat hy nie die Here ken nie. Dit is net die genade van God wat ons van sonde weerhou.

Ek het dikwels gewonder of ek my ma na my eie dood sou sien. Hierdie gedagte het baie by my opgekom na haar dood, toe ek slegs veertien is.

DIE HEMEL IS LIEFDE

Dit was die Here wat die gaping tussen die liefde wat ek veronderstel was om by my ouers te kry en die liefde wat ek wel ontvang het, oorbrug het. Vir my is die Here suiwer liefde. Hy het vir my gesê: 'My dogter, jy leef al 'n geruime tyd net vir My en die afgelope paar maande is jy veral aan My toegewyd. Alles behoort binnekort klaar te wees. Jy het rus nodig.'

'Ek kan met niks op die aarde gelukkig wees as U nie hier is nie, Here.'

Na my ma oorlede is, het dit vir my gevoel asof niemand werklik vir my lief was nie. Niks kon met my ma se liefde vergelyk word nie. Ek het liefde nodig gehad, maar dit was asof daar geen liefde in my lewe was nie. Nadat ek getroud is en kinders gehad het, het ek die gesinsliefde wat ons gedeel het, baie geniet, maar ek het nog steeds na my ma

se liefde verlang. Dit was asof daar 'n leemte in my was wat gevul moes word.

Hierdie leemte is deur die ontsaglike liefde van die Here gevul. Nadat ek my hart vir Hom gegee het, het ek veilig gevoel in sy liefde en dit was vir my maklik om sy liefde te vertrou.

Wanneer ek geval en seergekry het as 'n dogtertjie, het my ma my opgetel en my versorg. Jesus het my op dieselfde manier opgetel en versorg toe ek as 'n jong Christen struikel. Dit is waarvoor ons Here gesalf is om te doen.

Die Bybel beskryf die salwing wat Jesus ontvang het: 'Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig' (Luk 4:18–19).

Jesus het vir my goeie nuus gebring. Hy het my gebroke hart heel gemaak. Hy het my bevry van my vrese, my negatiewe selfbeeld en my onsekerhede. Hy het die oë van my gees oopgemaak en my onderdrukking weggeneem. Nou het Hy 'die genadejaar van die Here' aan my verkondig. Daardie 'genadejaar' is om die draai.

Selfs wanneer mense my afkraak of oor my skinder, voel ek veilig in Jesus se liefde. Hy is my veilige plek, my hoë toring en my rots wat as skuilplek dien. Wanneer iemand my doelbewus of per ongeluk seermaak, kan ek my tot die Here nader en sy vrede en vreugde keer dan terug na my. Ek weet dat God my lief het. Hy sal my nooit teleurstel of verlaat nie.

Ek is gek daaroor om oor die beloftes van God se Woord te dink. Een van my gunstelinge kan in die Boek van Psalms gevind word: 'Geloof sy die Here! Dag na dag dra Hy ons! God is ons hulp! God is vir ons die God wat ons red, die Here ons God deur wie ons bewaar word in doodsgevaar' (Ps 68:20–21). Sy liefde vir ons is ewigdurend: 'Ek het jou nog altyd liefgehad, daarom het Ek jou met geduld verdra' (Jer 31:3).

Ek weet dat niks my ooit van die wonderlike liefde van my God en Koning kan skei nie: 'Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of

hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here' (Rom 8:38–39).

Sy perfekte vrede is altyd met my: 'Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op U gestel' (Jes 26:3). Sy Woord is 'n skatkis wat met gawes gevul is wat Hy graag met sy kinders wil deel en hierdie gawes sal ons daaglikse porsie in die hemel wees.

Let op wat Paulus in Efesiërs skryf:

> Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het.
>
> – EFESIËRS 1:3–6

God het ons reeds met elke geestelike seëning in Christus geseën. Selfs in hierdie lewe kan ons die hemelse plekke deur Christus geniet. Om die waarheid te sê, Paulus sê die volgende in die onderstaande gedeelte aan die Efesiërs:

> Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee.
>
> – EFESIËRS 2:4–6

Ons is reeds geestelik grootgemaak om saam in die hemelse plekke te sit, in Christus Jesus.

Wanneer Christus se liggaam werklik hierdie realiteit verstaan, sal alles verander. Die wêreld sê: 'Sien is glo,' maar Christene sê: 'Glo is sien.' Die ware realiteit is geestelik, nie *wêreldlik* nie. Die meeste mense dink die enigste realiteit kan gevind word in wat ons kan sien, hoor, proe, ruik en voel. Maar die uiteindelike realiteit is die geestelike wêreld.

Daar is vier tipes liefde – *agape* (God se liefde), *storge* (ons familie of gesin se liefde), *phileo* (broederlike liefde) en *eros* (seksuele liefde). Ongelukkig stel die wêreld *eros* eerste en bitter min mense ervaar *agape*-liefde. Die wêreld se sisteem werk met teenoorgestelde prioriteite van God se sisteem. God het ons na sy beeld geskep – Hy is 'n drie-enigheid (Vader, Seun en Heilige Gees) – en ons is ook driedelig (liggaam, siel en gees).

Die Griekse woord *pneuma* word vertaal as 'gees' en dit is ons werklike deel; dit is 'n noodsaaklikheid, die hart der harte en die plek wat die Gees van God uitsoek om in te woon. Die Griekse woord vir 'siel' is *psuche*, en dit is die deel waar ons intellek en emosies voorkom. Hier kom baie van ons probleme na vore.

Laastens is *soma* ons fisiese deel – ons liggaam se organe en stelsels. Hier het die wêreld weer eens die orde in die verkeerde volgorde. God wil hê dat ons ons gees eerste moet stel, maar die meeste mense skenk eers aandag aan hulle liggame, dan aan hulle gevoelens en indien daar tyd oor is, aan hulle gees. Ons vergeet dat ons meer as net menslike wesens op 'n geestelike reis is; ons is geestelike wesens wat op 'n menslike reis is. God het ons alreeds met elke geestelike en hemelse seëning in Jesus Christus geseën, want sy liefde vir ons is ewigdurend. Toe ek hierdie waarhede begin besef het, het ek gevoel asof ek alle wêreldse dinge wil opgee en vir die res van my lewe slegs die Here bevredig.

Sedert daardie tyd kom Hy eerste in my lewe. Dit is wat Hy van ons verwag. Sy woord belowe soos volg: 'Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee' (Matt 6:33).

God, in sy groot genade, het my in staat gestel om sy koninkryk te vind en Hy sorg vir al my behoeftes. As gevolg daarvan is ek in staat om sy Woord te gehoorsaam: 'Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie' (Matt 6:34).

Ek was in die verlede altyd oor alles bekommerd, maar daardie gevoel is deur sekuriteit, vrede, vertroue en liefde vervang. Ek gee nie om wat mense van my sê nie en ek is nie bang vir wat met my kan gebeur nie. Dit bring my groot vreugde om die Here te dien en gelukkig te maak. Net om Hom lief te hê, vul my met ongelooflike vreugde. Hy is lief vir my, maak nie saak of ek reg of verkeerd is nie. Hy het al herhaaldelik vir my gesê: 'Ek wil hê dat jy gelukkig moet wees, my dogter.' Op hierdie spesifieke dag, 13 Mei 1996, het ek groot geluk en vrede ervaar, selfs al het ek na die scenario's van die Eindtyd gekyk in die vorm van 'n bonatuurlike visioen. Die Here het my herinner: 'Daar sal baie spesiale seëninge oor jou pad kom.'

Ek kon my nie indink dat ek nóg meer seëninge sou ontvang nie. Ek het die waarheid van die Woord verstaan: 'Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee' (Rom 14:17). Waarvoor kon ek meer vra? Hierdie seëninge was reeds huidiglik myne en ek het geweet dat hulle vir goed in die hemel sou voortduur.

Die Here het gesê: 'Ek weet jy is moeg, my dogter. Ek sal jou nou terugneem.'

Hierdie oggend was vir my baie interessant. Ek het twee en 'n half uur met die Here gespandeer en toe bid ek vir 'n verdere uur en 'n half. Ek het gevoel dat ek reeds in die hemel was waar God se liefde die lug is wat ons inasem.

OPGESLUIT MET GOD

Sedert 19 Februarie 1996 het ek elke oomblik van die dag met die Here spandeer. My sosiale lewe was beperk tot eredienste en basiese inko-

pies vir my gesin. Die res van my tyd het aan God behoort. Die enigste mense wat by ons kom kuier, is ons familielede. Die Here het dit duidelik gemaak dat Hy wil hê ek my tyd so moet spandeer – ek moet op Hom, sy Woord en sy wil fokus. Hy is besig om my voor te berei vir die volgende fase van my bediening.

Hoewel dit mag voorkom asof ek 'opgesluit' is, is my 'gebedskas' eintlik 'n oop deur na die koninkryk van die hemel. In plaas daarvan om opgesluit te wees, is ek na hoër dimensies van glorie as wat ek ooit geken het, gewerp.

Dikwels nadat mense gebel het om 'n besoek te beplan, bel hulle later om te laat weet dat iets voorgeval het wat hulle verhoed om te kom kuier. Ek glo dit gebeur omdat die Here wil hê ek moet tyd alleen met Hom spandeer sodat Hy my verder kan voorberei vir sy opdrag. Van die begin af het Hy vir my gevra om vir 'n ruk nêrens heen te gaan nie, veral nie dorp toe nie, totdat die boek klaar is. Selfs al wou ek êrens heen gaan, kon ek nie, want die salwings was te erg. Die salwings van die Here hou my op my knieë in sy teenwoordigheid.

Voor Paasfees 1995 het ek die Here se salwing gevoel, maar sedert daardie tyd ruk my liggaam elke keer wat die salwing van die Here se teenwoordigheid oor my kom. Sedert Januarie 1996 het die salwings so sterk geword dat ek nie die rukkings van my liggaam en ander fisiese manifestasies kon beheer nie. Ek kan byvoorbeeld tans nie in die vertrek waar Roger op die rekenaar werk gaan nie, want die Heilige Gees se teenwoordigheid is te sterk daar. Roger is besig om die verbeterings in die manuskrip van die boek aan te bring. Hy het 'n week se verlof geneem om dit te doen en ek is baie dankbaar vir sy hulp.

Wanneer ek naby die rekenaarkamer gaan, spring my liggaam van vreugde. Dit is 'n fisiese reaksie wat van die Here afkomstig is en ek het geen beheer daaroor nie. Dit is nie iets wat ek uit my eie doen nie. Om die waarheid te sê, dit is meer 'n geestelike reaksie as 'n emosionele een.

Die Almagtige God, my Vader en my Here het alreeds soveel van sy tyd met my spandeer en dit is vir my 'n voorreg om 'n bietjie van my

tyd vir Hom terug te gee. Ek geniet elke oomblik van die werk vir Hom. Dit is nie moeilik om vir Hom te werk nie, want ek is liewer vir Hom as vir my eie lewe. Ek glo die woorde van die psalmdigter: 'U troue liefde is meer werd as die lewe' (Ps 63:4).

BESORGDHEID IS BEKOMMERNIS

Soos ek al genoem het, was ek nog my hele lewe geneig om bekommerd te wees. Die onrus in my kinderjare kan waarskynlik daarvoor geblameer word. Maar dit maak nie saak wat die rede daarvoor is nie, ek het dikwels met bekommernis, vrees en onsekerhede geworstel. Ek het geweet dit is nie God se wil vir my nie. Die Here het al talle kere vir my gesê: 'Moenie bekommerd wees nie, my dogter.'

Ek het op 'n ander manier na my bekommernis begin kyk en dit besorgdheid in plaas van bekommernis genoem. Op 'n manier het dit beter geklink om te sê ek is 'besorgd' in plaas van 'bekommerd.' Op 20 Mei 1996 was ek van 05:40 tot 07:50 saam met die Here. My liggaam het van 05:40 tot 06:10 geruk en my geestelike gekreun het vir 'n halfuur geduur. Die Here het nader beweeg en gesê: 'My kosbare dogter, Choo Nam, Ek moet met jou praat.'

Hy het sy hand na my uitgehou en onmiddellik het ek my getransformeerde liggaam saam met Hom op die strand sien stap. Hy het gelukkig gelyk en ek het regtig sy teenwoordigheid geniet. Terwyl ons langs die strand gedrentel het, het ek gesê: 'Here, ek is lief vir U en ek verlang na U.'

Hy het sonder huiwering gereageer: 'Ek is ook lief vir jou, my dogter.'

Die vreugde van hierdie oomblik het my vinniger laat loop en ek het voor die Here uitgeloop. Hy het begin lag. Ons het ons gewone sitplek ingeneem.

'Ek sien jy werk aanhoudend aan my boek.'

'Ja, Here. Roger werk hard daaraan. My Engels is nie baie goed nie, so hy korrigeer die spelfoute en grammatikale probleme.'

'Ek weet julle werk albei baie hard.'

Ek het geweet die Here ken al my gedagtes, gevoelens en handelinge. Ek het geweet ek kon niks van Hom wegsteek nie en ek wil niks verbloem nie. Hy het geweet dat ek bekommerd was oor die boek. Ek het gewonder hoe dit sou uitdraai, wie dit sou skryf en wie dit sou publiseer. Dit Here het dit alles geweet en gesê: 'Choo Nam, jy bekommer jou alweer oor die boek, alhoewel Ek jou reeds gesê om nie bekommerd te wees nie.'

'Ek is nie bekommerd nie, slegs besorg,' het ek geantwoord en my kop in skaamte laat sak.

Die Here het my gesig in sy hande geneem en gesê: 'Dogter, jy is skaam.'

Ek het die waarheid van sy opmerking met 'n glimlag, wat in 'n onderdrukte lag ontaard het, erken. Die Here het saam begin lag en toe gesê: 'Dogter, besorgdheid is bekommernis. Van nou af wil Ek hê dat jy glad nie bekommerd moet wees nie. Hierdie is My boek; Ek sal daarvoor sorg. Het Ek nie tot dusver daarvoor gesorg nie?'

'Ja, Here. Ek is so jammer. Vergewe my asseblief omdat ek U nie gehoorsaam het nie.'

Die Here het met vreugde gereageer. Hy het groot plesier uit my eerlikheid en nederigheid geput. Ek het geweet dat Hy my vergewe het. Vrede het oor my gedaal en ek was bevry van die bekommernis wat ek voorgegee het om besorgdheid te wees.

Daardie dag het ek nog 'n waardevolle les van die Here geleer – Hy wil hê ons moet heeltemal eerlik met Hom, ander mense en onsself wees. Ons kan nie die wêreld se metodes gebruik om ons sondes te regverdig, te rasionaliseer of weg te steek nie. Ek het geweet bekommernis is 'n sonde en het probeer voorgee dat dit nie daar was nie. Hoewel dit dalk vir iemand anders na 'n onbenullige sakie mag lyk, het ek geweet dit is belangrik vir my Meester. Hy wil nie hê ek moet bekommerd wees nie. Om die waarheid te sê, Hy nooi elkeen van ons uit: 'Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag

en my las is lig' (Matt 11:28–30).

Die mens is geneig om bekommerd te wees. God se manier is om te vertrou: 'God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. Werp julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle' (1 Pet 5:5–7). Hoekom verkies ons om bekommerd te wees wanneer ons Vader ons so baie beloof?

Die Here wou my bekommernis verwyder deur weer aan my te wys wat Hy vir my voorberei het. Hy het gesê: 'Ek wil hê jy moet dit weer sien.'

Die visioen-stem het na vore gekom en na 'n lang tyd het die visioen van die huis wat Hy laas keer vir my gewys het, verskyn. Die Here het die vorige keer nie vir my die boonste verdieping van die huis gewys nie, maar hierdie keer het ek die vier gastekamers en gebedskamer op die boonste verdieping gesien. Daar was 'n prent van die Here teen die muur van die gebedskamer. Hoewel ek Hom nie duidelik kon sien nie, kon ek agterkom dat daar iets baie aanloklik en aantreklik aan Hom was.

Die visioen het my na elke vertrek van die huis wat Hy aan my en my gesin beloof het, geneem. Die Here het gevra: 'Hou jy van die huis?'

'Ja, dankie, Here. Maar ek het nie regtig nog 'n huis nodig nie. Ek wil U net bevredig, U werk doen en sien dat my gesin meer getrou aan U word.'

'Al die dinge wat U my gewys het, is baie mooi, maar dit is wêreldse dinge en ek stel nie meer daarin belang nie. Roger voel dieselfde, Here.'

'My dogter, laat Ek besluit wat jy nodig het. Ek hou van albei julle harte. Ons moet nou gaan.'

Na die eerste nege keer wat ons die hemel besoek het, het die Here vir my gesê dat Hy my nie meer wakker sou maak nie en Hy het by sy belofte gebly. Ek het 'n paar minute voor of na sesuur wakker geword, nadat ek 'n volle nag se slaap gehad het.

Dit was 'n vreedsame en vreugdevolle tyd. Daar was geen bekom-

mernis of besorgdheid nie. Die Here het my omhels en gesê: 'Ek sal later met jou praat.' Ek het nog nooit tevore so totaal ontspanne gevoel nie.

DIE HEMEL OF DIE HEL?

Sedert daardie besoek in Mei bid ek vir die toekomstige lesers van hierdie boek. Ek bid vir jou, liewe leser. Ek wil hê dat God jou hart voorberei om die waarheid van alles wat ek ervaar het en oor geskryf het, te ontvang. Die hemel is 'n werklikheid en jy moet dit glo. Dit is wat God verlang omdat Hy jou met 'n ewigdurende liefde liefhet.

Die Here het my 'n klomp verskillende kere hemel toe geneem sodat ek julle kan vertel hoe wonderlik dit sal wees vir elkeen wat Hom liefhet en vir Hom leef. Ek en Hy wil hê dat jy in die mooi huis wat Hy vir jou voorberei het, kan woon. Die dinge wat die Here my gewys en vertel het, is waar. Alles is deeglik Bybels. Alles is 'n realiteit wat ons aardse ervarings by verre oortref. Ek weet hulle is net so werklik soos die dinge op aarde en jy moet weet hoe werklik dit is.

Voor die Here my met so baie openbarings van hemelse wysheid geseën het, het ek soms getwyfel of daar regtig 'n hemel was, selfs al het ek die Here liefgehad en met my hele hart in Hom geglo. Ek het nie die hemel ten volle verstaan nie en ek weet baie ander Christene voel ook so. Nou weet ek alles is waar. Dit is nie vir my 'n saak van geloof nie, dit is werklike kennis – die tipe kennis wat niemand van my kan wegneem nie. Dit is suiwer kennis.

In die verlede was ek baie bang om dood te gaan, maar nadat ek die hemel ervaar het, maak niks in hierdie wêreld of in my lewe meer vir my saak nie. Ek weet waarheen ek op pad is na my lewe oor is. Ek sal vir ewig met Jesus in sy paradys wees. Daar is geen woorde om te verduidelik hoe perfek die hemel is nie. Ek het werklike vreugde daar ervaar.

Na my besoeke aan die hemel het ek vir die Here gevra om my nou al permanent daar te laat woon. Sy teleurgestelde stem het gesê: 'Ek het jou nie die koninkryk en die put van die hel gewys sodat jy nou al

in die hemel kan woon nie. Ek het jou dit gewys sodat jy mense wat verlore is, kan help red en jy moet vir almal laat weet hoe hulle moet leef om die ewige lewe te erf.'

Nadat Hy dit gesê het, was ek skaam omdat ek so selfsugtig was en het die Here om vergifnis gevra. Al waaraan ek nou kan dink, is om Hom tot op die laaste dag te dien. Ek sal Hom bevredig, ongeag wat dit van my verg.

Ek is een van die Here se spesiale dogters, dus sal Hy my nie probeer seermaak deur my ma in hierdie boek te gebruik indien dit nie vir Hom belangrik was nie. Hy wil hê sy mense moet verstaan dat hulle nie gered sal word deur hulle goedheid nie. Om gered te word, moet hulle 'n persoonlike verhouding met Jesus hê. Iemand het my eenkeer gevra: 'Indien Hy so lief is vir jou, hoe kan Hy jou ma gebruik om jou op daardie manier seer te maak?' Hierdie ongoddelike vraag het my geskok.

Hoewel dit vir my 'n pynlike ervaring was om my ma en ander mense in die put te sien, moes ek besef dat niks hulle daaruit kon red nie. Ek aanvaar die feit dat hulle tot in alle ewigheid daar sal wees omdat hulle nie die Here Jesus geken het nie.

My Here het 'n baie spesiale rede hoekom Hy my ma in hierdie boek gebruik. Indien slegs een ma deur my ma se verhaal gered kan word, sal ek geëerd wees.

Ek sal nooit kwaad wees vir die Here nie, maak nie saak watter slegte dinge in my lewe gebeur nie. Indien enige van my geliefdes vir my Here sterf, sal ek baie tevrede daaroor wees. Dan weet ek dat hulle 'n ewige lewe met die Here in die lewe sal lei. Soos Jesus gesê het:

> God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.
>
> – Johannes 3:16

Ek glo die wederkoms is naby. Daarom laat Hy sy kinders weet hoe lief Hy vir hulle is. Hy wil ook hê dat sy kerk vir Hom gereed moet wees.

God is lief vir jou en dit is die grootste waarheid in die hele wêreld.

Daarom het Hy sy koninkryk vir jou voorberei. Hoewel Hy sy kinders liefhet, is Hy kwaad vir dié wat nie glo nie. Daarom het Hy my die opdrag gegee om hierdie boek te skryf. Hy het al telkemale vir my gesê dat dit ongelooflik belangrik vir Hom is om mense te red. Dit is vir Hom ontstellend om te dink dat sommige van sy kinders die hel as hulle ewige tuiste kies bo die pragtige plek wat Hy vir hulle voorberei het.

Aan die einde van die dag bly die hemel 'n keuse. Die Here wil nie hê dat enigiemand in die put van die hel eindig nie. Indien jy glo, sal jy die ewige lewe saam met die Here erf:

> 'Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart.' En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. Die Skrif sê tog: 'Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.'
>
> – Romeine 10:8–11

Indien jy nie glo nie, sal jy jou in die plek van pyn bevind waar my ouers en talle ander mense die ewigheid moet verduur. Dit is 'n persoonlike keuse. Dit is God se weg teen Satan se weg. Dit is die koninkryk van die hemel teen die koninkryk van duisternis. Dit is die lewe teen die dood. Dit is die hemel teen die hel. Wat gaan in jou lewe wen? Die keuse is joune.

Elke woord in hierdie boek is waar. Die woorde van Jesus is neergeskryf presies soos Hy dit vir my gesê het. Die Here het my vir hierdie opdrag gekies en ek het gepoog om getrou aan elke woord en ervaring te wees. Met God en Roger se hulp asook dié van die skrywer, het ek probeer om akkurate beskrywings van elke ervaring wat ek gehad het, te gee.

Maar die keuse bly uiteindelik joune. Al wat ek kan doen, is om jou oor die waarheid in te lig. Noudat jy hierdie bladsye gelees het, is jy aanspreeklik vir die waarheid wat aan jou gegee is. Wat gaan jy met die

waarheid doen wat ek met jou gedeel het?

Voordat ek hemel toe gegaan het, wou ek siele vir die koninkryk red, maar nou besef ek dat ek alles in my vermoë moet doen om die mense wat besig is om te vergaan, te red. Ek sal nooit die herinnering aan die naakte liggame in die vuurpoel vergeet nie. Dit sal binnekort verby wees vir elkeen van ons en dan is dit te laat om Jesus en die hemel te kies. Ek het 'n brandende begeerte om mense wat verlore is te red sodat hulle nie na die aaklige plek wat die Here aan my openbaar het, hoef te gaan nie. My grootste wens is dat almal hulle naam op 'n deftige huis se deur in die hemel kry.

Die Boek van Openbaring beskryf twee tipes mense. Ek het dieselfde dinge wat die apostel Johannes gesien het, ervaar. Johannes beskryf die ewige noodlot van die eerste, ongelukkige groep soos volg: 'Die rook van hierdie pyniging styg tot in alle ewigheid op, en hierdie mense het dag en nag geen rus nie' (Op 14:11). Die tweede groep word soos volg beskryf: 'Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die gebooie van God nakom en in Jesus bly glo. Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: 'Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe.' 'Ja,' sê die Gees, 'hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle' (Op 14:12–13).

Is jou naam in die Lam se Boek van die Lewe opgeskryf?

Deel twee: Voorbereiding en salwing

HOOFSTUK 17

SPESIALE SALWINGS

Hy het ook van die salfolie op Aäron se kop gegooi om hom te salf en aan die diens van die Here te wy.
– LEVITIKUS 8:12

Die tweede gedeelte van hierdie boek onthul hoe die Here in my lewe gewerk en my liggaam voorberei het om te dans en Hom te dien nadat Hy my 'n visioen vir die boek gegee het. Sedert Maandag 27 Mei 1996 het die Here my gereeld besoek. Hy het my getransformeerde liggaam elke Maandagoggend na 'n strand op die aarde geneem.

Hierdie strand, wat reeds deeglik in die vorige afdeling van die boek beskryf word, is spesiaal vir die Here. Op 27 Mei 1996 het die Here my belowe dat Hy my elke Maandag na die strand sal neem en Hy was heeltemal getrou aan hierdie belofte.

Voordat Hy die voorbereidingswerk in my liggaam gedoen het, het die Here my elke oggend besoek. Dit het op 11 Julie 1996 begin. Hy het my gesalf en begin om my vir die opdrag waarvoor Hy my geroep het, voor te berei. Hy het verduidelik dat die boek eers gepubliseer kan word sodra al die voorbereidingswerk voltooi is. Hy het aangedui dat Hy wil hê ek moet rekord hou van al die werk wat Hy in my doen sodat dit in die boek ingesluit kon word.

Die Here het ook in die vroeë ure van die aand met my gewerk. Om

die waarheid te sê werk Hy omtrent nooit meer met my in die oggende nie. Aan die begin het die nagtelike besoeke laat in die aand plaasgevind, omstreeks tien- of elfuur.

Daarna het Hy in die vroeë ure van die aand begin verskyn. As gevolg hiervan het Hy my gesê om saans vroeg in die bed te klim. Terwyl ek besig is om reg te maak om te gaan slaap, het my liggaam begin ruk met die Here se krag. Dit het ongeveer agtuur elke aand gebeur. Gedurende hierdie ruk-episodes het ek Bybel gelees en gebid. Dan, sodra ek in die bed klim, sou my liggaam ongelooflik begin ruk en skud vir vyf tot tien minute. In die proses het my maag styf getrek totdat ek spasmas in die abdominale area ervaar het.

Die bogenoemde vind elke aand plaas voordat die Here my kamer besoek. Die wonderlike salwing van die Heilige Gees kom ook oor my. Tydens hierdie wonderlike besoeke praat die Here direk en persoonlik met my. Daarna begin Hy sy voorbereidingswerk in my liggaam. Wanneer dit gebeur, het ek vir 'n periode van twee tot vier ure nie beheer oor my liggaam nie. Die Here is die heeltyd met my.

Dikwels praat Hy met my terwyl my liggaam woes ruk. Soms sê Hy vir my wat Hy volgende gaan doen en wanneer Hy aanvoel dat my hart oor sy plan kla, berispe Hy my deur te sê: 'Gehoorsaam My!'

Hy beklemtoon altyd sy verwagtinge en planne deeglik. Soms maak dit my moeg en voel dit asof ek dit nie meer kan hanteer nie, maar Hy weet my hart se begeerte is om Hom in alles wat ek doen, gelukkig te maak. Daarom vertrou ek hom voortdurend.

Toe hierdie aandsessies eers begin het, kon ek die gesigte van demone orals in die kamer sien. Al was hulle grillerig en intimiderend, was ek nie vir hulle bang nie. Ek kon sien hoe hulle verby die Here se kop vlieg, maar wanneer ek hulle berispe het, het hulle onmiddellik verdwyn.

Ek dink die Here wou my deur hierdie proses leer om myself te beskerm. Ek glo ook dat die Here my die heeltyd sy teenwoordigheid laat sien terwyl Hy sy werk doen sodat ek sal leer om net ten volle op Hom te fokus.

Hy het al baie vir my gesê dat ek net op Hom en sy werk moet fokus. Daarom het Hy my die boek 'n hele tydjie terug laat klaarmaak en dit eers laat wegbêre totdat Hy reg was om dit te laat publiseer. In die tussentyd wil Hy my leer om op Hom en die voorbereidingswerk wat Hy in my lewe doen, te konsentreer. Dit was vir my 'n ongelooflike groot las om die boek te voltooi, maar met God en my man se hulp, en met die ondersteuning van 'n Geesvervulde skrywer, is 'n groot gedeelte van die boek in Februarie 1997 voltooi.

GEESTELIKE VISIOENE

Die Here praat elke keer met my oor my toekoms voordat Hy met die voorbereidingswerk begin. Die liggaamswerk duur voort terwyl Hy my 'n verskeidenheid visioene wys – oseane, riviere, berge wat met vuur gloei, goudmyne, die aarde self, al die geboue van die wêreld, sneeu, kerke en watervalle met die Here in hul midde.

Hy het ook al vir my visioene van baie ander natuurlike en geestelike fenomene gewys. Elke visioen is herhaaldelik gewys. Hy het my ook gewys hoe 'n haelkorrel so groot soos 'n halwe deur uit die hemel val. Hierdie visioen het in die vorm van 'n droom voorgekom. Ek kan niks wat die Here my wys ooit vergeet nie.

Die visioene was so baie en so verskillend dat hulle werklik ontelbaar is. Die Here het my getransformeerde liggaam na die strand geneem en my hand vasgehou terwyl ons op die see geloop het. Ek was met vreugde gevul om op die see met die Here te loop en gesels! Ek het dikwels gereageer deur te lag.

Ons besoeke aan die see was opwindend. Ek het gevoel asof ek 'n kindjie geword het – ek en die Here sou selfs resies jaag om te sien wie die vinnigste kan hardloop. Hierdie ongelooflike ervarings het plaasgevind wanneer die Here my na die strand geneem het. Die ervarings was slegs moontlik omdat die Here my liggaam van gedaante laat verwissel het deur die ingewikkelde liggaamswerk wat Hy doen om my voor te berei vir die bediening waarvoor Hy my geroep het.

'N KONSTANTE SALWING

Tydens elkeen van hierdie voorbereidende besoeke was die Here se salwing so sterk dat ek slaperig en moeg geraak het. Ek het my altyd aan die Here onderwerp vir die werk wat Hy in my gedoen het, ongeag hoe moeg ek was.

Ek het 'n paar keer aan die slaap geraak vir 'n uur of so, terwyl die Here besig was met sy werk. Sodra ek dan wakker skrik, het my liggaam weer geruk en het die werk weer van voor af begin. Die Here wou my nie op 'n maklike manier laat leer nie en ek glo dit was sy manier om my te wys dat die werk wat ek vir Hom moes doen, uitdagend sou is.

Ek het ook opgelet dat die Here altyd voltooi wat Hy begin. Nadat ek dit besef het, wou ek nie aan die slaap raak nie, maar soms was dit baie moeilik om wakker te bly.

Op sommige geleenthede het die Here vir 'n paar ure in die vroeë aand met my gewerk waarna ek dan aan die slaap sou raak. Hy sou my dan weer omstreeks twee- of drieuur wakker maak om 'n verdere twee of drie uur met my te werk. Na hierdie aande was ek die volgende dag so moeg dat my gesig letterlik geswel was as gevolg van 'n tekort aan slaap.

Dit blyk nou dat die Here haastig was om die voorbereidingswerk klaar te maak. Hy het voortdurend vir my gesê: 'Daar is nie meer baie tyd oor nie.' Ek glo dat Hy om hierdie rede soveel tyd met my spandeer het. Hy is besig om my voor te berei vir wat ons almal in hierdie laaste dae in die gesig sal moet staar.

DIE SALFOLIE

Die werk wat betrokke is by die voorbereiding van my liggaam vir die bediening waarvoor God my geroep het, het my gesig, my hande, my kop, my voete en my rug ingesluit. Die Here het my hande gebruik om herhaaldelik aan elke deel van my liggaam, van my kop tot tone, te raak. Daarna het ek met my hande oor my hele liggaam gevryf, asof ek vuilheid afwas en dan het ek my hande saam geslaan asof ek vuilheid

van my hande vee. Die Heilige Gees het my hierdeur gelei.

Ek het nie regtig enige beheer oor my hande, of oor enige deel van my liggaam gehad, wanneer die Heilige Gees sy salwingswerk op my gedoen het nie. As gevolg hiervan het ek werklik bonatuurlike fisiese krag ervaar. Wanneer ek vir ander mense bid en my hande op hulle lê, klap my hande op en af oor hulle koppe en skouers, want die Heilige Gees se krag vloei deur my. Wanneer ek gesalf is, kan niemand my hande vashou nie. Die Heilige Gees se krag is te sterk.

Op verskeie aande het die Here olie oor my hele liggaam, van kop tot tone, gegooi. Hierdie kosbare olie was in ovaalvormige houers wat soos parfuumbotteltjies gelyk het. Die botteltjies was van verskillende kleure.

Ek het hierdie spesiale ervarings in my joernaal neergeskryf. Die Here het 'n totaal van 85 botteltjies salfolie oor my gegooi. Al die botteltjies wat Hy gebruik het, het doppies opgehad, behalwe die laaste een.

Voordat ek in die salfolie gebad is, het 'n ongewone visioen-lied na vore gekom en kon ek die Here duideliker as vorige kere sien. Elke keer wat Hy 'n bottel oor my uitgegooi het, het Hy my gesê om die kleur van die bottel te onthou sodat ek dit kon neerskryf. Soms was dit moeilik om die kleur van die bottel te sien en dan het die Here die kleur van die bottel hardop gesê. Elke kleur het 'n spesiale betekenis vir die Here.

Die Here ken al my gedagtes en daarom het Hy geweet wanneer ek sukkel om die kleure van die bottels uit te ken. Sommige aande het Hy olie uit sewe verskillende bottels gegooi en elkeen het sy eie spesifieke kleur gehad. Sommige het net een kleur gehad en ander het meer as een kleur gehad. Al die kleure was ongewoon mooi.

Wanneer Hy die salfolie oor my liggaam gegooi het, het ek geruk, gebewe, gesweet en ongelooflik warm gekry. Daar het kreungeluide uit my siel gekom en ek het uitasem geraak. Dit het vir ongeveer tien minute geduur voordat ek daarna vir ongeveer vyf minute gerus het. Nadat ek gerus het, het daar 'n spesiale lied na vore gekom en die Here sou dan weer met 'n botteltjie olie naderbeweeg. Soos ek gesê het, het Hy sommige aande uit sewe botteltjies olie gegooi. Ander kere het Hy

net een botteltjie gebruik. Ek het geleer dat sewe die getal van volmaaktheid en heelheid is.

Wanneer die Here sê: 'Ek gaan dit nou op jou rug gooi,' het my liggaam gereageer deur op my maag te draai onder die krag van die Heilige Gees. Wanneer Hy sê: 'Hierdie is vir jou hande,' het my liggaam sywaarts gedraai in die rigting waar die Here gestaan het, en die Heilige Gees het my hande in die rigting van die Here laat draai.

Dikwels het die Here my hande met sy vurige hande aangeraak. Dit was intense ervarings wat my die warmte van die Here se teenwoordigheid laat ervaar het en dit het my laat huil. God se krag en vuur was so sterk tydens hierdie oomblikke dat my stem swak en uitasem geword het.

GEESTELIKE LIEDJIES

Op sommige aande het ek vir drie uur onder die salwing van die Heilige Gees gesing. Hierdie liedjies is geestelike liedere wat deur die Heilige Gees gekomponeer word. Hulle is opbouend en inspirerend.

Na 'n nag van sang is my stem nie moeg of swak, soos dit sou wees wanneer ek nie onder die Here se leiding sing nie. Dieselfde geld vir my liggaam. Na 'n nag van die Here se werk in my liggaam voel ek heel normaal, behalwe dat ek soms moeg is.

Soms, terwyl die Here met my liggaam en handbewegings werk, word my hele liggaam swart en koud. Aan die begin was ek angsbevange, maar die Here se teenwoordigheid het die vrees laat verdwyn. Hy sou sê: 'Ek is reg langs jou; moet vir niks bang wees nie.' Daar was ander geleenthede waar my hele liggaam onsigbaar geword het terwyl die Here met sy voorbereidingswerk besig was.

Die meeste van die liggaamswerk was met my hande, oë, gesig en kop. Soms het Hy my liggaam in die vorm van 'n kruis gevorm en het Hy sy asem in my mond en neusgate ingeblaas. Daar was tye wat Hy vlamme uit sy oë na my oë geskiet het. In die proses van hierdie spesiale seëninge was die salwings van die Heilige Gees dikwels so sterk,

dat ek gewonder het of ek besig is om dood te gaan. Ek het met diep kreungeluide en baie trane gereageer.

Gedurende sommige van hierdie sessies het die Here my liggaam laat styg en sak. My liggaam het sy krag gehoorsaam deur soms op te staan en ander kere om te draai.

Soos ek genoem het, vergesel bonatuurlike visioene dikwels die liggaamswerk. Eenkeer het Hy my 'n berg gewys. Eers het die berg normaal gelyk, maar toe het dit in vuur verander. Die hele berg was in vlamme en het soos helder sonlig begin skyn. Ek het gesien dat die Here se teenwoordigheid in die middel van die sonlig gestaan het en dat sy liggaam 'n kruis gevorm het.

Onder die leiding van die Heilige Gees het my liggaam ook die vorm van 'n kruis aangeneem. My liggaam was so uitgestrek dat ek erge pyn ervaar het. Elke ledemaat van my liggaam was vir ten minste tien minute gestrek en ek het gedink die Here is besig om my te straf. Ek het regdeur die heuglike ervaring gehuil.

Elke vorm van die liggaamswerk en bonatuurlike visioene het vir etlike dae aangehou. Wanneer die Here gereed was om om voort te gaan, het dit na 'n ander vorm van die voorbereidingswerk oorgegaan. Elke deel van die voorbereidingswerk het gewoonlik vir drie tot vyf dae geduur. Nadat dit klaar was, het Hy oor elke ding gegaan wat Hy vir my gedoen het. 'n Paar keer het Hy my liggaam 49 keer per aand opgelig en laat sak.

Nadat Hy elke sessie voltooi het, het die Here se teenwoordigheid naby my gestaan. Sommige aande het Hy my net met die kosbare olie van die Heilige Gees gesalf. Regdeur elke besoek het ek gesweet en het my gees gekreun. Die krag van die Heilige Gees was oorweldigend – soveel so dat ek soms gevoel het asof ek besig was om mal te word.

OUKERSAANDE

Wanneer die Here my besoek, dra Hy gewoonlik 'n wit kleed, maar op die Oukersaande van 1996 tot 2002 het Hy 'n pragtige mantel en kroon

gedra. Die kroon was van goud gemaak en was versier met 'n reënboog juwele van alle kleure en beskrywings. Sy mantel was dieprooi en was met goud afgerond.

'Here, hoekom dra U so 'n pragtige mantel en kroon?' het ek gevra.

'Dogter, dit is my verjaarsdag,' het Hy glimlaggend geantwoord.

Wanneer die Here vir my glimlag, glimlag ek outomaties. Ek kon nie my mond toemaak nie, al wou ek. Hoewel ek gewoonlik nie sy gesig kan sien nie, weet ek wanneer Hy gelukkig, hartseer of kwaad is.

Op 28 verskillende geleenthede het die Here hierdie pragtige goue mantel en kroon gedra. Gedurende hierdie tye het dit gelyk asof Hy uitsonderlik gelukkig was. Hy dra hierdie pragtige gewaad met tye van feesviering, insluitende elke keer wanneer 'n fase van my liggaamswerk voltooi is.

Wanneer ek gewonder het hoekom Hy hierdie koninklike gewaad aangehad het, het Hy gesê: 'Ek is besig om fees te vier, my dogter.' My hart en liggaam het op sy behoefte om fees te vier, gereageer terwyl my gees met my spesiale visioen-stem en hemelse geestelike liedere gereageer het.

'N GOUE SLEUTEL

Na baie maande van hierdie spesiale werk het die Here my 'n klein goue sleutel gegee. Ek het van diep waardering en nederigheid gehuil. My liggaam het geruk en onbeheersd gebewe toe die Here hierdie sleutel vir my gee. Hy het ook my liggaam op en af gelig. Ek is met vuur uit die hemel gesalf en my liggaam het uitasem geword as gevolg van die krag van die Heilige Gees.

Nadat dit klaar was, het ek vir 'n paar dae gerus. Daarna het die Here weer verskyn en met my gepraat. Verskeie nagte het Hy my net gesalf. Elkeen van hierdie salwings het vir vyftien minute geduur, waarna ek vir vyf minute gerus het. Dit het elke aand omtrent sewe keer gebeur. Elke keer het ek soos 'n siek mens gelê en gekreun. Ek het gevoel asof ek besig was om my bewussyn te verloor.

KRUISIGING

Nadat verskeie aande van hierdie spesiale salwings verby is, het die Here sy gekruisigde liggaam vir my gewys en ek is herinner aan alles wat Hy vir my gedoen het. Voordat Hy my sy gekruisigde liggaam gewys het, het Hy gesê dat ek niks hoef te vrees nie, want Hy sal met my wees. Hy het my wel gewaarsku dat die komende sessies moeilik en taai vir my fisiese liggaam sou wees, want ek sou sy krag sterker as ooit tevore ondervind.

Daar het bloed van sy gesig en liggaam afgestroom toe ek sy gekruisigde liggaam sien. Die doringkroon was op sy kop. Ek het opgelet hoe groot en sterk sy liggaam was. Sy vel was donker en sy hare was donker en krullerig. Sy gespierde liggaam het geblink van die sweet.

Die Here se oë was deurdringend en lewendig. Selfs al was sy liggaam vuil en vol bloed, het Hy baie aantreklik gelyk. Ek sal hierdie ervaring nooit vergeet nie. Hy het voor my gestaan en sy liggaam was in die vorm van 'n kruis. Soos tevore het my liggaam gereageer deur ook die vorm van 'n kruis aan te neem.

Die Here se krag was so sterk dat dit vir my gevoel het asof ek kon sterf. Dit was die mees ongelooflike geestelike ervaring wat ek al ooit gehad het. Ek was uitasem en het regdeur die hele ervaring van vreugde en hartseer gehuil. Maar die vreugde wat ek op daardie oomblik ervaar het, het my laat voel asof ek op daardie oomblik vir Hom wil sterf. Ek weet nie hoe lank dit geduur het nie, maar dit moes 'n taamlike lang tyd gewees het, want my arms was so ver uitgestrek soos wat hulle kan en dit was baie pynlik. Toe hierdie visioen van sy kruisiging en my vereenselwiging daarmee verby is, het die Here gesê: 'Dit was die moeilikste werk ooit.' Die volgende aand het Hy my met so 'n kragtige salwing bemagtig dat my liggaam sewe verskillende kere op en af gelig is. Baie verskillende salwings het gevolg en daarna kon ek vir tien dae rus.

Die ervaring het my bewoë gelaat omdat dit 'n lewensveranderende gebeurtenis vir my was. Vir die eerste keer in my lewe het ek werklik verstaan waardeur die Here gegaan het toe Hy vir my op die kruis sterf. Op 'n klein skaal het ek die pyn gevoel wat Hy ervaar het en het

in die pyn van my siel gehuil op 'n manier wat soos sy ervaring moes gewees het.

Ek het besef dat Hy deur daardie afskuwelikhede gegaan het sodat ek kan leef en nie verlore sal wees nie. Die vers wat my verlossing aangekondig het, is vir my baie betekenisvol: 'God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê' (Joh 3:16). Dankie, Here, dat U my siel gered het.

MY LIGGAAM WORD OOPGESLUIT

Na tien dae se rus het die Here op verskillende maniere met my liggaam begin werk. Dit was asof Hy die potensiaal in my liggaam ontsluit het. Hy sou byvoorbeeld my liggaam van 'n uitgestrekte na 'n sittende posisie oplig en Hy sou my van die bed oplig om op die vloer te laat staan. Dit is alles onder die krag van die Heilige Gees gedoen en nie deur my eie krag nie.

Al hierdie ongewone liggaamswerk het my baie moeg laat voel, want Hy het my liggaam herhaaldelik voor Hom laat opstaan en kniel in tussenposes van sewe. Ek het die heeltyd gehuil terwyl dit aan die gang was, want sy werk in my lewe was so oorweldigend.

By tye was ek so moeg dat ek skaars kon opstaan. Sy voorbereidingswerk wat plaasgevind het terwyl ek gelê het, was soveel makliker. Baie aande is daar van my verwag om vir twee lang ure te staan. Elke aspek van sy liggaamswerk het my hele liggaam betrek en dit is alles sewe keer herhaal.

Hy het drie-en-dertig keer verskeie dele van my liggaam vir sy werk 'oopgesluit.' Sommige van my 'liggaamslotte' moes sewe verskillende kere gedurende elke sessie 'oopgesluit' word. Ek was bang toe Hy my hande oopsluit, want hulle het erg geruk. My oë het vuurwarm geword toe dit oopgesluit is en ek moes dit vir ten minste vyf minute styf toemaak.

Die Here het my altyd vooruit laat weet watter deel van my liggaam

volgende oopgesluit sou word. Elke deel van my liggaam het 'n spesiale reaksie op die oopsluitwerk gehad. Soos ek genoem het, het Hy my hande sewe keer oopgesluit en dieselfde het vir my gesig en kop gegeld. Die oorblywende oopsluitings was vir die res van my liggaam.

Elke keer wat die Here salfolie op my gooi of die slotte van my liggaam oopsluit, reageer my fisiese liggaam met erge rukkings, bewerasies, intense hitte, kreungeluide en bonatuurlike krag wat veroorsaak dat my liggaam opgelig word. Al hierdie werk verstyf die senuwees en spiere van my liggaam. Wanneer hierdie dinge gebeur, klink my stem verskrik en is ek uitasem. Voor al hierdie dinge gebeur, kom die ongewone geestelike stem altyd na vore.

Na hierdie fase van my liggaamswerk voltooi is, het die Here my nog 'n goue sleutel gegee. Ek het nog nooit tevore so 'n groot sleutel gesien nie. Ek glo die sleutel simboliseer hoe die Here elke area van my lewe oopsluit sodat Hy my vir sy glorie kan gebruik.

DIE LAASTE SLEUTEL EN SLOT

Die aand van 11 November 1997 het die Here vir ongeveer twee en 'n half uur met my gewerk, wat korter as gewoonlik was. Hierdie hele periode is afgestaan aan werk op my hande. Terwyl Hy daarop gewerk het, het my hande woes geskud op verskillende maniere. Die reaksie het vir een en 'n half uur geduur.

Ek was bang, want my hande het nog nooit so geskud nie en dit is sewe keer herhaal. Toe Hy klaar is met die werk op my hande, het daar 'n ongewone stem na vore gekom en die Here het my 'n sleutel en slot gewys.

Hy het my hele liggaam vir sy diens oopgesluit. Die laaste sleutel en slot was die grootste wat ek al ooit gesien het. Hy het vir my gesê die sleutel sou my hele liggaam oopsluit. Ek het gesien hoe die slot oopgaan toe die sleutel daarin draai. My liggaam het opgelig en het geruk en gebewe, en ek het heelwat gesweet. Na die tyd het my hande begin ruk en hulle het sewe verskillende kere die vorm van 'n kruis aangeneem.

Die Here het met my gepraat.

'My dogter, ek is baie tevrede met al die liggaamswerk in jou lewe. Jy is nou reg vir die wêreld. As gevolg van jou gehoorsaamheid en geloof kon ek die werk heeltemal klaarmaak. Dankie vir jou geduld.'

Die Here het my dikwels vertel dat die liggaamswerk die moeilikste deel sou wees. Sonder sy krag van genesing sou ek dit nooit kon verduur nie. Na vier uur van sy aanhoudende werk, was my liggaam so moeg dat ek gewonder het hoe ek enigsins kon voortgaan. Die Here het verduidelik: 'Een uur van die liggaamswerk waardeur jy gegaan het, is erger as agt uur se werk gedurende die dag, as gevolg van die salwing.'

Ek het geweet dit is waar, want aan die einde van elke fase van die werk het ek vir baie lank duiselig en swak gevoel. Ek moes altyd rus en slaap inhaal.

VISIOENE VAN VUUR

Op 6 Desember 1997 het die Here soggens en saans op ander maniere met my begin werk . Hy het my 'n nuwe visioen gewys wat vergesel was van 'n bonatuurlike stem. Die hele wêreld was in 'n helder blou lug gehul voordat die toneel verander het en daar 'n swaar wolk oor die wêreld gekom het. Die wolke het skielik uitmekaar gebreek en vuur het uit die lug verskyn. Die wêreld was aan die brand voordat die vuur in sneeu verander het. Die hele wêreld was met 'n dik laag sneeu bedek.

'n Tweede visioen het toe na vore gekom, vergesel van die sterk visioen-stem. Weer eens het die Here my die aarde gewys. Die lug was vol swart wolke. Toe begin dit storm en reën. Daar was donderweer en baie stede is vernietig. Ek kon sien hoe die stede se geboue inmekaartuimel.

My stem het harder geword en ek het begin huil. Die Here het gesê: 'Ek sal baie lande met vloede, tornado's en aardbewings vernietig om mense te wys dat Ek God is en dat hulle vir my koms voorbereid moet

wees. Baie mense sal ly, baie sal van mekaar skei, ander se harte sal deur hulle geliefdes gebreek word en baie lewens sal geneem word, insluitende Christene s'n. Jy moet hierdie visioene in jou boek insluit, my dogter.'

Ontelbare kere het Hy my soortgelyke visioene gewys en gesê dit is tyd om vir sy koms voor te berei.

HOOFSTUK 18

'N EINDTYD-PROFEET

En dit is die 'gawes' wat Hy 'gegee het': … profete … Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

–EFESIËRS 4:11–12

Elke keer wat die Here se teenwoordigheid naby is, kom daar 'n gekreun uit my gees. Daar kom geen woorde uit nie, net kreungeluide. Dit laat my toe om met die Here te kommunikeer vanuit my hart na syne, terwyl die stem en verstand oor die hoof gesien word. Soms fluister ons vir mekaar. Die Here het vir my verduidelik dat hart-tot-hart kommunikasie die belangrikste vorm van samesyn is. Daardeur kan Satan ons gesprekke nie afluister nie. Gedurende elke liggaamswerksessie was ek nie in staat om direk met my stem met die Here te praat nie, maar slegs met my hart.

'My dogter, jy is 'n Eindtyd-profeet,' het die Here gesê, 'en jy is 'n lewende bewys van my Woord en my profesië.'

Hy het verduidelik dat dit die rede is waarom Hy my die skrywers met hulle notaboekies in sy troonkamer gewys het. Hy het my vertel dat baie mense nie sy Woord en profesië glo nie en dat selfs sommige Christene dit nie glo nie. Ek het besef dat alles wat Hy met my gedeel

het, 'n bevestiging van die Bybel se woorde was en dat die profesië waarmee Hy my geseën het, eggo's van sy Woord was.

OORVLOEDIGE VREUGDE

Tydens aanbiddingstye in die kerk, ervaar ek wonderlike vreugde. Dit is so allesomvattend dat ek geheel en al onbewus van die mense rondom my is. Na die hemelse besoeke met die Here, fokus ek net op die Here se teenwoordigheid. Ek kan Hom voor in die kerk sien en Hy lyk altyd gelukkig.

Dit pla my nie meer wat ander mense van my dink nie. Wanneer ek die kerk besoek, is dit om die Here te dien, nie om ander mense te beïndruk nie. Ek het geleer dat 'n mens die Here nie werklik tevrede kan stel indien jy bekommerd is oor wat ander van jou dink nie.

Na Paasfees in 1995 beskou sommige mense my optrede as vermaaklik weens al die rukking en spronge wat ek onder die krag van die Heilige Gees doen. Hemelse liedere en danse word egter nou gedurende elke aanbiddingstyd ingesluit. In die verlede het ek gewonder wat mense van my dink, maar nou gee ek nie meer om nie, solank die Here met my gehoorsaamheid tevrede is. Pastoor Larry Randolph het voorspel dat ek 'anders' is, en hy is doodreg.

NOG OOPSLUITINGS EN VISIOENE

Na sestien maande van liggaamswerk, het ek vir 26 dae gerus. Ek het gedink die Here sou my nou gebruik, maar Hy het my eerder net soggens tussen eenuur en tweeuur besoek en vir ongeveer 'n uur met my gepraat. Dit het op agt verskillende geleenthede gebeur. Daarna het Hy my begin salf en voortgegaan om op my hande te werk na my aandgebed en soms ook na my oggendgebede.

Elke aand na my gewone gebed het sy teenwoordigheid na my gekom. Nadat Hy met my gepraat het, salf Hy my gewoonlik met

ongelooflike sterk krag. Ek herhaal al die handbewegings wat Hy al gemaak het en Hy seën my met visioene wat ek alreeds gehad het. Daarna werk Hy op verskillende aspekte van my voorbereiding, insluitende die handbewegings. Hy laat my rus tussen verskillende fases van die liggaamswerk. Die oopsluiting van die drie-en dertigste slot was opvallend anders as die vorige oopsluitings. Hierdie slot het 'n ander vorm gehad en dit was die grootste slot en sleutel van almal. Die Here het 'n goue kroon en mantel gedra, en Hy het my hande met sy hande aangeraak voordat Hy gegesê het: 'Jy is ingeseën deur jou Here.'

Die volgende aand het Hy my hande sewe verskillende kere op sewe verskillende maniere in die rondte laat draai. Daarna het ek my ongewone visioen-stem gehoor en het opgelet dat Hy 'n goue uitrusting dra. Hy het my 'n silwer bal gewys wat so rond en blink was dat dit soos glas gelyk het. Hy het dit in sy regterhand vasgehou en gesê: 'My dogter, jy is 'n perfekte spreekbuis.'

Ek het besef dat elke keer wanneer die Here 'n voorwerp op sy besoeke gebring het, dit iets gesimboliseer het waarmee Hy in my lewe besig was. Een aand, na my aandgebed, het die Here my nog 'n visioen van die lug gewys.

Die maan en sterre het die lug verlig en die Here was in 'n ligstraal gehul wat so helder soos die son was. Hy het 'n goue kroon en mantel gedra en Hy het 'n goue bal met steentjies vasgehou. 'n Helder en blink glans het Hom omring.

My spesiale visioen-stem het na vore gekom en ek het die Here voor my gesien. Hy het die bal in albei sy hande vasgehou voordat Hy dit in sy regterhand geneem en gesê het: 'Ek gaan hierdie salwing oor jou kop gooi.'

Stoom het verskyn toe Hy die bokant van die bal verwyder. Ek het nie dieselfde sterk krag gevoel toe Hy dit oor my gooi, soos met die vorige salwings nie. Nadat Hy dit gedoen het, het Hy my die hele see en wêreld gewys en gesê: 'Die wêreld is joune.'

'N PILAAR VAN VUUR

Op 31 Maart 1998, na my aandgebed, het die Here se teenwoordigheid my besoek. Nadat ons gesels het, het Hy gesê: 'Ek moet jou iets wys.' My oë het styf toegegaan en my visioen-stem het na vore gekom. Geestelike krag het my liggaam gevul en ek het gesien dat die hele lugruim aan die brand was.

Ek het vir 'n paar oomblikke gerus voordat ek my oë weer styf toegemaak het. Hierdie keer het ek 'n groot pilaar van vuur uit die lug sien kom. Dit het in die middel van die see geval. Na 'n paar oomblikke van rus het ek weer my oë styf toegemaak en daar het krag in my liggaam gekom.

Ek het 'n harde geraas uit die lug gehoor voordat ek baie vliegtuie in die lugruim gesien het. Hulle het groot, ovaalvormige missiele gelanseer. Baie geboue is deur die missiele vernietig. Daar was orals gewapende mense in uniforms en ek het begin huil. Die Here het verduidelik dat hierdie oorlog in 1998 sou begin.

TYD OM WAKKER TE WORD

Die oggend van 1 April 1998 het die Here my na my oggendgebed besoek en my dieselfde visioen van die vorige aand gewys. Hy het vir my gesê dat die verskriklike dinge wat besig was om te gebeur nie net Satan se werk was nie.

'Ek moet die slapende mense wakker maak,' het die Here verduidelik. 'Baie van hulle leef in duisternis en wanneer slegte dinge gebeur, blameer hulle dit op Satan. Ek sal die harte van hierdie mense laat beef, want baie sien of luister nie na hoe vinnig Ek vir hulle gaan kom nie. Die enigste mense wat die trompetgeskal sal hoor, is dié wat gereed is en vir My wag. Die res sal deur die verdrukking moet gaan.'

'N GOUE BOTTEL

Die volgende dag, 2 April 1998, was ook betekenisvol. Na my aandgebed het die Here se teenwoordigheid soos gewoonlik nader beweeg.

Nadat ons gepraat het, het die Here gesê: 'My dogter, Ek het vanaand vir jou 'n spesiale verrassing. Jy moet dit sien.'

Onmiddellik nadat Hy hierdie woorde geuiter het ek, het my oë styf toegegaan en het ek hardop gekreun. Daarna het ek gesien hoe die hemel oopgaan en hoe twee mense afkom aarde toe. Die area wat die mense omring het, was so helder soos die son. Die een het 'n wit mantel aangehad met 'n groot bottel sy hande. Die Here het 'n goue mantel en kroon gedra. Toe verdwyn die twee mense en my spesiale visioen-stem het na vore gekom.

Die Here het voor my gestaan met die groot goue bottel in albei sy hande. Dit het gelyk asof dit van soliede goud gemaak is, maar dit het nie 'n deksel opgehad nie. Ek was verbaas oor hoe groot die bottel was en het gedink dat ek dit nie eers in albei my arms sou kon vashou nie.

Weens nuuskierigheid het ek na die bottel uitgereik. Dit het my arms gevul. Toe besef ek waarom 'n engel dit vir die Here moes afbring van die hemel. Die Here het met my gepraat: 'Ek gaan dit oor jou liggaam gooi, van jou kroon tot by jou voete. Jou liggaam sal met vuur gesalf wees.'

Die oomblik wat Hy die inhoud van die bottel oor my uitgegooi het, het dit gevoel asof my liggaam aan die brand was en my stem het geklink asof ek siek is. Ek het begin huil. Daarna het ek begin sing en my hande sywaarts uitgestrek en bo my kop opgelig.

Terwyl dit gebeur het, het ek gesê: 'Vader, dankie vir alles wat U my beloof het.' Ek kon my hande nie laat sak totdat ek 'in Jesus se Naam' gesê het nie.

Daarna het my hande sewe verskillende kere na die Vader opgelig en ek het dinge in Jesus se Naam gesê. Ek het verneder op die vloer geval. My gesig het die vloer getref soos ek myself voor die Vader verneder het. Ek kon my gesig nie oplig voordat ek 'in Jesus se Naam' gesê het nie.

Kort daarna het ek besef dat ek nooit hierdie dinge op my eie sou kon doen nie. Totdat ek nie 'In Jesus se Naam' gesê het nie, kon ek my hande nie laat sak of my gesig beweeg nie. Die Here het my geleer om altyd in Jesus se Naam aan die Vader te bid.

Ek bid altyd vir alles in Jesus se Naam en ek is seker Hy wil hê ek moet dit in hierdie boek insluit sodat mense wat nie Jesus se Naam gebruik nie, sal verstaan. Die Here het toe vir my gesê dat die engel wat Hom gehelp het, Mígael was.

DIE ENGEL MÍGAEL

Dit was vroeg die oggend van 3 April 1998 en na my gewone gebedstyd het die Here vir my gesê om alles wat Hy my die vorige aand vertel het, te onthou. Ek het Hom gevra of ek vir Mígael, die aartsengel, kon sien. Hy het gesê: 'Mígael is 'n baie aantreklike engel. Hy is sewe voet lank, weeg 140 kilogram, het blou oë en blonde hare.'

Deur die hart-tot-hart kommunikasie wat ons tot stand gebring het, het ek die Here gevra of ek vir Mígael duidelik kon sien. My oë het gesluit en die kreungeluide uit my gees was baie hard. Ek kon Mígael in die agterplaas sien staan.

Binne sekondes het hy voor my gestaan en sy kop het byna aan die dak geraak. Hy het blonde hare en diepblou oë gehad, nes die Here hom beskryf het. Sy gelaatskleur was lig van kleur en hy het 'n pragtige glimlag gehad. Hy het gesê: 'Choo Nam, jy is my Here se kosbare dogter en jy maak Hom gelukkig.' Hy het weer geglimlag en verdwyn. Sy glinsterende diepblou oë het my bygebly. Sy pragtige glimlag het my 'n gevoel van vreugde en vrede gegee.

NOG 'N BESOEK AAN DIE HEMEL

Op 28 April 1998, na my aandgebed, het die Here my alles gewys wat Hy my tot dusver gedurende ons hemelse besoeke gewys het. Hy het my ook herinner aan al die dinge wat in die nabye toekoms op aarde sal gebeur het.

Hy het nie weer vir my die hel gewys nie. Ek dink Hy wou nie hê dat ek weer so 'n aaklige, afskuwelike toneel beleef nie. Ek kan regtig niks wat die Here my gewys of vertel het, vergeet nie.

Jesus het vir sy dissipels gesê: 'Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het' (Joh 14:25–26).

Dit is presies wat besig is om in my lewe te gebeur en die Heilige Gees se werk van herinnering duur tot vandag toe in my lewe voort.

GROEIENDE GELOOF

En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.

– JAKOBUS 1:4

Op 7 Mei 1998 het die Here my besoek en Hy het 'n goue mantel en kroon gedra. Hy het voor my gestaan en die salwing op my liggaam was so sterk dat ek bang geword het. Die Here se regterhand was opgelig en ek het albei my hande na Hom uitgestrek. Hy het gesê: 'Ek seën jou vir al die werk waarvoor Ek jou voorberei het om te doen.'

Van 11 Julie 1996 tot vandag het die Here baie werk in my lewe gedoen. Ek het probeer om alles in hierdie boek weer te gee deur dit stap vir stap neer te skryf. Die Here het my versoek om sy werk en sy woorde onder die leiding van die Heilige Gees neer te skryf. Aanvanklik was dit moeilik om te glo – die spesiale gawes, die wonderlike besoeke, die profetiese visioene, die hemelse reise en die bonatuurlike gebeurtenisse. Dit was alles te goed om waar te wees. Wanneer ek terugkyk na alles wat gebeur het, besef ek dat die Here my deur 'n spesiale groei- en afrigtingsproses van voorbereiding vir sy bediening geneem het. As gevolg daarvan het my geloof verdiep en my hoop binne-in my ontplof. Ek glo nou alles wat Hy my wys en vertel. Hy het

elke belofte nagekom, insluitende al die beloftes oor hierdie boek. Hy het my die titel van die boek gegee en my na 'n geesvervulde skrywer gelei wat my woorde help afrond het.

Omdat ek weet dat alles wat Hy sê, waar is, word dit vir my al hoe moeiliker om te wag.

Na die visioen van die hemel, het die Here al die dinge wat nog gedoen moes word, voltooi. Sy teenwoordigheid het na elkeen van my gebedstye verskyn. Dit was sy belofte en ek vertrou Hom ten volle. Ongeveer twee jaar gelede was ek ongelukkig oor sommige aspekte van my kerk en het ek ernstig tot die Here gebid. Ek het sy wysheid en leiding nodig gehad.

Ek het geweet dat die belofte wat in die Bybel opgeteken is, waar is: 'As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word' (Jak 1:5–6).

Ten spyte daarvan dat ek in hierdie belofte geglo het, het dit vir my gevoel asof die hemele toegegaan het wanneer ek bid. Ek kon die Here nie sien of sy stem hoor nie en ek het gewonder of ek Hom ooit weer sou sien. Ek het begin huil. Nadat ek vir vyftien minute lank hardop na Jesus geroep het, het die Here voor my verskyn.

Ek het daardie dag 'n lewensbelangrike les geleer. Hy het my gewys dat my hart blymoedig en rein moet wees om sy teenwoordigheid te ervaar en sy stem te hoor. Daarom het die Here alle kontak met ander mense uit my lewe verwyder sedert Hy my die hemel laat besoek het. Hy wil hê dat niks my gedagtes onderbreek terwyl Hy my oplei vir die werk wat ek vir Hom moet doen nie.

GEBED EN DIE HERE SE TEENWOORDIGHEID

Ek is lief vir die Here en ek weet dat Hy my ook liefhet. Ek bid baie keer elke dag dag en op dieselfde tyd. Elke keer wat ek bid, verskyn die

Here se teenwoordigheid aan my. Dan gesels ons. Dit gebeur daagliks en soms duur ons gesprekke baie lank. Die Here herinner my dan aan al die belangrike dinge wat Hy my gewys en vertel het.

Aan die einde van elke gebed trek my maag op 'n knop, my liggaam ruk, my gees kreun en dan verskyn die Here. Wanneer Hy my kamer verlaat, gaan my liggaam deur dieselfde manifestasies as voor die Here verskyn het.

Nadat al die liggaamswerk voltooi is, het die Here my daagliks rondom aandete-tyd besoek. My man, Roger, bid altyd met aandete en ek ondersteun hom in gebed deur in tale te praat. Terwyl ons dit doen, verskyn die Here se teenwoordigheid. Aan die einde van die gebed gaan Hy weer weg. Hy lewer altyd kommentaar oor die kos en spot selfs soms met my. Ek lag gewoonlik vir sy wonderlike sin vir humor.

Die Here sê gewoonlik vir my om enigiets te eet wat ek wil, want ek sal baie van die dinge wat ek op aarde geniet nie in die hemel kan eet nie. Roger weet waardeur ek gedurende hierdie oomblikke gaan, want hy kan sien hoe my liggaam ruk. Die salwing is elke keer so sterk dat dit voel asof my liggaam aan die brand is. Wanneer die ete uit seekos en groente bestaan, sê die Here altyd dat dit gesonde, voedsame kos is.

WIE DIE HERE VIR MY IS

Baie mense glo die Here is baie streng. Vir my is Hy 'n gawe, prettige, simpatieke, geduldige, liefdevolle, medelydende persoon. Hy praat altyd sagkens met my, behalwe wanneer ek een van sy opdragte bevraagteken. Dan word Hy vir my kwaad. Ek het geleer dat die Here nie daarvan hou om bevraagteken te word of na 'n geklaery te luister nie.

Ongeag hoe lank ek praat, is Hy altyd 'n geduldige luisteraar. Hy val my nooit in die rede nie. Ek het vinnig besef dat Hy alles van my weet. Hy herinner my dikwels aan my planne vir 'n spesifieke dag.

Dit is nou al amper twee en 'n half jaar sedert ek onder die Here se beheer leef. Ek poog altyd daarna om sy weg in plaas van my eie te

volg. Ek is baie tevrede met alles, maar ek is by tye steeds ongeduldig.

Jesus is my beste vriend en ek vind Hom baie menslik. Ek kan op enige tyd op enige plek met Hom praat. Hy het my selfs vertel dat ek Hom enigiets mag vra solank ek Hom nie bevraagteken wanneer Hy my 'n opdrag gee nie.

Selfs al is Hy my beste vriend, is ek nederig in sy teenwoordigheid. Ek vrees en respekteer Hom eerbiediglik, want ek weet dat Hy God is. Ek het Hom gevra om sy teenwoordigheid duideliker te kan sien en om sy stem beter te kan hoor. Hy het geantwoord: 'My dogter, jy sien my Gees.'

Aangesien Hy 'n Gees is, kan ek Hom nie altyd duidelik sien nie. Wanneer sy teenwoordigheid duidelik word, word ek oorweldig deur die sterk krag van sy salwing in my lewe.

Gedurende sommige van die liggaamswerksessies, kan ek die Here se teenwoordigheid duideliker as gewoonlik uitmaak. Wanneer dit gebeur, is die meegaande salwing ongelooflik kragtig. Sedert die Here my die hemel en die put van hel gewys het, is ek nie meer dieselfde nie. Wanneer ek nou iemand sien wat nie gered is nie of wat 'n louwarm Christen is, pyn my hart vir hulle, want ek weet wat vereis word om die Here se koninkryk binne te gaan.

Die dringendheid wat ek vir ongeredde mense voel, hou my deurgaans gemotiveerd. Ek wil nou selfs my vyande help wanneer ek kan. Die Here het my verskeie kere vertel wat na die oordeelsdag met ongehoorsame mense sal gebeur.

Hy het verduidelik dat slegs ongeveer 20 persent van Christene Hom gelukkig maak. Hy het my wel verseker dat Hy sy mense 'n laaste kans sou gee om hulle te reinig voordat Hy ons kom haal. Daarom het Hy my gekies om die boek te skryf.

Hy wil hê ek moet as lewende bewys van die Bybel en sy profesieë dien, want baie mense glo nie wat hulle in die Bybel lees nie en hulle glo ook nie dat Hy binnekort kom nie. Verder het Hy gesê dat hierdie boek 'n manier is om miljoene mense te red.

GEEN VREES NIE!

As gevolg van alles wat ek ervaar het, is ek nie meer bang nie. 'n Nuwe onbeskaamdheid het my oorval – 'n onbeskaamdheid in die Here. Ek voel dat ek nou voor miljoene mense sal kan staan om voor die wêreld te getuig oor alles wat ek gesien en gehoor het.

My lippe en my liggaam was geseël terwyl die Here die nodige liggaamswerk en voorbereiding in my lewe gedoen het. Die Here wou hê ek moet alles vir myself hou tot 'n latere tyd wat Hy aan my sou bekend maak. Die tydsberekening moes perfek wees, want ek is seker daar is baie mense wat my nie sal glo as ek hulle inlig oor alles wat ek al ervaar het nie.

Nadat ek die visioene en ander bonatuurlike verskynsels ervaar het, het my skrywer sommige Bybelverse aangedui wat die ervarings help bevestig het. Op daardie tydstip het ek die Bybel nog nie goed genoeg geken om te weet waar hierdie inligting gevind kan word nie. Om die waarheid te sê, ek het dikwels by die Here gekla dat ek nie genoeg van Hom weet om deur Hom gebruik te word nie. Ek het dikwels vir Hom gevra: 'Hoekom het U my gekies, Here?'

Daarop het Hy geantwoord, 'Ek het jou gekies omdat jy so leerbaar is.'

Hy het verduidelik dat ek niks op my eie hoef te doen nie, want Hy sou elke oomblik met my wees en vir alles sorg. Dit is natuurlik die sleutel na vooruitgang in die geestelike lewe. Om oop te wees vir Hom en alles wat Hy vir ons beplan, is die sleutel om deur die Here gebruik te word.

Wanneer ek nou die Bybel lees, kan ek sommige dinge baie duidelik verstaan. Voorheen het ek blind vir die waarheid gevoel. Ek vind dat ek Bybelverse met groot gemak kan memoriseer en ek het al omtrent 300 van my gunsteling verse gememoriseer. Die Here help my omdat ek so 'n groot behoefte aan sy Woord het. Dit word ook vir getuienis en meditasie benodig. Ek besef dit is moeilik om getuienis te lewer sonder om die Here se Woord te ken. Deur baie jare se opleiding het

die Here my gedissiplineer, getoets en my selfs teleurgestel om uit te vind presies hoe sterk my geloof regtig is.

Hy het alle slegte invloede (insluitende mense) uit my lewe verwyder. Soms het Hy selfs toegelaat dat mense wat Hy voorheen genees het, weer siek word. Hy het dit gedoen om my geloof in Hom en my liefde vir Hom te toets. By tye het Hy toegelaat dat ek teleurgestel is om te sien hoe ongeduldig en kwaad ek kon word, maar selfs in daardie omstandighede het ek Hom net so liefgehad en vertrou. Dit was vir my onbelangrik hoeveel keer ek teleurgestel is.

Ek het soveel kere in sy teenwoordigheid gehuil en Hom gevra hoekom Hy so lank neem om sy beloftes na te kom. Daar was kere wat ek gedink het Hy sou 'n spesifieke belofte binne 'n week vervul, net om agter te kom dat ek deur dieselfde opleidingsproses moes gaan waardeur ek reeds was. Dit het my soveel teleurstelling veroorsaak dat ek gevoel het ek sou doodgaan.

Soms voel ek so terneergedruk dat ek alles wat die Here belowe het, wil opgee. By tye het ek gevoel asof ek die verkeerde stem gehoor het. Ek het Hom dikwels gevra of ek ander stemme of my eie hoor. Hy sou dan teleurgesteld klink en bevestig dat ek die stem van my Here Jesus Christus van Nasaret hoor.

Wanneer Hy hierdie woorde geuiter het, het ek onmiddellik so bly geword dat ek al my ontmoediging vergeet het. Indien Hy nie met my gepraat het nie, sou ek dit nooit kan oorleef nie.

Gedurende sy opleiding het ek dikwels gehuil. Wanneer Hy klaar is, sou Hy egter sê: 'Choo Nam, jy het jou toets met 100 persent geslaag.' Sy woorde van lof en bevestiging het my siel van opwinding laat sing. Dit was 'n driejarige kursus vir die bediening en ek kan met alle eerlikheid sê dat ek nooit aan die Here ongehoorsaam was nie. Hy het geweet ek is altyd vir Hom beskikbaar om sy werk te doen.

Ongeag hoe moeilik die werk geword het of hoe teleurgesteld ek was, ek het altyd diep en opregte vreugde ervaar. Na my besoeke aan die hemelse koninkryk voel dit nou vir my asof ek in die koninkryk van God leef. Al waaraan ek kan dink, is maniere om die Here te be-

vredig en ek sal alles in my vermoë doen om Hom gelukkig te maak.

Ek het die Here dikwels gevra om my permanent huis toe te neem, maar Hy het geweier en gesê daar is te veel werk wat ek nog vir Hom moet doen. Sedert Januarie 1996 leef ek daagliks vir die Here. Hy is eerste, laaste en alles tussenin. Hy is alles vir my. Ek bid gewoonlik vir vier of vyf uur per dag, maar gedurende die tye van voorbereiding, het ek tussen sewe en nege uur elke dag met die Here spandeer en soms selfs langer.

MY LIEFDEVOLLE MAN

Ek is dankbaar vir my man, Roger, se getroue liefde en geduldige begrip. Ek het gebid dat hy die Here sou leer ken en dit het 'n jaar en 'n half nadat ek 'n Christen geword het, gebeur. Ek het nooit enige druk op Roger geplaas ten opsigte van geestelike dinge nie, maar Hy is altyd daar vir my – 'n standvastige metgesel en ondersteuning. Ek het die Here gevra dat ek en Roger dieselfde gedagtes moes hê om Hom te dien. Die Here het my met 'n heeltemal nuwe man geseën. In die eerste jaar van Roger se pad met die Here, het hy die Bybel ses keer gelees.

Sonder sy eenstemmigheid, sou ons huwelik dit nie oorleef het nie. Roger is in alle opsigte vir my 'n groot hulp en 'n groot ondersteuning in my bediening.

Ek en Roger weet dat ons niks sonder die Here is nie. Ons weet ook dat ons alles met sy hulp kan doen. Daar is niks vir ons perfekte God onmoontlik nie. Hy ken ons ten volle. Hy weet selfs wat ons nodig het voordat ons daarvoor vra. Jesus het gesê: 'Want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra' (Matt 6:8).

Ons het besluit om die Here eerste in ons lewens te plaas. Jesus het gesê: 'Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee' (Matt6:33). Hierdie wonderlike belofte is herhaaldelik in ons lewe bewys.

Ek moet erken dit is nie altyd maklik om 'n geesvervulde lewe te lei en die Here altyd eerste te stel nie, maar ek het geleer dat ek niks sonder

die Here se toestemming kan doen nie. Hy sê altyd vir my om op Hom gefokus te bly en op die werk wat ek vir Hom moet doen. Hy waarsku my om niks of niemand voor hierdie doelwitte te stel nie.

Dit was moeilik, maar ek het geleer dat ek vreedsaam is wanneer ek my gedagtes op Hom gevestig hou. Indien iets my pla, kan ek nie op die Here fokus nie en verloor ek my vrede. Ek weet dit is nie God se wil nie, want Hy het gesê: 'Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie' (Joh 14:27).

Die Here is 'n standvastige hulp in ons lewe, selfs wanneer ons Hom nie kan hoor of sien nie. 'Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid' (Heb 13:8). Hy leef in ons en daarom weet Hy alles van ons. Ek het geleer dat Hy wil hê ons moet net op Hom gefokus bly wanneer ons tot Hom bid of Hom aanbid.

HOOFSTUK 20

DIE HEMELE HET OOPGEMAAK

Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan. 'Kyk,' het hy gesê, 'ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.'

– HANDELINGE 7:55–56

Op 16 Mei 1998 het die Here die oggend vir my gesê dat ek die aand vroeg in die bed moet klim. Na my aandgebed het daar 'n spesiale salwing oor my gekom en die Here het gesê: 'Daar is iets wat Ek jou moet wys.' Op die oomblik wat Hy daardie woorde geuiter het, het my oë styf toegegaan en 'n spesiale kreungeluid het uit my gees gekom. Die hemel het voor my oopgegaan. Aanvanklik was alles baie helder en daarna het ek die res van die hemel gesien. Dit was 'n plek van reinheid en witheid. Die paaie en geboue was ongelooflik skoon. Die Here het my weer na die hemel geneem en my dinge een vir een begin wys. Alles was so helder soos sonlig. Die Here het my al die oseane van die wêreld gewys asook die hele aarde. Die aarde was met sneeu bedek. Die Here het verduidelik: 'Ek moet my mense reinig voordat Ek hulle na my koninkryk neem. Tensy hulle rein van hart is, sal hulle my koninkryk nie sien nie.' Ek het een van die saligsprekinge onthou:

'Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien' (Matt 5:8). My arms het sywaarts uitgestrek en 'n kruisagtige vorm van my liggaam gemaak. Dit het ongeveer tien minute geduur. Ek het die heeltyd gehuil, maar ek was nie seker of my trane as gevolg van dankbaarheid, vreugde of pyn was nie. Die Here was besig om sommige van sy vorige lesse te herhaal en het beklemtoon dat ek alles in die boek moet insluit.

Dit help my gehelp om die titel van die boek, *Die hemel is 'n werklikheid*, beter te verstaan. Deur die lesse en ervarings in my lewe te herhaal, het ek presies geleer hoe werklik die hemel is.

GOD SE TROON

Op 6 Junie 1998 het die Here my weer eens gesê om vroeg in die bed te klim. Ek het geweet dat iets ongelooflik sou gebeur. Na my aandgebed het 'n sterk salwing oor my gekom en weer eens het die hemele voor my oopgegaan. Ek het God se troon gesien. Die Vader het daarop gesit. Hy het 'n wit kroon en kleed gedra en Hy het lang, wit hare gehad. Die Here Jesus het aan sy regterkant gestaan. Jesus se voorkoms was soos ek dit altyd onthou het.

Die Vader en die Seun het albei wit gedra. Ek kon nie hul gesigte uitmaak nie, maar ek het 'n stem hoor sê: 'Choo Nam, Ek gee jou toestemming om die werk waarvoor Ek jou voorberei het, te doen. Jy sal My nou dien. Ek is gelukkig met alles wat jou betref.'

Hierdie bevestiging was meer opwindend as wat ek kan beskryf. Nadat hierdie visioen van die hemel geëindig het, het die Here se teenwoordigheid verskyn. Hy het herhaal wat die Vader vir my gesê het. Dit was asof ek in die diens waarvoor God my geroep het, gewerp is en dit was wonderlik om te weet dit is uiteindelik besig om te gebeur.

ENGELE WAAK OOR ONS

Regdeur die maand van Desember 1998 het die Here my meer van die dinge wat Hy my reeds gewys het, weer eens gewys. Hy het ook van die

liggaamswerk herhaal. Hy het telkemale die hemel vir my oopgemaak. Elke keer wat dit gebeur het, kon ek die hele lugruim baie duidelik sien, insluitende die helder sterre.

Bo die sterre kon ek wolke sien en bo die wolke kon ek die hemel sien. Die hemel se helderheid was asemrowend en die oneindigheid daarvan onbeskryfbaar. Dit is werklik 'n eindelose uitspansel wat reg rondom die wêreld strek. Ek reageer voortdurend met vreugdevolle sang wanneer die Here my die hemel wys. Die Here het my hierdie keer ook 'n verskeidenheid engele wat orals rondvlieg, gewys. Ek het opgelet dat die engele van die hemel ook deur die atmosfeer van die aarde vlieg. Die Here het genoem dat die engele wat op aarde rondvlieg, oor sy mense waak.

Sommige van die visioene waarmee die Here my geseën het, het voorgekom nadat die Here my vingers meer as 'n duisend keer in twee maande aan my oë laat raak het. Hy het my sewe keer deur elke stap geneem.

Wanneer dit gebeur het, het ek die mooiste vonke, soos diamante, gesien en daarna die pragtige edelstene van die hemel. Een steen het soos 'n oogbal gelyk. Eers het dit gelyk asof dit 'n donker pers was, daarna het dit al hoe ligter geword totdat dit soos 'n glinsterende, helder diamant gelyk het. Die steen het die mooiste kleur wat ek al ooit gesien het. Dit was asof ek die steen vasgehou het, so duidelik kon ek dit sien.

OUKERSAAND-HERINNERINGE MET DIE HERE

Op 24 Desember 1998 het die Here weer eens in sy pragtige Kerskroon en -kleed na my gekom. Sy teenwoordigheid was daardie aand dieselfde soos die vorige twee jaar, maar die ervaring was anders. Ek het voor Hom gekniel, gedans en uit onbeskryfbare vreugde gehuil die oomblik toe ek sy teenwoordigheid sien. Dit was nie iets wat ek self gedoen het nie; dit was die gevolg van die Heilige Gees se algehele beheer oor my lewe.

Ek kan eerlik sê dat ek nooit iets wat die Here my gewys of vertel het, sal vergeet nie. Hy het dikwels dinge herhaal om my geduld te

leer. Hy het my herinner dat niemand Hom werklik kan dien sonder geduld nie.

Die Here het genoem dat verlossing 'n onverdiende gawe van sy genade was, maar die ontvangs van ander gawes vereis harde werk. Al die gawes is gratis, maar ons moet geduldig wees om hulle te ontvang. Alles in ons lewe moet volgens die Here se wil geskied en nie volgens ons eie nie. Ons moet Hom gehoorsaam ongeag wat dit van ons verg.

Hy het verduidelik dat Hy gedurende sy tyd op aarde volgens sy Vader se wil geleef het. Hy het nie belanggestel om sy eie wil of planne te volg nie, maar slegs God s'n. Hy het ook aangedui dat die mense aan wie Hy spesiale gawes vir bediening gee, 'n hoër prys moet betaal. Uiteindelik het Hy afgesluit deur te sê: 'Selfs al wil jy nie hierdie werk doen nie, moet jy dit doen, want Ek het jou gekies om die Eindtyd-profeet te wees.' Soos ek vroeër genoem het, het die Here baie begrip vir my behoeftes, selfs wanneer ek kla. Hy luister altyd na alles wat ek sê. Wanneer ek klaar is, sê Hy altyd: 'My dogter, Ek verstaan hoe jy voel, maar Ek moet dit op hierdie manier doen. Dit moet op my manier en in my tyd gebeur.' Nadat hy my saggies berispe het, voel ek altyd nederig en ek reageer deur my ongeduld, my bevraagtekening en my tekort aan begrip te berou.

'N NUWE JAAR BREEK AAN

Op 1 Januarie 1999 het die Here my weer eens sy pragtige kleed en kroon gewys. Dit was die eerste keer wat Hy dit op Nuwejaarsdag doen. Ek het Hom gevra wat die verandering beteken het en Hy het verduidelik: 'My dogter, dit is 'n baie spesiale jaar vir my kinders.' Sy liefdevolle teenwoordigheid het my oorweldig en ek het voor Hom begin sing, dans en huil.

Op 8 Januarie 1999 het die Here weer eens sy spesiale kroon en kleed gedra. Die visioen-stem het deur my gebreek en ek het begin huil. Ek het besef die Here dra hierdie spesiale gewaad net op baie betekenisvolle geleenthede, gewoonlik om 'n groot mylpaal te vier.

Hy het vir my gesê dat Hy my werk vier. Ons het vir 'n rukkie gesels, daarna het ek my hande na Hom uitgestrek en Hy het sy hande bo-op myne geplaas en gesê: 'Ek seën jou.'

Soos Hy dit gesê het, was die salwing so kragtig dat dit gevoel het asof ek besig is om met Hom verenig te word. Ek het onder die intense salwing van daardie oomblik gehuil.

Die periode van 9 tot 14 Januarie 1999 is veral vir my vreugdevol. Die Here het vir my 'n visioen van die kerk wat ek bywoon, gewys. In hierdie geestelike visioen het ek baie mense in die kerk gesien wat met die Heilige Gees gevul is; ek het gestremde mense sien stap. Daar was leë rystoele en vele ander seëninge. Die parkeerarea van die kerk was ook vol motors en ek het begin sing en dans.

DIE KRAG VAN GEBED

Op 5 Januarie 1999 het die Here my na my aandgebed besoek en ons het gesels. Sy spesiale salwing het oor my gekom en ek kon die visioenstem hoor. Die Here het in sy pragtige kroon en kleed verklee en ek het begin sing en dans. Ek het deur verskeie handbewegings gegaan en elkeen is sewe verskillende kere herhaal.

Na hierdie sessie van liggaamswerk het die Here weer sy normale wit kleed aangetrek. Hy het toe gesê dat Hy al die werk waarvoor Hy my voorberei het, sal onthul. Van nou af, het Hy verduidelik, moet ek net in tale bid vir al die werk waarvoor Hy my voorberei het en al sy beloftes aan my sal aanhoudend onthul word. Wanneer Hy my dansbediening begin, sal ek net in samesyn met Hom wees. Hy het my verseker dat ek nie veel tyd vir gebed sou hê nie.

Vir etlike jare was ek elke dag van die week by voorbidding betrokke. Dit duur ongeveer twee uur om vir die mense wat die Here in my hart plaas, te bid. Ek het gesê: 'Here, dit sal vir my moeilik wees om nie vir al die mense te bid nie.'

'Die tyd het aangebreek dat hulle vir jou bid,' het Hy geantwoord.

Hy het my toe ingelig hoe ek die effektiefste kan bid. 'Choo Nam,

wanneer jy begin bid, eer die Vader eerste en dan moet jy in tale bid vir jou werk en bediening.' Hy het my ook aangemoedig om standpunt oor sy beloftes in te neem, sodat die vyand nooit die beloftes van my sal kan steel nie.

Terwyl die Meester my meer oor gebed geleer het, het ek besef hoe belangrik dit in ons lewe is. Hy het gesê om elke Sondagoggend wanneer ek opstaan, in tale te bid totdat die vloei bedaar. Daarna het Hy my gesê om dertig minute vroeër kerk toe te gaan en sonder onderbreking in tale te bid totdat die erediens begin.

Sommige mense verstaan nie hoekom ek dit doen nie, maar dié wat verstaan, het 'n diep, persoonlike verhouding met die Here. Hulle verstaan wat ek bedoel wanneer ek sê dat Jesus meer werklik vir my is as wat ek vir myself is.

Hy luister altyd baie geduldig wanneer ek met Hom praat. Nadat ek 'n saak met die Here bespreek het, word dit altyd beter ongeag hoe moeilik die situasie was. Ek praat in die Gees met Hom, maar Hy is vir my so menslik en werklik dat dit voel asof ek 'n heeltemal nuwe dimensie van die lewe binnegetree het. Niemand verstaan my soos Jesus my verstaan nie. Hy is vir my belangriker as die lewe.

My werk in die kerk bestaan nou net uit gebede vir die kerk, sy mense, pastore ensovoorts. Ek bid daagliks vir die kerk en aanbid die Here met my hele hart tydens kerkdienste. Gedurende hierdie tye van aanbidding is ek heeltemal onbewus van die mense om my.

Die Here loop gewoonlik voor in die kerk rond en Hy lyk altyd gelukkig. Ddaarom lag ek dikwels gedurende die erediens hardop. Gedurende hierdie tye gee ek al my energie en aandag aan die Here en ek glo dat dít regtig aanbidding is.

BLY STIL TOT DIE REGTE TYD

In Januarie 1999 was ek onder die Here se bevel om niks wat Hy vir en met my gedoen het, met enigiemand te deel nie. Hy het gesê Hy sal dit onthul wanneer die regte tyd aangebreek het. Dit was soms vir my

moeilik, veral wanneer dit op my pastoor en gesin betrekking gehad het, maar ek het geen keuse gehad nie. Ek het geweet ek moet die Here gehoorsaam, anders sou ek my seëning verloor.

Ek het soms gevoel dat ek na 'n ander kerk wil gaan waar niemand my ken nie. Ek wou vir ander mense wegkruip, want ek is 'n sensitiewe mens en haat dit as mense dink ek hulle probeer vermy.

Dit het bonatuurlike geduld geverg om nie van kerk te verander nie. Ek het besef dat baie mense nie my openbaring van die hemel sou glo nie, maar ek was nie daaroor bekommerd nie, want ek het geweet die Here sou daarvoor sorg soos Hy reeds genoem het. Ek weet nou hoe Jesus moes gevoel het toe niemand op aarde Hom glo het nie. Wanneer ek deur ander mense misverstaan of beoordeel word, dink ek altyd waardeur Hy vir my gegaan het en dan voel ek beter.

'N AFGERONDE SPREEKBUIS

Gedurende die eerste deel van Januarie 1999 het die Here my growwe, bruin klei gewys. Hy het vir my gesê: 'My dogter, dit is hoe jy was voordat Ek met jou fisiese en geestelike liggaam begin werk het. Nou is jy 'n perfekte, afgeronde spreekbuis.' Hy het dit weer eens vir my gewys en die bruin klei het blink en glinsterend geword. Hierdie openbaring het my nederig laat voel, want ek het opnuut besef wat God in my lewe gedoen het.

Op 23 Januarie 1999 het die Here vir my gesê ek moet die volgende dag ('n Sondag) sesuur opstaan en in tale vir al sy beloftes bid en dat ek moet aanhou totdat die gebed vanself ophou. Hy het ook vir my gesê om dertig minute vroeër kerk toe te gaan en eers die Here te eer totdat die erediens begin.

Hy het my gewaarsku dat niemand my mag onderbreek nie. Sy opdrag was duidelik: 'Jy mag vroeër gaan, maar nie later as halftien nie.' Ek het besef dit moes die rede wees vir die nuwe taal waarmee Hy my ongeveer tien dae vroeër geseën het.

'n Week later het die Here my weer eens versoek om dieselfde soos

die vorige Sondag te doen. Ongeveer tien minute voor die erediens begin het, het ek die Here op die platvorm sien staan. Hy het die pragtige kroon en mantel wat Hy op spesiale geleenthede dra, aangehad. Hy het baie gelukkig gelyk en die oomblik wat ek sy teenwoordigheid gesien het, het ek 'n sterk geestelike salwing ervaar.

Ek kon skaars gedurende die aanbiddingstye opstaan. Na die erediens het ek soos gewoonlik gebid en het die Here gevra hoekom Hy sy spesiale gewaad aanhet. 'Ek het die deur geopen sodat jy met my werk kan begin,' het Hy geantwoord.

DIE WERK HET BEGIN

Op 7 Februarie 1999 het die Here my tweeuur die oggend wakker gemaak om my in te lig dat my werk begin het. Hy het verduidelik dat dit 'n baie spesiale dag vir my sou wees. Ek het verwag dat Hy my na die kerk sou neem om te dans soos Hy lank terug beloof het, maar dit was nie die geval nie. Ek was teleurgesteld en het gehuil en by Hom gekla toe ek tuis kom. Die Here het vir minstens een uur na my geluister en toe ek klaar was, het ek myself verneder uit berou. Die Here het eenvoudig gesê dat ek Hom moontlik misverstaan het. Ten spyte van al hierdie negatiewe gevoelens, was dit die sterkste salwing wat ek nog ooit tydens 'n erediens ervaar het.

Op 21 Maart 1999, na my gewone oggendgebed, het my hande aan my oë begin raak en die Here het my weer eens die pragtige edelstene gewys. 'n Gedagte het by my opgekom en ek het vir die Here daarvan vertel. Ek het gesê dat indien ek nooit weer enigiets of enigiemand op aarde kon sien nie, Hy my steeds moet gebruik soos Hy beloof het Hy sal, sodat die geestelik blinde mense op aarde werklik kon sien.

Ek het reeds genoeg van die aarde gesien. Alles wat die wêreld kan bied is vaal in vergelyking met die lig van die hemelse visioen waarmee God my uit genade geseën het. Ek het besef dit is vir my genoeg om my Here te sien en Hom die res van my lewe te dien. Ek het begin huil. Ek het regtig elke woord bedoel en die Here het my gedagtes geken.

Hy het gesê: 'My dogter, jy word dubbeld geseën.'

Hoewel ek nie presies geweet het wat dit beteken nie, het ek geweet dat ek vir die Here gesê het dat ek geëerd sal wees om my lewe vir hierdie boek op te offer. My lewe in hierdie wêreld is nou vir my van min belang. Ek wil net hê dat almal hierdie boek moet lees en uitvind wat dit verg om die koninkryk van God te betree.

HOOFSTUK 21

'N GEK VIR GOD

En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam.

– 1 KORINTIËRS 1:27

Op 1 Maart 1999 het die Here my gedurende aanbidding baie dinge vertel en ek het amper 'n gek van myself gemaak. My hande beweeg gewoonlik in elke rigting soos ek deelneem aan hemelse danse en liedere tydens aanbiddingstye, maar op hierdie spesifieke Sondag kon ek nie eers my hande lig nie, maar my liggaam was deurentyd gesalf. Hierdie verandering het my verwar.

Om die waarheid te sê, die hele ervaring het my terneergedruk laat voel. Dit was die vierde keer vandat die Here my die hemel begin wys het, dat ek baie ongelukkig gevoel het. Ek het steeds vrede ervaar, maar my gedagtes was ietwat verontrus. Selfs na die diens toe ek in die Here se teenwoordigheid was. Na kerk en voor aandete het ek by die Here gekla, maar Hy het stilgebly. Ek het toenemend terneergedruk gevoel. Skielik het die gedagte by my opgekom dat Satan besig was om dit aan my te doen. Ek het die duiwel in Jesus se Naam weerstaan en onmiddellik het daar vreugde oor my gekom.

Ek het gejubel van vreugde en toe vir die Here om vergifnis gevra.

'My dogter, jy weet nie hoe om jouself te beskerm nie. Baie Christene weet nie hoe om die vyand te weerstaan nie. Jy moet hierdie ervaring in jou boek noem.'

'Dit is baie belangrik dat elke Christen weet hoe om die vyand te weerstaan. Wanneer jy siek is of ander probleme het, moet jy eers die duiwel weerstaan en dan moet jy in My Naam tot die Vader bid.'

Dit was vir my 'n baie belangrike les. Kort daarna het die Here my geleer om nie ander mense te oordeel nie. In die verlede het ek gewonder hoekom sommige geesvervulde gelowiges so baie probleme met aardse dinge het. Ek het nie sleg van hulle gedink nie, maar ek het daaroor gewonder. Ek het gedink hierdie Christene leef dalk teen God se wil en dat slegte dinge om 'n rede met hulle geliefdes gebeur het. Die Here het toe my eie dogter gebruik om my iets oor my houding te leer.

Ek en my dogter het 'n baie goeie verhouding gehad en ons was beste vriendinne totdat ons verhouding drie jaar gelede skielik skipbreuk gelei het. Sy is 'n geesvervulde Christen en ons was onder die indruk dat sy 'n goeie huwelik het, maar skielik het sy en haar man huweliksprobleme ervaar.

My dogter is uiteindelik van haar man geskei. Hulle het twee kinders en alles wat hulle harte kon begeer, gehad, maar hulle het alles verloor as gevolg van hulle huweliksprobleme en die daaropvolgende egskeiding. Hoewel my dogter suksesvol in haar beroep was, was sy omring met ongelowiges en het sy 'n slegte lewe gelei. As gevolg daarvan het sy allerhande probleme ervaar.

Voor hulle huweliksprobleme begin ervaar het, het ek opgelet dat my dogter stelselmatig besig was om van die Here weg te dwaal. Elke keer wat ek haar van die Here vertel het, wou sy niks van Hom hoor of oor Hom praat nie. Sy het een keer 'n week saam met haar kinders kerk toe gegaan, die Bybel gelees en gebid, maar andersins het sy 'n wêreldse lewe gelei.

Voordat sy probleme gehad het, het sy altyd na my raad geluister, maar skielik wou sy nie meer hoor wat ek te sê gehad het nie. Sy het 'n ander mens geword. Ek en Roger het haar nie meer geken nie. Dit het

vir ons gevoel asof sy al haar beginsels verloor het.

Dit het my in 'n mate gerusgestel om te weet die Here kyk na haar gedrag, maar ek het geweet dat Hy niks vir haar sou doen totdat sy berou het en haarself ten volle aan Hom gegee het nie. God sal ons nooit dwing om iets teen ons sin te doen nie.

Die Here het ons baie dinge oor ons dogter geleer. Sedert ek 'n Christen geword het, glo ek nie in egskeidings nie en ek glo ook nie daarin om met voorbedagte rade slegte dinge te doen nie. Ek was dus baie skaam oor my dogter se egskeiding en haar ongoddelike lewe. Dit het my hart gebreek om te sien hoe sy ons Here Jesus seermaak. Dit was die slegste ding wat sedert ons gered is met ons, gebeur het, maar ons het nie die Here geblameer nie. Ons het onsself nederig gehou omdat ons geweet het Hy sou op sy manier vir alles sorg.

Ek dink die Here het nie van my skandelike gedagtes oor die hele aangeleentheid gehou nie en ek het geen ander keuse gehad as om hierdie storie by my boek in te sluit nie. Ek het Hom reeds belowe dat ek Hom altyd sal gehoorsaam, ongeag die situasie. Ek het Hom dus nie oor sy besluit om hierdie verhaal hierby in te sluit, bevraagteken nie. Ek het net gesê: 'Indien dit U wil is, Here, sal ek dit doen.'

Haar lewe is nou weer normaal en ons verhouding is weer soos dit altyd was, maar sy is so besig dat sy nie tyd vir haarself of ander het nie. Ek is baie besorg dat sy nie tyd vir die Here het nie.

Na die openbaring van die hemel wat ek ontvang en ervaar het, het die Here verskeie kere aan my genoem dat daar baie egskeidings, baie gebroke gesinne en baie sterwende mense sal wees. Baie van hierdie dinge sal met Christene gebeur.

Ek het geleer dat die dinge wat met ons kinders gebeur, nie noodwendig met die ouer se verhouding met die Here te doen het nie. Die Here het dit soos volg verduidelik: 'Daar gebeur dikwels slegte dinge met getroue Christene en hulle geliefdes. Om ander te oordeel is een van die ergste sondes. Niemand het die reg om ander te oordeel nie, ongeag wat die situasie is. En totdat jy dit deur jou eie ervaring leer, is dit moeilik om te begryp.'

Van daardie oomblik af veroordeel ek niemand as gevolg van wat in hulle lewe gebeur nie. Ek verkies om liewer begrip te toon soos Paulus ons die opdrag gegee het: 'Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom. Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus' (Gal 6:1–2).

AANBIDDINGSTYE

Sedert 7 Februarie 1999 openbaar die Here sy teenwoordigheid elke Sondagoggend tussen een-uur en twee-uur. Gedurende hierdie tyd lig Hy my in wat ek tydens die oggenddiens moet doen. Van 21 Maart was ek nie in staat om my hande gedurende die hele aanbiddingstyd te beweeg nie.

Op 28 Maart kon ek nie my hande of my mond beweeg nie. Ek het regdeur die hele diens gehuil omdat ek geweet het dat die Heilige Gees beheer oor my liggaam het. Die Here het my versoek om nooit my eie wil te volg wanneer ek Hom aanbid nie, daarom wag ek rugtig totdat die Heilige Gees oor my kom.

By hierdie geleentheid was my liggaam kragtig gesalf en ek het opgestaan, maar ek kon gedurende die hele aanbiddingstyd my hande nie oplig nie. My mond en hande het die Here se krag vrygelaat toe die aanbidding klaar is.

Die oggend van 11 April 1999 het die Here my vertel dat dit 'n spesiale dag sou wees, so ek het my voorberei om wonderwerke te sien. In plaas daarvan, het die Here my in sy goue kroon en kleed besoek en het Hy vir ten minste twintig minute by die preekstoel gestaan. Dit alleen was reeds 'n wonderwerk, het ek gedink.

Ek het deurentyd onder 'n swaar salwing gebid. Ek kon nie my hande beweeg of dans gedurende die aanbiddingstyd nie.

Op 18 April 1999 het die Here vir my gesê wat ek daardie oggend moet doen nadat ek vir 'n halfuur in tale gebid het. Hy het my versoek

om nie my liggaam uit my eie te beweeg nie, maar dat ek stil moes sit en wag. Ek het gedoen soos Hy my versoek het.

Voordat die eerste liedjie klaar was, het my liggaam self opgestaan, maar ek kon geen deel daarvan beweeg nie. Skielik het daar hemelse liedere na vore gekom en die Heilige Gees het my liggaam na die voorkant van die aanbiddingspan gelei. My liggaam is na die gemeente gedraai en ek het begin dans op my hemelse lied. My sang en dans het opgehou toe die aanbiddingstyd verstreke is en met die Here se toestemming het ek na my sitplek teruggekeer. My oë was deurentyd geslote terwyl ek gedans het omdat dit op Jesus gefokus was. Ek het regdeur die diens onbeskryfbare vreugde ervaar. Gewoonlik is ek baie skaam, maar ek het verstom gevoel deur 'n sterk salwing en het nie omgegee wat mense gedink of gesê het nie.

Die Here het my opdrag gegee om vir die pastoor te sê dat daar baie verrassings en seëninge vir die kerk wag en dat my dans op aandrang van die Heilige Gees was. Dit was een van die gelukkigste dae van my lewe – 'n dag waarvoor ek lank gewag het, want die Here het beloof dat hierdie dans die begin van my bediening sou wees.

Daardie dag het ek ook 'n visioen gehad nadat Hy my liggaamswerk begin het. Ek het myself op 'n rots sien staan en het na die eindelose oseaan afgekyk. Ek het 'n wit kleed aangehad. Ek het die visioen geniet deur op die rots te sing en te dans.

RACHEL IN DIE HEMEL

Op 6 Mei 1999, na my aandgebed, het die Here my opdrag gegee om die naam van 'n hoërskoolleerling wat gedurende die skietvoorval by die Columbine Hoërskool in Colorado geskiet is, by die boek in te sluit. Haar naam was Rachel.

'Rachel is vir die Eindtyd-werk gekies,' het die Here gesê, 'en sy is gekies voordat sy gebore is. Ek beplan om deur haar miljoene mense, jonk en oud, aan te raak.'

Voordat die Here my van Rachel vertel het, het ek vir haar gehuil

omdat ek so geseënd was om te weet dat sy haar Here in die aangesig van die dood verdedig het. Ek het geweet sy is met Hom in die hemel en dit het my met vreugde gevul. Ek het haar nooit bejammer oor die manier waarop sy dood is nie, want ek het geweet waarheen sy na haar dood sou gaan. Mense wat vir die Here Jesus sterf, geniet die grootste seëninge.

Die Here het my baie dinge van Rachel vertel, maar die volgende oggend, toe ek die ervaring wou neerskryf, het ek haar naam heeltemal vergeet. Ongeag hoe hard ek probeer het, kon ek nie haar naam onthou nie. Ek het gedink dit is dalk nie belangrik om haar in die boek in te sluit nie.

Na my oggendgebed, terwyl ek en die Here gesels het, het ek vir Hom gesê dat ek nie haar naam kon onthou nie. Hy het 'Rachel' gefluister en ek het haar naam nooit weer vergeet nie. Die Here het gesê: 'Rachel is gelukkiger by My as wat sy ooit op aarde was en Ek sal haar gesin seën. Dikwels blameer mense Satan vir die negatiewe dinge wat met hulle gebeur. Indien Rachel se dood wel Satan se wil was, sou my Naam nie ter sprake gewees het kort voordat sy gesterf het nie. Satan het geen mag oor my mense tensy Ek hom toelaat nie.'

'Elke lewe het 'n spesiale doel in hierdie wêreld. Daarom gebruik Ek sommige mense op spesiale maniere. Moet dus nie dink dat net omdat iemand 'n getroue Christen is, hulle 'n lang en gelukkige lewe sal hê nie. Indien ek een lewe moet neem om 'n ander een te red, sal Ek.'

'Soos Ek reeds genoem het, sal Ek baie lewens moet neem voordat Ek terugkom aarde toe. Dit is hoe belangrik verlossing vir My is. Maar onthou altyd dat Ek nooit iemand wil sien vergaan nie.'

EK WORD BERISPE

Die Heilige Gees het my een Sondag in 1999 na die voorkant van die kerk geneem. Ek het voor die aanbiddingspan gestaan en vreugdevol begin sing en dans. Skielik het die pastoor voor my verskyn en die dans berispe.

Die pastoor het my aan die arm gegryp en my teruggeneem na my sitplek. Ek het begin huil want ek het geweet dat hy my Here seermaak, maar ek was nie skaam of kwaad oor wat hy gedoen het nie. Ek het nietemin sleg gevoel vir my pastoor, want dit was die vyand wat dit aan hom gedoen het.

Die dans wat ek gedurende tye van aanbidding doen, is nie 'n gewone dans nie. Aangesien die Here vir soveel maande met my liggaam en hande gewerk het, het daar baie krag in my opgebou en die Here het my presies gelei in elke beweging van my danse. Wanneer ek dans, beweeg ek nie self my hande nie, die Heilige Gees doen dit vir my. Ek probeer nooit my hande keer nie. Ek laat alles aan die Heilige Gees oor.

Elke danspassie en beweging word sewe keer uitgevoer, maar ek sal nooit hierdie bewegings op my eie kan doen nie. Die Heilige Gees lei elke deel van die danse. Daarom gaan ek ten minste dertig minute voordat die diens begin kerk toe. Verder bid ek ook vir twee uur of langer voordat ek kerk toe gaan, want dit is wat die Here van my verlang.

Die Here neem my nog steeds elke Maandag in my getransformeerde liggaam na die strand. Nadat ons klaar gesels het, kniel ek voor Hom. Daarna dans ek vir Hom met 'n hemelse lied, wat ook dieselfde dans is wat ek gedurende eredienste doen.

Dans is vir die Here baie belangrik en ek weet dit is deel van die bediening waarmee Hy my geseën het. Daar is soveel krag in my liggaam, maar na die dans is ek so uitgeput dat ek skaars kan regop staan.

Nadat ek berispe is, is ek huis toe om met die Here te praat. Ek het besef dat Hy baie ongelukkig met my pastoor was. Hy het gesê: 'Hy het jou nie geglo nie, want die duiwel het hom bygekom. Hy het My Heilige Gees geblus en jy moet nooit weer na daardie kerk terugkeer nie.'

Ek het byna 'n hele maand voor in die kerk gedans en die Here het baie seëninge vir daardie kerk beplan, maar die duiwel het dit geruïneer.

'Slegs 20 persent van alle kerke stel My eerste; die res is bekommerd oor wat mense sê en hoeveel geld hulle insamel. Baie kerke is glad nie besorg om na verlore siele uit te reik nie, en dít is juis vir My baie belangrik.'

'Dogter, baie pastore sal in die valleie wat Ek jou gewys het, eindig. En hulle gemeentes sal hulle daarheen volg. Enige pastoor wat My spesiaal gesalfde dienaars en my profete nie goed behandel nie, sal Ek nie seën nie. Maar iemand met my spesiale seëning kan 'n hele gemeente seën. Jy moet dit alles by jou boek insluit, Choo Nam.'

Ek het die Here gesmeek om dit nie van my te verwag nie, want ek was bekommerd oor die uitwerking wat dit op die pastoor sou hê. Die Here het my herinner dat ek Hom altyd moet gehoorsaam en dat Hy wil hê ander kerke moet ingelig wees.

Die pastoor is 'n gesalfde en liefdevolle persoon, maar hy het in my getwyfel omdat Satan tussen ons gekom het. Ons het daardie kerk vir meer as vier jaar bygewoon en het net een Sondagdiens gemis as gevolg van hewige sneeu.

My bediening by die kerk was in die vorm van voorbidding en my man het tot die bouprogram bygedra. Ons het regtig baie van die pastoor en die kerk gehou, maar hierdie een ervaring het alles verander.

'N NUWE BEGIN

Ek het al van die Bethel-kerk gehoor, maar ek het nooit 'n behoefte gehad om daarheen te gaan nie, want die Here het my opdrag gegee om by my kerk te bly totdat Hy ons die wêreld instuur.

Op 16 Mei 1999 het ek geweet dat ek nooit weer na my kerk sou gaan nie en ek het geglo die Here sou my na 'n nuwe kerk lei. Ek het aan Bethel begin dink en gedurende gebed voor aandete, het die Here 'Bethel' gefluister.

Dit het my gedagtes bevestig en ek het 'n begeerte ontwikkel om daarheen te gaan vir aanbidding. Daardie aand het ons 'n diens by Bethel bygewoon en ek het daar 'n warm en wonderlike salwing ervaar. Die salwing was so intens dat my rok deurweek was van die sweet.

Op 23 Mei het ons die Sondagdiens by Bethel bygewoon, maar ons het nie geweet hoe laat die diens begin nie. Ons was dertig minute laat vir aanbidding, maar ek het die salwing van die Heilige Gees ervaar die

oomblik toe ek my sitplek ingeneem het. Dit was inderdaad onbeheerbaar, selfs al het ek die geleentheid gemis om te bid en te dans. Daardie halfuur wat ek in tale bid voor die aanbidding begin, is vir die Here baie belangrik.

Op 30 Mei het ons weer 'n diens by Bethel bygewoon en hierdie keer het ek tydens aanbidding gedans. Wanneer ek by ons vorige kerk gedans het, het ek taamlik ongemaklik gevoel.

Die Here het verduidelik dat daar baie struwelinge oor my danse by ons ou kerk was. Ek is seker dat my ongemak op hierdie geleenthede van die Heilige Gees gekom het. Die Here het my herinner: 'Enige kerk wat nie die Heilige Gees toelaat om die kerkliggaam vryelik te laat beweeg nie, kan nie geseën word nie. Ek beplan om 'n baie sterk salwing oor die kerk uit te spreek voordat Ek terugkom en die kerke moet daarop voorbereid wees.'

Die Here het my vertel dat Hy my na die diens oor belangrike sake wou spreek. Hy wou hê ek moes met die skrywer oor die boek praat. Die Here het my versoek om die manuskrip oor die liggaamswerk uit te stuur en om 'n lys te maak van al my hemelse visioene oor die afgelope drie jaar van opleiding.

Hoewel ek dikwels met die Here oor die boek gepraat het, het Hy altyd gesê dat Hy daarvoor sal sorg en ek hoef oor niks bekommerd te wees nie. Die Here het my 'n klein vrystelling oor die boek gegee en ek was baie opgewonde.

Die Here het ook gesê dat ek 'n lys van my hemelse visioene moet maak en my geestelike ervarings met ons nuwe pastoor, Pastoor Wolfson, moet deel. Na drie en 'n half jaar saam met die Here, het ek besef dat my gedagtes en optrede nie meer my eie is nie. My hele lewe behoort aan die Here. My gedagtes, gevoelens en optrede het heeltemal verander. Ek het baie begrip vir ongeredde en behoeftige mense en my hart breek vir enigiemand wat nie die Here ken nie.

Ek weet nou dat alles in my lewe sal uitwerk soos dit moet indien ek die Here bevredig en Hom altyd eerste in my lewe plaas. My wonderlike Here het my lewe handomkeer verander en het my ongelooflike

dinge oor sy weë geleer. Niemand kan my meer kwaad maak nie, want die Here se groot liefde in my lewe stel my in staat om enige persoon te vergewe.

'Hy het gesê: Ek het U baie lief, Here, my Sterkte. Die Here is my rots, my skuilplek en my redder, my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting. Onder bespotting roep ek na die Here, dan word ek van my vyande verlos' (Ps 18:2–4).

Deel drie:
Drie jaar se opleiding vir die bediening

HOOFSTUK 22

DIE TYD RAAK MIN

Toe sê die engel vir my: 'Hierdie woorde is betroubaar en waar. Die Here God, wat sy Gees aan die profete gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur.'

– OPENBARING 22:6

Op 11 Augustus 1999 het daar na my aandgebed 'n baie spesiale salwing met die Here se teenwoordigheid oor my gekom. Dit was 'n pragtige hemelse lied met wonderlike woorde.

Die Here het gesê: 'Choo Nam, Ek het vir jou 'n verrassing.' My visioen-stem het dadelik na vore gekom en ek kon die Here se teenwoordigheid sien. Hy het weer die goue mantel en kroon gedra.

My liggaam het versterk en 'n gevoel van ongelooflike krag het oor my gekom. Die Here het my versoek om my hande na Hom uit te strek en onder sy beheer, het my hande na Hom beweeg. Ek het gesien dat Hy 'n groot goue sleutel vashou. Hy het gesê: 'Ek gee jou hierdie sleutel vir jou wonderwerkbediening.'

My liggaam het geruk en gebeef toe Hy my die sleutel gee. Die salwing het my uitasem gelaat en ek het begin huil. My hande het vir 'n paar minute onbeheersd geruk. Skielik het die Here sy gewone kleed aangehad en het my vertel dat Hy elkeen van sy beloftes vrylaat. Toe

sê Hy: 'Hierdie is die laaste sleutel. Jy word verras deur die wêreld en jy is my geseënde kind.'

Die Here het op 8 Desember, nadat ek reeds my gebede gesê het, met my begin gesels. Hy praat gewoonlik oor my werk en sy planne vir my asook dat Hy binnekort met die werk sal begin waarvoor Hy my voorberei het. Maar daardie aand het Hy my ingelig hoekom die boek sou gou moontlik uitgegee moet word. Hy het gesê: '*Die hemel is 'n werklikheid* sal die laaste kans wees wat mense sal hê om te besef hoe naby my terugkoms aarde toe is.'

Verder het Hy gesê: 'Indien die ongehoorsame kinders nie wakker skrik nie, sal hulle die trompetgeskal nie hoor nie en sal hulle die verdrukking moet verduur.' Toe sê Hy dat Hy mense waarsku deur middel van gebeure wat met skoolkinders te doen het. Tog neem ons hierdie gebeurtenisse nie regtig ernstig nie, want kort voor lank keer ons terug na ons ou gewoontes.

Hy het voortgegaan: 'Ek het mense al baie tekens gegee dat godsdiens weer in skole beoefen moet word, maar mense steur hulle nie daaraan nie. Ek dwing nooit iemand om iets teen sy wil te doen nie. Ek kan mense slegs tekens gee sodat hulle weet wat Ek van hulle verlang en Ek het dit al telkemale gedoen. Ek sal nie vir altyd vir mense wag wat nie vir my gereed wil wees nie. Diegene wat gereed is om My te ontvang, kom Ek binnekort haal. Dit sal selfs vinniger gebeur as wat hulle te wagte is.'

Die Here het my versoek om ook hierdie woorde by die boek in te sluit.

ONBESKRYFBARE VREUGDE

Die Here het my weer op Kersdag in 1999 besoek. Nadat ons 'n rukkie gesels het, het daar 'n kragtige salwing oor my gekom en dit is gevolg deur die visioen-stem. Die Here het voor my in sy Kersmantel en -kroon gestaan. Hy het gesê: 'Choo Nam, Ek is bly dat Ek my verjaardag met jou kan vier.'

Op daardie oomblik het hemelse liedere na vore gekom en ek het voor die Here begin dans. My dansery het vir ten minste dertig minute geduur. Die salwing was so kragtig dat ek net een gedagte gehad het. Ek wou hê die Here moes my op daardie oomblik hemel toe neem. Ek het gehuil, maar ek het tersefdertyd vir die Here geglimlag, omdat die vreugde wat ek ervaar het, ongelooflik was.

DIE HERE WAG VIR DIÉ WAT VIR HOM GEREED IS

Op Nuwejaarsaand in 2000 het ek dieselfde ervaring met die Here gehad as op Kersdag 1999. Hierdie ervaring was meer ongelooflik as enige van die vorige Kers- of Nuwejaarsdae. Sommige van die dinge wat die Here aan my onthul, kan ek nie in hierdie boek noem nie. Ek kan wel sê dat die Here baie gereed is vir dié wat vir Hom gereed is.

Op 6 Januarie 2000 het die Here na my aandgebed vir my 'n visioen van ons kerk, die Church For All Nations, gewys. Dit is die Bethel kerk se nuwe naam. Ek het die visioen gedurende 'n Sondagdiens gekry terwyl ek besig was om my bedieningswerk van dans te doen. In die visioen het die Here langs die preekstoel gestaan en sy regterhand opgelig. Die hele gemeente het in reaksie op die vloer neergeval.

'N KRAGTIGE SALWING

Op die aand van 8 Januarie 2000 was die salwing voor my aandgebed so sterk, dat ek skaars regop kon sit. My hele liggaam het verswak en my tong was te slap om tydens my gebed te praat. Ek kon nie 'n geluid uitkry nie en wou in my bed klim.

Aan die einde van die gebed het die Here my versoek om die volgende oggend om vyfuur op te staan en die Vader te loof. Daarna moes ek vir al sy beloftes en my bediening in tale bid voordat ek voor halftien die kerk besoek het om te bid. Ek moes niemand toelaat om my te onderbreek nie.

'Wanneer jy begin bid, mag jy niks op jy eie doen totdat jy klaar gedans het nie,' het Hy voorgeskryf. 'Jy ken nou al die prosedures van die dans.'

Die oomblik wat ek op 9 Januarie by die kerk ingestap het, het dit gevoel asof ek aan die brand was. Voor my gebed het ek begin huil. Ek het die Vader geloof en terwyl ek gebid het, het ek die Here se teenwoordigheid gesien. Hy het sy goue mantel en kroon gedra en Hy het glimlaggend by die preekstoel gestaan.

'Ek maak die deur vir jou wonderwerk-bediening oop,' het Hy gesê.

Ek het voor die gemeente begin dans. Ek het reeds vier keer by die oggenddiens van hierdie kerk gedans toe ek pas daar aangesluit het. Met verloop van tyd het ek elke Vrydag by die aanddiens begin dans terwyl hulle 'n herlewing by Bethel gehad het. Ek het daarmee aangehou totdat hulle na die nuwe kerk, Church for All Nations, getrek het. Daar het ek vir ongeveer twee maande nie die wonderwerk-dans gedoen nie.

GEEN TYD OM TE VERSPIL NIE

Op 13 Januarie 2000 het die Here na my oggendgebed met my oor my werk en die boek begin gesels. Hy het gesê dat daar nie meer tyd was om te verspil nie. Die tyd het aangebreek om die boek te publiseer.

Hy het my herinner dat Hy mense baie geleenthede bied om Hom te leer ken. So ook het Hy mense baie tekens gegee om hulle te help besef dat Hy God is. Hy het voortgegaan: 'Maar mense het geen vrees vir My nie en baie wat my woorde ken, glo nie genoeg daarin om volgens my gebooie te leef nie. Maar Ek sal hulle deur jou boek en vele ander tekens nog 'n kans gee.'

Nadat Hy hierdie woorde geuiter het, het daar so 'n sterk krag oor my gekom dat my oë styf geslote gebly het. 'n Baie harde stem het uit my binneste gekom. Dit was so hard dat dit deur die hele huis gehoor kon word en ek het begin huil.

Toe het die Here my baie vinnig 'n visioen van die aarde gewys. Ek

het gesien hoe talle geboue regoor die wêreld inmekaartuimel. Daarna het donker wolke, wind en weerligstrale oor die wêreld gekom en dit is deur reën, vloede en tornado's gevolg. Hy het my versoek om Jesaja 64:3 te lees. Hierdie profetiese vers praat oor die berge wat in die teenwoordigheid van die Here skud.

Die Here wou sy kinders nog eenkeer oor sy nabye koms waarsku. Hy het verder verduidelik: 'Wie ookal vir My gereed is, sal die trompetgeskal hoor, en dié wat nie vir My gereed is nie, sal die verdrukking verduur en baie sal Satan se kinders word. Ek het mense meer as genoeg kanse gegee om vir my koms voor te berei, maar geen aandag word aan my woorde geskenk nie. Ek sal nie vir altyd wag nie. Ek kom vir die wat vir My gereed is.'

Die Here herhaal baie dinge. Hy wil hê mense moet gereed wees vir sy koms.

HOOFSTUK 23

'N WONDERWERK-BEDIENING

Daar het sy voorkoms voor hulle oë verander: sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig.

– MATTEUS 17:2

Die oggend van 15 Januarie 2000 het die Here vir my gesê: 'Ek het vir jou 'n verrassing. Jy moet vroeg in die bed klim.' Na my aandgebed het my liggaam skielik baie hard begin ruk. Ek is gesalf en 'n harde stem het uit my gekom.

Die Here het in sy goue mantel en kroon verskyn. Die oomblik wat ek sy teenwoordigheid gesien het, het my stem harder geword. Ek het gehuil terwyl ek uit nederigheid voor Hom gebewe het. Ek het terselfdertyd ook onbeskryfbare vreugde ervaar.

Ek het Hom voorheen in sy goue mantel gesien, maar die salwing wat die visioen vergesel het, was sterker as ooit tevore. Die Here het gesê dat Hy al sy beloftes vir die finale wonderwerk-bediening waarvoor Hy my voorberei het, sou bevry.

Die Here herhaal dikwels sy belangrikste opmerkings, want op daardie manier verseker Hy dat ek presies verstaan en onthou wat my te wagte is. Tog kan jy sien hoeveel teleurstellings ek reeds gehad het.

Daarna het die Here my beveel om my hande na Hom uit te steek.

Ek het dit dadelik gedoen. Hy het sy regterhand opgelig en gesê: 'Ek stel jou werk vry.' Hierna het Hy skielik in sy wit kleed voor my gestaan en verduidelik dat my bediening reeds vrygestel is op die dag wat ek voor in die kerk begin dans het. Gedurende elke dans is die Here se teenwoordigheid met my en wonderwerke gebeur waar die Here teenwoordig is.

Verskeie mense het my al gesê dat hulle 'n spesiale salwing ervaar wanneer ek dans. Die mense waarna ek verwys, is geesvervulde mense wat in staat is om die Here se werk en teenwoordigheid te onderskei. Baie mense het ook genoem dat hulle dit waardeer wanneer ek in die Gees dans en sommige het selfs die Here se wonderlike krag ervaar terwyl ek voor Hom gedans het.

NOG VOORBEREIDING VIR DIE BEDIENING

Van die eerste deel van Junie 2000 tot Desember 2000 het die Here my baie visioene herhaaldelik gewys. Daar het terselfdertyd baie spesiale salwings met verskeie handbewegings gekom. Die bewegings van my hande het dikwels die aanraking van my oë ingesluit. Die Here het my ook dikwels pragtige edelstene gewys en my baie lesse op 'n maklike stap-vir-stap trant geleer. Elkeen van sy lesse is vir my belangrik.

Elke keer wanneer ek verkeerd optree of onwetend iets sleg sê, laat die Here my dadelik daarvan weet sodat ek dit nie weer doen nie. Ek weet dat ek nooit genoeg by die Here kan leer nie, maar ek probeer my bes om alles by Hom te leer en om Hom in al sy weë te volg.

Ek is baie ongelukkig wanneer ek nie oor my Here kan praat of sy woorde kan lees nie. Dit blyk dat baie mense nie om my wil wees nie, tensy hulle nes ek is. Selfs baie geesvervulde Christene wil nie deurgaans oor Jesus praat nie. Vir my kom Hy egter altyd eerste. Ek vertel mense van Jesus selfs wanneer ek inkopies doen.

Ek voel nooit alleen of benodig nooit geselskap nie, want daar is daagliks so baie wat ek met die Here geniet. Sy woorde is vir my soeter as heuning. Indien ek 'n halwe dag met iemand spandeer sonder dat

God die middelpunt van ons gesprekke is, voel dit asof ek my tyd gemors het. Ek ervaar 'n sterk gevoel van dringendheid oor alles wat met God te doen het, want ek weet sy koms is naby.

Soms is die krag van sy salwing so sterk op my hande en arms dat dit voel asof my hande uitmekaar sal skeur. My hand het een Sondag 36 keer aan my oë geraak. Voor elke aanraking het my hande sewe verskillende vreemde bewegings gemaak.

Ek moet elke Sondagoggend bid voordat ek kerk toe gaan en spandeer ten minste twee uur met die Here. Dan is ek gereed vir die wonderwerk-dans. Ek is nooit bewus van die tyd nie, maar die Here stel my altyd betyds vry sodat ek gereed sal wees vir kerk. Ons Here ken ons ten volle en Hy beloof om in al ons behoeftes te voorsien (sien Fil 4:19).

Soms raak my liggaam so swak terwyl ek in die Here se teenwoordigheid is, dat ek voor Hom op die vloer neerval. Ek loof altyd die Vader en verootmoedig myself voor Hom wanneer dit gebeur. Eers nadat ek die gebed met 'In Jesus se Naam' afgesluit het, kan ek weer my gesig oplig.

Elke Sondagoggend huil ek in die Here se teenwoordigheid. Dit gebeur gewoonlik gedurende my gebed 'n halfuur voor die diens begin. My trane stel my in staat om my voor die Here te verootmoedig soos ek Hom bedank en my liefde vir Hom te kenne gee.

Ek kan die Here se teenwoordigheid by die preekstoel of altaar sien gedurende elkeen van my dertig minuut gebedsessies voor ek die wonderwerk-dans doen. Hy praat gewoonlik vir tien minute met my voordat ek begin dans. Daarom huil ek altyd en soms lag ek selfs.

Toe ek 'n Christen geword het, het ek nooit gevas nie totdat ek die openbarings van die hemel begin kry het. Op een stadium wou ek vir drie dae aaneen vas, maar my liggaam het so verswak dat ek skaars kon loop en die Here het my beveel om op te hou.

Hy het gesê: 'Jy hoef nie te vas om My te oortuig dat jy my seëninge in jou lewe waardeer nie. Ek ken reeds jou hart.' Tog wou ek steeds elke Sondag vas om die Here te wys dat ek Hom eer en respekteer vir wat Hy vir ons gedoen het. Ek wou ook vir Hom iets opoffer, daarom

het ek my man daarvan vertel.

Ek wou van Saterdag na aandete tot Sondag-aandete vas. Dit sou beteken dat ek elke week 'n volle 24 uur vas. Roger het besluit om saam met my te vas en sedertdien vas ons op hierdie manier. Ek drink net water terwyl Roger net koffie drink wanneer ons vas.

Ons streef daarna om Sondae werklik die Here se dag te maak. Die Here het ons beveel om op te hou vas wanneer my bediening begin. 'Jy gaan krag nodig hê om my te dien,' het die Here gesê. Hy weet altyd wat die beste vir ons is. Ek weet net dit is belangrik dat ons elke oomblik van Sondae met die Here spandeer. Dit is belangriker as om inkopies te doen, uit te eet of op die Here se dag met ongelowige mense omring te wees. Indien ons die geleentheid kry om die evangelie te verkondig, is dit egter 'n ander saak.

MY GENESING

Ek het emosionele en fisiese probleme gehad voordat ek my Here Jesus leer ken het. Nadat ek twee maande lank kerk bygewoon het, was al my emosionele probleme genees. Ek kon byvoorbeeld niks slegs sê nie, al het ek hoe kwaad geword. Hierdie verandering het my regtig verbaas, want ek het nie eers vir so 'n genesing gevra nie. Op daardie stadium het ek nie eers geweet dat God so iets kon doen nie.

Gedurende hierdie tyd het ek die Here gevra om my fisiese probleme te genees en Hy het dit stelselmatig gedoen. Wanneer ek nou terugkyk na daardie tyd, besef ek hoe ek gesondig het, wetend en onwetend. Daarom kon die Here my nie vinnig genees nie. Ek weet nou dat sondes in baie gevalle siekte veroorsaak. Ek is sedert Maart 1992 'n Christen. Vandat ek 'n Christen geword het, was ek nog net twee of drie keer na 'n dokter vir roetine-ondersoeke, maar ek was al baie kere by die tandarts. Ek het al my siektes aan die Here Jesus opgedra toe ek besef dat Hy 39 houe vir ons genesing ontvang het.

Ek ervaar soms pyne, maar die Here genees my altyd. Soms genees Hy my dadelik, maar ander tye duur dit 'n tydjie. Ek het geleer dat

niks vir ons Here onmoontlik is nie. Ek is heeltemal van Hom afhanklik, want ek weet Hy sal vir my sorg.

Ek het vyf jaar gelede 'n baie seer keel gehad. Ek het nog nooit tevore so 'n erge keelseer gehad nie. Ek kon vir twee aande weens die pyn nie slaap nie, maar ek wou nie medisyne neem of 'n dokter sien nie.

Elke keer wat ek swaar gesluk het, het ek myself aan die houe wat die Here namens ons moes verdra, herinner. Ek het vir Hom gehuil toe ek besef dat my pyn nie eers met sy destydse pyn vergelyk kon word nie. Ek het gevoel asof ek saam met Hom gekruisig is. Sedert daardie wonderlike onthulling en genesende ervaring duur my verkoues nie vir langer as een of twee dae nie, waar dit in die verlede 'n week of selfs 'n maand sou duur.

Ek weet die Here het my met baie gawes geseën, maar tot op hede het ek nooit die geleentheid gehad om ander te help nie, behalwe deur getuienis en gebed. Ek weet ek het genesende gawes, want elke keer wat ek êrens in my liggaam pyn ervaar, plaas ek net my hande daarop en genees my pyn.

My hele liggaam is onmiddellik gevul met warmte en my fisiese wese word gesalf. Dan begin ek ruk. Soms word ek dadelik genees terwyl dit ander kere bietjie langer duur.

Wanneer die Here my nie onmiddellik genees nie, smeek ek Hom totdat Hy my gebed vir genesing beantwoord. Die Here het vir my gesê: 'Volhardende gebed word verhoor, want dié wat glo, verwag dat Ek hulle sal genees, so hulle bid sonder ophou vir genesing totdat hulle dit ontvang. Ongeduldige gebede sal nooit beantwoord word nie.' Mense wat nie genoeg van God se woorde weet nie, het nie die vertroue of geduld om al sy beloftes te ontvang nie. Wanneer jy nie God se woorde en beloftes ken nie, sal jy geen behoefte hê om te bid nie.

GOD HOOR EN BEANTWOORD GEBEDE

Christene is geneig om eerstens na 'n dokter te gaan wanneer hulle siek word. In plaas daarvan moet hulle die duiwel weerstaan en in die

Naam van Jesus tot die Vader bid. Verder moet hulle hul harte ondersoek om te bepaal of hulle gesondig het sodat hulle dit kan berou. Tog lei die Here ons soms na 'n dokter. Op een stadium het een van my verstandtande my oneindige probleme gegee. Omdat die Here my toestand nie verbeter het nie, het ek Hom gevra hoekom Hy die tand nie genees nie. Hy het my voorgesê om dit te laat uittrek.

Ek het Hom gehoorsaam deur onmiddellik na die tandarts te gaan. Die tandarts het x-straalplate laat neem en dadelik die tand uitgetrek. Niks is onmoontlik vir God nie, maar soms verkies Hy om ons nie te genees nie.

Dit is belangrik dat ons in hierdie situasies bedag is op die Here se stem. Soms is dit wel baie moeilik om agter te kom wat die Here wil hê jy moet doen. Bid altyd daaroor en vra Hom wat jy moet doen. Indien jy vrede het oor die antwoord wat jy ontvang, kom die antwoord van die Here.

Hou altyd in gedagte dat die Here vrede bring. Indien dit Satan se besluit is, sal jou gedagtes baie deurmekaar wees. Rig jou altyd tot die Here wanneer jy iets wil hê of nodig het. Hy help dié wat op Hom vertrou met vreugde. Ons Here God wil hê dat sy kinders heeltemal op Hom staatmaak. Indien jy gedurig vra vir wat jy nodig het of wil hê, sal jy een of ander tyd sy stem begin hoor omdat jy heeltemal op Hom staatmaak. Daarom word volgehoue gebede altyd beantwoord.

Sommige mense dink dat God nie hulle gebede hoor of beantwoord nie omdat hulle nie sy stem kan hoor nie. Aan die begin van my Christenskap het ek nie geweet hoe om te bid nie en ek het nooit sy stem gehoor nie, maar ek het volgehou met my gebede en geglo dat ek sou ontvang waarvoor ek vra.

Gedurende die afgelope twee jaar is omtrent al my gebede verhoor. Ek en die Here praat nou gedurig met mekaar ongeag die plek of situasie, maar sommige gebede neem lank om beantwoord te word. Ek glo dat die Here die gebede van mense wat gered is, sal verhoor indien hulle Hom gehoorsaam, hulle harte skoon en naby Hom is.

Al het ek aanvanklik nie geweet hoe om te bid nie, het ek 'n paar

keer per dag gebid. Soos 'n kind het ek herhaaldelik vir dieselfde dinge gevra. Op daardie stadium het ek baie behoeftes gehad. Ongeveer twee maande later het die Here my gebede een vir een begin beantwoord.

As gevolg daarvan het ek God op 'n eerbiedige manier begin vrees en myself voor Hom verootmoedig. Ek het geleer om meer gereeld te bid en die Bybel te lees, al kon ek nie veel daarvan verstaan nie. Ek het die Woord elke dag 'n paar keer gelees en daaroor gebid.

Die Here seën ons voortdurend. Hoe meer Hy my geseën het, hoe meer het ek Hom gevrees. Ek kon nie meer doelbewus iets teen sy wil doen nie. Dit het veroorsaak dat ek wêreldse dinge wat ek eens baie geniet het, veral televisie-sepies wat my daaglikse lewe was, opgegee het. Nadat ek my besluit geneem het, wou ek nooit weer daarna kyk nie.

Op dieselfde manier kon ek slegs met mense tevrede wees wat God se Woord in hulle gehuisves het. Alle wêreldse begeertes het vinnig verdwyn. Ek het geleer dat die Here ons nooit sou dwing om iets teen ons wil te doen nie. Maar wanneer ons Hom wil dien en wêreldse dinge prysgee, sal Hy intree en ons wêreldse begeertes verwyder. Hy sal ons dan met sy begeertes vul sodat ons aan Hom gehoorsaam sal wees. Algehele gehoorsaamheid van sy kinders is vir die Here 'n groot seën.

Hoofstuk 24

Gehoorsaamheid wat God seën

Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel.
– Johannes 15:14

Die Here het my nie toegelaat om by die kerk te werk of enigiets anders gedurende my opleiding te doen nie. Hy het my aanhoudend vertel om altyd op Hom gefokus te bly gedurende die voorbereiding vir my werk. Ek moes ook aanhoudend bid dat sy beloftes verhoor sou word. Die Heilige Gees se teenwoordigheid het my begin vul, salf en omring soos ek voor die Here gedans het.

Gedurende tye van kragtige salwings laat Hy my nie toe om aan enigiemand te raak nie. Selfs al het ek aan ander mense probeer raak, kon ek nie. Wanneer ek gesalf is om te dans, word niemand naby my toegelaat nie.

Eintlik wil ek graag my hande op ander mense se liggame lê om vir hulle te bid. Vir eers kan ek ongelukkig net van 'n afstand vir siek mense bid. Gedurende hierdie tye van voorbidding kom die salwing oor my liggaam en ek ruk verskriklik. Dit is asof my eie liggaam 'n plaasvervanger word vir die siek liggaam van die persoon vir wie ek bid. Wanneer dit gebeur, sien ek die Here se teenwoordigheid saam met daardie persoon. Dit gebeur veral met kinders. Ek dink die rede

hiervoor is dat die Here wil hê my hande moet altyd rein bly sodat die Heilige Gees met my hande kan dans. Daarom het die Here met die begin van die liggaamswerk die volgende gesê: 'Wanneer jy begin dans, mag jou hande nooit aan ander raak wanneer jy vir hulle bid nie' (Sien deel twee van hierdie boek vir die beskrywing van die liggaamswerk).

My persoonlikheid het heeltemal verander sedert ek bevoorreg was om die hemel te ervaar. Die manier waarop ek dink, het ook verander. Dit wat ek in die verlede begeer het, beteken nou niks meer vir my nie.

GOD SE LIEFDE

Mense wat liewer vir wêreldse dinge as vir die Here is, maak Hom seer en ongelukkig. Dit is baie belangrik om nie ons Here Jesus seer te maak nie. Sy gevoelens word deur baie mense seergemaak. Hy ervaar dieselfde hartseer wat ons ervaar wanneer ons kinders ons seermaak.

Die Here het my met so baie liefde vir my medemens geseën. Ek het dit nog nooit tevore ervaar nie, behalwe my liefde vir my gesin en familie. Ek het nou so baie liefde vir ander mense, veral vir kinders. Elke keer wanneer ek 'n kind sien, glimlag ek en wil aan die kind raak. Ek weet dit is Jesus se liefde binne my, want Hy is ook lief vir kindertjies.

Deesdae wil ek mense drukkies gee en aan hulle raak, selfs vreemdelinge. Vroeër het ek nog nooit die begeerte gehad om aan ander mense te raak nie. My begeerte om die evangelie te verkondig, is ook onbeheerbaar. Ek voel asof ek myself nie kan keer nie.

Ek het 'n behoefte gehad om te preek voordat ek die hemel gesien het, want ek wou my Here gelukkig maak en hemel toe gaan wanneer ek sterf. My redes om te preek het nou verander, want ek weet waarheen ek oppad is.

Ek het baie begrip vir mense wat nie gered is nie. Om die waarheid te sê, dit is 'n alles-omvattende passie in my lewe. In die verlede het ek

soveel begrip vir gestremde mense wat ek in die kerk gesien het, gehad. Nou kry ek hulle nie meer jammer nie. Ek besef dat hulle die Here liewer het as gesonde mense. Ek glo die Here het 'n groot liefde in my hart geplaas vir verlore siele. Daarom het Hy my my ouers en ander mense in die hel gewys het. Ek huil nog steeds oor my ma.

Voordat ek Jesus geken het, het ek gedink dat ek saam met my ma wil wees wanneer ek sterf. Toe verkeer ek nog onder die indruk dat ons almal na dieselfde plek sou gaan wanneer ons sterf. Ek was nie bewus van die hemel en hel nie. Nou weet ek dat albei werklik bestaan. Hulle is so werklik soos die aarde. Ek is baie dankbaar dat die Here my man, Roger, met spesiale geduld geseën het. Roger se geduld teenoor my gedurende al die jare wat ons saam die Here gedien het, was en is 'n groot bron van aanmoediging vir my.

My man het nooit gekla wanneer ek iets vir die Here wou doen nie. Hy bevraagteken nooit my geestelike lewe nie. Hy vrees die Here en is baie lief vir Hom.

Die Here hou my man baie besig met werk. Ek streef dus daarna om hom goed te versorg soos die Here verwag 'n vrou haar man moet versorg. Ek besef dat 'n vrou veronderstel is om 'n kroon vir haar man te wees (sien Spr 12:4).

DIE BELANG VAN GEHOORSAAMHEID

Die oggend van 28 Mei 2000 het die Here my na my oggendgebed die buitekant van ons kerkgebou gewys. Daarna het die visioen na die binnekant van die kerk beweeg. Ek kon die Here se teenwoordigheid sien. Hy het sy goue mantel en kroon aangehad en het voor die preekstoel gestaan. Dit was baie helder binne die kerk. Toe sê die Here vir my dat Hy my wonderwerk-dans aan die wêreld gaan vrystel. Ek wou graag sien dat ons kerk met hierdie dans geseën word. Die Here het baie ure met my gespandeer om my vir hierdie werk voor te berei.

Wat ek wou gehad het terwyl ek op aarde is, is nie meer vir my belangrik nie. Alles doen ek vir my Here en vir my broers en susters in

Christus, asook vir alle ongeredde mense. Die Here het ons met alles geseën wat ons nodig het en wil hê. Op die oomblik is dit vir ons meer belangrik om God eerste in ons lewe te plaas ongeag wat die situasie is. Ek wil hê ander mense moet deur my geseën word. Eintlik is ek 'n baie private mens en wil nie regtig deur ander raakgesien word nie. Ten spyte van my skaamheid het ek geen keuse gehad as om deur ander raakgesien te word nie.

Ek streef nie na 'n gemaklike lewe nie. Ek is gretig om God se werk te doen en hierdie aspirasie vervul elke oomblik van my lewe. Vir 'n geruime tyd al staan ek elke oggend vier-uur op om te bid. Wanneer 'n mens daagliks vir ongeveer die helfte van die dag bid, het jy nie juis tyd vir enigiets anders nie. Sedert die Here my die hemel gewys het, slaap ek nie meer soos in die verlede nie. Daar is eenvoudig nie tyd om te ontspan nie. Ek wil elke dag nuwe dinge oor God se Woord leer sodat ek vir my bediening kan voorberei, selfs al bestaan my bediening op die oomblik uit danse. Die Here sê Hy sal alles vir my doen, maar ek wil steeds meer oor Hom en sy Woord leer. Ek het 'n onlesbare dors en behoefte vir Hom en sy Woord.

Daar is geen maklike manier om die Here te dien nie. Ons moet alles aan Hom opdra, insluitende dinge wat ons nie graag wil prysgee nie. So kan ons die Here bevredig. Ons moet dit doen omdat ons Hom liefhet.

Wanneer ek deur 'n moeilike tyd gaan, dink ek aan die kruis. Die gedagte daaraan stel my in staat om enigiets te verdra. Wie ook al vir ewig met die Here Jesus wil wees, moet hom elke dag vir sy verlossing beywer. Ons kan nie deeltydse Christene wees nie, want ons weet nie wanneer Hy vir sy kinders kom nie.

Wanneer 'n mens eers aan 'n lewenstyl van algehele gehoorsaamheid gewoond is, wil jy niks anders hê nie. Ons hoef oor niks bekommerd te wees wanneer ons heeltemal aan die Here gehoorsaam is nie. By tye sal ons deur sekere beproewings gaan. Daardeur leer ons dat ons altyd op die Here kan vertrou en dat ons altyd ons vrede en vreugde met en deur Hom sal ervaar.

VRIENDSKAP MET DIE WÊRELD IS VYANDSKAP MET GOD

Ek wil alle ongehoorsame Christene inlig dat hulle nie te gemaklik moet wees in hierdie wêreld nie. Ons Here Jesus kom binnekort; dit kan enige tyd gebeur. Neem 'n oomblik en lees Lukas 17:26–35. Indien jy voortdurend ongehoorsaam is en liewer vir die wêreld as vir ons Here Jesus is, sal jy Hom nie te siene kry nie.

Gehoorsaamheid is baie belangrik vir ons Here. Hy het my baie mense gewys, insluitende mense wat ek persoonlik ken, wat agtergelaat sal word. Hy kom vir dié wat gereed is en vir Hom wag en dit gebeur selfs vinniger as wat ons verwag.

Die Here se hart bloei vir ongehoorsame mense en verlore siele. Sy liefde laat my aan verlore siele en louwarm Christene dink. Ek bid gereeld vir hierdie mense, want ek weet wat hulle aan die einde van die wêreld te wagte kan wees indien hulle nie betyds wakker skrik nie. Indien jy 'n louwarm Christen is, moet jy goed luister na wat ek nou gaan sê. Jy kan vir niemand of niks liewer as vir ons Here Jesus wees nie, want Hy het vir jou aan die kruis gesterf. Indien jou predikant jou vertel dat almal wat kerk toe gaan ook hemel toe gaan, moet jy liewers 'n ander kerk soek.

Wanneer ons gered is, verwag die Here dat ons voortdurend bid en die Bybel bestudeer. Wees dus verseker om geestelik voorbereid te wees sonder om op ander mense se woorde te steun. Wanneer jy voortdurend bid en die Bybel bestudeer, sal jy die Bybelse lesse verstaan, want die Here se salwing sal jou alles leer (sien 1 Joh 2:27).

Nadat ons gered is, moet ons voortdurend aan ons verlossing werk. Dit beteken ons moet God se Woord gehoorsaam en Hom in elke area van ons lewe bevredig. Hierdie boek het al heelwat na gehoorsaamheid verwys, want dit is baie belangrik vir ons Here. Hy wil almal na sy koninkryk neem. Baie Christene ervaar baie probleme omdat hulle nie aan die Here gehoorsaam is met betrekking tot tiendes, offergawes en hulp aan die armes nie. Hulle lewe het steeds nie verander sedert hulle Christene geword het nie.

Ek het al baie mense, insluitende my seun, dogter en vriende, wat tiendes en offergawes gee, bestudeer. Mense wat hulle tiendes en offergawes gee, word op elke gebied van hulle lewe geseën. Mense wat nie hulle tiendes gee nie, selfs al woon hulle die kerk by en doen hulle heelwat vir God, vind dat hulle lewe nooit regtig geseën word nie. Hulle ervaar dus voortdurend probleme. Die Here is baie ongelukkig met mense wat nie hulle tiendes gee nie (sien Mal 3:8–10). Die Here het vir my gesê dat mense wat nie hulle tiendes gee nie, Hom nie sal sien nie, want hulle is liewer vir geld as vir Hom.

'n Tiende is tien persent van jou bruto-inkomste en nie van jou netto-inkomste nie. God benodig nie jou geld nie, maar Hy verwag dat elke gelowige sy tiende na sy huis moet bring sodat die kerk dit vir die Here se werk kan gebruik. Offergawes is skenkings uit die liefde vir behoeftiges en is 'n manier om God se huis en verskillende areas van bediening te help. Al God se werk vereis geld. Enigiemand wat in staat is om hierdie dinge getrou te doen, sal deur ons Almagtige God geseën word, want dit is gehoorsaam en betoon ons liefde aan Hom. Indien jy werklik vir altyd met Jesus wil wees en 'n geseënde lewe wil lei terwyl jy nog op aarde is, moet jy aandag gee aan wat die Here sê. Ek het 'n verantwoordelikheid om God se waarheid neer te skryf. Ek het hierdie deel so duidelik moontlik geskryf sodat nuwe gelowiges en verwarde Christene duidelikheid daaroor kan kry.

GETUIENIS VIR JESUS

Wanneer ek aan ander getuienis lewer, stem sommige mense in om Jesus Christus as hulle persoonlike Redder te aanvaar, maar ander reageer met: 'Nie nou nie.' Ek raai hulle gewoonlik aan om nie te lank te wag nie, want dit kan dalk te laat wees. Wanneer ons sterf, gaan ons na een van twee plekke: óf die hemel óf die hel. Ek weet dat ek baie mense nooit weer sal sien nie, want baie se besluit om Christus te aanvaar, sal te laat wees.

Wanneer ek mense van Jesus vertel, begin ek gewoonlik deur te ver-

tel wat Hy vir ons gedoen en hoe lief Hy ons het. Wie ook al glo dat Hy die Seun van God is, sal vir altyd by Hom in die hemel leef. Indien mense nog steeds weier om die Here as hulle Redder te aanvaar, sê ek dat hulle nie Satan se getal, 666, moet aanvaar nie.

Indien jy hierdie getal aanvaar, sal jy met Satan wees en nie die Here nie. Jy sal dan vir goed in die see van vuur brand. Indien jy weier om Satan se getal te aanvaar, sal jy doodgemaak word, maar jy sal die ewige lewe ontvang omdat jy vir Jesus gesterf het (sien Op 13:15–18; 14:9–13 vir meer inligting oor hierdie belangrike saak).

Ek glo die Heilige Gees lei my om hierdie dinge te sê. Ek kan dus hierdie boodskap sonder enige skaamte aan ander mense oordra. Nes Jesus wil ek hê dat niemand moet vergaan nie. Aanvanklik het ek die kerk besoek omdat ek nie hel toe wou gaan nie. Ek het hierdie boodskap geglo en was baie bang dat ek sou sterf voordat ek gedoop is. Ek is dus gedoop selfs voordat ek God se Woord begin bestudeer het.

Die hel wat die Here my gewys het, was erger as wat enigiemand dit al ooit beskryf het. Ek hoop dat enigiemand wat hierdie boek lees, sal aanhou glo en oop bly vir die boodskap van verlossing. Net omdat ons kerk toe gaan, beteken dit nie dat ons die ewige lewe saam met Jesus in die hemel sal geniet nie. Indien ons nie volgens God se gebooie lewe nie, word Hy baie ontevrede met ons. Ongehoorsame Christene moet besef hulle sal nooit God se koninkryk kan binnegaan nie.

Wanneer ons deur die Here Jesus se bloed gered word, moet ons ons bes doen om alle wêreldse dinge prys te gee en slegs vir Hom te leef. Ons moet God se Woord bestudeer, want dit is onmoontlik om andersins 'n heilige lewe te lei. Ek besef dat baie Christene nie daarvan hou om die waarheid oor God se Woord te hoor nie, omdat hulle nie wil verander nie.

Om weergebore te wees, beteken dat jy nie meer die wêreldse dinge begeer wat jy voorheen begeer het nie. Jy wil slegs vir die Here leef en Hom gelukkig maak. Ek noem hierdie dinge aan jou omdat ek jou liefhet. Ek het jou lief, want God se liefde woon in my hart. Ongeag wat jy van my dink, glo net dat ek vir jou omgee

HOOFSTUK 25

FOKUS EERSTE OP DIE HERE

Met volle oorgawe het Dawid voor die Here gedans met net 'n linneskouerkleed aan.

– 2 SAMUEL 6:14

Terwyl ek gedurende kerkdienste op 4 Junie 2000 in die Gees gedans het, het ek 'n groot verrassing van die Here verwag, maar niks het gebeur nie. Ek was nietemin baie gelukkig, in teenstelling met vorige kere wat ek baie ontmoedig gevoel het. Om die waarheid te sê, was ek vroeër dikwels ontmoedig deur my danse, want ek het wonderwerke vir die kerk verwag. Wanneer die wonderwerke nie plaasgevind het nie, het ek daaroor by die Here gekla. In Mei 2000 het ek die Here beloof dat ek nooit weer oor my danse sou kla nie. Nadat ek die kerk op hierdie dag in Junie verlaat het, het ek weer ontmoedig begin voel. Ek het begin bid, soos gewoonlik, toe ek by die huis kom. Hierdie keer het ek egter nog meer ontmoedig gevoel. Ek het ten spyte van my gevoelens, gebid. Terwyl ek met die Here gepraat het, het ek my gevoelens teruggehou. Ek het geweet die Here is bewus van hoe ek voel, maar dit was asof Hy my gevoelens geïgnoreer het. Dalk wou Hy sien of ek die belofte wat ek by die vorige geleentheid gemaak het, kon nakom. Ons het oor die gewone dinge gepraat voordat Hy my verlaat het. Nadat ek vrygestel is, het ek nog erger gevoel. Ek het die vyand

berispe, maar dit het ook nie gehelp nie. Ek besef dat dat my gevoelens nie van die duiwel gekom het nie.

'n Paar uur later het ek gesit om te bid, maar ek wou nie vir die Here se beloftes bid nie. (Ek bid gewoonlik vier keer per dag op dieselfde tyd.) Ek het vir die Here gesê dat ek hierdie keer nie vir sy beloftes wou bid nie. Dit was die eerste keer wat ek die Here iets geweier het, maar sy antwoord was eenvoudig en direk: 'Jy moet gehoorsaam wees.'

Hoewel ek sy boodskap begryp het, was ek te ontsteld om Hom te gehoorsaam en daarom was my gebed nie opreg nie. Toe sê ek vir die Here: 'Ek wil nie u gawes vir hierdie werk hê nie, want dit veroorsaak dat ek teen U sondig. Ek het nie vir hierdie gawes waarmee U my geseën het, gevra nie. Ek wil U vir die res van my lewe net aanbid, gelukkig maak en bevredig.'

'Al u beloftes het veroorsaak dat ek teen U sondig, want my verwagtinge is te hoog. My begeerte is dat al die broers en susters deur hierdie danse geseën word. Sedert ek hierdie dans begin doen het, kan ek nie op U fokus terwyl ek U aanbid nie, Here.'

'Gedurende elke dans is ek meer besorg oor wonderwerke wat vir die kerk sal gebeur. Ek wil so graag hê dat die kerk deur hierdie danse geseën word. Die meeste van die tyd vergeet ek selfs om U te loof.'

Nadat ek hierdie woorde geuiter het, het 'n nuwe gedagte my getref. Hou in gedagte, liewe leser, dat ek met my hart in plaas van my mond gepraat het. Wanneer ek in die Here se teenwoordigheid is, is ek nie in staat om met my mond te praat nie. Skielik het ek besef hoeveel sondes ek besig was om teen die Here te pleeg. Ek het ook al so baie keer oor my ontmoediging gekla. Ek het my voor die Here verootmoedig en vir sy vergifnis gevra.

'Ek het reeds alles vergeet,' het Hy geantwoord. 'Ek het jou versoek om eerstens op jou Here te fokus en dan op jou werk. Jy het my nie gehoorsaam nie. Gedurende elke dans is jy meer besorg oor wonderwerke vir mense en vergeet jy van jou Here se eer. Ek het die dans vir my plesier geskep, nie sodat jy jou oor wonderwerke kan bekommer nie.'

'Wanneer ek tevrede is, sal die wonderwerke gebeur. Hulle is my

wonderwerke, nie joune nie. Jy moet nooit vergeet hoe belangrik hierdie danse vir jou Here is nie.'

Nadat Hy al hierdie dinge gesê het, het ek baie skaam gevoel. Ek het besef hoe baie hierdie danse vir my Here beteken. Net om die handoefeninge reg te kry, het sestien maande geduur. Al die ander oefeninge en opbou van die Heilige Gees se krag in my liggaam, het ongeveer drie jaar geneem voordat ek in die kerk begin dans het.

EK DANS OP DIE STRAND

In die voorafgaande hoofstukke het ek reeds oor die strand gepraat. Die Here maak my elke Maandagoggend wakker en dan skud Hy my liggaam vir presies dertig minute. Hy is nooit te vroeg of te laat nie. Indien ek selfs vir vyf minute aan die slaap raak, moet die skudding van voor af begin. Nadat ek vir dertig minute geskud het, verskyn die Here se teenwoordigheid aan my en sê: 'Dogter, ons moet na die strand gaan.' My liggaam skud erger wanneer Hy dit sê en 'n kragtiger salwing kom oor my. Ek kan dan my getransformeerde liggaam op die strand met die Here Jesus sien stap. Gewoonlik hou ons hande vas. Ons loop vir 'n tydjie langs die strand en dan stap ons die heuwel op en sit op 'n lang, groot rots. Hy het hierdie einste strand en rots gebruik om die hemel aan my te openbaar.

Ek sit my regterarm onder sy arm en dan sê die Here vir my: 'Kyk na die water.' Wanneer Hy dit sê, kan ek die water op die strand voor ons sien.

Dieselfde scenario het plaasgevind tydens ons besoek nadat Hy my oor my danse berispe het en die ware doel daarvan verduidelik het. Nadat ons vir 'n rukkie gesels het, het Hy gesê: 'Jy moet sing.' Ek het onmiddellik begin sing. Nadat ek gesing het, het ons nog vir 'n tydjie gesels voordat Hy gesê het: 'Nou moet jy dans.'

Ek het onmiddellik voor die Here gekniel en begin sing en dans.

Wanneer ek dans, kan ek nie sy gesig sien nie, maar ek kan aanvoel of Hy gelukkig of hartseer is. Met hierdie dans is Hy altyd gelukkig en

ek weet dat Hy glimlag. Ek glimlag ook terwyl ek vir Hom dans.

Elke keer wanneer ek met die Here op die strand is, voel ek so gelukkig soos ek gevoel het toe Hy my hemel toe geneem het. Gedurende hierdie tye is my fokus op die Here. Daar is geen woorde om die vreugde wat ek ervaar wanneer ek by Hom is, te beskryf nie. Ek wens dat hierdie tye van soete samesyn vir ewig kon aanhou.

Elke keer wat ek saam met die Here op die strand is, sê ek vir Hom ek wil nie hê dat dit moet ophou nie. Hierdie dans op Maandagoggende duur elke keer vir meer as veertig minute. Nadat ek klaar gedans het, komplimenteer die Here my altyd. Dit laat my skaam voel, want wat Hy sê is goed en waar.

Na hierdie oomblikke van waardering sê Hy: 'Jy moet dit sien!' dan begin ek weer sing en sien vir 'n tydjie die hele oseaan. Kort daarna verander die toneel na die hele wêreld. Daarna gesels ons weer en Hy sê: 'Ek moet jou terugneem sodat jy kan slaap.' Ons liggame beweeg met elke woord wat Hy sê asof hulle figure in 'n video is.

Die bogenoemde gebeurtenis duur ongeveer twee tot twee en 'n half ure. Aan die einde van ons tyd saam gee die Here altyd vir my 'n groot druk en dan sien ek hoe Hy al langs die rand van die water stap. Ek kan altyd sy rug duidelik sien wanneer Hy stap.

Alles wat op die strand gebeur, het met my getransformeerde liggaam te doen. My werklike liggaam lê op my bed en neem aan die danse en sang deel. Hou in gedagte dat die Here my geestelike liggaam gebruik, maar dat alle denke en gevoelens in my fisiese liggaam plaasvind. Dit beteken dat my en Jesus se geestelike liggame saam is. Indien ek voor die besoek pyn in my liggaam ervaar het, is dit gewoonlik na hierdie strandbesoeke genees.

Ek wil alles omtrent hierdie ervarings so duidelik moontlik verduidelik, sodat selfs kinders dit kan verstaan wanneer hulle dit lees. Kinders het 'n wonderlike kapasiteit om te verstaan hoekom hierdie boek vir die Here so belangrik is, omdat hulle onskuldig is, mense vertrou en oop vir God is.

Op Maandag 27 Mei 1996 het die Here my na die strand geneem en gesê: 'Ek sal jou elke Maandag na hierdie strand bring.' Tot op hede het Hy nog nie een keer oorgeslaan nie. Hy het my verseker dat dit sou aanhou tot die laaste dag.

Ek het uiteindelik besef dat my geloof swak was en daarom was ek so terneerdruk en het ek by die Here gekla.

Ek het net oor die dans gekla omdat ek onder die indruk verkeer het dat daar groot genesing en verlossing tydens die danse sou plaasvind. Die Here het my baie rolstoele in die kerk gewys en daarom was ek daarvan oortuig dat wonderwerke in die kerk sou gebeur. Ons Here God verduidelik nooit besonderhede nie. Sy woorde is min en op die man af.

GROOT TOETSE

Die Here het begin om my op elke gebied van my lewe te toets. Die grootste toets het betrekking op my geliefdes gehad. Ek glo ook dat my geklaery oor die dans veroorsaak het dat Hy die vervulling van sy beloftes uitgestel het. Die Here kon my inlig wat ek reg of verkeerd doen, maar Hy wou hê ek moet dit op my eie manier leer. Sy voorbereiding vir die werk waarvoor Hy my geroep het, was nie maklik nie.

Ek het geleer Hy wil nie hê dat ons enigiets op die maklike manier moet kry nie. Sy Woord sê dat ons deur die verdrukking moet gaan om sy koninkryk binne te gaan (sien Hand 14:22).

EK DANS OP DIE PLATVORM

Op 17 Junie 2000 het die Here vir my na my aandgebed gesê: 'Jy moet hoor wat ek oor die dans te sê het.'

'Wat U ook al sê Here, sal ek verwag en ontvang,' het ek gereageer.

'Jy moet môre op die platvorm dans. Jy moet vroeg kerk toe gaan en met die pastoor praat. Jy moet vir hom sê dat jy op die platvorm gaan dans.'

My moed het in my skoene gesak toe ek dit hoor. Om op die platvorm te dans was die een ding wat ek nie wou doen voordat wonderwerke deur middel van my danse begin gebeur nie. Nietemin het ek Hom beloof dat ek gehoorsaam sou wees.

Ek was baie omgekrap daaroor, want ek het elke Sondag sedert 9 Januarie 2000 altyd na die gemeente gekyk wanneer ek dans. Een pastoor het reeds vir my gesê dat gemeentelede vra hoekom ek nie na die aanbidders draai wanneer ek dans nie. Op antwoord daarop was dat ek die Here moet gehoorsaam. Ek het dit nie uit eie keuse gedoen nie. My grootste bekommernis was om nie die aanbidders te steur nie.

Vir ongeveer drie maande het ek gewonder wat sou gebeur indien die Here my vra om op die platvorm te dans. Ek het met die senior pastoor, Pastoor Wolfson, gepraat en Hom gevra of ek op enige plek mag dans, insluitende die platvorm.

Die pastoor het bevestig dat ek op enige plek kon dans, selfs die platvorm. Nadat hy dit gesê het, het ek nie gedink dit sal 'n probleem wees wanneer die Here my vra om op die platvorm te dans nie.

Ek was heel gelukkig om die Here se opdragte uit te voer, toe ek die oggend van die 18de wakker skrik. Ek is daardie oggend vroeg kerk toe, maar ek kon Pastoor Wolfson nie in die hande kry nie. Terwyl ek hom gesoek het, het ek 'n ander pastoor gesien en hom ingelig dat die Here my versoek het om op die platvorm te dans.

Hierdie pastoor het egter gesê dat dit buite die kwessie was.

Op sy reaksie het ek vir hom gesê: 'Pastoor, jy plaas nou mense voor die Here se Woord. Die Here het my versoek om op die platvorm te dans sodat die kerk geseën kan word.'

Toe sê die Here vir my: 'Moenie hieroor bekommerd wees nie; Ek sal hierdie saak hanteer.'

Terwyl ek gebid het voor die dans begin, het ek besluit om op die platvorm te dans ten spyte daarvan dat die pastoor geweier het, want ek moes die Here gehoorsaam. Ek het nie omgegee of die kerk my uitgooi nie. Indien daar nie genoeg plek aan die voorkant was nie, sou ek agter die aanbidders stap as dit is waarheen die Heilige Gees my sou

lei. Ek wou nie aan die Here ongehoorsaam wees nie ongeag wat die gevolge sou wees.

Die Here ken altyd my gedagtes. Sy gerusstellende stem het gesê, 'Dogter, jy hoef nie op die platvorm te dans totdat Ek vir jou gereed is nie. Ek is baie tevrede dat jy My so gehoorsaam. Wees gelukkig. Wanneer jy op die platvorm dans, moet jy voor wees en nie agter nie. Die hele platvorm behoort aan jou.'

Die Here het geweet dat ek glad nie na die platvorm wou gaan om met die aanbiddingspan te dans nie. Ek dink Hy wou net seker maak hoe ver ek sou gaan om Hom te gehoorsaam, bevredig en eerste in my lewe plaas. Ek het Hom gehoorsaam en alles het goed uitgewerk.

EK WOON KERK VIR DIE REGTE REDES BY

Nadat hulle die nuwe *Puget Sound Christian Center* (die kerk wat ons voorheen bygewoon het) gebou het, moes daar vir 'n offerande gewag word om die matte mee te betaal. Dit het my getref dat ek en Roger kon help om die matte te betaal. Ek het met die Here daaroor gepraat.

Hy het in 'n ietwat onaangename stemtoon gesê: 'My dogter, jy moet nie daaroor bekommerd wees nie. Ek kyk nie na matte in my kerk nie; Ek kyk na die kerk se hart.'

'Baie kerke spandeer heelwat geld op die kerk se voorkoms, maar hulle probeer nie om My gelukkig te maak nie. Ek wil hê dat elke kerk mense moet oplei om die evangelie te verkondig en hulle uit te stuur na die sendingveld.'

Die Here het ook laat blyk dat Hy baie ontevrede is met mense wat kerk toe gaan, maar nie op Hom fokus nie. Hierdie spesifieke oggend, terwyl ek voor die aanvang van die aanbidding gebid het, kon ek hoor hoe mense hard praat en lag; baie het hulle hele week se ervarings met mekaar gedeel.

Die Here het met my gepraat: 'Jy sien, my dogter, in plaas daarvan dat hulle voor My kniel en bid, praat hulle liewers oor wêreldse dinge. Nou weet jy hoekom sommige kerke nooit geseën word nie.'

HOOFSTUK 26

EVANGELISASIE EN GAWES

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

– JOHANNES 3:16

Die visioene wat ek van die hemel kry, verplig my om aan ander getuienis te lewer. Ek koop Bybels en Nuwe Testamente om aan ander te gee. Ek merk al die belangrike verse, skryf notas ter verduideliking van Jesus en sluit 'n traktaatjie oor verlossing in. Ek deel hierdie Bybels en Nuwe Testamente by elke geleentheid waar ek getuienis kan lewer, uit.

Sedert Desember 1999 sluit ek ook ons kerk se bulletins en 'n kasset van Mary K. Baxter se *A Divine Revelation of Hell* in by die materiaal wat ek uitdeel. Alles is saamgevat in netjiese pakkies. Elkee keer wanneer ek uitgaan, neem 'n paar pakkies saam. Ek deel die pakkies uit soos die Here my lei.

Daar bly nooit enigiets oor wanneer ek terugkeer huis toe nie. Ek praat orals met mense – in winkels, parkeerareas, winkelsentrums, by die poskantoor en in rye by die bank of enige ander plek. Dit is vir my 'n voorreg om oor die Here te getuig.

My begeerte om oor die Here te praat is so oorweldigend dat ek

myself nie kan help nie. Mense wat saam met my is, vind dit soms irriterend, daarom gaan ek gewoonlik alleen uit.

Ek het besef dat die beste manier om te begin getuig, is deur die persoon te vra of hulle Jesus ken. Baie reageer deur te sê dat hulle in God glo. Dit beteken gewoonlik dat hulle niks oor Jesus weet nie. Na hulle reaksie begin ek dan die evangelie verkondig.

Mense verwerp my soms gedurende my getuienis, maar dit pla my glad nie. Ek vind dit makliker om teenoor jonger mense en Afrikaan-Amerikaners te getuig.

Ongeveer 99 persent van die jong mense aan wie ek getuienis lewer, aanvaar die pakkie wat ek hulle gee. Soms lei die Heilige Gees my om op daardie oomblik vir hulle te bid. Ek bid vir hulle verlossing sodat hulle die duiwel sal weerstaan. Wanneer ek die duiwel weerstaan, kom daar 'n vurige salwing oor my en spring ek op en af. Ek glo dit gebeur omdat dit die Heilige Gees gelukkig maak. Ek beplan nooit waaroor ek vir mense sal bid nie; die Here lei my altyd.

Baie mense met wie ek praat ken die Here, maar hulle het nie vir Hom tyd nie. Baie Christene werk op 'n Sondag. Dikwels wanneer ek in die parkeerarea van die inkopiesentrum getuig van Jesus sê mense dat hulle dit nie wil hoor nie. Hulle maak hulle onmiddelik uit die voete. Een vrou het selfs vir my gesê dit is as gevolg van mense soos ek dat sy nie kerk toe wil gaan nie.

Ek is seker sy het dit gesê omdat ek Jesus se Naam genoem het. Volgens haar was ek besig om 'n verskriklike ding te doen. Sy het nie besef dat ek haar wou red nie. Ek het die Here gesmeek om haar te seën en te red.

My hart bloei vir mense wat nie van die Here wil hoor nie. Ek sal nooit die mense wat in die hel brand, vergeet nie. My ouers is in die hel omdat hulle nooit van Jesus gehoor het nie. Daarom moet ek Jesus se Naam en sy evangelie met alle mense deel. Dit is lewensbelangrik dat hulle Hom leer ken. Gelukkig wil baie mense wat Hom nie ken nie, wel van Hom hoor. Hulle is bly om die boodskap en die materiaal wat ek vir hulle gee, te aanvaar.

Die Here het my versoek om Mary K. Baxter se kasset in die verlossingspakkies wat ek uitdeel, in te sluit. Iemand by die kerk het haar *A Divine Revelation of Hell*-kasset vir my gegee na my openbaring van die hemel. Daardie stadium het ek geen begeerte gehad om daarna te luister nie omdat ek so pas so 'n wonderlike ervaring van die hemel en slegs een ervaring van die hel gehad het. Ek het gevoel dat een visioen my 'n leeftyd sou hou.

Twee jaar later het die Here my aan die kasset herinner en ek het 'n groot begeerte gehad om daarna te luister. Ek het dadelik alles geglo wat Mary oor haar ervarings van die hel gesê het. Ek het gehoor Mary se boek is in talle tale vertaal. Ek weet dit is in Koreaans vertaal, want een van my nefies in Korea het dit gelees en dit het hom met vrees gevul. Omdat hy die boek glo, het hy begin kerk toe gaan.

Ek glo heelhartig in Mary se *A Divine Revelation of Hell*, want dit is baie Bybels. Die Bybel sê leuenaars sal nooit vir God sien nie (sien Op 21:8). Die Here het ook vir my gesê dat elke woord wat Mary oor die hel geskryf het, inderdaad waar is. Soos Mary dit beskryf, sal sommige mense se straf erger wees. Verder het die Here ook genoem dit is belangrik dat almal die boek lees, want enigeen kan daardie straf kry.

Daarom het ek 'n behoefte om die kasset uit te deel. Ek het al honderde van hierdie kassette aan mense uitgedeel en glo dat elke kasset wat ek uitdeel, baie mense sal aanraak.

Ek het baie oor mense geleer terwyl ek my straatbediening gedoen en getuienis gelewer het. Ek het die verlossingspakkies aan baie Christene wat nie kerk toe gaan of kan gaan nie, uitgedeel. Ek het dit selfs vir Christene gegee wat wel kerk toe gaan sodat hulle op hulle beurt vir ander kan preek deur die materiaal uit te deel.

Verskeie Rooms-Katolieke het die pakkies ontvang. Ek was verbaas om te besef dat sommiges hulleself nie as Christene beskou het nie. Ek sê gewoonlik vir hulle dat 'n mens 'n Christen is wanneer jy in Jesus glo.

Ek het ook al met 'n paar Mormone en Jehova se Getuies gepraat. Hierdie mense het nog nooit my pakkies aanvaar nie. Ek verduidelik

vir almal vir wie ek 'n pakkie gee van die Here Jesus en vertel hulle waaroor die kasset gaan. Gewoonlik is hulle baie tevrede daarmee. Sommige ongelowiges het selfs aangetoon dat hulle baie vir die Bybel uitgehonger is.

Ons moet vir Christene bid wat op Sondae moet werk. Ek glo die Here se koms is naby en dat Satan probeer om Christene op die Here se dag besig te hou. Ek het heelwat oor mense se werksplekke geleer terwyl ek getuienis gelewer het. Indien daar vyf mense in 'n werksplek is en twee is gered en drie nie, sal die ongelowige werkers in die meeste gevalle nooit by die twee geredde werkers van Jesus hoor nie.

Ek weet dit gebeur dikwels, want wanneer ek getuienis aan die drie ongelowige mense gee en hulle van Jesus en die verlossing vertel, is hulle gewoonlik baie bly om die pakkies te ontvang. Hulle sal soms sê dat hulle daarvan bewus is dat hulle kollegas Christene is, maar dat hulle nooit oor hulle geloof praat nie.

Ons moet ons geloof met almal deel, want getuienis is die belangrikste werk wat ons vir Jesus kan doen. Hy het vir sondaars gesterf. Die Here het vir my gesê: 'Indien mense wat gered is nie getuienis lewer nie, hoe sal ongelowiges My leer ken?' Ek is seker dit maak God ongelukkig wanneer Christene nie met ander oor hulle verlossing praat nie.

DIE TWEE VALLEIE

Wanneer ons hemel toe gaan, sal ons sien dat daar twee verskillende valleie buite die poorte van die hemel is. Ek wil nie vir goed in die vallei rondloop nie. Die Here het my twee keer hierdie valleie gewys. Dié wat hulleself in die valleie bevind, bly buite die koninkryk van die hemel.

Wanneer ons die koninkryk van die hemel binnegaan en vir ewig daar leef, sal dit 'n duisend keer beter as op aarde wees, selfs al lei ons hier 'n gelowige lewe. Die Here het alles vir ons plesier voorberei, want Hy weet waarvan ons hou. Onthou dat al die dinge in die hemel soort-

gelyk is aan wat ons op aarde het. Die aarde se skoonheid kan nie met die hemel vergelyk word nie. Sommige mense sê hulle glo nie in my beskrywings nie omdat dit nie in die Bybel staan nie.

Elke mens moet 'n persoonlike keuse maak. Ek het wel ontdek dat byna alles wat die Here my gewys het, hulle wortels in die Bybel het. Die Here het my vir die Eindtyd-profesie gekies sodat Hy my dinge kan wys wat nie duidelik in die Bybel beskryf word nie (sien Joël 2:28–30). Dit gebeur omdat Hy gereed is om sy kinders hemel toe te neem.

DIE VOLTOOIING VAN DIE STRAATBEDIENING

Op 30 Julie 2000, na agt maande van straatbediening, het die Here my ingelig dat my straatbediening nou klaar is. Ek was opgewonde om te hoor dat ek goed gedoen het.

Terwyl ek hierdie straatbediening gedoen het, het ek 'n brandende begeerte gehad om die pakkies uit te deel en omtrent almal het die pakkies aanvaar. Nadat die Here my vertel het dat ek my straatbediening voltooi het, het ek nie meer daardie begeerte ervaar nie. Ek het steeds getuienis probeer lewer en die pakkies uitgedeel, maar sewe mense het my op een dag verwerp. Dit was vir my troos dat almal wat die pakkies aanvaar het, deur God gekies is. Ek glo dat hulle nie sal vergaan nie.

Ek het elke oomblik van die straatbediening geniet. Ek lewer steeds getuienis met elke kans wat ek kry, maar dit is nie dieselfde soos die bediening wat ek gedurende daardie agt maande geniet het nie. Ek ervaar onbeskryfbare vreugde na elke geleentheid wat ek getuienis kan lewer. Ek het met 'n glimlag rondgeloop en mense het verwonderd na my gekyk. Nou kan jy verstaan hoekom die engele verheug is en uit vreugde dans elke keer wat 'n sondaar berou toon. Ek bid ses dae per week vir elke persoon wat ek na die Here gelei het. Dit herinner my aan 'n boer wat saadjies plant en weet dat hy die saadjies moet water gee, bemes en bewerk om te verseker dat dit vrugte lewer. Voorbidding is een van die grootste geestelike kragte wat bestaan.

'N BEGEERTE OM TE GEE

Die Here gee my elke Saterdagaand na my gebed en elke Sondagoggend na my bidtyd, 'n baie spesiale salwing. Dit bedek my hele liggaam en heelwat ongewone dinge gebeur gedurende hierdie tye. Dit is moeilik om te verduidelik wat gebeur, want my liggaam en gedagtes voel dan baie vreemd vir my. Hierdie kragtige salwings gebeur altyd wanneer ek die wonderwerk-dans op 'n Sondagoggend moet doen.

Sedert ek 'n Christen geword het, het ek 'n begeerte om te gee. Aanvanklik was ek jaloers op mense wat in staat was om tiendes en offergawes te gee, want ek kon dit op daardie stadium nie doen nie. Toe het ons pas van Kalifornië verhuis en my man was nog nie gered nie.

'n Jaar en 'n half later is Roger gered. Tydens sy tweede week van Christenskap het hy sy tiende begin betaal, want ek het hom gevra om dit te doen. Sedert daardie tyd het ons seëninge daagliks toegeneem. Ons hoef nie meer vir enige materiële dinge te vra nie. God seën ons meer as wat ons verwag het.

Ek is nie besig om hieroor te spog nie. Ek wil net hê dat elke Christenbroer en -suster die Here se Woord oor hierdie aspek gehoorsaam, want ek weet dat elkeen wat dit gehoorsaam, sal soveel soos ons geseën word.

Daar is perke aan wat ek en my man kan gee, maar ek wil graag in staat wees om meer te gee. My planne om te gee wanneer die Here my met sy beloftes van finansiële bronne seën, is om sendelinge en hawelose mense in die wêreld te ondersteun. Ek het vir die Here gesê dat daar nie meer honger kinders in die wêreld sal wees wanneer Hy my met rykdom seën nie.

Ek het 'n baie belangrike les oor die gawe van gee geleer soos my Christenskap verdiep het. Vroeg een Saterdagoggend in Mei 2000 het ek verbygery waar kinders motors gewas het. Ek het stilgehou om hulle uit te help en oor Jesus getuienis te lewer. Ek het ook verlossingspakkies aan hulle uitgedeel. Ek het opgelet dat daar aan die een kant 'n groepie mense met kos was. Hulle was baie vriendelik en het ander uitgenooi om oor Rusland en die evangeliese kruistog wat in Junie gehou sou word, te praat. Hulle het offergawes vir die Russiese kerk

ingesamel. Ek het net 40 dollar by my gehad, maar het dit onmiddellik vir hulle gegee. Ek het 'n groot behoefte gehad om meer te gee toe ek by die huis kom. Skielik het ek aan die 500 dollars kontant gedink wat ek vir my eie noodgebruik gespaar het. Ek het met die Here gepraat en Hy het my versoek om die geld vir hulle te gee.

Ek het teruggekeer na waar die kinders motors gewas het en het baie gelukkig gevoel. Ek het op die lys gesien dat my offerande die grootste van die dag was. Nadat ek in die motor geklim het, het ek van vreugde begin lag. Ek het al die pad tot by die huis gelag. Ek het die hele dag lank groot vreugde ervaar en ek wou selfs nóg meer gee.

Ek was so gelukkig omdat ek geweet het dat die Here gelukkig is. Hy het my vertel dat Hy baie gelukkig is. Sedert daardie dag het die Here ons meer geseën as wat ons ons ooit kon indink. Aanvanklik het ek my man nie daarvan vertel nie, maar 'n paar maande later het ek hom daarvan vertel en hy was tevrede met my optrede.

Gewoonlik bespreek ons saam wat ons wil gee, maar hierdie keer het ek dit met my eie spaargeld gedoen. Ek het uit hierdie ervaring geleer dat mens honderdmaal meer geseën word wanneer 'n mens uit liefde gee. Die vermoë om te gee, veroosaak dat ek my God al hoe meer wil loof.

Ek het vir die Here gesê ek wil hê dat almal, veral kinders, my boek moet kan bekostig. Ek kan my net indink hoe opgewonde hulle sal wees wanneer hulle besef wat in die hemel vir hulle wag. Ons Here het 'n spesiale liefde vir kinders en ek deel hierdie spesiale liefde met Hom. Ek bid daagliks vir kinders en jongmense.

Ek en my man het geen begeerte om meer te hê as wat ons nou besit nie. Die Here het ons alles gegee wat ons al ooit nodig gehad het voordat ons Hom leer ken het. Ons was nog nooit ryk nie, maar ons wou nog nooit ryk wees nie. Tans het ons behoefte om ryk te wees slegs te doen met ons begeerte om die Here te dien en 'n verskil in ander se lewens te maak.

Ek sou baie ongemaklik gevoel het indien ek 'n duur huis en motor gehad het. Ek besef dat baie mense van hongersnood doodgaan en

daar is regoor die wêreld 'n tekort aan fondse vir belangrike werk. Ek glo dat die Here my met 'n beter huis en motor sal seën, selfs al wil ek dit nie hê nie, omdat Hy my dit reeds beloof het.

Voordat ek 'n Christen geword het, was my grootste begeerte en die aktiwiteit wat ek die meeste geniet het, om inkopies te doen. My behoefte om inkopies te doen het verdwyn. Ek wil wel mooi klere koop om na die Here se huis se dra wanneer ek Hom aanbid, maar ek het nie meer die brandende begeerte om blindelings inkopies te doen nie.

Ek weet Hy kyk slegs na ons harte, maar ek wil Hom te alle tye respekteer en eer. Ons moet op ons beste lyk wanneer ons voor ons God staan. In die verlede het ek skuldig gevoel wanneer ek mooi klere en juwele kerk toe gedra het, want ek het geweet dat sommige mense dit nie kan bekostig nie. Maar die Here het my verseker dat ek nie skuldig hoef te voel wanneer ek dít waarmee Hy my geseën het, dra nie.

Selfs al kommunikeer ek met die Here deur die Gees, voel Hy vir my so werklik en weet ek dat hy oor my liggaam en gees waak. Daarom vrees ek dat die Here ontevrede sal wees. Ek sê vir Hom: 'Wat ek wou doen, is nie meer vir my belangrik nie, Here, want ek wil U net bevredig en gelukkig maak. My lewe beteken niks indien ek U nie kan bevredig nie.'

Hy het my gebed op die volgende manier beantwoord: 'Dogter, wat jy vir My sê maak My gelukkig.' Gewoonlik praat Hy nie baie nie.

Die bogenoemde is geldig vir elke Christen. Indien jy mooi klere en juwele het, moenie skuldig voel om dit te dra nie. Die Here het gesê dat ons nie dít waarmee Hy ons geseën het, moet wegsteek nie. Dit is goed dat ongelowiges besef dat Christene geseën word. Ek het opgelet dat baie Christen-susters skuldig voel om mooi klere kerk toe te dra. Ons moet ons nie oor ander mense bekommer nie, want deur hulle te wys waarmee die Here ons geseën het, sal ons hulle ook met 'n hoop vul om deur Hom geseën te word.

Ek weet dat die Here tevrede is wanneer ons op ons beste lyk in sy huis. Die Here het al telkemale vir my gesê dat ek mooi lyk wanneer ek kerk toe gaan. Hy weet immers alles van ons.

AANBID DIE HERE

Nadat ons na Bethel kerk begin gaan het, het ek net vier keer tydens die oggenddiens gedans. Daarna het ek net op Vrydagaande, vir die herlewingsdiens, begin dans van Junie tot November 1999.

Nadat ons na ons nuwe kerk, Church for All Nations, verhuis het, het ek vir 'n ruk lank nie die wonderwerk-dans gedoen nie. Die Heilige Gees het my wel tydens elke kollekte na die altaar geneem om te dans. Ek het nog nooit vir hierdie dans geoefen nie, want die Heilige Gees beweeg my hande en liggaam op die maat van die musiek. Elke beweging word vier keer herhaal.

Baie mense besef nie hoe belangrik aanbidding vir ons Here is nie. Terwyl ons aanbid, sal ons die salwing, die vrugte van die Gees, genesing, God se begeertes, doop deur die Heilige Gees en onbeskryfbare vreugde, vrede en verlossing ontvang. Mense wat met 'n opregte hart van liefde en danksegging die Here aanbid en sy aangesig sonder afleidings soek, sal 'n ongelooflike seëning ontvang.

'N LANG PERIODE VAN VOORBEREIDING

Ek het die Here gevra hoekom sy beloftes vir my werk en die publikasie van die boek so lank neem om vervul te word.

Hy het gesê: 'Op hierdie manier, dogter, wys Ek jou hoe belangrik jou werk in hierdie laaste dae is. Jou wonderwerk-dans betrek baie dinge en mense. Ek moes dus al die mense wat aan jou bediening sal deelneem, voorberei. Maar die belangrikste was dat Ek jou eers van binne en buite rein moes maak. Jou begrip en al die ander areas van jou lewe word getransformeer om meer soos Ek te wees toe Ek nog op aarde was.'

'Jy moet My te alle tye eerste in jou lewe plaas, ongeag wat die situasie is, sodat jy My gehoorsaam kan wees soos Ek my Vader op aarde gehoorsaam was. Die dans wat Ek vir jou geskep het, moet altyd rein wees sodat die Heilige Gees die dans kan doen. Daarom het Ek jou opleiding in die openbaar laat plaasvind om jou te help om baie dapper

en onbevrees te wees. Op daardie manier sal jy nie skaam wees om voor ander mense te staan nie.'

'Jy moet altyd op My gefokus wees, ongeag hoeveel mense jou omring of hoe lawaaierig dit is. Geen geraas of mens mag jou gedagtes onderbreek nie. Daarom moet jou oë toe wees en moet jy oorpluisies dra terwyl jy dans. Wanneer Ek heeltemal tevrede is met die voorbereiding vir jou bediening, sal Ek alles soos 'n brandende bos kan beweeg. Niks sal in ons pad staan nie.'

HOOFSTUK 27

VRYSTELLING VAN DIE BEDIENING

Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van dié wat deur geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het.

– HEBREËRS 6:12

Op 22, 23 en 24 Desember 2000 het die Here my om halfvier die oggend wakker gemaak en my liggaam het vir dertig minute geruk. Daarna het sy teenwoordigheid verskyn en ons het elke oggend vir ongeveer twintig minute gesels. Hy het my ingelig dat my wonderwerk-dans binnekort sou begin. Dit was 'n baie lang tyd van opleiding en die Here het my vir my geduld en gehoorsaamheid bedank. Ek het geweet dat sommige mense oor my dans in die kerk gekla het. Wanneer die kerkliggaam 'n spesiale salwing ontvang, doen baie lede vreemde dinge. Die Bybel gee ons baie voorbeelde hiervan. Ek en my man wil hê dat ons kerk geseën word. Ons bid baie getrou twee keer per dag elke liewe dag. My man bid gedurende elke etenstyd. Ons is baie dankbaar dat ons kerk die Heilige Gees met my liggaam laat dans het. Die Here sê dikwels vir my: 'Ek sal hierdie kerk seën. Die senior pastoor, Pastoor Wolfson, is een van my gunsteling seuns.' Hy wil vir God bevredig en gelukkig maak. Daarom, glo ek, is ek na hierdie kerk gestuur. By my vorige kerk is ek vir my danse berispe.

'N GELUKKIGE DANS

Op Sondag 14 Desember 2000 het ek skielik 'n sterker salwing as gewoonlik ervaar terwyl ek in die kerk gebid het. Ek het die Here in sy spesiale Kersmantel en -kroon gesien. Hy het by die preekstoel gestaan en geglimlag en ek het terug geglimlag.

'Here!' het ek gesê.

'Dogter, Ek vier my verjaarsdag saam met jou,' het Hy gereageer. Ek kon nie verder bid nie, want my gedagtes en oë was op Hom gefokus. Ek kon nie op my gebed konsentreer nie. Die Here het reeds my gedagtes geken. Skielik het sy teenwoordigheid verdwyn. Hierdie spesifieke oggend se dans was die gelukkigste sedert ek begin dans het.

Nadat ek hierdie gelukkige dans voltooi het, het die Here vir my gesê ek moet vir twee weke rus. Hy het my opdrag gegee om nie gedurende hierdie tyd enige wonderwerk-danse uit te voer nie, maar ek kon wel die offergawe-dans doen.

'N KERSFEES VIERING

Op Kersaand in 2000 het ek en die Here na my aandgebed gesels. Skielik het daar 'n spesiale salwing oor my gekom en die spesiale visioenstem het na vore gekom. Die Here het in sy Kersmantel en -kroon voor my gestaan. 'Dogter, Ek vier my verjaarsdag saam met jou.' Op daardie oomblik kon ek spesiale hemelse liedere hoor en het ek vir ongeveer dertig minute gedans.

Die vreugde wat ek daardie aand ervaar het, was absoluut onbeskryflik. Ek het uiteindelik opgehou dans en die Here se spesiale Kersmantel het verdwyn. Die Here se normale teenwoordigheid het toe voor my verskyn. 'Dogter, jy is my spesiale dogter in hierdie Eindtyd.'

NUWEJAARSDAG 2001

Na my aandgebed op Nuwejaarsdag 2001 het die Here se teenwoordigheid aan my verskyn. Hy het sy spesiale goue kroon en mantel, soos vier keer tevore, aangehad. Elkeen van hierdie Kersfees- en Nu-

wejaarstye was dieselfde. Die enigste verskil was dat Hy elke keer vir my nuwe liedere en danse gegee het. Hierdie Kersfees en Nuwejaar het ek langer gedans en gesing as enige ander keer.

PRESIDENT GEORGE W BUSH

Ná kerk op 4 Februarie 2001 het die Here vir my gesê dat baie dinge moet verander. Hy het my versoek om nie meer te bid dat sy beloftes vervul word nie. Vir ongeveer twee jaar het ek dieselfde woorde gebid in verband met sy beloftes.

Sedert die Here my die visioen van die hemel gewys het, bid ek elke dag vier keer per dag. Ek het nog nooit 'n enkele gebed gemis nie. Niks wat ek vir die Here doen, kan ek uit my eie staak nie. Die Here moet my opdrag gee om op te hou. Daarom het die Here al die mense wat ek geken het, uit my lewe geskuif. Niks en niemand moes my aandag aflei terwyl Hy my vir sy bediening voorberei het nie.

Die Here het my tydens die voorafgaande nasionale verkiesingsjaar in die Verenigde State gesê dat Hy George W Bush tot president in die laaste dae verkies het. Ek het geweet hoekom dit so moeilik was om die verkiesingsproses af te handel met soveel betwiste stemme asook ander probleme. Satan het geweet dat George Bush 'n verskil vir Christene sou maak en die vyand was teen hom gekant.

Die oggend van 27 Januarie 2001 het die Here gesê dat president Bush baie siele in die laaste dae na Hom sou lei en dat die vyand baie hard daarteen sou veg. Die Here het gesê elke kerk moet die duiwel weerstaan en vir president Bush bid. Sy kabinet bid daagliks vir hom en ek bid soggens vir hom soos die Here my lei. Ek hoop dat elke Christen vir hom bid, en vir ons kinders en al die verlore siele in 'n wêreld vol kwellinge.

SPESIALE DANSE EN 'N WIT ROK

Die oggend van 11 Februarie 2001 het my liggaam onbeheersd geskud toe ek by ons kerk instap. Weer eens was dit vir my 'n baie spesiale salwing. Na die dans het die Here my versoek om Pastoor Wolfson te

vertel dat die dans wat ek doen baie belangrik is vir die Here en vir die kerk. Deur die dans sou Hy die seëning aan die kerk vrylaat.

Na kerk op 4 Maart 2001 het die Here vir my gesê dat ek 'n wit rok moet kry vir Sondag 11 Maart.

Ek was verbaas hierdeur, maar het die Here nie bevraagteken nie. Hy hou nie daarvan om bevraagteken te word wanneer Hy my 'n opdrag gee nie. Ek was ook baie opgewonde, want die Here het aan die begin van my liggaamswerk gesê dat ek met die begin van my wonderwerk-bediening 'n wit rok sou dra. Hy het my vroeër 'n visioen gewys waarin ek 'n wit rok dra.

Ek moes in 'n baie beperkte tyd die wit rok aanskaf, maar ek het geweet dit is uiters belangrik dat ek Hom gehoorsaam. Op 5 Maart 2001 het ek vier winkels besoek op soek na 'n wit rok, maar dit was moeilik om die regte grootte te kry. Ek het uiteindelik een gekoop, maar dit was nie eers my grootte nie.

Ek het oppad kerk toe gehuil op 11 Mei, want ek het so nederig teenoor God gevoel. Ek het gewonder hoe God iemand soos ek 'n trourok kon laat dra om voor Hom te dans.

Terwyl ek gehuil het, het ek Hom gevra of dit moontlik is om my soos Elia weg te voer terwyl ek voor Hom dans. Op hierdie manier sou almal in die kerk weet dat ek saam met die Here is. Ek het geweet dat my man vir die boek sou sorg en dat hy dit gepubliseer sou kry. Mense sou dan glo dat dit werklik is en hulle sou orals begin voorberei vir die Here se koms. Maar die Here het gesê dat ek tot die laaste dag op die aarde moet bly.

Hierdie oggend het ek vir die eerste keer werklik mooi gevoel terwyl ek voor die Here in my wit rok gedans het. Ek het werklik gevoel asof ek sy bruid was. Ek het opgelet dat net een persoon op 'n keer gesalf word vir bediening wanneer Christene bymekaarkom.

Wanneer ek dans, is ek so gesalf en is die Here se teenwoordigheid ten volle met my, maar ek sien nooit dat enigiemand genees word nie. Die rede daarvoor is dat Hy my nog nie vrygestel het om Hom op hierdie manier te dien nie. Die Here wil eers verseker dat ek reg vir die

wêreld is. Volgens my mening is ek al 'n geruime tyd reg vir my bediening, maar my opinie is nie van belang nie.

Ek sal altyd my Here gehoorsaam en vir Hom wag tot met my laaste asem of tot die laaste dag aanbreek. My lewe op aarde is van geen waarde indien ek Hom nie kan dien nie. Die Here het my al versoek om baie dinge te doen wat ek nie wou doen nie, maar ek is so lief vir Hom dat ek nie ongehoorsaam aan Hom kan wees nie. Ek glo dat 'n mens nie ongehoorsaam aan die Here kan wees as jy regtig vir Hom lief is nie.

Na kerk op 11 Maart het die Here gesê dat ek net wit rokke moet dra wanneer ek my wonderwerk-dans doen. Ek mag dus nooit weer enige ander kleur dra nie, maar dat ek aanvanklik nie deftige rokke hoef te dra nie.

DIE BELOFTE VAN BEDIENING WORD VRYGESTEL

Op 25 Maart 2001 het die Here se teenwoordigheid op die preekstoel gestaan nadat ek in die kerk gebid het. Hy het weer eens sy goue uitrusting aangehad. Ek het begin huil toe ek Hom sien. Die Here het met 'n glimlag gesê: 'Ek stel die belofte van jou bediening vry.' Daarna het Hy sy gewone klere aangetrek en oor gewone dinge met my begin gesels.

Na kerk op 27 Mei het ek soos gewoonlik gebid. Die Here het vir my gesê dat ek in my volgende gebed in 'n nuwe taal sal praat. 'n Paar uur later het ek begin bid. 'n Spesiale, vurige salwing het oor my hele liggaam gekom. Dit was baie ongewoon om so 'n salwing gedurende my namiddag-gebed te ontvang. Ek het toe onthou dat die Here gesê het ek sal 'n nuwe taal tydens my namiddag-gebed ontvang. Die salwing was so sterk dat ek nie kon praat nie. Ek het al tevore verskillende tale ontvang, maar hierdie een was baie lank. Dit het vereis dat ek baie langer as gewoonlik bid. Ek kon niks verstaan wat ek met hierdie nuwe taal gesê het nie. Die Here het my verseker om nie daaroor bekom-

merd te wees nie. Hy het my verseker dat Hy alles verstaan wat ek sê en dat Hy deure vir my wonderwerk-bediening oopmaak.

Daardie dag het die Here gesê dat ek nie meer vir die mense sou bid vir wie ek so lank gebid het nie. Hy het gesê dat ek net vir my gesin, my pastoor en my kerk moet bid. Sedertdien bid ek in my vrye tyd vir ander mense aangesien ek nie vir hulle in my gewone gebedsure kan bid nie.

NUWE HEMELSE LIEDERE

Die volgende oggend het ek die Here op 'n heel ander manier as gewoonlik aanbid. Nadat ek gebid het, het ek nuwe hemelse liedere wat die Here die vorige dag vir my gegee het, begin sing. Hy het my ook die woorde daarvan gegee om te sing. Daarna het ek 'n hemelse dans begin doen. Ek aanbid die Here altyd met 'n dans voor middagete, maar hierdie oggend se aanbidding was anders en dit het gevoel asof ek met die Here in die hemel is. Ek glo Hy wou hê dat ek Hom liewer aanbid in plaas daarvan om vir ander mense te bid. Hy het my verseker dat Hy reeds al my ander gebede verhoor het.

Ek het vir etlike jare sewe dae van die week gebid. Die Here het altyd gesê dat ek eerste op Hom en dan op sy werk moet fokus wanneer Hy my wonderwerk-bediening begin, en dan moet ek tot op die laaste dag rus. Hiermee besef ek dat ek nooit 'n sosiale lewe sal hê nie. Om die waarheid te sê, my bediening sal baie kort wees wanneer dit begin.

TWEE TIPES DANSE EN SANG

Sedert daardie oggend doen ek twee tipes danse en sang. Die eerste dans is die visioen op die strand saam met Hom en my geestelike liggaam. Gedurende daardie tye sing ek sonder woorde. Ek en die Here kan 'n hart-tot-hart gesprek hê sonder om woorde te gebruik en ek kan Hom loof sonder om dit te verstaan. Ek mediteer oor wat Hy my gewys het, asook oor wat Hy in die hemel met my gedoen het. So ek dink ook na oor wat ek in die hemel wil doen wanneer ek daar kom.

Dan loof ek Hom op 'n ontsagwekkende manier.

Hy vertel my wat ek vir Hom beteken en deel baie beloftes met my – beloftes wat met my tyd op aarde en my toekoms in die hemel te doen het.

Die tweede dans het woorde by, maar ek verstaan nie hierdie woorde nie. Die tweede dans is dieselfde soos die een wat ek vir twee jaar voor in die kerk gedans het. Die Here noem dit 'n wonderwerk-dans. Die Here se geestelike teenwoordigheid staan altyd voor in die kerk wanneer ek dans. Gedurende elke dans vertel Hy my dat niks meer vreugdevol as daardie oomblik is nie. Dit maak my altyd so gelukkig dat ek wil opstyg en wegvlieg. Elkeen van hierdie danse duur vir ongeveer 'n uur.

'N OOP DEUR NA BEDIENING

Op die oggend van 30 Mei 2001 het die Here, nadat ek in sy teenwoordigheid gebid het, gesê dat Hy 'n spesiale salwing oor my sal laat kom. Dit het dadelik gevoel asof my liggaam aan die brand slaan en die visioen-stem het na vore gekom. Ek het die Here se teenwoordigheid gesien en Hy het weer sy goue mantel en kroon gedra.

Die Here het gesê: 'Dogter, Ek maak nou die deur na elke deel van jou bediening oop.' Vir 'n rukkie het Hy oor baie dinge gepraat en toe gesê ek moet my hande na Hom uitsteek. Hy het sy hande bo-op myne geplaas en gesê: 'Ek seën jou.' Teen hierdie tyd was my liggaam warm en was ek uitasem. My hande het vanself so styf toegegaan dat hulle na my bors teruggekeer het. Daarna het my hande vir ongeveer tien minute uit pure vreugde begin klap.

KLAPPENDE HANDE

Die Here het my hande op 16 Junie, na my aandgebed, op verskeie maniere beweeg. Hy het die volgende dag na my oggendgebed dieselfde gedoen en my hande het tien keer aan my oë geraak. Die Here het gesê dat hierdie oggend se dans anders sou wees en dit was inderdaad die

geval. Ek het voor aanbiddingstyd gehuil en die dans was die mees vreugdevolle dans wat ek nog ooit gedans het.

Aan die einde van die dans het my hande onbeheersd begin klap. Nadat dit opgehou het, het ek gesê: 'Ek is lief vir U, Here.' Ek het dit herhaaldelik gesê en my hande was deurgaans na Hom uitgesteek.

Die Here het my van 8 Julie tot 15 Julie 2001 laat rus, maar Hy het my toegelaat om die offergawe-dans op daardie twee Sondae te doen.

Op 22 Julie 2001 het die Here gesê dat ek op die eerste trappie van die platvorm moet dans.

'N PASTOOR MET BEGRIP

Op 29 Julie 2001 het my hande veertien verskillende kere na my oggendgebed aan my oë geraak. Ek het baie vonke gesien. Dit het gevoel asof my hande en arms aan die brand is. Ek kon die Here se teenwoordigheid voel die oomblik toe ek in die kerk ingestap het. Terwyl ek gebid het, het ek die Here op die eerste trappie, waar ek veronderstel was om te dans, sien sit. Ons het albei deurentyd vir mekaar geglimlag.

'n Baie spesiale salwing het oor my liggaam gekom. Dit was kragtiger as ooit tevore en ek het anders gevoel as wanneer ek op die vloer dans.

Na die diens het ek vir Pastoor Wolfson vertel dat ek op die eerste trappie gedans het. Hy was nie daarvan bewus nie, want Hy het laat ingekom. Hy het gesê: 'Jy moet doen wat God jou beveel.' Hy het ook gevra of enigiemand iets gesê het. Ek is baie lief vir my pastoor. Ek kan sien hoe lief hy vir die Here is en hoe hy die Here vrees. Ek hou ook van die manier waarop hy preek. Nie baie pastore se preke kan met sy vermoë om te preek, vergelyk word nie. Sommige mense sê hy is 'n vuurbal. Hy het 'n spesiale liefde vir jong mense. Die Here sê altyd dat Pastoor Wolfson sy spesiale seun is.

Maar niemand het iets oor die dans gesê nie en ek het van die oomblik wat die aanbidding begin het, gedans. Ek moet na vore gaan wanneer die Heilige Gees my daarheen lei, ongeag of daar iemand is of nie. Hierdie dans is om die Here te bevredig; nie vir mense nie. Wanneer

Hy tevrede is, sal die wonderwerke gebeur. Die Here het tallose ure spandeer om my vir hierdie dans op te lei. Hy glimlag altyd wanneer ek die dans doen. Hierdie dans word baie genoem in die boek, want dit is baie belangrik vir die Here.

Die Here het die aand van 4 Augustus 2001 vir my gesê dat ek die volgende oggend vir die laaste keer die dans op die vloer van die kerk sou doen. Al die danse wat ek op die vloer gedoen het, was deel van my opleiding.

Die Here was tevrede met my opleiding. 'Ek kon die wonderwerke nie verrig terwyl jy nog met jou opleiding besig was nie. Die volgende dans sal op die platvorm wees. Die platvorm moet joune wees,' het die Here verder verduidelik. Ek wens Hy het my vroeër daarvan vertel sodat ek nie met elke dans op wonderwerke gehoop het nie.

SOEK DIE HERE SE GESIG

Die aand van 4 Augustus het God se vuur na my aandgebed deur my hele liggaam gegaan en my hande het verskeie kere aan my oë geraak. Die visioen-stem het na vore gekom en ek het ons kerk gesien. Terwyl ek gedans het, het die Here se teenwoordigheid voor my gestaan. Hy het geglimlag en langer as gewoonlik gelyk. 'My teenwoordigheid sal met elke wonderwerk-dans voor jou wees. Daarom het Ek jou opgelei, sodat jy net op jou Here kan fokus terwyl jy dans,' het die Here gesê.

'Iemand moet die mense vertel waarvoor die dans is. Vra hulle om nie na jou te kyk terwyl jy dans nie. Hulle oë moet geslote wees. Hulle moet my aangesig soek en My met hulle hele hart loof vandat jy begin dans totdat jy ophou, indien hulle geseën wil word.'

Hy het ook gesê dat ek moet dans nadat daar reeds aanbid is en daar moet instrumentale aanbiddingsmusiek gespeel word. Hy het verduidelik dat die hele platvorm met sy teenwoordigheid gevul sal wees en ek moes voor Hom dans. Ek het nog met elke dans geweet dat die Here teenwoordig is, maar dit was nietemin vir my baie moeilik om Hom te sien.

Ek het gewoonlik gebid: 'Moenie dat ek op die vloer val terwyl ek dans nie', want elke keer wanneer ek na die altaar gegaan het, het ek gevoel asof ek sou val. Die Here het my gebede verhoor, want ek het nooit geval nie, al was die salwing so sterk dat my liggaam aan die brand gevoel het. Daarom het die Here die krag in my liggaam so lank opgebou.

'N VREUGDEVOLLE DANS

Ek het soos gewoonlik na my oggendgebed op 5 Augustus 2001 'n spesiale salwing gehad. Dit gebeur net wanneer ek die wonderwerk-dans op Saterdagaande en Sondagoggende voor in die kerk moet doen. My hande raak veertien keer aan my oë op hierdie geleenthede. Na elke aanraking maak my hande 'n simboliese kruis.

Ek het vrede in die kerk gehad, al het ek geweet dit sou die laaste keer wees wat ek die wonderwerk-dans op die vloer doen. Ek was met vreugde gevul terwyl ek die dans gedoen het. Ek was ook baie verlig dat ek nie meer op die vloer hoef te dans nie. Ek het geweet die Here sou vir alles sorg.

Die Here het baie hard gewerk en duisende ure spandeer om my op te lei. Nadat ek op die vloer gedans het, het die Here gesê dat ek my goed van my taak gekwyt het en ek hoef nooit weer op die vloer te dans nie. 'Nou kan jy voor miljoene mense staan, want jy is perfek opgelei,' het Hy gesê.

Ek het van 9 Januarie 2000 tot 5 Augustus 2001 net agt keer tussen die danse gerus. Elke ruskans was twee weke lank.

DIE BOEK, MY GETUIENIS

Soos almal weet is die Wêreldhandelsentrum se *Twin Towers* op 11 September 2001 deur terroriste vernietig. Sedert daardie tragedie gebeur het, huil en bid ek aanhoudend vir mense wat hulle geliefdes verloor het. My hart het gebloei vir die mense wat vasgekeer is of wat nie gevind is nie. Ek het ook met hulle families gesimpatiseer. Op 'n manier is ek nie jammer vir die gelowige mense wat gedurende daardie gebeurtenis gesterf het nie, want ek weet hulle is nou in 'n beter plek. Maar ek is baie hartseer oor die mense wat gesterf het sonder om ons Here Jesus te ken, want ek weet ook waar hulle nou is.

Ek het op 14 September aanhoudend gehuil terwyl ek aan die pyn gedink het wat die mense moes ervaar. Ek het veral aan kinders gedink wat hulle ma's en pa's verloor het. My hart het vir hierdie mense gebloei. Terwyl ek die Here aanbid het, het ek weer begin huil. Ek kon eenvoudig nie ophou nie. 'n Kragtige salwing van die Here se teenwoordigheid het oor my gekom en ek het besef dat my Here Jesus saam met my gehuil het. Hy was baie hartseer en Hy was saam met hierdie mense hartseer.

Onthou dat ons gedagtes in Christus is. Hy het met my begin gesels en gesê: 'Dogter, Ek kan sien hoeveel medelye jy vir ander mense het. My hart is met dié wat in pyn is omdat hulle hulle geliefdes verloor het.'

Hy het verduidelik: 'Hulle moet hulle bemoei met die mense wat saam met hulle is. Niemand kan vir die dooies leef nie. Dié wat dood

is en My nie geken het nie, sou nooit Myne gewees het nie, maar deur hulle dood kan hulle geliefdes gered word. Dié wat gesterf het sonder om My te ken, het 'n kans gehad om gered te word, maar hulle het my evangelie verwerp. Daar staan geskryf dat 'n mens van dag tot dag moet leef in plaas van vir die dag van môre.'

'My koms vir my kinders is baie naby. Ek probeer om soveel mense moontlik te red, ongeag wat dit verg. Satan is daarvan bewus en hy probeer weer soveel siele moontlik vernietig voordat hulle gered word. Mense moet besef hoekom daar op die oomblik so baie mense sterf. Elke kerk moet aanhoudend die duiwel deur gebed weerstaan. My kerke het te gemaklik geword. Ek is ontevrede met baie van die kerke.'

'Die hele wêreld moet weet dat Ek 'n angswekkende God is. Ek is lief vir my kinders en daarom het Ek vir hulle gesterf. Ek wil eerste in almal se lewe wees. Almal moet berou toon en voor My wees. Wat in New York gebeur het, is 'n baie klein prys om te betaal. Daar sal voortdurend groot afleidings in hierdie wêreld wees totdat Ek vir my kinders kom. Daardie dag sal vinniger aanbreek as wat mense verwag.'

Nadat ek hierdie kragtige boodskap van die Here ontvang het, kon ek beter verstaan hoekom die Here my baie berge en geboue wat aan die brand was, gewys het. Daar het vuur uit die lug gekom voordat dit begin sneeu het totdat die hele wêreld met sneeu bedek is. Die Here verwag dat ons elke dag moet berou toon en onsself rein hou, sodat Hy al sy kinders hemel toe kan neem. Ons Here Jesus het ons so lief dat Hy nie wil hê enigiemand moet die trompetgeskal misloop nie. Hy het gesê dat niemand Hom liewer kan hê as wat Hy vir ons is nie. Indien ek sê: 'Ek is lief vir U op 'n miljoen maniere', sal Hy steeds sê, 'Ek is nog liewer vir jou.'

DIE BELANG VAN NEDERIGHEID

Nederigheid is baie belangrik vir ons Here. Hy het Homself verootmoedig deur 'n mens te word toe Hy op die aarde was. Ek is dankbaar dat Hy ons op soveel maniere gewys het hoe om nederig te wees.

Hy het my byvoorbeeld na 'n kleremaakster gelei wat my wit rokke gemaak het. Ander mense het my na haar verwys en gesê sy het groot talent om dinge volgens jou aanwysings te maak. Maar toe sy my rokke gemaak het, kon ek hulle glad nie dra nie.

Dit het my onkant gevang en ek het daaroor gebid. Hy het my versoek om haar nog 'n kans te gee en ek het Hom gehoorsaam. In ongeveer drie maande het sy vir my 'n baadjie en 'n rok gemaak. Ek het nog materiaal vir nog rokke gekoop, maar sy het nie tyd gehad om dit te maak nie. Ek het haar gevra om vir my die materiaal terug te gee. Sy sou tog nie die wit materiaal kon gebruik nie. Uiteindelik het ek haar gevra om my by die materiaalwinkel te ontmoet. Ek het vir haar materiaal gekoop waarvan sy gehou het en haar vir middagete uitgeneem.

Sy het baie probleme ervaar sedert sy ingestem het om my wit rokke te maak. Dit het fisiese probleme waaraan sy en haar man gely het, ingesluit. Sy was huidiglik baie besig, maar sy wou nie ons verhouding beëindig nie. Ek het regtig groot empatie vir haar gehad en ek dink sy het dieselfde oor my gevoel.

Ek kon egter nie die rokke dra wat sy vir my gemaak het nie, maar ek het gevoel asof ek nie haar foute vir haar kon uitwys nie. In plaas daarvan het ek gepoog om haar altyd lief te hê. Ek weet nou dat die Here besig was my te toets.

Hoewel ek haar telefoonnommer gememoriseer het, kon ek nie haar nommer onthou nadat sy my die materiaal teruggegee het nie. Ek kon nie eers 'n enkele syfer daarvan onthou nie. Ek glo die Here wou my leer om geduldig en nederig te wees.

Ek bid om nederig te wees, want ek wil nederig teenoor elke mens wees. Ek wil hê elke deel van my wese moet meer soos Jesus wees. Ek wil nooit ander mense veroordeel nie, ongeag wat die situasie is. In plaas daarvan om mense te veroordeel, wil ek vir hulle lief wees en vir hulle bid. Dit is wat ons Here van ons verwag.

Na die hemelse visioen het die Here my 'n groot behoefte gegee om 1 Korintiërs 13 te lees. Ek lees dit ses dae per week, maar het dit nog nooit probeer memoriseer nie. Ek glo die Here seën my deur sy liefde

en sy woorde in my gees te vestig. Die Here het my ook 'n behoefte gegee om die 'Onse Vader' daagliks na my gewone gebed te bid.

GENESENDE WONDERWERKE

Op 24 Desember 2001 het die Here in sy Kersmantel en –kroon verskyn terwyl Hy op 31 Desember 2001 in 'n goue mantel en kroon verskyn het. Alles het dieselfde soos die vorige Kersfees en Oujaarsdag gebeur. Dit was 'n meer vreugdevolle Kersfees en Oujaarsdag as ooit tevore.

Aan die einde van hierdie spesiale tyd het die Here vir my gesê: 'Jy is die beste viering vir my verjaardag en Nuwejaarsdag en Ek is lief vir jou, so jy moet gelukkig wees.' Daarna het Hy verdwyn.

Sedert ek nie meer die wonderwerk-dans doen nie, het die Here my gelei om elke Sondagoggend by die altaar te bid voordat aanbidding begin. 'n Vreemde geluid het in my linkeroor ontwikkel en ek het die Here gevra om my te genees. Dit het 'n paar weke geduur om genees te word.

Op 13 Januarie 2002 het ek die Here gesmeek om onmiddellik my oor te genees, sommer daar by die altaar. Normaalweg kniel ek by die altaar sodra ek by die kerk kom en loof die Here dan met danksegging. Dan bid ek vir die pastore by die kerk en vir herlewing. Op hierdie spesifieke oggend het my kop die trappies getref die oomblik wat ek gekniel het. Die vuur van die Heilige Gees het my getref en ek kon nie praat nie.

My hart het gesê: 'Ek is lief vir U, Here. U weet reeds wat ek U hierdie oggend gevra het.' Ek het van daardie oomblik af aanhoudend gehuil totdat die aanbidding begin het. Die geluid in my oor het dieselfde oggend nog opgehou en dit het nooit weer teruggekom nie.

Daar het die volgende Sondag weer 'n wonderwerk plaasgevind. Voordat ek kerk toe kon gaan, het ek 'n vreeslike pyn aan die linkerkant van my lyf en in my linkerskouer ervaar. Ek kon skaars beweeg. Hierdie keer het die Here my nie soos op ander geleenthede genees nie. Ek het vir die Here gesê: 'Ek gaan kerk toe, ongeag hoe ek voel of

wat gebeur, en ek sal U loof en prys. Ek verwag dat U my genees voordat ek die kerk verlaat.'

Weer eens het my kop die trappies getref die oomblik wat ek gekniel het. My liggaam het gevoel asof dit aan die brand was en ek het begin huil. Daarna het die aanbidding begin en het ek die Here gedurende die hele erediens geloof. Ek het selfs van die pyn vergeet en later besef dat ek genees is.

Ek het dikwels hierdie tipe pyn ervaar voordat ek 'n Christen geword het. Soms het dit twee weke geduur voordat dit verdwyn het. Ons Here Jesus het 39 houe gekry sodat ons genees kan word. Wie ookal werklik in Hom glo, Hom liefhet, Hom gehoorsaam en Hom altyd eerste in hulle lewe plaas, sal ontdek dat Hy vir ons sorg nes Hy beloof het.

Hy kon my dadelik genees het soos vorige kere, maar hierdie keer het Hy my geleer om in die publiek nederig voor Hom te wees, sodat ek dit in hierdie boek kon insluit. Dit is vir sommige mense baie moeilik om hulle by die altaar of in die openbaar voor die Here te verootmoedig.

Maar dit is vir die Here baie belangrik dat sy mense voor Hom en ander mense nederig sal wees. Ek het dit ervaar terwyl ek die Here in my sitplek en by die altaar geloof het. Die verskil is dat ek kan voel hoe die vuur van die Heilige Gees my tref elke keer wat ek by die altaar voor die Here kniel.

Wanneer ons ten volle aan ons Here Jesus behoort, moet ons nie bekommerd wees oor wat ander mense van ons sê of dink nie. Die belangrikste ding is om ons Here wat vir ons gesterf het, te bevredig. Hy is God se Seun en Hy het groot vernedering ervaar terwyl Hy vir ons aan die kruis gehang het. Hy het Homself tot die dood vir ons verneder.

DIE BELANG VAN VERHEERLIKING

Daardie selfde oggend het daar 'n baie sterk salwing oor my gekom toe ek my hande oplig en die Here se aangesig begin soek. Dit is belangrik dat ons ons hande na die Here oplig wanneer ons Hom loof en aanbid.

Dit is een van die maniere om sy salwing te ontvang.

Sommige mense dink hulle is reeds so geseënd dat hulle die Here nie hoef te loof nie. Dit is gevaarlik om so te dink. God het ons vir sy glorie geskape. Hy wil hê dat almal wat Hom 'Here' noem, Hom aanhoudend moet verheerlik. In sy oë is niemand belangrik genoeg om Hom nie te aanbid nie. God se teenwoordigheid verskyn in sy kerk om die glorie van sy mense gedurende eredienste te ontvang. Daarom vertel Jesus ons dat sy Vader op soek is na aanbidders (sien Joh 4:23).

KENMERKE VAN VERLOSSING

Die Here het my herinner om oor mense te skryf wat beweer dat hulle gered is, maar nooit kerk toe gaan of met ander Christene byeenkom nie. Sommige mense is onder die indruk dat hulle gered is omdat hulle met water gedoop is. Die enigste mense wat werklik gered is, is dié wat volgens sy gebooie leef en in sy Heilige Gees wandel.

Wie ookal in Hom glo moet Hom met hulle hele hart liefhê en samesyn hê met ander Christene. Die Here verwag ook dat hulle 'n kerk sal bywoon en hulle tiendes en offergawes gee. Mense wat nie in staat is om 'n kerk by te woon nie, moet hulle tiendes en offergawes aan die plaaslike kerk of enige ander kerk gee.

Mense wat op Sondae werk, sal 'n manier vind om kerk toe gaan indien hulle regtig wil. Jesus het gesê: 'Enigiemand wat gered is, moet my woorde met ander deel en My as Drie-eenheid aanbid. Mense wat nie kerk toe kan gaan nie, moet vir pastore en kerke bid asook vir die verlossing van ongeredde mense.'

JESUS EN DIE KINDERS

Selfs wanneer kinders baie klein is, wil God se Gees hulle red. Enige ouers wat die Woord van God ken en dit nie met hulle kinders deel nie of hulle nie kerk toe neem nie, sondig.

Vrouens wat aborsies gehad het of wie se kinders voor die ouder-

dom van sewe oorlede is, moet besef dat hulle kinders almal by Hom in sy koninkryk is. Ongeag of die kinders se ouers gelowig of ongelowig was, sal hulle hemel toe gaan. Wie ook al na die hemel toe gaan, sal hulle kinders sien. Ek moes hierdie dinge in die boek insluit, want dit is wat die Here my beveel het.

INGESEËN DEUR GOD

Die oggend van 4 April 2002, het die Here gesê: 'Ek seën jou in.' Onmiddelik het daar 'n kragtige salwing oor my hele liggaam gekom en 'n harde geluid het uit my mond ontsnap.

Ek het albei my hande in die rigting waar die Here gestaan het, uitgesteek. Na 'n rukkie het ek my hande weer teruggetrek. Die salwing het toe my liggaam verlaat.

Die Here het my vertel dat Hy my vir die bediening ingeseën het. Hy sou nou elkeen van sy beloftes aan my begin vervul. Die Here het my telkemale ingeseën. Op dieselfde dag, na die tweede gebedstyd, het daar weer 'n kragstraal oor my liggaam gekom. My hande het vir 'n lang tyd vinnig geruk en toe begin klap. My hande het vir ongeveer veertig minute geruk en geklap.

DIE ENGELE VAN DIE HEMEL

Ek het twee jaar gelede ervarings met twee verskillende engele, 'n manlike en 'n vroulike engel, by die parkeerarea van die inkopiesentrum gehad. Die oomblik wat ek my motor geparkeer het, het 'n jong man na my gestap asof hy my ken. Hy het voor my gestaan. Ek het hom gevra wat hy wou hê. Hy het geantwoord dat hy hulp nodig het. Ek het vir hom gesê dat hy jonk en aantreklik is en gevra hoekom hy nie 'n werk het nie. Hy het gesê dat hy van Kanada kom en daarom was dit moeilik om werk te kry. Ek het hom gevra of hy die Here Jesus ken en hy het bevestigend geantwoord. Ek het hom uitgenooi om die kerk wat ek bywoon, die Church for All Nations, te besoek. Iemand sou

hom help om werk te kry. Hy het gesê dat hy baie van ons kerk weet. Nadat hy dit gesê het, het ek hom van Jesus vertel en vir hom 'n drukkie gegee voordat ek vir hom gebid het. Daarna het ek vir hom geld gegee en hom versoek om na ons kerk te kom, maar ek het hom nooit weer gesien nie.

Ek het vir 'n lang tyd aan hom gedink en onthou hom steeds. Die Here het my later vertel dat die jongman 'n engel was. Hy sê dat baie mense met individue kommunikeer en hulle selfs sleg behandel sonder om te besef dat hulle engele is.

Ses maande gelede het ek 'n vroulike engel gedurende die erediens ontmoet terwyl ek by die altaar gesit en die Here geloof het. Ek was onder 'n baie diep salwing toe iemand aan my skouer getik het. Ek het my oë oopgemaak. Daar het 'n jong vrou aan my linkerkant gesit. Sy het vir my op so 'n manier geglimlag asof sy my ken. Daarom het ek haar ook op haar skouer getik. Gewoonlik praat of raak niemand aan my gedurende aanbiddingstyd nie. Nadat die aanbidding verby was, het ek haar opgesoek, maar sy was nêrens te vinde nie.

Ek het eenkeer iemand in die inkopiesentrum gesien wat nes sy gelyk het. Ek het na haar gestap en haar gevra of sy die een was wat aan my geraak het terwyl ek aanbid het. Die vrou het gesê dat dit nie sy was nie. Toe vra ek haar of sy die manuskrip van *Die hemel is 'n werklikheid* wil hê. Sy was baie bly om dit te ontvang en ek het van daardie oomblik af 'n spesiale gevoel vir haar.

Haar naam is Julie. Sy het die volgende naweek kerk toe gekom en langs my gesit. Ek het haar nog nooit ontmoet tot op die dag wat ek haar die manuskrip gegee het nie. Ek woon die nege-uur diens by en sy die elfuur diens. Sy bly ongeveer 'n uur en 'n half van ons kerk af, maar sy woon ons kerk by omdat sy van die pastoor se preke hou. Sy is 'n enkelouer met drie seuns.

'n Paar maande later het sy vir my gesê dat ek haar engel is. Ek het gevra hoekom sy so sê. Sy het geantwoord dat sy drie dae voor sy my ontmoet het, baie hartseer was. Sy het gehuil en gebid en vir God gevra om vir haar 'n engel te stuur. Drie dae later het sy my ontmoet en het

ek die manuskrip vir haar gegee. Sy het vertel dat dit haar gelukkigste dag was en dat sy gelukkig is vandat sy my ontmoet het. Sy meen dat sy my elke naweek moet sien om tevrede te voel. Nadat sy my van die engel vertel het, besef ek toe dat die jong meisie wat aan my skouer getik het 'n engel was wat my na Julie gelei het. Die Here het vir my gesê dat sy 'n engel is wat my na Julie gelei het, want Julie het hulp nodig gehad. Hy het ook gesê dat Julie vir Hom 'n baie spesiale dogter is. Ek het besef dat Julie die Here liewer het as enigiemand of enigiets anders in die wêreld. Sy is 'n baie geseënde suster. Ek is lief vir jou, Julie.

HOE DIE HERE DIE BOEK BEGIN PUBLISEER HET

Die Here het vir baie jare nie oor die publikasie van die boek gepraat nie, maar onlangs het Hy daagliks daaroor begin praat nadat ek gebid het. Aan die einde van 2002 het Hy gesê om al die manuskripte na die skrywer terug te stuur sodat hy weer deur alles kon werk en dit in die korrekte volgorde plaas sodat dit vir die uitgewer gereed kan wees.

Ek het nie geweet wie dit sou uitgee nie en Hy het niks daaroor gesê nie. Ek was seker dit sou 'n geesvervulde uitgewer met baie kontakte wees, want die Here het gesê dat die boek in baie tale vertaal moes word. Hy wou hê dat al die kerke die boek lees en vir sy koms voorberei.

Hy is gereed vir sy kinders, maar baie is nog nie gereed vir Hom nie. Hy kom vir dié wat gereed is en vir Hom wag.

Die Here het gesê dat ek dele van die manuskrip vir my vennote, al die televisie-bedienings en vir enigeen wie ek wou, kon gee, sodat hulle dit gebruik en met ander mense deel. Ek was gehuiwerig om dit te doen, maar ek moes die Here gehoorsaam. Ek het dus die manuskrip aan die meerderheid van ons vennote en televisie-bedienings wat ons ondersteun, gestuur. Ek het meer as 'n honderd kopieë uitgestuur. Ek het dit ook vir baie gemeentelede en mense teenoor wie ek getuig het, gegee. Ek het gehoor dat dit lewens verander. Baie mense het hulle ervaring met ander gedeel. Sommige het al selfs vir my gesê dat hulle onwaardig voel om so 'n openbaring van die hemel te ontvang.

Ek het onverwagte reaksies van televisie-bedienings se bekende pastore ontvang. Een Saterdag, 'n maand nadat ek die manuskripte uitgestuur het, het die pos gearriveer. Ek het 'n koevert opgetel en skielik was my liggaam aan die brand. Dit was van Creation House Press en hulle het belanggestel om die boek te publiseer. Die Here het gesê: 'Ek het jou verseker dat Ek daarvoor sal sorg.' Ek was baie gelukkig. Ons het die manuskrip vir hulle gestuur en na 'n maand het ek gebel om te hoor of alles nog reg was. Daarna het ons vir vyf maande niks van hulle gehoor nie. In die tussentyd het die Here vir my gesê dat Hy Creation House Press vir die boek gekies het. Op die manier wat Hy gepraat het, het ek gedink dat ek 'n dag later van hulle sou hoor, maar ek het vyf maande wag. In hierdie tyd het ek deur baie toetse en tye van ontmoediging gegaan. Daar het ook baie onverwagse en erge dinge met my gebeur. Ek wou Creation House Press bel, maar die Here het gesê dat ek van hulle sou hoor voordat ek hulle kon bel.

Gedurende hierdie tyd van afwagting het die Here gesê dat Creation House nie hulle tyd geneem het nie, maar dat die boek in sy hande was. Ek is seker Hy het 'n goeie rede gehad om die plublikasie te vertraag. Uiteindelik het die Here vir my gesê: 'Dogter, jy het 'n belangrike toets geslaag. Ek is bly dat jy My altyd bedank het, al was jy by tye baie ontmoedig. Ek is ook bly dat jy alles vir jouself gehou het in plaas van om ander daarvan te vertel.' Ek het nooit by ander mense gekla nie; ek het nie eers by my man nie gekla toe dinge skeefloop nie. Uiteindelik het daar op 3 Maart 2003 'n krag oor my gekom en my stem was so hard dat ek vir 'n tyd lank uitasem was. 'n Hemelse lied het uit my gekom en ek was met onbeskryfbare vreugde gevul.

Daarna het die Here vir my vertel dat Hy die venster van die hemel oopgemaak het sodat die boek gepubliseer kon word. Die oggend van 6 Maart het die Here gesê dat ek daardie dag van Creation House sou hoor. Daardie middag het die sekretaresse van Creation House my gebel en gesê dat hulle vir my 'n voorstel vir die boek stuur. Sy het dit daardie middag ge-e-pos en ek was baie opgewonde.

Na sewe jaar van wag en opleiding was dit nie maklik nie. Selfs al

wou ek tou opgooi, was daar geen maklike uitweg nie. Die Here het gesê ek is vir hierdie Eindtyd-werk gekies en ek kon niks daaromtrent doen as om Hom te gehoorsaam nie.

Tydens daardie sewe jaar het ek nooit die staat verlaat nie. Ons het nooit wêreldse vreugde ervaar nie. Ek kon nêrens sonder die Here se toestemming gaan nie, behalwe vir inkopies en kerk. Ons het ons seun wat in Federal Way woon, net 'n paar keer 'n jaar besoek.

Die Here het gesê dat my lewe dieselfde sou wees soos nou wanneer my wonderwerk-dans bediening begin. Dit vereis so baie ure van gebed per dag, dat ek nooit 'n sosiale lewe sal hê nie. Dit is onbelangrik hoe ons op leef. Al wat belangrik is, is hoe ons 'n ewige lewe saam met ons Here Jesus kan hê. Sy Woord sê ons kan nie ons brood aan albei kante gebotter hê nie. Ek het die ewige lewe gekies, ongeag wat dit van my sou verg. Ek hoop dat my sewe jaar van ontbering elke leser wat nie 'n heilige lewe lei nie, sal help. Die Here het gesê heelwat mense sal deur hierdie boek gered word. Berei jou asseblief voor; Jesus kom ons haal. Ek het geleer dit is baie moeilik om te wag. My wens is dat elke Christen weggeraap sal word sodat hulle die koninkryk van God kan binnegaan en nie agtergelaat word of in die valleie van die hemel hoef te wandel nie.

Die Here het gesê dat almal wat weggeraap is, voor die regterstoel moet staan voordat die troue plaasvind. Die ergste ding wat met enige Christen kan gebeur is om nie weggeraap te word of om nie Jesus se gesig te sien nie. Daarom het die Here my die twee valleie vir die ongehoorsame en sondige Christene gewys.

Ek het in die verlede gedink dat almal wat 'gered' is en kerk toe gaan, hemel toe sal gaan en 'n pragtige trourok sal aanhê. Ek was verkeerd. Die enigste mense wat Jesus se gesig sal sien en 'n trourok sal aanhê, is dié met harte so rein soos water. God is so heilig dat geskonde dinge nie sy koninkryk kan binnegaan nie. Daarom het die Here die twee valleie voorberei vir mense wat nie heilig genoeg is om sy koninkryk binne te gaan nie.

Ek wil hê jy moet gereed wees vir ons Here se koms! My hart se

begeerte is dat geen Christenbroer of -suster of hulle geliefdes agtergelaat sal word nie. Toe die Here my die wegraping gewys het, was baie Christene agtergelaat. Hy het hierdie visioen in twee dele gewys. In die eerste deel het mense deur die lug gevlieg soos wit voëls. Die tweede visioen het gewys hoe mense agtergelaat word. Die eerste was baie opwindend en vreugdevol en die tweede een het my laat huil. Die geraas op aarde terwyl dit gebeur het, was aaklig. Hierdie visioene het vir meer as dertig minute geduur. Daar was heelwat besonderhede in albei visioene. Ek het nog nooit tevore mense met sulke vreesbevange gesigte gesien nie. My hart het vir hierdie mense gebloei nadat die visioen verby is. Die Here het gesê dit wat daardie tyd sal gebeur, veel erger sal wees as wat ek in die visioen gesien het.

Ons Jesus het ons baie lief en wil nie hê dat enigiemand agtergelaat moet word of na die valleie van die hemel moet gaan nie. Hy wil hê dat elke gelowige vir sy koms moet voorberei. Hy vertel my voortdurend dat Hy vinniger kom as wat ons verwag.

Ondersoek jou hart om te sien watter tipe verhouding jy met ons Here Jesus het. Indien jou hart nie reg met Hom is nie, moet jy iets daaraan doen voordat dit te laat is. Ek hoop dat jy hierdie boodskap met ander mense sal deel sodat hulle ook kan voorberei en gereed wees vir die koms van ons Here Jesus. En ek bid dat jy 'n beter dissipel sal wees. Ek bid ook dat jy geseën sal word terwyl jy op aarde is en dat jy sy gesig sal sien wanneer jy hemel toe gaan.

VIR VERLOSSING

Ek het al gehoor dat baie mense sê hulle glo in God, maar nie in Jesus nie. Glo my asseblief. Selfs al glo jy in God is daar geen verlossing as jy nie ook glo dat Jesus die Seun van God is nie. Verlossing kom slegs deur Jesus. Jesus het vir ons sondes gesterf omdat Hy so lief is vir ons. Hy het gesê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie' (Joh 14:6).

Jesus is die enigste een wat jou kan red en al jou sondes vergewe

sodat jy met Hom die ewige lewe kan geniet (sien Mark 9:48). Indien jy nog nooit vir Jesus gevra het om jou te red nie, het jy nou die geleentheid om dit te doen. Jy hoef net hierdie gebed hardop te sê: 'Here Jesus, ek glo U is die Seun van God en dat U vir my gesterf het. Kom asseblief in my hart, wees my Here en Redder en vergewe my al my sondes en neem onmiddellik beheer oor elke deel van my lewe. Jesus, vul my met u Heilige Gees en gebruik my vir u glorie. Ek wil U dien en liefhê tot in lengte van dae. Dankie Vader, dat ek nou u kind is. In Jesus se heilige Naam, Amen.'

Nadat jy hierdie gebed gebid het, moet jy die Bybel lees. Jy moet voortdurend bid en kerk toe gaan, en jy moet uiteindelik na God se Woord luister en samesyn met sy kinders hê. Jou lewe sal nooit weer dieselfde wees nie. Jy sal 'n gelukkige lewe hê terwyl jy op aarde is en vir altyd saam met Jesus in die hemel lewe. Mag God jou seën.

DIE HEMEL IS 'N WERKLIKHEID

Jy mag dalk onthou dat ek aan die begin van hierdie boek gesê het ek skryf hierdie boek om my ervarings wat ek in die hemel met Jesus gehad het, te deel. Op hierdie tydstip – soos jy die einde van *Die hemel is 'n werklikheid* bereik – vra ek dat jy die boek sal ontvang op die manier wat dit geskryf is: met totale oopheid vir die Here en sy wil. Ek vra jou weer om my ervarings in die lig van die Woord te evalueer. Volgens die Here se opdrag het ek gemaak soos die profeet Habakuk uit die Ou Testament, gedoen het: Ek het vir Hom gewag om te sien wat Hy vir my sou sê:

> Ek wil op my uitkyktoring gaan staan, my plek op die vestingmuur gaan inneem, ek wil wag om te verneem wat die Here vir my sal sê en wat ek moet antwoord wanneer mense my verwyt. Die Here het toe vir my gesê: Skryf wat Ek aan jou gaan openbaar duidelik op kleitablette sodat mense dit sommer in die verbygaan kan lees. Die openbaring geld vir 'n bepaalde tyd; dit sal gou kom want dit kom beslis. Jy moet

> net geduldig bly wag as dit nie gou kom nie, want dit kom verseker, dit sal nie uitbly nie.
>
> – HABAKUK 2:1–3.

Nes Habakuk het ek my visioen neergeskryf en dit eenvoudig gehou sodat jy dit in die 'verbygaan' kan lees volgens die Here se perfekte plan vir jou – 'n plan wat 'n voorbereide plek vir jou in die hemel insluit indien jy in sy Seun glo en Hom as jou persoonlike Here en Redder aanvaar.

My gebed vir jou kan in Jesaja 40:31 gevind word – dat jy met hernude krag op die Here sal wag, dat jy sal hardloop en nie moeg word nie, dat jy sal loop en nie afgemat raak nie, dat jy met arendsvlerke sal vlieg. Want die Here se koms is naby!

Kontak Choo Thomas per e-pos by: godisready@comcast.net

Ons wil graag van jou hoor.
Stuur asseblief jou kommentaar oor hierdie boek aan:
resensies@struikchristianbooks.co.za

STRUIK CHRISTELIKE BOEKE
www.struikchristianbooks.co.za